

GALLIË IN CAESAR SE TYD

BATAVE


Stamname

• Dorpe/Vestings

0 50 100 150 200 250 Romeinse myle

0 50 100 150 200 250 300 350 Kilometers

GERMANE



DOCUMENTA 29
UNISA 1984





Borsbeeld van Julius Caesar

JULIUS CAESAR

Die Galliese Oorlog

Uit die oorspronklike Latyn vertaal deur

J.T. BENADE

Universiteit van Suid-Afrika
Pretoria 1984

© 1984 Universiteit van Suid-Afrika
Alle regte voorbehou

ISBN 0 86981 301 3

Gedruk deur
Sigma Press, Pretoria

Uitgegee deur die Universiteit van Suid-Afrika
Muckleneuk, Pretoria

*Opgedra aan
Eline en Johan*

Inhoud

VOORWOORD ix

INLEIDING 1

- 1 Gaius Julius Caesar: 'n kort lewenskets 1
- 2 Caesar se voorkoms en persoonlikheid 9
- 3 Die Bellum Gallicum 10
- 4 Caesar se leer 12
- 5 Die oorsake van die Galliese oorlog 27

DIE EERSTE BOEK 29

DIE TWEEDE BOEK 58

DIE DERDE BOEK 74

DIE VIERDE BOEK 88

DIE VYFDE BOEK 106

DIE SESDE BOEK 134

DIE SEWENDE BOEK 155

NOTAS 202

Voorwoord

Daar bestaan na my wete geen gepubliseerde, volledige Afrikaanse vertaling van Julius Caesar se *Bellum Gallicum* nie. G.J.J. van Deventer se Afrikaanse vertaling van uitgesoekte dele uit boeke I–VIII (Caesar se *Galliese Oorlog*, Johannesburg Juta & Kie, Bpk., ongedateer) is welbekend, maar onvoldoende om 'n geheelbeeld van Caesar se relaas van die Galliese oorlog te gee. Dat daar wel 'n behoefte bestaan aan 'n volledige Afrikaanse vertaling, is onbetwyfelbaar. Daarom word hierdie vertaling aangebied om die leemte te vul, nie slegs tot voordeel van die Afrikaanse Latynstudent nie, maar ook vir die belangstellende leser.

Boek VIII van die *Bellum Gallicum* het ek nie vertaal nie, allereers omdat Caesar dit nie self geskryf het nie, maar wel sy vriend en begeleier op die Galliese veldtogte, Aulus Hirtius. Daarbenewens handel dit oor minder belangrike gebeurtenisse in die jare 51 en 50 v.C. wat Caesar volgens die getuienis tot ons beskikking nie self van plan was om te berig nie.

Hoewel Caesar die eerste volbloed Latynse outeur is met wie die Latynstudent op hoërskool kennis maak, is sy werke nie so maklik om te vertaal as wat algemeen beweer word nie. Die menigvuldige militêre terme, leemtes in die oorgelewerde teks, afwykende grammatiese konstruksies, onderbrekings in die gedagtelyn en die vervlegging van sekondêre en primêre tye lewer soms taai vertaalprobleme op, nieteenstaande die feit dat die leser ten volle begryp wat Caesar wou sê.

Omdat die historiese praesens net so eie aan die Afrikaanse as aan die Latynse idioom is, het ek dit in 'n ruim mate benut, selfs by die vertaling van die moeiliker passasies in die indirekte rede. Die Latynse name van riviere en berge het ek sover moontlik met die moderne name vervang, en volks- of

stamname is sover moontlik verafrikaans, terwyl offisiersrange, troepeformasies en maneuvres (vgl. Inleiding) volgens die Nederlandse en Duitse patroon weergegee is. Lengte- en gewigsmate behou egter in die vertaling hul oorspronklike benaminge, en die leser word verwys na die notas (p. 202) vir hul ooreenstemmende metriese waardes, sowel as vir ander verduidelikings.

My vertaling is gemaak na die teks van Renatus du Pontet, *C. Iulii Caesaris commentariorum pars prior qua continentur Libri VIII de bello Gallico* Oxford Clarendon Press, 1937. Waar ek in die vertaling van hierdie teks afwyk, word dit in die notas aangedui.

Ek het ook dankbaar gebruik gemaak van:

R. Holmes, *Caesar's conquest of Gaul*, Oxford Clarendon Press, 1911;

A. Geerebaert, *Caesar: Gedenkschriften van de Gallische Oorlog*, (2de deel: Inleiding een aantekeningen op uitgelese plaatsen) Luik, Dessain;

Fr. Kraner, W. Dittenberger, H. Meusel: *C. Iulii Caesaris commentarii de bello Gallico*, Zürich, Weidemann, 1968 (erster Band), 1967 (zweiter Band);

J.J.A.L. Humblé: *Julius Caesar: De Gallische oorlog*; Antwerpen, Uitgeverij De Nederlandsche Boekhandel, 1975, ('n Nederlandse vertaling in die Klassieke Galerij-reeks);

(ed.) Georg Dorminger: *C. Julius Caesar: Der gallische. Krieg*, München, Ernst Heimeran Verlag, 1966 (met 'n Duitse vertaling in die Tusculum-reeks).

H.J. Edwards: *Caesar: The Gallic War*; London, W. Heinemann Ltd., 1966, (met 'n Engelse vertaling in die Loeb-reeks).

Die omslag-illustrasie is ontwerp deur mev. L. Visser van Unisa wat ook al die ander illustrasies en kaarte uit verskillende bronne nageteken het. Graag bedank ek haar vir haar toegewyde aandag en belangstelling.

Ten slotte wil ek langs hierdie weg my innige dank betuig aan die Universiteit van die Noorde wat my met gratis tikwerk en ander geldelike steun in staat gestel het om die manuskrip te voltooi, sowel as aan Unisa vir hulle bereidwilligheid om die werk te publiseer.

J.T. BENADE
PRETORIA
Julie 1983

Inleiding

1 Gaius Julius Caesar: 'n kort lewenskets

C. Julius Caesar is in 100 v.C.¹ op die 12de dag van die maand *Quintilis* – in 45 v.C. met die kalenderhervorming is dié maand na Caesar se naam tot Julius (by ons Julie) verdoop – uit die patrisiër C. Julius Caesar en die plebejer Aurelia gebore. Sy oom, die man van sy vader se suster, was niemand minder nie as die bekende generaal en demokrateleier, C. Marius, wat die jaar voor klein Julius se geboorte groot roem verwerf het met sy oortuigende oorwinning oor die invallende Teutone. Marius het aan die jong Julius 'n navolgenswaardige voorbeeld op militêre gebied gestel, en hom op politieke gebied gewis ook beïnvloed om die oligargie van die Romeinse senaat te beveg. Om sy politieke loopbaan te bevorder, het Marius hom op dertienjarige leeftyd in 86 tot *flamen dialis* (priester van Jupiter)² laat verkies.

In dieselfde jaar sterf Marius, en die gevreesde diktator, Sulla, neem die bewind in Rome oor. Uit hoofde van sy familieverbintenisse en sy aanleg, betoon Caesar hom 'n bitter teenstander van Sulla en die oligargiese senaat. In 84 sterf Julius se vader ook, en kort hierna tree hy in die huwelik met Cornelia, die dogter van die ander demokrateleier, Cinna. Hiervan het Sulla nie gehou nie en in 82 beveel hy die jong Caesar om van Cornelia te skei. Caesar weier; hy vlug en word voëlvrý verklaar. Siek dwaal hy in die berge van Sentraal-Italië rond, en ontkom aan die dood deur sy agtervolgers om te koop. Teësinning begenadig Sulla hom, maar hy waarsku die optimates nietemin dat daar in Caesar meer as een Marius

skuil (Plut. *Caes.* 1), en dat hulle op hulle hoede moet wees vir dié slordig gegordelde jongman (Suet. *Div. Iul.* 45). Omdat Caesar nie vir Sulla vertrou nie, gaan doen hy krygsdiens in Griekeland en Klein-Asië. In 80 veg hy met onderskeiding voor Mytilene, red die lewe van Romeinse burgers en verwerf die toekenning van 'n *corona civica*, die burgerkroon van eikeblare.

Na die dood van Sulla in 78, keer Caesar na Rome terug en soek na 'n geleentheid om sy politieke loopbaan te begin as voorvegter van die gewone volk en teenstander van die senatoriale oligargie. Nog dieselfde jaar sien hy 'n geleentheid om die volk se guns te wen deur vir Cn. Dolabella aan te kla vir sy misdrywe as prokonsul in 80 van die provinsie Macedonië. Die redenaarsgawe van die drie-en-twintigjarige Caesar het hoë bewondering uitgelok, maar tog het die optimates-jurieledes vir Dolabella vrygespreek. Ten gevolge van die onguns wat hy met dié aanklag op sy hals gehaal het, en ook om sy redenaarsgawe verder te ontwikkel, vertrek Caesar in 74 na Rhodus om onder die beroemde redenaar Molo te gaan studeer. Op sy reis daarheen word hy deur seerowers gevange geneem. Nadat 'n losprys betaal en hy vrygelaat is, agtervolg hy die seerowers met 'n vloot wat hy haastig versamel het, neem hulle gevange en bring almal om die lewe. (Suet. *Div. Iul.* 2, 74).

Weer eens onderweg na Rhodus verneem hy dat koning Mithridates van Pontus die Romeinse provinsie Asië bedreig. As privaatman bring hy 'n troepemag op die been, verdryf die koning uit die provinsie, en is teen die einde van 74 weer terug in Rome. In 73 word hy *pontifex* (priester) van die Romeinse staatserediens, en ook *tribunus militum* (krygstribuun). In 68 lewer hy die rede by die begrafnis van sy tante Julia, die eggenote van die gestorwe Marius, en bring openbare hulde aan Marius en sy demokrateparty. In dieselfde jaar sterf sy vrou Cornelia, hy word verkies tot *quaestor*, en vertrek na Hispania Ulterior vir sy dienstydkperk as finansiële administrateur van die provinsie.

In 67 trou hy met Pompeia, 'n niggie van Pompeius en kleindogter van Sulla. In 65 word hy *aedilis curulis*, en om die volksguns verder te wen, bied hy hulle pragtige bouwerke, glansryke spele en gratis koring, maar maak in die proses geweldige skulde. In 63, die konsulaatsjaar van Cicero, word hy deur die volk tot *pontifex maximus* (hoëpriester) verkies, en speel hy 'n duistere rol in die sameswering van Catilina deur in die senaat vir Ig. se klaarblyklik skuldige medepligtiges te pleit. In 62 word hy *praetor*, en in hierdie selfde jaar verwek P. Clodius Pulcher 'n skandaal in Caesar se huis waar die fees van die *Bona Dea*³ gehou is, en ten gevolge

hiervan verstoot Caesar sy vrou Pompeia. Ook in dieselfde jaar word hy deur die senaat geskors as praetor omdat hy hom nie wou neerlê by hulle beslissings nie, maar hy word direk daarna weer in sy pos herstel tesame met 'n apologie van die senaat.

In die begin van 61 vertrek hy as *propraetor* na Hispania Ulterior waar hy reeds as quaestor gedien het, en onderwerp die Lusitaniërs en die Gal-laeke aan die kus van die Atlantiese Oseaan. Teen die einde van hierdie jaar keer die roemryke generaal, Pompeius, uit die Ooste terug na sy oorwinning oor die seerowers en Mithridates, ontbind sy leër en kom as amptelike burger in Rome aan. Omdat hy nou geen leër meer agter hom gehad het nie, weier die senaat om sy reëlins in die Ooste te bekragtig en wys sy eis om konsul te word van die hand. Toe Caesar in 60 uit Spanje terugkeer, beywer hy hom vir die konsulaat van die volgende jaar, onderhandel terselfdertyd met die onvergenoege Pompeius, en saam met die rykman Crassus vorm hulle 'n bondgenootskap, bekend as die *Eerste Triumviraat*. Pompeius se oogmerk met dié driemanskap was om die senaat se weerstand teen sy eise te verbreek, maar Caesar s'n was om die politieke oppermag van die optimates in die senaat uit te skakel. Dit was inderdaad 'n bondgenootskap tussen diplomatie (Caesar), roem (Pompeius) en geld (Crassus), 'n diplomatieuse meesterstuk van Caesar.

Die optimates kon Caesar se verkiesing tot konsul nie keer nie en in 59 word hy dan ook verkies saam met die senaat se kandidaat, Bibulus, vir wie hy spoedig onskadelik maak deur hom in sy eie huis feitlik vas te keer sodat hy nie sy openbare funksies kon verrig nie. Ten gevolge hiervan het grapplemakers geestig na hierdie jaar verwys as die jaar toe Julius en Caesar die konsuls was.

Die bondgenootskap wat 'n geruime tyd geheim gebly het, begin egter nou sy gevolge openbaar. Deur 'n *plebiscitum* (volksbesluit) verkry Caesar vir Pompeius die bekragtiging van sy reëlins in die Ooste, en deur 'n *lex Iulia agraria* ken hy aan 20,000 van Pompeius se veterane en ander arm burgers plasies uit staatsgrond toe. Caesar eis blykbaar niks vir homself op nie, maar die volkstribuun, Publius Vatinius, laat 'n volksbesluit aanvaar waardeur Caesar die goewerneurskap oor Gallia Cisalpina en Illyricum vir vyf jaar verkry, tesame met bevel oor drie legioene. Om nog 'n skyn van gesag te handhaaf, voeg die senaat Gallia Transalpina en een legioen by. Ten gevolge van sy menigvuldige gunste was sowel die volk as die ridderstand teen hierdie tyd vierkantig agter Caesar, en om sy verhouding met Pompeius te verstewig, laat hy sy twee-en-twintigjarige dogter Julia met die agt-en-veertigjarige Pompeius trou. Hyself tree met sy

derde vrou, Calpurnia, die dogter van L. Calpurnius Piso, in die huwelik.

Nou het Caesar oor die militêre mag beskik wat hy so graag wou hê om sy politieke doelstellings te bereik, terwyl Pompeius en Crassus sonder militêre mag in Rome sou agterbly as hoofde van die kommissie vir grondtoewysing. Maar voordat Caesar na sy provinsies kon vertrek, moes die leiers van die opposisie, Cicero en Cato, onskadelik gemaak word: Cicero word uit Rome verban omdat hy 'n paar van Catilina se aanhangers onwettig om die lewe sou laat bring het, en Cato word op 'n sending na Ciprus en Byzantium weggestuur.

In Maart 58 vertrek Caesar as prokonsul na Gallië en behaal daar tot in 52 die roemryke oorwinnings en uiteindelijke onderwerping van die hele Gallië soos beskrywe in bygaande vertaling van sy *Bellum Gallicum*.

In Rome self was sake gedurende 'n groot deel van hierdie periode in 'n chaotiese toestand. Die gepeupel onder leiding van die berugte volkstribuun Clodius (wat na Caesar se belange in Rome omgesien het en deur Crassus aangespoor was) het beheer oorgeneem en selfs die lewe van Pompeius bedreig. Dit het Pompeius genoop om weer toenadering tot die senaat te soek en vir Clodius met opponerende bendes onder leiding van Milo te beveg. Bloedige straatgevegte was aan die orde van die dag, en toe daar 'n buitengewone koringskaerste ontstaan, sien die senaat daarin 'n geleentheid om Pompeius aan hulle kant te kry deur hom te belas met die oppertoesig vir vyf jaar oor die graantoevoer na Rome. Hoewel Pompeius daarom gevra het, was daar egter geen militêre mag aan die pos verbonde nie, en dit het hom ontstel. Dié omstandighede het Caesar weer eens 'n geleentheid gebied om sy bondgenootskap met Pompeius te verstewig. Daarom belê hy in April 56 'n vergadering van die driemanskap te Lucca. Daar word die triumviraat hernieu onder die volgende bepalings:

- (i) Caesar se prokonsulaat word met vyf jaar verleng (54-49), en die konsulaat word hom vir die jaar 48 toegesê; sy getal legioene mag tot 10 verhoog word, en hulle soldy sou in die toekoms uit die staatskas betaal word.
- (ii) Pompeius en Crassus word konsuls vir die jaar 55, en daarna kry Pompeius vir vyf jaar die goewerneurskap oor Spanje, terwyl Crassus dit vir vyf jaar oor Sirië kry.

- (iii) Pompeius bly egter in die omgewing van Rome agter aan die hoof van die graankommissie, en hy mag Spanje deur sy legate, Afranius en Petreius, laat bestuur.

Aan die einde van 55 vertrek Crassus op 'n kampanje teen die Parthe. In 54 sterf Caesar se moeder Aurelia, asook sy dogter Julia wat met Pompeius getroud was. Die jaar daarná, in 53, sneuwel Crassus in 'n geveg teen die Parthe. Die bande wat hulle verbind het, is verbreek, en nou staan Caesar en Pompeius alleen en van mekaar vervreem ten gevolge van wedersydse wantroue wat deur die optimates by Pompeius, en deur die gebeure in Rome by Caesar aangeblaas is.

Toe die byna daaglikse straatgevegte tussen die bendes van Clodius en Milo totale anargie in Rome laat heers, stel 'n volkstribuun in 53 voor dat Pompeius tot diktator benoem word om die orde te herstel, maar die senaat weier. Toe Clodius egter in 52 in 'n bendegeveg gedood word, ontstaan daar by sy begrafnis sulke wanordelikhede dat die senaat noodgedwonge toegee, en Pompeius word aangestel as *consul sine collega* (konsul sonder kollega). Hy laat dadelik al die weerbare manne in Italië die eed van getrouheid aan hom aflê, stasioneer troepe in die stad Rome en herstel die orde. Noudat hy weer oor militêre mag beskik, breek hy openlik met Caesar en hernieu die wet dat niemand in sy afwesigheid na 'n ereamp in Rome mag ding nie, en maak daarbenewens 'n senaatsbesluit van die vorige jaar van krag dat konsuls en praetors eers vyf jaar na die aflegging van hul amp die bestuur van 'n provinsie mag aanvaar.

Hierdie optrede van Pompeius bring vir Caesar verreikende implikasies mee. Hy word nie onmiddellik uit sy pos in Gallië teruggeroep nie, maar sou tog verplig wees om sy leër te demobiliseer en as amptlose burger na Rome terug te keer om daar na die konsulaat van 48 te ding. Hoewel hy as amptlose burger 'n maklike prooi vir sy politieke vyande sou wees, stem hy nietemin in om sy leër te ontbind as Pompeius dieselfde sou doen. Na 'n lang vertraging bepaal die senaat dat Caesar en Pompeius hul ampte tegelykertyd moet neerlê. Caesar stem in, maar Pompeius weier hardnekkig. Caesar wend derhalwe pogings aan om die geskil te skik, maar ten antwoord daarop vervang die senaat hom in Januarie 49 as goewerneur van sy provinsie, werf troepe en gee die bewind in Rome oor aan Pompeius wat nou amptelik opperbevelhebber van die republikeinse magte word. Om sy gesag te behou en sy eie veiligheid te verseker, moet Caesar hom noodwendig verset teen die republikeinse regering en hulle leër. Hy ruk vanaf Ravenna in sy provinsie op, steek die Rubico oor ('n klein riviértjie wat die grens tussen sy provinsie en Italië gevorm het) en

marsjeer Italië binne. By hierdie geleentheid sou hy gesê het: *talea iacta est* (die teerling is gewerp). Hy maak egter nog steeds vredeliewende voorstelle aan Pompeius wat dit bly verwerp.

Die snelheid van Caesar se opmars dwing Pompeius om Italië te verlaat, en hy begin sy troepe inskeep te Brundisium. Caesar ruk op en blokkeer die stad en hawe, maar Pompeius ontsnap met 'n deel van sy vloot na Epirus, die weskus van Noord-Griekeland. Omdat Caesar nie oor skepe beskik nie, kan hy nie vir Pompeius agtervolg nie, maar hy hou nou die hele Italië in sy mag. Tog word hy van twee kante bedreig: in die Weste deur Pompeius se leërs in Spanje onder leiding van Petreius en Afranius, en in die Ooste deur Pompeius self. Dit was gevaarlik, want as Pompeius beheer sou kry oor die Middellandse See en daardeur oor Rome se graanverskaffers, kon hy Italië deur hongersnood tot oorgawe dwing. Daarom stuur Caesar sy legat om Sardinië en Sicilië te verower, laat die bestuur van Rome in die hande van M. Lepidus, en stel M. Antonius aan die hoof van die troepe in Italië, terwyl hyself na Spanje opruk. Te Massilia (tans Marseille) laat hy 'n vloot bou, stuur dit onder bevel van D. Brutus na Spanje en ruk self oor die Pireneë op teen Petreius en Afranius. By Ilerda in Noord-Oos-Spanje word lg. beslissend verslaan, maar Caesar begenadig hulle, verskaf koring aan die oorwonne troepe en betaal die agterstallige soldy wat hulle generaals nie kon betaal nie. Gevolglik kapituleer Hispania Ulterior en die bedreiging uit die Weste word feitlik sonder stryd uit die weg geruim.

Nou haas Caesar terug na Rome om sy aandag aan Pompeius in die Ooste te wy. Onderweg verneem hy dat hy deur die senaat tot diktator benoem is om die verkiesings te hou. Slegs elf dae bly hy diktator, want hy word vir 'n tweede maal tot konsul benoem, die keer vir die jaar 48.

Aan die einde van 49 versamel hy sy magte te Brundisium en land in Januarie 48 op die kus van Epirus. Aanvanklik ly hy in Julie 'n neerlaag te Dyrrachium (tans Durazzo), maar kort daarna, in Augustus, verslaan hy Pompeius se leer verpletterend by Pharsalus. Pompeius vlug na Egipte waar hy verraderlik vermoor word, 'n gebeurtenis waaroor Caesar erg verontwaardig was. Direk na Pharsalus word hy vir die tweede maal deur die senaat tot diktator benoem, wat sou geld tot einde 46.

Toe Caesar self vroeg in 47 in Egipte aankom, raak hy betrokke in 'n geskil tussen prinses Cleopatra en haar broer, prins Ptolomeus, oor die kwessie van troonopvolging. Hy gee uitspraak ten gunste van Cleopatra—moontlik omdat hy op haar verlief geraak het—en hy word deur Ptole-

maeus se ondersteuners in die koninklike paleis in Alexandrië beleër. Hy verkeer in groot gevaar, maar slaag daarin om uit te hou totdat hy in die lente van 47 deur Mithridates van Pergamum gered word. Ptolomaeus sneuwel in die geveg en Caesar plaas vir Cleopatra op die Egiptiese troon, ten gevolge waarvan Egipte vir sy eie doelstellings benut kon word.

Na 'n verblyf van nege maande in Egipte ruk hy op na Pontus, en in Augustus 47 verslaan hy koning Pharnaces by Zela. By hierdie geleentheid stuur hy sy beroemde berig aan die senaat in Rome : *Veni, vidi, vici* ('Ek het gekom, ek het gesien, ek het oorwin'). Hy reël sake in klein Asië, keer van Pontus af terug na Italië, en land in September 47 te Tarentum. In Rome aangekom, word hy tot konsul benoem vir 46, maar word terselfdertyd ook gekonfronteer deur muitende legioene. Laasgenoemde probleem oorkom hy op 'n wyse wat sy magnetiese invloed oor sy troepe duidelik illustreer. Toe die muiters vol verwagtinge voor hom staan, kondig hy dwarsweg aan dat hulle almal ontslaan is. Dadelik val hulle op hul knieë en smee om teruggeneem te word. Binne enkele maande is sake in Rome gereël, en aan die einde van 47 vaar hy na Afrika om die oorblyfsels van Pompeius se leer wat daar vasgeskop het, aan te durf.

In April 46 word 'n beslissende slag gelewer te Thapsus, suid-oos van Carthago. Scipio, die opperbevelhebber van die republikeinse magte, sneuwel en sy leer word vernietigend verslaan. By die nuus hiervan pleeg hulle ander aanvoerder, Cato, wat die stad Utica moes beskerm, selfmoord. 'n Paar belangrike Pompeiane ontkom egter aan die slagting o.a. Labienus, Caesar se destydse legaat in die Galliese oorlog, en die twee seuns van Pompeius, Gnaeus die jongere en Sextus, en hulle wyk uit na Spanje. Caesar verklaar Numidië 'n nuwe Romeinse provinsie, bevestig sy gesag en keer in Julie 46 na Rome terug waar hy vir die derde maal tot diktator benoem word — hierdie keer vir 10 jaar — en ook lewenslange *sacrosanctitas* (die onskendbaarheid van die *tribunus plebis*) ontvang. Tussen Julie en Desember van 46 wy Caesar sy aandag aan belangrike administratiewe en institusionele hervormings, waaronder ook die hervorming van die kalender wat op 1 Januarie 45 van krag geword het, en wat met slegs 'n geringe wysiging deur pous Gregorius in 1582, tot vandag nog gebruik word.

Toe bovermelde Pompeiaanse offisiere in Spanje aankom, vind hulle toestande gunstig om 'n sterk leer op te bou. Na die slag van Ilerda en die kapitulasie van Hispania Ulterior kon die offisiere wat Caesar in beheer van Pompeius se oorwonne veterane geplaas het, nie die gesag handhaaf

nie. Groot ontevredenheid het ontstaan en muitery was aan die orde van die dag. Hieruit slaan die uitgeweke Pompeiaanse offisiere munt, en heel gou bring hulle 'n sterk leër op die been. In Desember 46 vertrek Caesar uit Rome om ook hierdie bedreiging die hoof te bied. By Munda in Suid-oos-Spanje vind die finale slag in Maart 45 plaas, en Pompeius se seuns word vernietigend verslaan. Labienus sneuwel en die jong Gnaeus word op vlug gedood. Sextus Pompeius ontkom, en hy sou eers in 36 deur Caesar se opvolger, Octavianus, onderwerp word.

Na Munda het die Romeinse republiek nie meer bestaan nie, want nou was Caesar die onbetwiste heerser oor die wêreld. By sy terugkeer in Rome in 45, word hy deur die senaat oorlaai met eerbewyse : hy word lewenslange *Imperator*, konsul vir die volgende 10 jaar, lewenslange diktator, lewenslange *Praefectus Morum*, en hy kry die titel van *Pater Patriae*. Maar uit sy ervaring as prokonsul in Gallië en sy lang gesamentlike verblyf in al die Romeinse provinsies, het die beeld van 'n monargisties-beheerde Ryk in sy gees gegroei, want slegs daarin het hy die oplossing vir die ondoeltreffende republikeinse administrasie gesien. Desnietemin regeer hy as 'n wyse, gematigde alleenheerser wat sy politieke vyande ruimhartig begenadig. Die volk van Rome het hom vereer, maar onder die senatore was daar 'n klein kern wat hom nie kon vergewe omdat hy die republiek vernietig en hulle hul sogenaamde vryheid ontnem het nie. Daarbenewens het hy hom in purper, die kleur van konings, geklee, oudiënsie aan senatore verleen terwyl hy bly sit, en oor die algemeen nie die verskuldigde eerbied aan die senaat betoon nie. Al hoe sterker het die verdenking posgevat dat hy hom tot koning wou uitroep. In Januarie 44 begroet 'n skare hom op die *Via Appia* met die uitroep: "Koning!", en tydens die *Lupercalia* op 15 Februarie bied Marcus Antonius hom die koningsdiadeem aan — maar dié weier hy. Die ontevredenes is onthuts, en smee 'n sameswering om Caesar te vermoor.

Aan die hoof van die sameswering staan Marcus Iunius Brutus vir wie Caesar met groot onderskeiding behandel het deur hom in 46 goewerneur van Cisalpyense Gallië te maak en in 44 *praetor urbanus*, en Gaius Cassius Longinus, die eertydse bevelvoerder van Pompeius se vloot, maar wat na Pharsalus deur Caesar begenadig is en in 44 as *praetor peregrinus* aangestel is. Daar Caesar nog een senaatsitting wou hou voor sy vertrek na die Ooste om Crassus se dood op die Parthe te wreek, word die moord vir die dag van die sitting bepaal: 15 Maart, die berugte *Ides*! 'n Saal aangrensend aan Pompeius se teater in die *Campus Martius* was vir die vergadering bestem. Kort voor middag daag Caesar op. 'n Perkamentrol met volle besonderhede van die komplot word by die ingang in sy hand gestop,

maar weens die gedrang by die deur gaan hy binne sonder om dit te lees. Nadat hy gaan sit het, nader een van die samesweerders, Cimber, hom met 'n petisie om begenadiging vir sy verbanne broer, en asof hy hom wil smeeke, gryp hy Caesar se toga aan beide skouers vas. Die ander samesweerders drom om hulle saam, en toe Caesar probeer opstaan, steek Casca hom van agter met 'n dolk. Caesar gryp Casca se arm vas en deursteek dit met sy griffel. Toe sak die ander samesweerders op hom toe met hulle dolke. Caesar bedek sy hoof met sy mantel, en deurboor deur 23 dolksteke syg hy neer aan die voete van Pompeius se standbeeld. Suetonius berig (*Div. Iul.* 82) dat hy slegs 'n kreun gegee het by die eerste dolksteek en die aanval verder verduur het sonder om een enkele woord te uiter. Hy voeg egter by dat ander skrywers vermeld dat toe Marcus Brutus op hom afstorm, Caesar in Grieks gesê het: "Ook jy, my seun?"

Maar die Romeinse republiek het nie uit Caesar se dood herrys nie. Bloedige burgeroorloë het gevolg, en eers dertien jaar later (in 31 v.C.) sou die Romeinse staat tot rus kom onder die bewind van 'n nuwe alleenheerser: Octavianus, die kleinneef en erfgenaam van Caesar, en later bekend as die beroemde keiser Augustus. Op Caesar se erflating van 'n militêre monargie wat slegs een magsfaktor geken het, nl. die wil van die keiser gesteun deur sy leër, het Augustus die Romeinse Keiserryk laat verrys. Aan die hoof van hierdie ryk sou eeue lank 'n "Keiser" staan, 'n eretitel afgelei van die naam van Caesar, die man wat in sy versierendheid die eerste grondslae vir hierdie staatkundige ontwikkeling gelê het. Die Keiserryk het aan Italië rus gebring, vrede in die provinsies en welvaart in die ryk. Meer nog : die intellektuele prikkels, die ordeningsbeginsel, die kulturele en beskawingsinvloede wat uit hierdie ryk gestraal het, het 'n erflating aan die hele Westerse wêreld geword. Hiervoor is die Westerse wêreld groot dank verskuldig aan die visie van Julius Caesar. Sonder twyfel het hy 'n deurslaggewende wending gebring in die loop van die Westerse geskiedenis.

2 Caesar se voorkoms en persoonlikheid

Julius Caesar was 'n verskynsel. Mense met 'n natuur ryk begaafd soos syne, met al die goeie kwaliteite van liggaam en gees in die ruimste mate aanwesig, word selde gebore.

Oor sy uiterlike voorkoms en sy persoonlike voor- en afkeure in dié verband, skryf Suetonius (*Div Iul.* 45) : "Mense sê hy was lank van liggaamsbou, met 'n ligte gelaatskleur, mooi gevormde ledemate, 'n ietwat vol gesig en lewendige donker oë; in goeie gesondheid, behalwe dat hy teen die

einde aan skielike floutes gely het, en selfs dikwels deur nagmerries verskrik is. Hy is ook tweemaal gedurende sy kampanjes deur vallende siekte oorval. Hy was taamlik gesteld op die versorging van sy persoon, met die gevolg dat hy hom nie alleen sorgvuldig laat kap en skeer het nie, maar ook oortollige hare laat uittrek het — soos sommiges snedig beweer — terwyl die ontsiering van sy kaalkop vir hom 'n groot ergernis was daar hy dikwels ervaar het dat dít die onderwerp van sy kleinere se grappies was. Om hierdie rede het hy gewoonlik sy ylwordende hare van die kroon van sy kop af vorentoe gekam, en van al die eerbewyse deur die volk en senaat aan hom toegesê, het hy geen ander met groter graagte ontvang of van gebruik gemaak nie, as die reg om te alle tye 'n lourierkrans te dra." Ons weet nie of die kleinsielige berig oor Caesar en sy hare geloofwaardig is nie, en nog minder of sy privaatlewe soveel aanstoot gee het as wat Suetonius (*Div. Iul.* 49-52) in fyn besonderhede in 'n byna skindertoon beskryf.

Die geesteseienskappe van Caesar word, afgesien van Suetonius, ook deur ander betroubare Latynse skrywers aan ons voorgehou. Gepaard met 'n gesonde liggaam en lewenswyse het hy oor buitengewone energie en 'n taaie volharding beskik (Suet. *Div. Iul.* 57). Van nature was hy edel, oop en menslik - daarvan kon selfs Cicero in 'n vertroulike brief getuig (*Ad Fam.* VI. 6.8.). Aan kleinlike intrige het hy hom nooit skuldig gemaak nie, maar trots en vasberade het hy op sy doel afgestuur sonder om harte-loos in die proses op te tree. Sy geesteskrag was buitengewoon en sy talent veelsydig en menigvuldig (Plin. *N.H.* VII. 25.91). Daarom verskyn hy aan ons in die volle glans van sy persoonlikheid as 'n veelsydige en verdienstelike skrywer (Suet. *Div. Iul.* 56), 'n sprankelende redenaar (Cic. *Brut.* 72. 252; 75, 261; Suet. *Div. Iul.* 55; Quint. *I.O.* I. 7.34; X. 1.114; 2.25; XII.10.11; Tac. *Ann.* XIII. 3), en ook as 'n uitmuntende veldheer en 'n groot staatsman.

3 Die *Bellum Gallicum*

Die oorspronklike titel van Caesar se *Bellum Gallicum* was *Commentarii belli Gallici*. Die Latynse woord *commentarii* is gevorm na analogie van die Griekse woord *hupomnēmata* wat eintlik beteken: pretensielose optekening van gedagtes of feite, primêr aan die breër leserspubliek gerig, maar tog bedoel om later literêr aangewend te word. Caesar het dus nie met die opstel van sy *commentarii* 'n literêre kunswerk voor oë gehad nie. Sy bronne was ongetwyfeld sy jaarlikse amptelike berigte oor die Galliese oorlog aan die senaat, sy offisiere se rapporte aan hom, en waarskynlik ook privaat briewe. Dit is egter ook moontlik dat hy vir homself aantekeninge gemaak het, maar ons kan met sekerheid aanneem dat hy

sterk gesteun het op sy buitengewoon skerp en betroubare geheue. (Vgl. Hirtius *B.G. VIII*, praef. 8).

Die eerste sewe boeke van die *Bellum Gallicum* is waarskynlik in die winter van 52-51 v.C. saamgestel, vinnig en in een stroom (vgl. Hirtius, praef. 6) en hoewel elke boek 'n verskillende jaar dek, is die werk as 'n geheel uitgegee en nie stuk vir stuk in volgorde van elke jaar se oorlogvoering nie (vgl. A. Klotz, *Caesarstudien*, pp. 17-26).

Dat Caesar sy *commentarii* as bron vir geskiedskrywers bedoel het, staan bo alle twyfel. Daarvoor het ons die betroubare getuienis van Hirtius (praef. 5) en Cicero (*Brut.* 75. 262). Maar hy het dit nog veel meer geskryf vir die inligting van sy tydgenote, om sodoende die openbare mening in die politieke magstryd tussen hom aan die een kant, en Pompeius en die senaat aan die ander kant, na sy kant te beïnvloed. Die teenstand teen sy politieke aspirasies het hom verplig om sy aansprake te regverdig deur sy roemryke militêre operasies aan sy volk voor te hou.

Laasgenoemde oogmerk laat die vraag ontstaan of Caesar dan werklik objektief en geloofwaardig is in sy weergawe van die verloop van die Galliese oorlog. Suetonius berig (*Div. Iul.* 56.4) dat Caesar se vriend, Asinius Pollio, beweer het dat die *commentarii* onsorgvuldig en met weinig agting vir die waarheid geskryf is. Maar hierdie uitspraak van Pollio kan slegs betrekking hê op Caesar se weergawe van die burgeroorlog waaraan Pollio self deelgeneem het en waaroor hy 'n boek (lank reeds verlore) geskryf het, en ook daarom Caesar se weergawe van die burgeroorlog skerp onder die loop geneem het. Aan die Galliese oorlog het Pollio immers nie deelgeneem nie, en hy kon dus geen gedetailleerde kennis daarvan gehad het nie. Latere geskiedskrywers soos Plutarchus, Appianus en Cassius Dio, wat op betroubare bronne gesteun het, onderskryf met uitsondering van enkele gevalle Caesar se weergawe van die Galliese oorlog. Dit is moontlik dat Caesar in sy berigte aan die senaat sekere dinge verswyg, en ander in sy guns gekleur het; dat hy sy offisiere se berigte nie streng genoeg gekontroleer het nie; dat hy tog wel sommige dinge in die loop van die jaar vergeet of 'n ander siening daaromtrent verkry het. Maar growwe onwaarhede kon hy eenvoudig nie berig nie: te veel van sy kamerade het die waarheid geken.

Daar is wel gevalle waar Caesar se middele sy doel om krygsroem in te oes, geheilig het, en waar ons die regverdiging vir sy optrede met wantroue kan bejeën. Hy skryf byvoorbeeld die landverhuising van die Helvetiërs (*B.G.* I.2-22) slegs toe aan die aanstigting van die magsbeluste

Orgetorix en verswyg die ware oorsaak, nl. die druk van die Suebe voor wie die Helvetiërs moes wyk. Bowendien het hy geen reg gehad om die Helvetiërs aan te val voordat hulle Romeinse grond betree het nie. Ingevolg probeer hy sy eimagtige optrede teen Ariovistus (*B.G.* I.22-42) te regverdig en die ware rede daarvoor te bedek. Wanneer hy in *B.G.* I.45.3 aan Ariovistus laat weet: "As die besluit van die senaat in aanmerking geneem moet word, behoort Gallië vry te wees," en dan direk daarna in I.46.4 aanspraak maak op Rome se reg op die hele Gallië, word ons getref deur die teenstrydigheid en die ironie. Gedurende sy konsulaat het Caesar vir Ariovistus die eretitel "Vriend van die Romeinse volk" laat toeval, en hoewel lg. Latyn en Gallies kon praat, beskryf hy hom nog as 'n wrede, hovaardige barbaar (*B.G.* 31.12; 32.4).

Alles in ag genome, kan ons beweer dat Caesar se weergawe van die militêre en politieke gebeurtenisse in Gallië 'n besondere objektiwiteit bevat. Die onjuisthede in sy uitweidings oor Brittanje en Germanië, lande in elk waarvan hy slegs enkele dae vertoef het, kan aan sy foutiewe bronne toegeskryf word en doen geensins afbreek aan sy geloofwaardigheid nie.

Die taal en styl van die *Bellum Gallicum* is die van 'n soldaat en groot generaal : dit is helder, saaklik, ongekunstel en sonder emosie. Sy woordkuns is reeds in sy eie tyd deur Cicero (*Brut* 75.262) en Hirtius (praef. 4-7) geloof, meer as 'n eeu later ook deur Quintilianus (*I.O.X.I.* 114), en vandag word hy beskou as 'n bedrewe stilis wat vir sowel oud as jonk verstaanbaar skryf. Deur die gebruik van die derde persoon (slegs in boek VII gebruik hy passim die eerste persoon) bewaar hy 'n persoonlike afsydigheid wat die feite self laat spreek, en waardeur die indruk van objektiwiteit nog verder versterk word. Die *Bellum Gallicum* is die onbetwisbare uitdrukking van die gees van Rome, en daarom is dit van oudsher af as 'n monument van Romeinse grootheid beskou.

4 Caesar se leër

4.1 Bestanddele

Caesar se leër het bestaan uit legioene (*legiones*) en hulptroepe (*auxilia*) wat die vegwerk gedoen het, en uit nie-stryders.

4.1.1 Die legioen

Die legioen was die belangrikste en grootste leëreenheid, en wel 'n infanterie-eenheid met 'n getalsterkte van tussen 3 000 en 6 000 man. Slegs

Romeinse burgers wat by wyse van 'n werwingsveldtog (*dilectus*) gewerf is, het daarin gedien, en hulle moes 'n eed van getrouheid wat hulle tot 20 jaar krygsdiens verbind het, aan die opperbevelhebber aflê (*in verba iurare*). 'n Legioen was verdeel in 10 kohorte (*cohortes*), 30 manipels (*manipuli*) en 60 senturieë (*centuriae*, eenhede van 100 man elk) wat gewoonlik *ordines* genoem is. Die soldate in 'n legioen was *militēs legionarii*. Die van hulle wat na voltooiing van hul verpligte dienstyd persoonlik deur die opperbevelhebber genooi is om verder in diens aan te bly, het bekend gestaan as *evocati*. Hulle het 'n bevoorregte posisie in die legioen beklee daar hulle 'n hoër soldy ontvang het en van normale pligte soos wagstaan en skansarbeid vrygestel is, en ook op mars van perde gebruik kon maak. Groter troepeafdelings wat as 'n eenheid vrywillig vir langer as die verpligte diens aangebly het, is *veterani* genoem. Hele legioene is uit lg. saamgestel, en dié het bekend gestaan as *legiones veteranae*, in teenstelling met die onervare *legiones tironum* of *legiones proxime conscriptae*. Die *evocati* daarenteen, is planvol onder die legioen verdeel of het onder bevel van 'n *praefectus evocatorum* as 'n geslote eenheid opgetree. Caesar het die Galliese oorlog met 6 legioene begin, maar aan die einde daarvan, in 52 v.C. het hy 11 gehad.

4.1.2 Die hulptroepe

Die volgende soorte hulptroepe is ter ondersteuning van die legioene gebruik:

- (i) Liggewapende voetvolk (*militēs levis armaturae*), wat in die Romeinse provinsies gewerf of deur bevriende vorste of stamme gelewer is. Belangrike afdelings was die slingers (slingers) (*funditores*) en die boogskutters (*sagittarii*). Die hulptroepe uit die provinsies was net soos die Romeinse legioensoldate geklee en ingedeel, maar die res het hulle nasionale uitrusting en gevegswyse behou. Daar die bondgenote se hulptroepe dikwels op die flanke (vleuels) van die slaglinie opgestel is, word hulle soms *alarii* genoem.
- (ii) Ruiterij (*equites*). Romeinse ruiterij het lank voor Caesar se tyd nie meer bestaan nie, en hy het gerekruteerde Galliese, Spaanse en Germaanse ruiters gebruik. Elke legioen het oor 300 ruiters beskik, wat ingedeel is in regimente (*alae*)—die Latynse woord *ala* = vlerk, en hierdie benaming dui ook aan die ruiterij op die flanke van die legioen opgestel—en verder in eskadronne (*turmae*) van vermoedelik 30 man elk, en decurieë (*decuriae*), eenhede van 10 man elk.



Ruiter (*eques*)

4.1.3 Die nie-stryders

Die leër is ook begelei deur 'n groot aantal kampknegte (*calones*) wat òf in die persoonlike diens van offisiere en manskappe gestaan het, òf belas was met die versorging van die lasdiere wat die leër se bagasie (*impedimenta*) vervoer het. Verder was daar kampsmouse (*lixae*) wat lewensmiddele aan die soldate verkoop het, handelaars (*mercatores*) wat die oorlogsbuit opgekoop het, tolke (*interpretes*), aankondigers (*praecones*) en trompet-, horing- en basuinblasers wat o.a. die sinjale vir parade, wagwisseling, aanval of terugval geblaas het. Dit is nie duidelik of die verspieters (*exploratores*, *speculatores*, *antecursores*) aan veldslae deelgeneem het

nie. Dieselfde geld vir die praetoriese kohort (*cohors praetoria*), die lyfwag van die veldheer, wat uit keurlegioensoldate en veral uit *evocati* saamgestel is. In 'n figuurlike sin word daar ook na die jong manne uit die adelstand wat die veldheer vrywillig gevolg het om onder hom hulle militêre leerskool deur te maak, verwys as die *cohors praetoria*.

4.2 Die offisiere

As prokonsul van Cis- en Transalpyense Gallië was Caesar die veldheer of opperbevelhebber (*imperator*) van die leër.

Tweede in bevel was die *quaestor*, 'n staatsamptenaar wat deur die volk verkies is om die prokonsul in vredestryd met die finansiële aangeleenthede van sy provinsie(s) by te staan. In oorlogstryd het hy egter die pligte van kwartiermeester-generaal en stafhoof in hom verenig. Hy was verantwoordelik vir die geldsake van die leër, bevoorrading, rantsoenverskaffing, soldybetaling, berekening van die waarde van die buit asook die verdeling daarvan, en die verkoop van gevangenes as slawe aan die slawehandelaars wat die leër vergesel het. Soms het die veldheer die bevel oor 'n legioen of skepe aan hom toevertrou. Sy kwartiere (*quaestorium*) in die leërkamp was langsaan die van die opperbevelhebber (*praetorium*). Daar Caesar twee provinsies moes bestuur, het hy in die Galliese oorlog twee quaestors gehad.

Die derde hoogste in rang was die legate (*legati*), gewoonlik manne met senatoriale rang wat deur die prokonsul (d.w.s. die veldheer) persoonlik tot lede van sy staf benoem is. In Gallië het Caesar 10 legate gehad en hulle het sy Generale Staf uitgemaak. Hulle is telkens met spesiale take belas: bevel oor 'n enkel of meer legioene om slag te lewer of winterkwartiere gereed te kry, of die toesig oor werwingsveldtogte of skeepsbou.

Vierde in rang was die krygstribune (*tribuni militum* of *tribuni militares*). Hulle was in die reël jong manne uit die ridderstand, en wat deur die opperbevelhebber meer op grond van hulle familie se invloed, as militêre bekwaamheid benoem is om belangrike dienste binne die legioen te lewer, o.a. bevel oor 'n paar kohorte, deelname aan die krygsraad, opstel en inspekteer van wagposte, begeleiding van die veldheer of sy legate na sameprekings met die vyand, en kommunikasieskakeling tussen die legioensoldate en die opperbevelhebber. Daar was 6 krygstribune vir elke legioen.

Die reeds genoemde offisiere was die hoër offisiere. Die onderoffisiere

was manne uit die geledere van die beroepsoldate en kon nooit tot hoër offisiere bevorder word nie. Die belangrikste onderoffisiere was die *centuriones* wat die algemene dissipline en afrigting van die soldate in die legioen moes behartig. Hulle is vanweë hulle dapperheid deur die opperbevelhebber in bevel van 'n centurie geplaas. Elke legioen het 60 centurio's in 'n bepaalde gradering gehad in ooreenstemming met die gradering van die kohorte. Hulle kon dus van 'n laer na 'n hoër graad bevorder word, selfs van een legioen na 'n ander, totdat die graad van senior centurio (*primi ordines*) bereik is. In lg. graad is senioriteit streng in ag geneem. Die hoogste graad in hierdie rang was hoofcenturio (*primipilus*) en hy en die senior centurio's het ook deel gevorm van die krygsraad.

Die adelaardraers (*aquiliferi*) was keuronderoffisiere wat gewoonlik weens hul besondere dapperheid deur die centurio's aangestel is om die adelaar (*aquila*), die veldteken van die legioen as geheel, te dra. Die vaandeldraers (*signiferi*) was ook keuronderoffisiere, en is op grond van dieselfde oorwegings as in die geval van adelaardraers aangestel. Die *signiferi* het die veldtekens (*signa*) van die manipels gedra. Die kohort het nie 'n aparte vaandel gehad nie, want die vaandel van die eerste manipel van 'n kohort het as veldteken van die hele kohort gedien.

Die hulptroepe uit die provinsies, die ruitery, en die *evocati* as 'n geslote afdeling, is deur kommandante of prefekte (*praefecti*) aangevoer. Die prefekte van die ruitery en provinsiale magte was deels Romeine en deels vreemdelinge. Die laagste rang wat Caesar onder die ruiters vermeld, is die van *decurio*, 'n offisier oor tien man.

4.3 Kleding, bewapening en toerusting


Caesar se legioensoldaat was skoongeskeer, en sy hare kort geknip. Sy kleding was 'n ongekleurde wolhemp (*tunica*) sonder moue (hoër offisiere s'n was rooi), 'n leerharnas (*lorica*) met metaal beslaan, 'n rooibruin mantel wat voor oop, en met 'n gespe (*fibula*) op die regterskouer vasgemaak was, en swaar halfstewels (*caligae*) met dikkopsykers beslaan en met riempies om die enkel en kuit vasgebind.

Afgesien van die pantser het hy ter verdediging 'n metaalhelm met 'n gekleurde helmbos gedra, in sy linkerhand 'n langwerpige, gewelfde skild (*scutum*) van leer oor 'n houtraam gespan en met metaal omrand, en 'n skeenplaat (*ocrea*) aan sy regterbeen wat nie deur die skild beskerm was nie. Centurio's het 'n beter soort helm en harnas met meer versierings gebruik, en die hoër offisiere 'n massiewe metaalharnas en geen skild nie. Die adelaardraer het 'n beervel oor sy helm en harnas gedra.


Die aanvalwapens was twee werpspiese (*pila*), ongeveer twee meter lank wat in die regterhand gedra is, en 'n tweesnydende Spaanse swaard (*gladius*), ongeveer 60 cm lank en taamlik breed, en geskik om sowel te steek as te kap. Die swaard het in 'n skede gestee wat óf aan 'n bandelier oor die linkerskouer, of aan 'n gordel (*balteus*, *cingulum*) om die middellyf gehang het. Die soldate en centurio's het die swaard regs gedra, en die hoër offisiere links. Daarbenewens het die soldate en centurio's ook nog 'n dolk aan die linkerkant gedra.

Benewens sy wapens het die soldaat op mars ook nog sy voedsel (gewoonlik genoeg vir 3 dae) en gereedskap in 'n bondel oor sy regterskouer gedra. Die bondel as geheel is *sarcinae* genoem, en het ongeveer 20 kg geweg. Die gereedskap het o.a. skanspale (*valli*), mandjies, grawe, byle en kookgerei ingesluit. Om die las enigsins te verlig, is die bondel aan 'n stang (of een van die skanspale) vasgebind en oor die skouer vasgegordel. Omdat die veldheer Marius hierdie drametode ingevoer het, is hierdie stange *muli Mariani* genoem (Marius se muile). Op mars was die soldaat dus swaar belaaï (*impeditus*) en dit moes vir hom uitputtend gewees het.

Die enigste onderskeidende kleding van die opperbevelhebber was 'n skarlakenrooi, met goud gestikte veldheermantel (*paludamentum*).



Wapens



'n Legioensoldaat met sy wapens

4.4 Voeding, soldy en dissipline

Koring was die stapelvoedsel van die Romeinse soldaat. Daarom het Caesar soveel aandag gegee aan sy graanbevoorrading (*res frumentaria*). Die koringrantsoen aan die soldate was maar karig, en daarom het hulle aanvullende lewensmiddele by die smouse (*lixae*) net buite die kamp gekoop. Op mars moes hulle die koring self maal in draagbare handmeulens en hulle eie brood, beskuit of pap voorberei. Gedurende langer periodes in die kamp is die voedsel in die *quaestorium* berei en dan uitgedeel. Soms het hulle 'n toegif in die vorm van vleis, kaas, peulvrugte of "asyn" (*posca*) ontvang. In tye van koringskaerste moes hulle noodwendig van vleis lewe waaroor Caesar baie jammer was vir sy soldate.

Die soldy van Caesar se legioensoldate was 225 *denarii*, d.w.s. ongeveer R15,00 per jaar. Die soldy is aangevul met 'n aandeel in die buit en geskenke van die veldheer. Dit is nie seker wat die soldy van 'n centurio in Caesar se tyd beloop het nie, maar in die Keiserryk wat dit tot vyfmaal dié van 'n gewone soldaat. Die hoër offisiere het nie 'n soldy ontvang nie, maar 'n salaris — hoe groot is egter nie vas te stel nie — en natuurlik het hulle ook in die buit gedeel.

In die leër is streng dissipline gehandhaaf. Verbreking daarvan is gestraf met lyfstraf, die onthouding van die aandeel in die buit, met aftrek van die soldy, rantsoenvermindering, smadelike berisping, degradering, uitskop uit die leër (summiere ontslag, selfs van 'n hele legioen), en die doodstraf.

4.5 Die mars (*iter*) en marsorde (*agmen*)

'n Gewone dagmars (*iustum iter*) het ongeveer 25 km beloop, maar 'n snelmars (*magnum iter*) aansienlik meer. Elke soldaat het sy wapens en bagasie (*sarcinae*) gedra; die helm het aan 'n riempie op sy bors gehang, die skild oor die linkerskouer of die rug, beide in 'n leeromhulsel gesteek.


Caesar het die marsorde van die kolonne (*agmen*) afgewissel na gelang van die afstand tussen hom en die vyand. Met die vyande op groot afstand was die gewone orde dat die legioene afsonderlik agtermekaar gemarsjeer het, elk met sy eie bagasie (*impedimenta*) wat deur ongeveer 1 500 lasdiere onder toesig van *calones* vervoer is, direk agter die soldate. Die ruitery het meestal die voorhoede (*agmen primum*) uitgemaak. Uit hulle geledere is 'n klein voortroep (*antecursores* of *exploratores*) vooruitgestuur as verspieters. Wanneer manne uit hierdie voortroep as enkelinge opereer, is hulle *speculatores* genoem. Ongeveer in die middel van

die kolonne (*agmen medium*) het die bagasietrein van die hoofkwartier gevolg, d.w.s. die bagasie van die hoër offisiere, grofgeskut, swaar werktuie, wapenvoorrade, handmeulens e.d.m.. 'n Bepaalde legioen, ondersteun deur hulptroepe, het die agterhoede (*agmen novissimum*) gevorm.

In die onmiddellike nabyheid van die vyand is die versnippering van die strydmagte uitgeskakel deur die afsonderlike bagasietreine saam te groepeer. Dan het die meerderheid legioene vooraan gemarsjeer, terwyl die res agter die gesamentlike bagasie die agterhoede uitgemaak het. Om die bagasie teen flankaanvalle op die mars te beskerm, is nog twee kolonnes, een aan weerskante van die bagasietrein en saamgestel uit die hulptroepe, bygevoeg. So is 'n vierkantige kolonne (*agmen quadratum*) gevorm wat, indien daar halt gemaak is en 'n verdedigingslag teen 'n oormag gelewer moes word, dadelik na vier kante front kon maak en in 'n sirkelvormige formasie (*orbis*) ontplooi kon word om aan alle kante te verdedig en omsingeling te voorkom.

4.6 Die slagorde en die slag

Die gewone slagorde of slaglinie was die drievoudige linie (*acies triplex*) wat so dikwels deur Caesar vermeld word. Die kohort was die taktiese gevegeseenheid, en deur die kohorte van die legioen in 'n bepaalde volgorde in drie linies agter mekaar op te stel, is die drievoudige slaglinie gevorm. Dit het soos volg daar uitgesien:



Die kohorte het met tussenruimtes en langs mekaar in elke linie posisie ingeneem. Binne die afsonderlike kohorte het die soldate gewoonlik in 'n oopgespreide formasie gestaan, d.w.s. 89 cm syafstand van mekaar in die ry, en die rye op 'n diepteafstand van 89 cm agter mekaar, maar op so 'n wyse dat elke man in die agterste ry op die tussenruimte in die ry voor hom gerig was. Dit het 'n diepteafstand van 178 cm van man tot man in die troep gelaat wat groter ruimte verleen het vir die hantering van spies en swaard. Die drievoudige linie het dus in 'n quincunx-groepering gestaan, d.w.s. soos die kolletjies van die vyf op 'n dobbelsteen (♠♣). Die liggewapende hulptroepe en die ruitery is op die flanke van die drievoudige linie opgestel.


Wanneer die leër in die kamp (of laer) staan en die bevelvoerder wil slag lewer, laat hy 'n rooi vlag (*vexillum*) op sy tent (*praetorium*) hys. By hierdie teken gryp die soldate hul wapens, ruk op deur die hek wat na die vyand gekeer is (*porta praetoria*), en skaar hulself in bovermelde orde. Terwyl die leër so opgestel staan, lewer die bevelvoerder 'n kort toespraak en gee daarna die bevel om aan te val. Die legioene ruk op, en as hulle naby die vyand kom, hef hulle 'n geskree aan en begin nader hardloop. Die voorste geledere slinger hul spiese en storm met die swaard op die vyand af. Die tweede linie beman die gapings wat in die eerste geslaan word, en neem deurentyd aan die geveg deel, terwyl die derde linie in reserwe gehou word om hulp te bring aan 'n afdeling wat in die moeilikheid verkeer, of om die vyand in die rug of flank aan te val, of hulle te omsingel.

Naas die oop formasie is 'n geslote formasie (*conferti milites*) dikwels benut, veral by handgemene geveg waar net ruimte vir swaardhantering nodig was. Weens die neiging om in die geveg van regs na links digter aan mekaar te beweeg, aangesien die regterflank (*latus apertum*) onbeskerm was, was dit soms nodig om die saamgedronge geledere oop te maak (*manipulos laxare*). Besondere vorms van die geslote formasie is benut in geval van verrassing deur 'n oormag nl. die *orbis* (soos reeds in 4.5 hierbo beskryf), die wigformasie (*cuneus*) om deur 'n vyandelike linie te breek, en die skilddak of skilpaddopformasie (*testudo*) waar die voorste ry in die troep hul skilde voor die bors, en die res hulle s'n oorvleuelend bo hulle koppe saamhou sodat werpwapens van alle kante afgeweer word. Die skilddak is hoofsaaklik by aanvalle op vestings benut.

By die opstel van die drievoudige linie het die veldtekens (*signa*) en vaandels (*vexilla*) van die verskillende eenhede hul plek in die voorste linie gehad, maar sodra die geveg begin, neem die soldate van die eerste linie voor die tekens stelling in om dit te verdedig. 'n Silwer of goue adelaar (*aquila*) met oopgespreide vlerke, (soms met 'n blits tussen die kloue vasgekleem) op 'n houtspies gemonteer, was die veldteken vir die legioen as geheel. Dit is gedra deur die *aquilifer* wat onder die beskerming van die *primipilus* in die eerste kohort van die legioen gestaan het. Verder het elke manipel 'n *signum* gehad : 'n spies met 'n hand (*manus* = 'n hand, as aanduiding van die *manipulus*) op die punt van die lem gemonteer, en met metaaltekens daaronder. Dit is gedra deur die *signifer*. Die veelvuldige uitdrukkings in die *Bellum Gallicum* waarmee die bewegings van die legioen aangedui word, bewys die belangrikheid van die *signa*, bv. *signa ferre* = kamp opbreek; *s. conferre* = saamdrom; *s. inferre* = aanval; *s. convertere* = regsomkeer maak; *a s. discedere* = gevegspas verlaat; *manipulos ad s. continere* = troepe bymekeer hou.

Die *signa* is as heilig beskou en is in die kamp in die hoofkwartier bewaak. Die verlies daarvan was 'n skande vir die leër. Om die soldate aan te vuur, is *signa* soms in die vyandelike geledere ingedra.

Die *vexilla* was die vaandels vir die *turmae* van die ruitery en ander hulp-troepe. Dit was gekleurde vlaggies aan 'n dwarsbalkie op 'n staf gemon-teer. Die rooi vlag op die veldheer se tent, waarmee die teken vir 'n op-mars gegee is, is egter ook *vexillum* genoem, en in *B.G.* VI. 36.3 word 'n aantal soldate wat van hul siekte herstel het *sub vexillo* vir 'n spesiale taak uitgestuur, d.w.s. onder 'n ander vaandel as die van die legioene.



Veldtekens: aquila signum vexillum

4.7 Kampe

'n Romeinse leër op mars het gereeld in versterkte kampe oornag. Voor-uitgestuurde offisiere en manskappe het gewoonlik die terrein vir die kamp uitgesoek (soms het die veldheer dit self gedoen) en dit met gekleurde vlaggies afgebaken en uitgemeet terwyl die leër nog marsjeer. By hul aankoms lê elke eenheid hulle bagasie op 'n toegewese plek neer en begin met die aanlê van die verskansings wat gewoonlik binne 2-3 uur voltooi is.


Die kamp was normaalweg 'n vierkant (*castra quadrata*) met sye van tussen 600 - 700 meter, groot genoeg om twee legioene tesame met hul hulptroepe en ruitery te huisves. Dit het vier hekke gehad: die *porta praetoria* in die middel van die voorkant, d.w.s. die kant wat na die vyand gekeer was; die *porta principalis dextra* aan die regterkant, en die *p.p. sinistra* aan die linkerkant, albei op ongeveer een derde (van die agterkant af) van die lengte van die sykante. Die hoofstraat van die kamp wat die meeste verkeer moes dra, nl. die *via principalis* het die *p.p. dextra* en *p.p. sinistra* verbind. Die *via praetoria* het die *via principalis* reghoekig gekruis en in die *porta praetoria* aan die voorkant en die *porta decumana* aan die agterkant van die kamp uitgeloopt. Aan die kant van die *porta decumana* en teenoor die middel van die *via principalis*, was die hoofkwartier (*praetorium*) geleë. Aan die een kant van die *praetorium* was die *quaestorium*, die kwartiere van die quaestor waar die proviand en leërbagasië gehuisves was, en die *augurale*, 'n altaar waar die veldheer die voortekens waargeneem het, en aan die ander kant die *forum*, 'n versamelplek met 'n verhoog van grond (*suggestus*) vanwaar die veldheer sy troepe toegesprek het en waar die soldy betaal is. Aan weerskante van die *quaestorium* en die *forum* was die kwartiere van die legates en die veldheer se lyfwag (*cohors praetoria*), terwyl die tribune tussen bg. ruimtes en die *via principalis* gehuisves was. Die groter deel van die kamp (d.w.s. aan die kant van die *porta praetoria*) is deur die *via quintana* in twee verdeel, en is aan die legioene en hulptroepe toegesê met lg. op die verste punte, d.w.s. die naaste aan die *intervallum*.

Die kamp is omring met 'n grag (*fossa*), gewoonlik 1,75 meter breed en 1 meter diep, V-vormig uitgegrawe. Die uitgegraafde grond is aan die binnekant opgewerp om 'n omringende verdedigingswal (*agger*) te vorm wat slegs voor die hekke onderbreek is. Die wal was soms tot 3 meter hoog en 1,5 meter breed, met trappe aan die binnekant. Op die wal is 'n palissade (*vallus, vallum*)⁴ opgerig van die skanspale (*valli*) wat elke soldaat as deel van sy *sarcinae* gedra het. Aan die palissade is soms 'n borswering (*lorica*) van vlegwerk vasgeheg. Tussen die wal en die tente was 'n 60 meter breë oop spasie (*intervallum*) om die kamp teen vyandelike werpwapens en vuur te beveilig as dit aangeval word.

Die kamp is streng bewaak. Buite die wal, voor elke hek was daar 'n gereelde wagpos (*statio*) van minstens een kohort en 'n afdeling ruitery op wag (*in statione*). *Excubiae* (*excubitores, excubare*) was ongereelde nagtelike wagposte by 'n besondere plek of geleentheid (vgl. *B.G.* VII. 11.6; 24.2; 69.7). Die hekke self is bewaak deur beskermende wagte (*custodes, custodiae*). Kleiner gereelde wagposte van vier man elk (*vigiliae*) het snags die bewaking van die wal en hoofkwartier waargeneem. Die nagwaak

(*vigilia*) was in vier periodes van ongeveer drie uur elk verdeel. Die eerste (*prima vigilia*) het teen sonsondergang begin, die derde (*tertia v.*) om middernag, en die vierde (*quarta v.*) het by sonsopkoms geëindig. Die duur van die *vigilia* het dus na gelang van die jaargetye gewissel, maar dit was so gereeld dat *vigilia* as 'n tydsberekening gebruik is, bv. *prima vigilia* = tussen 18h00 en 21h00, ens.

Wanneer die kampanje met die aanbreek van die winter ten einde loop, is die legioene in ruim, goedingerigte en stewigverskanste winterkwartiere (*hiberna*) gehuisves, waar hulle die winter onderdak in strooi bedekte hutte deurgebring het.




Romeinse kamp

4.8 Bestorming en beleëring van dorpe


Slegs enkele Galliese dorpe was so swak verdedig dat hulle sonder meer bestorm en ingeneem kon word. So 'n bestorming (*oppugnatio*) het dadelik met die aankoms van elke afsonderlike eenheid voor die vesting (*ex itinere*) plaasgevind. Boogskutters en slingeraars verdryf die verdedigers van die mure af, die gragte word met takke, klippe, grond ens. opgevol, die soldate vorm 'n skilddak (*testudo*) en poog om die muur met behulp van lere (*scalae*) te bestyg of die hekke in te beuk.

Waar bestorming nie moontlik was nie, is die dorp beleër. Allerlei werktuie word voorberei en naderingswerke word uitgevoer. As die terrein ongelijk is, word 'n beleëringswal (*agger*) skuins oplopend van hout, klippe en grond tot aan die voet van die muur gebou. Torings op wiele (*turres*) met verskeie verdiepings (*tabulata*) word buite bereik van die vyandelike wapens opgetimmer en met die beleëringswal langs tot teenaan die muur gestoot. Op al die hoër verdiepings staan soldate wat die beleërdes op kort afstand met werpwapens bestook, terwyl die stormram (*aries*) wat in die grondverdieping hang, 'n gat in die muur probeer stamp. Groot ysterhake (*falces murales* = muurseise) aan pale vasgeheg, word gebruik om klippe uit die muur te ruk. Grofgeskut (*tormenta*) soos die eenarmige *ballista* en die twee-armige *scorpio* slinger klippe, aangepunte pale, groot spiese (*pila muralia*) of akkervormige koeëls (*glandes*) na die verdedigers.




Grofgeskut (*tormentum*)

Verskeie soorte skutdakke (*vineae*, *testudines*, *musculi*) en skerms van vlegwerk (*plutei*) word op wiele gebou om aanvallende soldate teen die verdedigers se werpwapens, vuur en gesmelte pik te beskerm. Tunnels word onder die muur deur tot binne die dorp gegrawe. Die verdedigers onderneem op hulle beurt uitvalle (*eruptiones*) deur die dorpspoorte om die aanvallers op loop te jaag, en poog om die torings en skutdakke aan die brand te steek of te verpletter. Hulle ondermyn die beleëringswal en steek dit aan die brand, en hulle bou torings op die muur om die hoogtevoordeel te behou.



vineae, skutdak: die sye issoms met huide of vlegwerk bedek. Die *testudo*, was soortgelyk, net meer vierkantig en stewiger gebou, met 'n lae skuins dak of valdeur aan die muur se kant. Dit was bedek met huide. Die *musculus* was langer, laer en smaller as die *vineae*; 'n soort oordekte galery, reghoekig teen die muur aangestoot. *Pluteus* in die sewende boek, paragraaf 73 is die vallus met die lorica en pinnae daarvóór.



Stutdakke

Waar die beleëring bedoel was om 'n langdurige blokkade te word, het die Romeine die dorp gewoonlik omsingel met 'n beleëringswerk (*circumvallatio*) wat op bepaalde afstande met torings en forte (*castella*) en/of verskeie buitengewone bykomstige skanse en verdedigingsapparaat (vgl. *B.G.* VII. 72-73) versterk is. Waar gevaar bestaan het dat die beleëraars van buite in die rug aangeval kon word (vgl. *B.G.* VII. 74) is 'n tweede linie skanswerke gebou wat na 'n moontlike vyand van buite front.

5 Die oorsake van die Galliese Oorlog

Die Galliërs was 'n Keltiese volk wat in die bekken van die Bo-Donou sy beslag gekry het. Ten gevolge van migrasie het 'n groot aantal van hulle stamme hulle teen ongeveer 700 v.C. in Gallië kom vestig. In daaropvolgende golwe het Keltiese invallers na Spanje en Brittanje versprei, en teen ongeveer 400 v.C. ook die vlakte van Lombardye in Noord-Italië beset. Laasgenoemde gebied is deur die Romeine *Gallia Cisalpina* (Gallië duskant die Alpe) genoem. In omstreeks 390 v.C. het 'n Keltiese stam, die Senone, tot in Middel-Italië deurgedring, en Rome verwoes.

In die volgende tweehonderd jaar voer Rome verskeie bloedige oorloë teen hierdie Cisalpyense Galliërs wat, hoewel verower, deurgaans gevaar inhou vir Rome, en telkens praktiese oorlogshulp verleen aan sy vyande, te wete aan die Samniete in Italië, en Hannibal van Karthago. Teen 190 v.C. is die hele Cisalpyense Gallië egter volledig onderwerp deur Rome wat sy heerskappy verseker deur twee kolonies daar te stig, nl. Placentia en Cremona.

Tot dusver het Rome slegs teen Galliese volkstamme wat Italië binnegedring het, die stryd gevoer. Daar die gebied van die Galliërs oorkant die Alpe die landverbinding tussen Rome en sy Spaanse provinsies afgesny het, wou hy graag 'n vastrapplek in Galliese gebied oorkant die Alpe verkry om hierdie potensieel gevaarlike toestand die hoof te bied. Eers in 123 v.C. kom die geleentheid daarvoor: die Aeduers van daardie gebied versoek Rome se hulp teen hul buurstamme, en Rome erken hulle amptelik as "Vriende en bondgenote van die volk van Rome". Twee jaar later, in 121 v.C. word die Arverners en Allobroge deur Rome verslaan en word 'n nuwe Romeinse provinsie, *Gallia Transalpina* (Gallië oorkant die Alpe, gestig. In dieselfde jaar word 'n Romeinse kolonie, Narbo Martius, hier aangelê, waarvandaan hierdie provinsie in 101 v.C. ook die naam *Gallia Narbonensis* verkry het. Caesar verwys na hierdie provinsie as *Gallia Provincia, nostra Provincia*, of as *Provincia*, waarvan die huidige naam "Provence" afgelei is. Nou was die kusroete na die Spaanse provinsies verseker, en is Suid-Gallië oopgestel vir die verspreiding van die Romeinse beskawing, taal en handel.

Enkele jare na die totstandkoming van die Provinsie word Gallië oorval deur invallers uit Sentraal-Europa, nl. die Teutone en die Cimbriërs. Van die Galliese volke kon slegs die Belge teen hulle stand hou. Die invallers verkry bowendien hulp van 'n oorlogsgtige Keltiese stam, die Helvetiërs (meer bepaald van die kanton van die Tiguriners) wat 'n deel van die hui-

dige Switserland bewoon het. Die Tiguriners vernietig die Romeinse leër onder konsul L. Cassius, en dood hom en sy legaat L. Piso (vgl. *B.G.I.* 7.4; 12.4 – 7). In die Provinsie word die Romeine in verskeie veldslae verslaan en die bedreiging vir Rome word al groter. Eers in 102 v.C. oorwin die Romeinse generaal, Marius, die Teutone, en in 101 v.C. verslaan Q. Catulus die Cimbriërs.


Hierna volg byna 'n kwart eeu van vrede tussen Rome en Gallië. In 77 v. C. kom die Galliese stamme van die Provinsie egter in opstand uit simpatie met die rebellie van Q. Sertorius in Spanje. Intussen dreig daar ook 'n ander gevaar vanuit Germanië: 'n volksverhuising van die Suebe het geleidelik weswaarts ontwikkel, en onder leiding van hulle koning, Ariovistus, het hulle die oewers van die Ryn bereik. Dit bring verwikkelinge in Gallië mee: weens hul afguns op die Aeduers vanweë hul vriendskapsbande met Rome, roep die Arverners en die Sequane die hulp van Ariovistus in teen die Aeduers. Ariovistus ruk op oor die Ryn en help die Sequane om die Aeduers te oorwin. Hy hou egter 'n deel van die Sequane se grondgebied as beloning vir sy dienste, en vestig daar groot getalle Germane, waarskynlik om 'n koninkryk te stig. Weens sy wrede behandeling van die Sequane kom hulle in opstand teen hom, maar hy verslaan hulle en die Aeduers in 61 v.C. Die Aeduers versoek Rome se hulp teen Ariovistus, maar Rome gryp nie onmiddellik in nie. Inteendeel: in 59 v.C., die jaar van Caesar se konsulskap, verkry Ariovistus op Caesar se aanbeveling die titel van "Koning en vriend van die volk van Rome" (Vgl. *B.G.* I.35.2).

Ten tye van Catilina se sameswering (63 v.C.) teen die Romeinse staat, kom gesante van die Allobroge na Rome om hulp te soek teen die uitbuiting deur die Romeinse belastinggaarders in hulle gebied. Catilina se party poog om hierdie Galliese stam te betrek by hulle sameswering. Die Allobroge wys die uitnodiging van die hand en lig die Romeinse regering in oor die aangeleentheid. Desnieteenstaande kry hulle geen hulp van Rome teen die belastinggaarders nie, en daarom kom hulle in 61 v.C. in opstand en word slegs met moeite onderdruk (vgl. *B.G.* I. 6.2).

Nog 'n bron van bekommernis vir Rome was die gerug dat die Helvetiërs van plan was om 'n volksverhuising oor Romeinse gebied na westelike Gallië van stapel te stuur (vgl. *B.G.* I. 10. 1-2). Vanweë Rome se herinnering aan die vroeëre Galliese invalle en oorloë, laat hierdie jongste verwikkelinge 'n algemene vrees vir 'n nuwe Galliese oorlog ontstaan. Moontlik het die gevaar vir Caesar groter voorgekom as wat dit werklik was, en daarom – gewis ook om militêre roem te verwerf waardeur hy sy politieke aansien kon verhoog – het hy besluit om as prokonsul in 58 v.C. in Gallië in te gryp.

Die eerste boek

(Die eerste jaar van oorlog: 58 v.C.)



Die kampanje van 58 v.C.

Die land Gallië en sy bevolking

1 In sy geheel is Gallië¹ verdeel in drie dele, waarvan die Belge een bewoon, die Aquitaniërs 'n ander, en 'n stam wat in hulle eie taal "Kelte" heet, maar in ons s'n "Galliërs", die derde. Hulle almal verskil onderling ten aansien van taal, instellinge en wette. Die Garonne² skei die Galliërs van die Aquitaniërs, en die Marne³ en Seine⁴ skei hulle van die Belge. Die Belge is die dapperste van hulle almal omdat hulle die verste verwyder is van die beskawing en kultuur van die Provinsie⁵, en handelaars hulle baie selde besoek en artikels invoer wat tot verwyding lei; ook omdat hulle die onmiddellike bure is van die Germane wat oorkant die Ryn⁶ woon, en met wie hulle voortdurend oorlog voer. Om dieselfde rede oortref die Helvetiërs ook die ander Galliërs in dapperheid, omdat hulle in bykans daaglikse gevegte teen die Germane stry, wanneer hulle hul òf van hulle grense afweer, òf self in Germaanse gebied oorlog voer. Die een deel van die land wat, soos gesê, deur die Galliërs bewoon word, begin by die Rhone⁷ en word begrens deur die Garonne, die Oseaan⁸ en die gebied van die Belge; aan die kant van die Sequane en die Helvetiërs raak dit selfs aan die Ryn en strek in 'n noordelike rigting. Die gebied van die Belge begin by die verste grense van Gallië¹, reik tot aan die onderloop van die Ryn en lê na die Noorde en die Ooste. Aquitanië strek van die Garonne af tot aan die Pireneë en daardie deel van die Oseaan wat teen Spanje aanspoel; dit lê na die Noord-Weste.

Orgetorix se komplot

2 By die Helvetiërs was Orgetorix verreweg die aansienlikste en rykste man. Verlei deur heerssug, het hy gedurende die konsulskap van Marcus Messala en Marcus Piso⁹ 'n sameswering van die adel tot stand gebring en sy staat oorreed om met al hulle magte uit hul gebied weg te trek. Aangesien hulle al die ander in dapperheid oortref, het hy gesê, was dit baie maklik om heerskappy oor die hele Gallië te verkry. Des te makliker het hy hulle daartoe oorreed omdat die Helvetiërs aan alle kante deur die natuurlike gesteldheid van hulle omgewing ingeperk was : aan die een kant deur die Ryn, 'n uiters breë, en baie diep rivier wat die Helvetiërs se gebied van dié van die Germane skei; aan die ander kant deur die ontsaglik hoë Jurageberge wat tussen die Sequane en die Helvetiërs geleë is; aan 'n derde kant deur die meer van Genève¹⁰ en die Rhone wat ons

Provinsie van die Helvetiërs skei. Hierdie omstandighede het enersyds meegebring dat hulle nie in 'n ruim gebied kon rondswerf nie, en andersyds dat hulle nie maklik genoeg teen hulle buurstamme kon oorlog voer nie, iets waaroor hierdie oorlogsugtige mense met groot bitterheid vervul was. In verhouding tot hulle bevolkingsyfer en die roem van hul dapperheid in oorlog, het hulle gedink, besit hulle 'n alte klein landjie wat 240 myl¹ in die lengte en 180 myl in die breedte gestrek het.

3 Gelei deur dié oorwegings en oorgehaal deur Orgetorix se invloed, het hulle besluit om die sake wat met hulle vertrek verband hou in gereedheid te bring : om die groots moontlike aantal lasdiere en waens aan te koop, om so omvangryk moontlik lande te saai sodat hul graanvoorraad toereikend kon wees op hul reis, en om vrede en vriendskap met hul buurstate te verseker. Hulle het gemeen dat 'n periode van twee jaar vir hulle voldoende was om hierdie sake af te handel, en by wyse van wetgewing bepaal hulle hul vertrek vir die derde jaar. Orgetorix word gekies om hulle planne ten uitvoer te bring. Hy het 'n gesantskap na die ander state op hom geneem. In die loop van daardie reis oorreed hy Cata-mantaloëdes se seun, Casticus, 'n Sequaan wie se vader baie jare lank as koning oor die Sequane geheers het, en wat deur die Senaat "vriend van die Volk van Rome" genoem is, om in sy staat die koningskap wat sy vader voorheen beklee het, te bemagtig. Hy oorreed eweneens die Aeduer Dumnorix, Diviacus se broer, wat op daardie tydstip die leiersposisie in sy staat beklee het en baie geliefd by die gewone volk was, om dieselfde te probeer, en aan hóm gee hy sy dogter ten huwelik. Hy oortuig hulle dat dit baie maklik is om hul ondernemings deur te voer, aangesien hy self die mag in sy eie staat in die hande sou kry. Dit ly geen twyfel nie, het hy gesê, dat die Helvetiërs die magtigste volk van die hele Gallië is. Hy gee hulle die versekering dat hy hulle met sy middele en leer die koningskap sal besorg. Verlei deur hierdie toespraak gee hulle aan mekaar hul erewoord, sweer 'n eed, en hoop om wanneer hulle hul koningskap bemagtig het, die hele Gallië met behulp van die drie magtigste en sterkste volke onder hulle gesag te kry.

4 Hierdie komplot is deur verraad aan die Helvetiërs verklap. Volgens hul gebruike het hulle Orgetorix gedwing om in boeie sy saak te bepleit. Indien hy veroordeel sou word, moes as straf noodwendig volg dat hy met vuur verbrand word. Op die dag wat vir sy verdediging vasgestel was, het Orgetorix al sy volgelingen, by die tienduisend man, van heinde en ver by die hof versamel, en ook al sy beskermelingen en skuldenaars van wie hy 'n groot aantal gehad het, daarheen gebring : deur hulle toedoen het hy

hom onttrek aan die bepleiting van sy saak. Toe die staat, ontstoke oor dié gebeurde, poog om hulle reg met wapens te laat geld, en die amptenare 'n groot aantal manne van die platteland af versamel, is Orgetorix dood. Die vermoede is nie uitgesluit nie – soos die Helvetiërs meen – dat hy selfmoord gepleeg het.

Die landverhuising van die Helvetiërs

5 Na sy dood probeer die Helvetiërs nietemin hulle besluit uitvoer om uit hul gebied weg te trek. Toe hulle eindelik meen hulle is gereed vir die onderneming, steek hulle al hul dorpe^{1 2}, ongeveer twaalf in getal, en by die vierhonderd gehuggies en alle ander private opstalle aan die brand. Hulle verbrand al hul graan behalwe dié wat hulle van plan was om met hulle saam te neem, sodat hulle met die hoop op 'n terugkeer huistoe ontnem, bereidwilliger kon wees om alle gevare te trotseer. Hulle vaardig 'n bevel uit dat elkeen vir hom meelrantsoene vir drie maande van sy huis af moet saamneem. Hulle oorreed hul bure, die Raurike, Tulingers en Latovike, om dieselfde plan te volg, hulle vestings en gehuggies af te brand en saam met hulle te vertrek; hulle neem die Bojers wat eers oorkant die Ryn gewoon, maar toe na Noricum oorgetrek en Noreia aan-geval het, in hul geledere op en lyf hulle as bondgenote by hulle in.

6 Daar was altesaam twee roetes waarlangs hulle hul land kon verlaat, die een deur die gebied van die Sequane, tussen die Juragebergte en die Rhone, 'n smal, moeilike roete waarlangs waens nouliks een-een gebring kon word. 'n Uiters hoë berg het dit egter beheers, sodat 'n baie klein groepie manne hulle deurtog maklik kon belet. Die ander een het deur ons Provinsie geloop, 'n veel makliker roete met baie minder hindernisse omdat die Rhone tussen die gebied van die Helvetiërs en die Allobroge wat kort tevore onderwerp is, deurvloei en op verskeie plekke per drif oor te steek is. Die laaste dorp van die Allobroge, en naaste aan die gebied van die Helvetiërs, is Genève. Vanuit hierdie dorp loop daar 'n brug na die Helvetiërs. Laasgenoemde was van mening dat hulle die Allobroge, omdat hulle die Romeinse volk oënskynlik nog nie goedgesind was nie^{1 3} òf sou oorreed, òf met geweld sou dwing om hulle toe te laat om deur hulle gebied te trek. Toe alles vir hul vertrek in gereedheid gebring is, bepaal hulle 'n dag waarop almal by die oewer van die Rhone moet bymekaarkom. Daardie dag was 28 Maart tydens die konsulskap van Lucius Piso en Aulus Gabinius.^{1 4}

7 Toe aan Caesar berig is dat hulle deur ons Provinsie probeer trek, haas hy hom om uit Rome te vertrek, ruk met die langste snelmarse wat hy kan na Verder-Gallië^{1 5} op, en kom by Genève^{1 6} aan. Hy eis van die hele provinsie die grootste moontlike aantal soldate—daar was slegs een legioen in Verder-Gallië—en beveel dat die brug by Genève afgebreek moet word. Toe die Helvetiërs van sy aankoms verwittig word, stuur hulle die aansienlikste manne van hul staat as gesante na hom—Namenius en Verucloetius was die leiers van hierdie gesantskap—om te sê hulle beoog om deur ons Provinsie te trek sonder om enige skade aan te rig, omdat hulle geen ander roete gehad het nie, en hulle vra om dit met sy toestemming te mag doen. Omdat Caesar onthou het dat die konsul Lucius Cassius deur die Helvetiërs gedood, en sy leer deur hulle verslaan en onder die juk^{1 7} deurgestuur is, was hy van mening dat dit nie toegestaan moes word nie. Ook was hy van oordeel dat indien hy hul die geleentheid gun om deur die Provinsie te trek, dié vyandiggesinde mense hulle nie van geweld en skadeberokkening sou weerhou nie. Sodat daar egter intussen tyd kon wees totdat die soldate wat hy geëis het, kon versamel, het hy aan die gesante geantwoord dat hy 'n rukkies sou neem om die saak te oorweeg: as hulle een of ander wens gehad het, moes hulle teen 13 April terugkom.

8 Intussen laat hy deur die legioen wat hy by hom gehad het, en met die soldate wat uit die Provinsie byeengekom het, 'n muur, negentien myl lank en sestien voet^{1 8} hoog bou en 'n grag grawe, van die meer van Genève af wat in die Rhone uitmond, tot by die Jurageberge wat die gebied van die Sequane van die Helvetiërs skei. Toe dié taak voltooi is, plaas hy op verskeie plekke wagposte en verskans forte om die Helvetiërs makliker te kan belet indien hulle teen sy sin sou probeer oorsteek. Toe die dag aanbreek wat hy met die gesante afgespreek het en hulle na hom toe terugkeer, sê hy dat hy volgens die gebruik en vroeëre gedragslyn van die Romeinse volk aan niemand deurgang deur die Provinsie kan toestaan nie, en gee hulle te verstaan dat hy hulle daarin sal verhinder indien hulle geweld probeer gebruik. Teleurgestel in hulle verwagting, het die Helvetiërs op aanmekaargekoppelde skepe en etlike vlotte wat hulle gebou het, probeer deurbreek, party by die driewe in die Rhone waar die stroom op sy laagste was, soms bedags, meer dikwels snags. Maar nadat hulle deur die skanswerk, die saamstorming van ons soldate en hul werpwapens teruggedryf is, het hulle van hierdie poging afgesien.

9 Een pad deur die gebied van die Sequane het oorgebly, en hierlangs kon hulle vanweë die smal passe nie trek indien die Sequane dit nie toe-

laat nie. Aangesien hulle hierdie stam nie sonder hulp kon oorreed nie, stuur hulle gesante na die Aeduer Dumnorix, om op sy voorspraak vergunning van die Sequane te verkry. Vanweë sy gewildheid en vrygewigheid het Dumnorix baie groot invloed by die Sequane gehad. Ook was hy 'n vriend van die Helvetiërs omdat hy uit hulle staat Orgetorix se dogter tot vrou geneem het. Gedryf deur 'n drang na die koningskap, het hy hom gedurig vir rewolusie beywer, en wou hy soveel state moontlik met sy gunsbewyse onder verpligting hou. Daarom onderneem hy die taak en verkry van die Sequane die vergunning dat hulle die Helvetiërs sal toelaat om deur hulle gebied te trek, en hy bewerkstellig dit dat hulle aan mekaar gyselaars gee — die Sequane, om die Helvetiërs se deurtog nie te belet nie; die Helvetiërs, om deur te trek sonder om skade te berokken of geweld te pleeg.

Caesar se veldtog teen die Helvetiërs

10 Aan Caesar word berig dat die Helvetiërs van plan is om deur die land van die Sequane en die Aeduers te trek na die gebied van die Santone wat nie ver van die Tolosate, 'n staat in ons Provinsie, woon nie. As dit sou gebeur, het hy besef, sou dit vir die Provinsie baie gevaarlik wees om oorlogsugtige mense, vyande van die Romeinse volk, aangrensend aan 'n onbeskermdede en uiters graanryke streek te hê. Om hierdie redes het hy sy legaat, Titus Labienus, in bevel geplaas van daardie verskansing wat hy reeds gebou het. Hy self ruk met snelmarse¹⁹ na Italië op, en daar werf hy twee legioene. Die drie wat in die omgewing van Aquileia besig was om te oorwinter, onttrek hy uit hul winterkwartiere, en hy haas hom om met hierdie vyf legioene langs die kortste roete oor die Alpe na Verder-Gallië aan te ruk. Daar probeer die Ceutrone, die Graiocelers en die Caturige wat die hoërliggende terrein beset het, om ons leër se deurtog te belet. Nadat hulle in verskeie gevegte verjaag is, kom hy op die sewende van Ocelum af, die laaste vesting van Nader-Gallië²⁰, in die gebied van die Vocontiërs in Verder-Gallië aan. Vandaar lei hy sy leër na die gebied van die Allobroge, en van hulle af na die Segusiave. Laasgenoemde is die eerste stam buite die Provinsie aan die oorkant van die Rhone.

11 Die Helvetiërs het nou reeds hulle magte deur die smal passe en die gebied van die Sequane gelei, in die land van die Aeduers aangekom, en was daar besig om laasgenoemde se landerye te plunder. Aangesien die Aeduers nie in staat was om hulself en hul besittings teen die Helvetiërs te verdedig nie, stuur hulle gesante na Caesar om hulp te vra. Hulle pleit dat hulle te alle tye so verdienstelik teenoor die Romeinse volk

opgetree het, dat hulle nie verdien dat hulle landerye feitlik onder die oë van ons leër verwoes, hulle kinders in slawerny weggesleep, en hulle dorpe ingeneem word nie. Terselfdertyd laat die Aeduers Ambarre, goeie vriende en bloedverwante van die Aeduers, aan Caesar weet dat hulle landerye verwoes is en dat hulle die geweld van die vyand slegs met moeite van hulle dorpe afweer. Ook die Allobroge wat gehuggies en besittings oorkant die Rhone gehad het, vlug en val terug na Caesar en verklaar dat daar vir hulle niks behalwe die kaal bodem oorgelaat is nie. Na aanleiding hiervan besluit Caesar dat hy nie moet wag totdat die Helvetiërs in die gebied van die Santone aangekom het, nadat hulle al sy bondgenote se besittings verwoes het nie.

12 Daar is 'n rivier, die Saône, wat deur die gebied van die Aeduers en die Sequane in die Rhone invloei, met so 'n ongelooflike sagte stroming, dat daar nie met die oog bepaal kan word in welke rigting dit vloei nie. Die Helvetiërs was besig om dit met vlotte en aanmeakaargekoppelde skuitjies oor te steek. Toe Caesar deur sy spioene ingelig word dat die Helvetiërs alreeds driekwart van hulle magte oor hierdie rivier gebring het, en dat ongeveer 'n kwart duskant die Saône agtergelaat is, het hy teen die derde^{2 1} nagwaak met drie legioene uit sy kamp vertrek, en by dié afdeling aangekom wat nog nie die rivier oorgesteek het nie. Hy het hulle onverhoeds aangeval terwyl hulle in 'n belemmerde toestand verkeer en 'n groot deel van hulle gedood. Die res het op vlug geslaan en in die naburige bosse gaan skuil. Hierdie kanton het as die Tigurynse bekend gestaan—in sy geheel is die staat Helvetië immers in vier kantons verdeel. Toe hulle uit hul land verhuis het, het juis hierdie kanton in die tyd van ons vadere die konsul Lucius Cassius^{2 2} gedood en sy leër onder die juk deurgestuur. En so, sy dit per toeval, sy dit deur die beskikking van die ontsterflike gode, was daardie deel van die staat Helvetië wat 'n buitengewone ramp op die Romeinse volk neergebring het, die eerste om ten volle daarvoor te boet. Hiermee het Caesar nie alleen openbare beleedigings gewreek nie, maar ook persoonlikes, want die Tiguriners het in dieselfde geveg waarin hulle vir Cassius laat sneuwel het, ook die legaat, Lucius Piso, grootvader van Lucius Piso, Caesar se skoonvader, gedood.

13 Na afloop van hierdie geveg laat Caesar 'n brug oor die Saône^{2 3} bou om die oorblywende magte van die Helvetiërs te kan agtervolg, en bring so sy leër oor. Onthuts deur sy skielike aankoms—want hulle het besef dat hy in een dag gedoen het wat hulle self met die grootste moeite in twintig dae reggekry het, naamlik, om die rivier oor te steek—stuur die Helvetiërs gesante na hom. Die leier van hierdie gesantskap was Divico wat die Helvetiërs in die oorlog teen Cassius aangevoer het. Hy het

soos volg met Caesar onderhandel : As die Romeinse volk met die Helvetiërs vrede sluit, sal hulle na dié streek gaan, en daar bly waar Caesar hulle vestig en wil hê dat hulle moet bly. Maar as hy aanhou om hulle met oorlog te teister, moet hy sowel die Romeinse volk se vroeëre rampspoedige nederlaag, as die Helvetiërs se aloue dapperheid onthou. Die feit dat Caesar een kanton onverhoeds oorval het toe dié wat reeds die rivier oorgesteek het nie aan hulle makkers kon hulp bring nie, moet nie vir hom aanleiding wees om dit òf grootliks aan sy eie dapperheid toe te skryf, òf hulle te minag nie. Van hul vadere en voorsate het hulle geleer om eerder met dapperheid te veg as met bedrog of om op krygslis te steun. Daarom moet hy dit nie so ver laat kom dat die plek waar hulle staan roem verwerf of in die herinnering voortlewe ten gevolge van 'n ramp oor die Romeinse volk en die totale vernietiging van sy leër nie.

14 Caesar het hierdie gesante soosvolg geantwoord: Hy word nou minder aanleiding gegee om te twyfel omdat hy die feite wat die Helvetiërs aangehaal het, onthou, en hy voel des te meer gegrief namate dit minder na verdienste met die Romeinse volk gebeur het. As die Romeinse volk in sy eie hart bewus was van een of ander onreg, was dit nie moeilik gewees om voorsorgmaatreëls te tref nie. Maar hy is mislei in dié opsig dat hy nie bewus is van iets wat hy gedoen het waarvoor hy sou bang wees nie, en dat hy van mening is dat hy nie sonder rede moet bang wees nie. Al is hy gewillig om die ou belediging te vergeet, kan hy mos nie ook hul onlangse gewelddade, vir sover hulle probeer het om teen sy sin met geweld deur die Provinsie te trek, vir sover hulle die Aeduers, die Ambarre en die Allobroge geteister het, uit sy geheue ban nie. Dat hulle so astant spog met hulle oorwinning, en verwonderd staan dat hulle so lank straffeloos gewelddade gepleeg het, loop op dieselfde slotsom uit.²⁴ Want die onsterflike gode het die gewoonte om aan diegene op wie hulle wil wraak neem vir hul misdade, soms groter voorspoed en langer vrywaring van straf toe te staan, sodat die mens swaarder mag ly ten gevolge van 'n algehele ommekeer van sake. Onder omstandighede, egter, as hulle aan hom gyselaars gee, sodat hy kan weet dat hulle die dinge wat hulle belowe, sal uitvoer, en as hulle aan die Aeduers genoegdoening verskaf vir die gewelddade wat hulle die Aeduers self en hul bondgenote aangedoen het, en ingelyks aan die Allobroge, sal hy met hulle vrede sluit. Divico het geantwoord dat die Helvetiërs op so 'n wyse deur hulle voorouers geleer is, dat hulle daaraan gewoond is om gyselaars te ontvang, nie om te gee nie: daarvan is die Romeinse volk getuie. Na hy hierdie antwoord gegee het, het hy vertrek.

15 Die volgende dag breek die Helvetiërs kamp op en vertrek uit daardie omgewing. Caesar doen dieselfde en stuur sy hele ruitery – by die

vierduisend in getal, wat hy uit die Provinsie as geheel en die geledere van die Aeduers en hulle bondgenote saamgetrek het—vooruit om te kyk in watter rigting die vyand trek. Hulle agtervolg die vyand se agterhoede al te gretiglik, knoop op ongunstige terrein 'n geveg met die Helvetiërs se ruitery aan, en 'n paar van ons manne sneuwel. Hoogs bemoedig deur hierdie geveg, omdat hulle met vyfhonderd ruiters so 'n talryke ruitery verjaag het, het die Helvetiërs 'n paar keer aстранter begin weerstand bied, en om ons manne met hulle agterhoede tot die geveg uit te daag. Caesar het sy manne van 'n geveg weerhou en dit vir die huidige as voldoende beskou om te belet dat die vyand roof, voer insamel en plunder. Ongeveer vyftien dae lank het hulle op so 'n wyse voortgetrek dat daar nie meer as vyf of ses myl^{2 5} tussen die vyand se agterhoede en ons voorhoede was nie.

16 Intussen het Caesar die Aeduers daagliks dringend om die graan versoek wat hulle hom van staatsweë belowe het. Want weens die koue—omdat Gallië, soos tevore vermeld, in die Noorde geleë is—was nie alleen die graan op die lande nie ryp nie, maar was daar selfs nie eens 'n groot genoeg voorraad voer voorhande nie. Van die graan wat hy per skip met die Saône op laat aanvoer het, kon hy bowendien nie veel gebruik maak nie, omdat die Helvetiërs van wie hy nie wou padgee nie, hulle roete van die Saône af laat wegswenk het. Dag na dag het die Aeduers bly uitstel en gesê die graan word ingesamel, dit word aangevoer, dit is reeds daar. Toe hy besef dat hy alte lank aan die lyntjie gehou word, en dat die dag waarop graan aan sy soldate uitgedeel moes word, op hande is, het hy hulle leiers, van wie hy 'n groot aantal in sy kamp gehad het, byeenge-roep. Onder hulle was Diviciacus en Liscus, wat die hoogste amp wat die Aeduers "Vergobretus" noem, bekleed het, 'n amptenaar wat jaarliks verkies word en die mag van lewe en dood oor sy mense het. Hy verwyt hulle heftig dat hy op so 'n kritieke tydstip, met die vyand so naby, wanneer graan nie gekoop en ook nie van die lande gehaal kan word nie, nie deur hulle ondersteun word nie. Maar nog veel heftiger bekla hy die feit dat hy in die steek gelaat is, veral daar hy grotendeels deur hulle smeekbedes oorgehaal is om die oorlog te onderneem.

17 Toe uiteindelik, beïnvloed deur Caesar se woorde, onthul Liscus wat hy voorheen verswyg het: Daar is 'n paar manne wie se invloed op die gewone volk baie sterk is, en wat as amplose burgers meer vermag as die amptenare self. Met opruiende en smadelike taal weerhou hierdie manne die massa daarvan om die graan wat hulle verskuldig is, byeen te bring. Hulle sê dat as hulle nie nou die leiersposisie in Gallië kan bekom nie, dit beter is om die oorheersing van Galliërs te verduur as dié van

Romeine. Hulle twyfel ook nie daaraan dat as die Romeine die Helvetiërs oorwin het, hulle die Aeduers tesame met die res van Gallië hulle vryheid sal ontroof nie. Ons planne en alles wat in die kamp gebeur, word deur hierdie selfde manne aan die vyand verklap, en hulle kan nie deur hom aan bande gelê word nie. Ja meer nog, vir sover hy noodgedwonge 'n dringende saak aan Caesar meegedeel het, besef hy onder welke groot gevaar hy dit gedoen het, en om daardie rede het hy geswyg so lank hy kon.

18 Caesar het deurentyd gevoel dat Dumnorix, die broer van Diviciacus, met hierdie verklaring van Liscus bedoel word, maar omdat hy nie dié aangeleenthede in die teenwoordigheid van 'n klomp mense bespreek wou hê nie, verdaag hy gou die vergadering en hou vir Liscus agter. Hy vra hom alleen uit na die dinge wat hy in die vergadering gesê het. Liscus praat vrymoediger en met groter onverskrokkenheid. Onder vier oë ondervra Caesar ook ander oor dieselfde aangeleenthede, en hy vind dat dit waar is: dit is wel deeglik Dumnorix, 'n man met baie groot durf, en weens sy vrygewigheid iemand met groot invloed onder die gewone volk, een wat smag na rewolusie. Al baie jare lank hou hy die tolregte en alle ander belastings van die Aeduers teen 'n geringe prys in pag, omdat niemand dit waag om 'n teenbod te maak as hý bie nie. Hierdeur het hy sowel sy eie fortuin vergroot, as ruim middele bekom om kwistig weg te gee. Op eie koste onderhou hy deurentyd 'n talryke ruitery en hou hulle om sy eie persoon geskaar. Nie alleen in sy eie land nie, maar ook by die buurstade besit hy groot mag. Ter wille van hierdie mag het hy sy moeder met 'n man uit die Biturige, 'n baie vername en magtige man aldaar, laat trou, het hy self 'n vrou uit die Helvetiërs, en het hy sy halfsuster aan moederskant en sy vroulike familieleden in ander state laat introu. Vanweë hierdie verwantskap is hy die Helvetiërs geneë en haat hy bowendien vir Caesar en die Romeine om persoonlike redes, omdat sy mag deur hulle aankoms verminder, en sy broer, Diviciacus, weer in sy ou posisie van aansien en eer herstel is. Indien iets met die Romeine gebeur, koester hy die allergrootste hoop om die koningskap deur bemiddeling van die Helvetiërs te bekom. Onder die heerskappy van die Romeinse volk wanhoop hy nie alleen aan die koningskap nie, maar ook aan die invloed wat hy nou het. In die loop van die ondervraging het Caesar ook, met betrekking tot die teenspoedige ruiterygeveg wat 'n paar dae tevore gelewer was, uitgevind dat daardie vlug deur Dumnorix en sy ruiters begin is—want Dumnorix was in bevel van die ruitery wat die Aeduers vir Caesar ter hulp gestuur het—en dat by hulle vlug, die res van die ruitery deur paniek aangegryp is.

19 Nadat hy hierdie dinge vasgestel het — en aangesien daar by hierdie verdenkinge die onweerlegbare feite bygekom het dat Dumnorix die Helvetiërs deur die gebied van die Sequane gelei het; dat hy vir hulle uitruil van gyselaars gesorg het; dat hy dit alles nie alleen sonder Caesar en die staat se opdrag gedoen het nie, maar selfs buite hulle wete; dat hy deur 'n amptenaar van die Aeduers aangekla is — was Caesar van oordeel dat daar genoeg rede bestaan het om hom òf self te straf, òf sy staat opdrag te gee om hom te straf. Een omstandigheid was egter in stryd met al hierdie oorweginge: die feit dat hy Dumnorix se broer, Diviciacus, se uiters groot toegeneentheid jeens die Romeinse volk, sy opperste welwillendheid teenoor Caesar persoonlik, en sy merkwaardige getrouheid, regverdigheid en gematigdheid leer ken het. Hy was naamlik bang dat hy met Dumnorix se straf Diviciacus se gevoelens sou krenk. Voordat hy dus enigiets onderneem, beveel hy dat Diviciacus na hom ontbied word, en nadat die gewone tolke verwyder is, voer hy met hom 'n samespreking deur bemiddeling van Gaius Valerius Procillus, die invloedrykste man in die provinsie Gallië²⁶, en sy persoonlike vriend in wie hy in alle opsigte die allergrootste vertroue gehad het. Sonder meer herinner hy Diviciacus aan die dinge wat in sy eie teenwoordigheid in die vergadering van Galliërs oor Dumnorix gesê is, en onthul wat elkeen afsonderlik voor hom persoonlik van die man gesê het. Hy vra en versoek dringend dat hy sonder krenking van Diviciacus se gevoelens, na verhoor van die saak òf self die vonnis oor Dumnorix vel, òf aan die staat opdrag gee om dit te vel.

20 Onder 'n vloed van tranes het Diviciacus vir Caesar omhels en begin smee om nie 'n alte swaar vonnis oor sy broer te vel nie. Hy weet, het hy gesê, daardie berigte is waar, en niemand ly meer daaronder as hy nie, want toe hy self deur sy aansien baie groot mag in sy eie land en in die res van Gallië besit het, en Dumnorix vanweë sy jeug baie min, het laasgenoemde met sy hulp in aansien gegroei. Hierdie middele en mag gebruik sy broer nou, nie alleen om sy invloed te verswak nie, maar byna tot sy ondergang. Hy word egter deur sowel broederliefde as die openbare mening beïnvloed. Want as daar deur Caesar se toedoen iets alte ergs met sy broer gebeur, sal niemand dink dat dit nie met sy goedkeuring geskied het nie, aangesien hy persoonlik so 'n plek in Caesar se vriendskap beklee. Die gevolg daarvan sal wees dat die gesindheid van die hele Gallië van hom vervreem sal word. Terwyl hy hierdie dinge wenend en met groot omhaal van woorde van Caesar versoek, neem Caesar sy hand, troos hom en vra dat hy sy smeekbede moet staak. Hy wys daarop dat Diviciacus se aansien by hom soveel tel, dat hy ter wille van sy wens en bedes sowel die onreg teen die staat as sy persoonlike krenking vergewe. Hy ontbied Dumnorix na hom, en nooi sy broer om teenwoordig te wees;

hy toon aan wat hy by hom afkeur en onthul wat hy self weet en waaroor sy staat kla; hy waarsku hom om in die toekoms alle verdagte handeling te vermy; die dinge wat verby is, sê hy, vergewe hy ter wille van sy broer Diviciacus. Hy laat Dumnorix dophou om te kan weet wat hy doen en met wie hy praat.

21 Nadat Caesar dieselfde dag deur verkenners ingelig is dat die vyand aan die voet van die berg, agt myl van sy kamp af stelling ingeneem het, het hy manne gestuur om uit te vind wat die natuurlike gesteldheid van die berg, en wat die bestygingsmoontlikheid rondom was. Hulle het gerapporteer dat dit maklik was. Teen die derde nagwaak beveel hy vir Titus Labienus, sy legaat met die rang van praetor, om met twee legioene en onder geleide van manne wat die roete ken, die hoogste rug van die berg te bestyg, en hy verduidelik wat sy plan is. Teen ongeveer die vierde nagwaak ruk hyself met die einste roete waar die vyand langs getrek het, teen hulle op, en stuur sy hele ruitery voor hom uit. Publius Considius wat as baie ervare in krygsake beskou is en wat in Lucius Sulla, en later in Marcus Crassus se leër gedien het, word met die verkenners vooruitgestuur.

22 Teen dagbreek, toe die bergtop deur Labienus beset is en Caesar self nie verder as vyftienhonderd treë van die vyand se kamp af was nie, en—soos hy later van krygsgevangenes verneem het—nòg sy eie aankoms nòg die van Labienus bemerk is, jaag Considius op volle galop na hom toe en berig dat die berg wat hy wou hê deur Labienus beset moes word, deur die vyand gehou word: dit het hy van die Galliese wapens en kentekens afgelei. Caesar trek sy magte terug na die naaste heuwel en stel sy slaglinie op. Soos deur Caesar aan hom opgedra, naamlik om nie die geveg aan te knoop tensy sy troepe digby die vyand se kamp opgemerk is nie, sodat die aanval gelyktydig van alle kante af op die vyand gemaak kon word, het Labienus ná die besetting van die berg op ons manne gewag en hom van 'n geveg weerhou. Uiteindelik, toe dit al laat in die dag was, het Caesar van die verkenners verneem dat die berg enersyds deur sy eie manne beset is, dat die Helvetiërs andersyds kamp opgebreek het, en dat Considius, paniekbevange van vrees, iets wat hy nie gesien het nie aan hom gerapporteer het as iets wat hy wel gesien het. Daardie dag volg Caesar die vyand op die gewone afstand, en drie myl van hulle kamp af slaan hy kamp op.

23 Die volgende dag, omdat daar slegs twee dae oor was voordat graan aan sy leër uitgedeel moes word, en omdat hy nie meer as agttien myl van Bibracte, verreweg die grootste en welvarendste dorp van die Aeduërs, af was nie, het hy gemeen hy moet voorsiening maak vir graan-

voorrade. Hy laat sy marsroete van die Helvetiërs af wegswenk en ruk vinnig na Bibracte op. Dié maneuer word deur drosters van Lucius Aemilius, 'n decurio²⁷ van die Galliese ruitery, aan die vyand verklap. Die Helvetiërs was waarskynlik van mening dat die Romeine in doodse vrees van hulle af padgee, te meer omdat laasgenoemde die vorige dag, hoewel hulle hoërliggende terrein beset het, nie die geveg aangeknoop het nie; of hulle het vas geglo dat die Romeine van graanvoorrade afgesny kon word. Daarom het hulle van plan verander, 'n regsomkeer gemaak en ons manne op die agterhoede begin agtervolg en uitdaag.

24 Nadat Caesar dit bemerk het, het hy sy magte na die naaste heuvel teruggetrek en sy ruitery gestuur om die aanslag van die vyand die hoof te bied. Halfpad teen die heuvel op, het hy intussen self 'n drievoudige slaglinie van vier legioene veterane opgestel. Hy het egter beveel dat die twee legioene wat hy onlangs in Nader-Gallië gerekruteer het, en al die hulptroepe op die boonste rug geplaas, en die hele heuvel dig met manskappe beset word; dat die persoonlike bagasie intussen op een plek bymekaar gebring, en dat daardie plek deur die troepe wat in die hoër linie stelling ingeneem het, beskerm moet word. Die Helvetiërs het met al hulle waens gevolg en hulle bagasie op een plek versamel. In uiters digte geledere het hulle ons ruitery teruggedryf, toe 'n falanks²⁸ gevorm en tot naby ons voorste linie gevorder.

25 Allereers het Caesar sy eie, en daarna almal se perde uit die gesig laat verwyder om, noudat die gevaar vir almal ewe groot was, die hoop op vlug te verydel; hy het sy manne bemoedig en die geveg aangeknoop. Ons soldate het hul werpspiese van hoërliggende terrein af geslinger en die vyand se falanks maklik deurbreek. Nadat dit uiteengedryf is, het ons manne met gevelde swaarde 'n aanval teen hulle geloods. Vir die Galliërs was dit 'n groot hindernis by die vegterij dat 'n hele paar van hulle skilde deur een spiesworp deurboor en aanmekaargeheg is, deurdat die ysterpunt omgebuig het en hulle dit nie kon uitpluk, en ook nie met 'n belemmerde linkerhand gerieflik genoeg kon veg nie. Gevolglik het baie, nadat hul die arm lank heen en weer geswaai het, eerder verkies om die skild uit die hand te laat val, en met onbeskermdes liggaam te veg. Uitgeput deur wonde het hulle uiteindelik die wyk begin neem, en omdat daar op ongeveer een myl afstand 'n heuvel was, om daarheen te retireer. Hulle het die heuvel beset en terwyl ons manne nog besig was om dit te bestyg, het die Bojers en Tulingers wat met ongeveer vyftienduisend man die vyandelike kolonne afgesluit, en tot dekking van hul agterhoede gedien het, direk vanuit hul mars²⁹ ons manne in die ongedekte³⁰ flank aangeval en omsingel. Toe die Helvetiërs wat na die berg teruggeval het

dit sien, het hulle weer begin om vorentoe te dring en die geveg te hervat. Die Romeine het omgeswaai en in twee rigtings aangeval: die eerste en tweede linie, om die wat reeds oorwin en verjaag was te weerstaan; die derde, om die aanstormendes die hoof te bied.

26 So het hulle lank en hewig aan twee fronte geveg. Toe hulle nie langer die aanvalle van ons manne kon weerstaan nie, het die een groep, soos hulle reeds begin het, na die berg geretireer, en het die ander groep na hul bagasie en waens teruggeval. Want in hierdie hele slag, hoewel hulle van die sewende uur af tot die aand geveg het, kon niemand 'n vyand sien vlug nie. Tot diep in die nag het die geveg selfs by die bagasie gewoed, omdat hulle hul waens as 'n skutwal opgestel en vanuit die hoëliggende terrein werpwapens op ons aanstormende manne geslinger het. Sommiges het ook spiese en lanse van tussen die waens en wiele af gegooi en ons manne verwond. Eers na 'n lang stryd het ons manne die vyand se bagasie en kamp verower. Daar is Orgetorix se dogter en een van sy seuns gevange geneem. Ongeveer 130 000 man het hierdie slag oorleef, en daardie hele nag lank het hulle sonder oponthoud wegmarsjeer. Sonder om hulle mars enige deel van die nag te onderbreek, het hulle op die vierde dag in die Lingone se gebied aangekom, want vanweë sowel die wonde van die manskappe as die begrafnis van die gesneuweldes het ons manne drie dae getalm en kon hulle hulle nie agtervolg nie. Caesar het 'n brief en boodskappers na die Lingone gestuur met die bevel om hulle nie met graan of enige ander benodigtheid te help nie. Indien hulle hulp verleen, het hy gewaarsku, sou hy hulle oor dieselfde kam skeer as die Helvetiërs. Na 'n onderbreking van drie dae het hy hulle persoonlik met al sy magte begin agtervolg.

27 Gedwing deur 'n gebrek aan alle benodigdhede, het die Helvetiërs gesante na hom gestuur om oor oorgawe te onderhandel. En toe hulle hom op sy mars teëkom, hulle aan sy voete werp en met deemoedige woorde wenend om vrede smeek, en hy hulle beveel om op die plek waar hulle toe was op sy koms te wag, het hulle gehoorsaam. Na Caesar se aankoms aldaar, het hy die uitlewering van gyselaars en wapens, en van die slawe wat na hulle gedros het, geëis. Terwyl dit alles byeengesoeek en versamel is, het die nag ingetree, en het ongeveer sesduisend man van die kanton wat Verbigenus genoem word—sy dit omdat hulle paniekbevange was van 'n vrees dat hulle na die uitlewering van hulle wapens om die lewe gebring sou word, sy dit omdat hulle deur hoop op redding daartoe aangespoor is daar hulle gedink het dat hul ontvlugting te midde van so 'n groot menigte onderworpenes of geheim gehou kon word, of geheel en al onopgemerk kon bly—vroeg nag uit die Helvetiërs se kamp vertrek en in die rigting van die Ryn en die gebied van die Germane gehaas.

28 Sodra Caesar dit verneem het, het hy aan diegene deur wie se gebied hulle getrek het, opdrag gegee om hulle op te spoor en terug te bring, as hulle in sy oë verontskuldig wou wees. Die wat teruggebring is, het hy as vyande behandel; na die uitlewering van die gyselaars, wapens en drosters het hy die oorgawe van al die ander aanvaar. Hy het die Helvetiërs, die Tulingers en die Latovike beveel om terug te keer na die grondgebied van waaruit hul vertrek het, en omdat daar ten gevolge van die verlies van hul hele oes, tuis niks was waarmee hulle hul honger kon stil nie, het hy aan die Allobroge opdrag gegee om aan hulle 'n voorraad graan te verskaf. Hulleself het hy beveel om die dorpe en gehuggies wat hulle afgebrand het, weer op te bou. Die hoofrede waarom hy dit gedoen het, was omdat hy nie wou hê dat die gebied waaruit die Helvetiërs vertrek het onbewoon moes wees nie, om te voorkom dat die Germane wat oorkant die Ryn woon, weens die vrugbaarheid van die grond uit hul gebied na dié van die Helvetiërs oorsteek, en die bure word van die provinsie Gallië en die Allobroge. Aan die Aeduers staan hy hul versoek toe om die Bojers, omdat hulle bekend was om hulle buitengewone dapperheid, in hulle gebied te vestig. Hulle het die Bojers grond gegee, en hulle later met dieselfde regte en vryheid as wat hulle self geniet het, by hulle opgeneem.

29 In die Helvetiërs se kamp is daar lyste gevind wat in Griekse skrif geskryf was, en dit is na Caesar gebring. Op hierdie lyste was daar, met opgawe van name, 'n berekening gemaak wat aangedui het welke getal van hulle hul land verlaat het, wie wapens kon dra³¹, en ook afsonderlik, die kinders, grysaards en vroue. Die totaal op al hierdie lyste was: 263 000 persone van die Helvetiërs, 36 000 van die Tulingers, 14 000 van die Latovike, 23 000 van die Raurike, 32 000 van die Bojers; hiervan was daar by die 92 000 wat wapens kon dra. Die gesamentlike totaal was by die 368 000. Toe daar, soos Caesar beveel het, 'n telling gehou is van diegene wat huis toe teruggekeer het, is daar 'n getal van 110 000 gevind.

Die veldtog teen Ariovistus

30 Na beëindiging van die oorlog teen die Helvetiërs het afgesante van byna die hele Gallië, naamlik die hoofde van die state, in Caesar se kamp vergader om hom geluk te wens. Hulle het gesê hulle begryp dat hoewel hy die Helvetiërs ter vergelding van hulle eertydse vergrype teen die Romeinse volk met oorlog gestraf het, die straf nietemin die land Gallië net soveel as die Romeinse volk ten goede gekom het, want die Helvetiërs het hulle huise ten tye van baie groot voorspoed verlaat met die doel om teen die hele Gallië oorlog te voer, die heerskappy te verower, uit 'n groot aantal streke dié plek as woonplaas te kies wat hulle as die geskik-

ste en vrugbaarste van die hele Gallië beskou het, en om die res van die state as skatpligtiges te hê. Hulle het gevra dat hulle—en dit met Caesar se toestemming—toegelaat word om 'n landdag^{3 2} vir die hele Gallië teen 'n bepaalde datum te belê, en gesê hulle het sekere dinge wat hulle uit hoofde van algemene eenstemmigheid van hom wou vra. Toe dit toegestaan is, het hulle 'n datum vir die landdag bepaal en met 'n eed onderling 'n onskendbare ooreenkoms aangegaan dat niemand behalwe diegene aan wie dit deur algemene besluit opgedra was, dit openbaar sou maak nie.

31 Nadat die landdag verdaag is, het dieselfde staatshoofde wat reeds vantevore daar was, na Caesar teruggekeer en versoek dat hulle toegelaat word om in afsondering sake in verband met hulle eie, sowel as almal se welsyn met hom te bespreek. Toe die versoek toegestaan is, het almal hulle wenend voor Caesar se voete gewerp en verklaar dat hulle net so begerig en bekommerd is dat die dinge wat hulle gaan sê nie openbaar gemaak word nie, as om hulle begeertes toegestaan te kry, want indien dit openbaar gemaak sou word, het hulle gesien, sou hulle aan die wreedste foltering blootgestel wees. Die Aeduer Diviciacus het namens hulle gepraat, en gesê daar is twee partye in die hele Gallië; die Aeduers het die leiding van een daarvan, die Arverners die van die ander. Daar dié twee al baie jare lank ernstig teen mekaar stry om die opperheerskappy, het dit gebeur dat Germane teen betaling deur die Arverners en Sequane gewerf is^{3 3}. Eers het ongeveer 15 000 die Ryn oorgesteek, maar nadat die wilde barbare sin gekry het in die Galliërs se grond, verfynde lewenswyse en rykdomme, is meer oorgebring; nou is die getal in Gallië ongeveer 120 000. Die Aeduers en hulle onderhorige volke het herhaaldelik met wapens teen hulle die stryd gevoer; die Aeduers is verslaan en het 'n groot ramp ervaar: hulle het hul hele adel, hul hele senaat en hul hele ruitery verloor. Verswak deur hierdie gevegte en verliese, is hulle wat voorheen vanweë sowel hul dapperheid as hul gasvriendskap met die Romeinse volk uiters magtig in Gallië was, gedwing om die aansienlikste manne van hul staat as gyselaars aan die Sequane te gee, en om hul staat met 'n eed te bind dat hulle nie die gyselaars sal terugvra nie, nie hulp van die Romeinse volk sal afsmeek nie, en ook nie sal weier om onder die ewigdurende gesag en heerskappy van die Sequane te staan nie. Hy is die enigste in die ganse staat van die Aeduers wat nie daartoe gebring kon word om die eed te neem of sy kinders as gyselaars te gee nie. Daarom het hy uit sy staat gevlug en na die Senaat in Rome gekom om dringend hulp te vra, omdat hy alleen nòg deur 'n eed nòg deur gyselaars gebind is. Maar dit het slegter gegaan met die seëvierende Sequane as met die oorwonne Aeduers, omdat Ariovistus, die koning van die Germane,

hom in hulle gebied gevestig, en 'n derde deel van die Sequaniese grond wat die beste van die hele Gallië was, in besit geneem het, en hy nou die Sequane beveel het om ook uit die tweede derde pad te gee, omdat 24 000 Harude enkele maande tevore na hom gekom het, aan wie 'n woonplek en tuiste voorsien moet word. Binne enkele jare sal dit daartoe kom dat hulle almal uit Galliëse gebied verdryf word, en dat al die Germane die Ryn oorsteek; want die Galliëse grond is beter en is nie te vergelyk met die Germaanse nie, en hulle huidige lewenswyse ook nie met die van die Germane nie. Nadat Ariovistus egter die magte van die Galliërs eenkeer in 'n veldslag verower het, welke veldslag by Admagetobriga gelewer is, regeer hy hooghartig en wreed, eis die kinders van al die aansienlikste burgers as gyselaars op en pas alle vorms van foltering op hulle toe as enigiets nie op sy wenk of na sy sin uitgevoer is nie. Hy is 'n barbaar, opvlieënd en roekeloos: dit is onmoontlik om sy dwingelandy langer te verduur. Tensy daar een of ander hulp by Caesar en die Romeinse volk is, moet al die Galliërs noodgedwonge dieselfde doen wat die Helvetiërs gedoen het, naamlik om uit hulle land te verhuis en 'n ander woonplek, 'n ander tuiste ver van die Germane af te soek en die geluk te beproef, wat hulle ook al te beurt mag val. As hierdie woorde van hom aan Ariovistus gerapporteer word, bestaan daar by hom geen twyfel dat hy die allerswaarste straf op almal wat in sy hande is, sal toepas nie. Caesar is in staat om òf deur sy persoonlike aansien en die van sy leer, òf deur sy onlangse oorwinning, òf deur die naam van die Romeinse volk, te voorkom dat 'n groter menigte Germane oor die Ryn gebring word, en hy is in staat om die hele Gallië teen die gewelddade van Ariovistus te beskerm.

32 Toe Diviciacus sy rede beëindig, het almal wat teenwoordig was, onder luide geweën by Caesar begin hulp soek. Caesar het opgemerk dat van almal, slegs die Sequane niks van die dinge gedoen het wat die ander gedoen het nie, maar met geboë hoof na die grond gestaar het. Hy het gewonder wat die rede vir daardie houding was, en hulleself daarna gevra. Die Sequane het niks geantwoord nie, maar swyend in dieselfde droewige houding volhard. Toe hy die vraag verskeie male aan hul herhaal en geen enkele woord uit hulle kon kry nie, het dieselfde Aeduer Diviciacus geantwoord: "Die lot van die Sequane is nog ellendiger en swaarder as die van die ander in dié opsig dat hulle alleen, selfs nie in die geheim durf kla of hulp inroep nie, en dat hulle die wreedheid van Ariovistus in sy afwesigheid vrees net asof hy teenwoordig is. Omdat daar aan die ander darem 'n geleentheid gegee word om te vlug, moet die Sequane wat vir Ariovistus binne hulle gebied ontvang het en wie se dorpe almal in sy mag is, alle martelinge verduur."

33 Nadat hy hierdie dinge verneem het, het Caesar die Galliërs se goedertierenheid met sy woorde gerugstee en belooft dat hy dringend aandag daaraan sou gee. "Ek koester sterk hoop", het hy gesê, "dat Ariovistus, beïnvloed deur sowel my weldaad³⁴ as persoonlike invloed, 'n einde aan sy vergrype sal bring." Nadat hy hierdie toespraak gehou het, het hy die vergadering ontbind. En naas hierdie mededelings het nog baie redes hom aanleiding gegee om te dink dat hy die saak moes oorweeg en aanpak: in die eerste plek omdat hy gesien het dat die Aeduiers wat dikwels deur die Senaat "broers en bloedverwante" genoem was, in slawerny en onder die heerskappy van die Germane gehou is, en hy geweet het dat hulle gyselaars in Ariovistus en die Sequane se hande was. Dit, het hy gereken, was vir hom en die staat, as die ontsaglike mag van die Romeinse volk in aanmerking geneem word, uiters skandalig. Hy het dit egter ook as gevaarlik vir die Romeinse volk gesien dat die Germane allengs daarvan 'n gewoonte maak om die Ryn oor te steek, en dat 'n groot menigte van hulle Gallië binnekom. En hy was ook van oordeel dat die wilde barbare, wanneer hulle die hele Gallië beset het, hulle nie daarvan sou weerhou, net soos die Cimbriërs en Teutone voorheen gedoen het, om na ons Provinsie te trek en daarvandaan na Italië op te ruk nie, veral aangesien die Rhone die Sequane van ons Provinsie geskei het; teen hierdie gevare, het hy gemeen, moes daar ten spoedigste maatreëls getref word. Ariovistus self het trouens so 'n aanmatigende houding aangeneem en soveel verwaandheid aan die dag gelê dat dit gelyk het of hy nie verdra moes word nie.

34 Daarom het hy besluit om gesante na Ariovistus te stuur, om hom te versoek om 'n plek halfpad tussen hulle twee te kies vir 'n samespreking. Hulle moes sê dat hy met hom wou praat oor staatsake en kwessies van die hoogste belang vir albie. Aan hierdie gesantskap het Ariovistus geantwoord dat indien hyself iets van Caesar nodig gehad het, hy na hom sou gekom het; as Caesar iets van hom wil hê, behoort hy na hom te kom. Bowendien durf hy nie sonder 'n leër na daardie dele van Gallië kom wat Caesar beset nie, en hy kan ook nie sonder baie proviand en groot moeite sy leër op een plek saamtrek nie. Vir hom, trouens, skyn dit onbegryplik te wees watter belang òf Caesar òf die Romeinse volk in die algemeen het in sy Gallië wat hy in 'n oorlog oorwin het.

35 Toe hierdie antwoord na hom teruggebring is, stuur Caesar weer eens gesante na hom met die volgende boodskap: Aangesien hy, nadat hy met so 'n groot weldaad van Caesar en die Romeinse volk begunstig is toe hy tydens Caesar se konsulaat³⁵ deur die senaat "koning en vriend" genoem is, op so 'n wyse dank aan Caesar en die Romeinse volk

betoon dat hy beswaard voel om na 'n samespreking te kom waarheen hy uitgenooi is, en van mening is dat hy nie oor gemeenskaplike belange hoef te praat of daarvan kennis hoef te neem nie, is die volgende die eise wat Caesar aan hom stel: eerstens, dat hy geen verdere massa mense oor die Ryn na Gallië moet bring nie; tweedens, dat hy die gyselaars wat hy van die Aeduers hou, moet teruggee en die Sequane moet toelaat om die gyselaars wat hulle hou, met sy toestemming terug te gee; dat hy die Aeduers nie met onreg moet treiter en ook nie aggressie moet pleeg teen hulle en hulle bondgenote nie. As hy dit doen, sal daar ewigdurende goeie verhoudinge en vriendskap tussen Caesar en die Romeinse volk, en hom wees; as Caesar nie voldoening kry nie, sal hy die gewelddade teen die Aeduers nie ongestraf laat nie, aangesien die senaat tydens die konsulaat van Marcus Messala en Marcus Piso³⁶ besluit het dat elkeen wat Gallië as provinsie verkry, die Aeduers en die ander vriende van die Romeinse volk moet beskerm vir sover hy dit tot voordeel van die staat kan doen.

36 Hierop het Ariovistus geantwoord: Dit is 'n oorlogsreg dat oorwinnaars oor hul oorwonnes heers op 'n wyse wat hulle wil. Ook die Romeinse volk is daaraan gewoond om hul oorwonnes nie volgens iemand anders se voorskrif nie, maar volgens eie goeddunke te regeer. As hy self nie aan die Romeinse volk voorskryf op welke wyse hy van sy reg moet gebruik maak nie, behoort hy ook nie in die uitoefening van sy reg deur die Romeinse volk gehinder te word nie. Die Aeduers het aan hom skatpligtig geword omdat hulle die oorlogskans beproef, slag gelewer het, en oorwin is. Caesar doen hom 'n groot onreg aan want deur sy aankoms het hy sy belastinginkomste verminder. Hy sal nie aan die Aeduers hul gyselaars teruggee nie, en ook nie wederregtelik teen hulle en hul bondgenote oorlog voer nie, as hulle bly by dit waarop ooreengekom is en jaarliks hul skatting betaal: as hulle dit nie doen nie sal die naam "broers van die Romeinse volk" hulle weinig baat. Wat betref die feit dat Caesar verklaar het dat hy die gewelddade teen die Aeduers nie ongestraf sal laat nie, wil hy net sê dat nog niemand behalwe tot sy eie ondergang teen hom geveg het nie. Laat Caesar hom maar in 'n geveg ontmoet wanneer hy wil: hy sal uitvind waartoe die onoorwinlike Germane wat volledig in die hantering van wapens geoefen is en wat veertien jaar lank nie onder dak gekom het nie, deur hul dapperheid in staat is.

37 Op dieselfde tydstip dat hierdie boodskappe aan Caesar oorgedra is, het gesante van die Aeduers en die Trevere af opgedaag: die Aeduers om te kla dat die Harude wat onlangs na Gallië oorgebring is hul grondgebied plunder, en dat hulle selfs nadat gyselaars gelewer is, nie vrede met Ariovistus kon afkoop nie; die Trevere, egter, om te kla dat 'n honderd

kantons van die Suebe hulle aan die oewers van die Ryn gevestig het en nou probeer om die Ryn oor te steek; aan hulle hoof staan Nasua en Cimerius, twee broers. Hewig verontrus hierdeur, het Caesar gemeen hy moet vinnig optree om te voorkom dat daar met groter moeite weerstand gebied kan word, indien die nuwe bende Suebe by die ou magte van Ariovistus sou aansluit. Nadat hy dus sy graanvoorrade so vinnig moontlik gereël het, ruk hy met snelmarse teen Ariovistus op.

38 Nadat hy drie dagmarse gevorder het, is aan hom berig dat Ariovistus met al sy magte opruk om Vesontio,³⁷ die grootste dorp van die Sequane, te beset, en dat hy reeds drie dagmarse van sy eie grondgebied af aangeruk het. Caesar was van mening dat hy kragdadig voorsorgmaatreëls moes tref om te voorkom dat dit gebeur. In hierdie dorp was daar immers 'n baie groot voorraad van alle materiaal wat vir oorlogvoering nuttig was, en dit was op so 'n wyse deur sy natuurlike ligging verskans dat dit 'n groot moontlikheid gebied het om die oorlog uit te rek, aangesien die Doubsrivier³⁸ wat as't ware met 'n passer daaromheen getrek is, byna die hele dorp omsluit. 'n Berg van groot hoogte neem die oorblywende strook van nie meer as 1 600 voet nie, waar die rivier 'n oop ruimte laat, op so wyse in beslag dat die rivieroewer aan weerskante die voet van die berg raak. 'n Ringmuur maak hierdie berg 'n vesting en verbind dit met die dorp. Hierheen ruk Caesar in nag- en dagsnelmarse aan, beset die dorp en plaas daar 'n garnisoen.

39 Terwyl hy 'n paar dae in die omgewing van Vesontio vertoef het om graanvoorrade en proviand te bekom, het so 'n groot vrees die hele leër beetgepak dat dit in 'n hoë mate almal se verstand en gees verwar het. Dit het gebeur ten gevolge van navrae van ons soldate, en van praatjies van die Galliërs en handelaars wat verkondig het dat die Germane ontsaglik groot van gestalte en ongelooflik dapper en geoefen met wapens was. Hulleself, het hul gesê, was dikwels met hulle in aanraking en kon selfs hulle aanskyn en die skerp blik in hul oë nie verduur nie. Dit het heel eerste ontstaan by die krygstribune,³⁹ die prefekte³⁹ en die ander wat vir Caesar uit Rome gevolg het om sy vriendskap te wen, en nie groot ervaring in krygsaangeleenthede gehad het nie. Elkeen van hulle het 'n verskillende rede aangevoer, wat hy beweer het vir hom 'n dringende aanleiding was om te vertrek, en het versoek dat hy met Caesar se toestemming mag weggaan. Sommige is deur hul skaamtegevoel gedryf om die verdenking van vrees te vermy, en het gebly. Hulle kon egter nie hul gesigsuitdrukking verbloem, en by wyle ook nie hul trane bedwing nie. Verborge in hul tente het hulle òf hul lot bekla òf in geselskap van vriende oor die gemeenskaplike gevaar gejammer.

Dwarsdeur die kamp is daar allerweë testamente verseël. Deur die gepraat en die vrees van hierdie mense, is selfs diegene wat groot ervaring in krygsdiens gehad het, soldate, centurios³⁹ en ruiteryaanvoerders, geleidelik van stryk gebring. Wie onder hulle as minder bang beskou wou word, het gesê hulle vrees nie die vyand nie, maar wel die nou passe op die roete en die uitgestrektheid van die woude wat tussen hulle en Ariovistus gelê het, of dat hulle bevrees was dat die graanvoorrade nie behoorlik genoeg aangevoer kon word nie. Sommige het selfs aan Caesar verklaar dat wanneer hy bevel sou gee dat die kamp opgebreek en daar opgetrek moes word, die soldate nie sy opdrag sou gehoorsaam, en uit vrees nie sou optrek nie.

40 Toe hy dít bemerk, het hy 'n krygsraad byeengeroep, die centurio's van alle kompanies daarheen ontbied, en hulle heftig verwyt, allereers omdat hulle gedink het dis hulle plig om te vra en te oorweeg in welke rigting, of met welke doel hulle gelei word. "Tydens my termyn as konsul," het hy gesê "het Ariovistus die vriendskap van die Romeinse volk baie gretiglik nagestreef. Waarom sou enigiemand dink dat hy so roekeloos van sy plig sal wegstrem? Persoonlik is ek beslis daarvan oortuig dat wanneer hy my eise verneem en die billikheid van die voorwaardes insien, hy nóg my eie gesindheid nóg die van die Romeinse volk sal versmaai. Maar as hy deur waansin en gekheid gedryf word en oorlog ontketen, wat, vra ek julle, het julle dan te vrees? Of waarom wanhoop julle aan jul eie moed of my persoonlike omsigtigheid? In die tyd van ons vadere is daardie vyand op die proef gestel toe ons leer, met die verdrywing van die Cimbriërs en die Toutone deur Gaius Marius, blykbaar geen geringer lof verdien het as die generaal self nie. Ook onlangs is hulle in Italië op die proef gestel tydens die opstand van die slawe vir wie die krygservaring en -opleiding wat hulle van ons ontvang het nogtans in 'n mate bevoordeel het. Hieruit kan 'n mens oordeel hoeveel voordeel volharding inhou, omdat julle die manne vir wie julle 'n tydlang sonder rede gevrees het toe hulle nog ongewapen was, later oorwin het toe hulle wel gewapen was en reeds oorwinnings behaal het. Ten slotte, hierdie is dieselfde mense met wie die Helvetiërs al dikwels gebots het, nie alleen op hul eie grondgebied nie maar ook op Germaanse gebied, en hulle meestal oorwin, het, maar nogtans was die Helvetiërs nie in staat om teen ons leer opgewasse te wees nie. As die nederlaag en vlug van die Galliërs party van julle ontstel, kan julle by nadere ondersoek vind dat Ariovistus op 'n tydstip toe die Galliërs uitgeput was van die langdurigheid van die oorlog, na hy hom baie maande lank tot sy kamp tussen die moerasse beperk, en geen geleentheid om hom by te kom geskep het nie, hulle skielik oorval het terwyl hulle reeds alle hoop op 'n geveg laat vaar en uiteengegaan het, en dat hy hulle eerder deur berekening en beplanning

as deur dapperheid verslaan het. Selfs nie Ariovistus self hoop dat ons leërs gevang kan word met hierdie taktiek waarvoor daar teen onervare barbare plek was nie. Diegene wat hulle vrees toeskryf aan 'n gehuigelde bekommernis oor die graanvoorrade en die nou passe op die roete, handel verwaand, want hulle gee die indruk dat hulle òf aan hul generaal se pligsgevoel wanhoop òf in daardie verband aan hom voorskryf. Hierdie sake geniet my ernstige aandag: die Sequane, die Leukers en die Lingone besorg die graan, en op die lande is die koring al ryp; oor die roete sal julle self binnekort kan oordeel. Wat die bewering betref dat julle nie my opdrag sal gehoorsaam en ook nie sal optrek nie — daardeur word ek geensins ontstel nie; want ek weet die geluk het almal wie se leer nie hul opdrag gehoorsaam het nie, ten gevolge van hul slegte oorlogvoering in die steek gelaat, of hul hebsug is duidelik bewys deurdat een of ander skanddaad ontdek is. My eie onbaatsugtigheid was dwarsdeur my lewe, en my goeie geluk tydens die Helvetiese oorlog duidelik sigbaar. Derhalwe sal ek onmiddellik uitvoer wat ek tot 'n later dag sou kon uitgestel het, en môrenag teen ongeveer die vierde nagwaak kamp opbreek om so spoedig moontlik te weet of eergevoel en pligsbesef, en of vrees by julle oorheers. Want as niemand my meer volg nie, sal ek nogtans met die tiende legioen alleen opruk; aan hom twyfel ek nie, en hy sal vir my die generaalswag wees.” Vir hierdie legioen het Caesar 'n besondere voorliefde gehad en, vanweë sy dapperheid die grootste vertroue daarin gestel.

41 Deur die hou van hierdie toespraak is almal se gemoedstemming op wonderbaarlike wyse verander, en het die allergrootste opgewektheid en krygslus ontstaan. Die tiende legioen het heel eerste by monde van hul krygstribune hul dank aan hom betuig omdat hy die baie mooi oordeel oor hulle gevel het, en die versekering gegee dat hulle ten volle gereed was om oorlog te voer. Vervolgens het die orige legioene met hul krygstribune en senior centurio's onderhandel, om hulle by Caesar te verontskuldig. Hulle het nooit bedenkinge gehad nie, het hul gesê, en hulle was ook nooit bang nie, en hulle was nooit van oordeel dat die beslissing in verband met die opperste leiding in die oorlog by hulle berus nie, maar wel by die generaal. Hulle verontskuldiging is aanvaar, en toe daar deur bemiddeling van Diviciacus — want van die ander het hy die grootste vertroue in hom gehad — 'n roete gevind is om sy leer met 'n ompad van meer as vyftig myl deur oop terrein te lei, het hy, soos hy gesê het, teen ongeveer die vierde nagwaak vertrek. Op die sewende dag, na 'n ononderbroke mars, is hy deur verkenners ingelig dat Ariovistus se magte vier-en-twintig myl van ons s'n af was.

42 Toe hy van Caesar se aankoms verneem, stuur Ariovistus gesante na hom om te berig dat die eis wat Caesar in verband met 'n same-

spreking gestel het nou deur hom nagekom kon word, aangesien Caesar nader gekom het en hy van mening was dat hy dit sonder gevaar kon doen. Caesar het nie die voorstel verwerp nie en het reeds begin dink dat Ariovistus weer tot sy sinne gekom het, daar hy uit eie beweging beloof het wat hy hom tevore, toe hy die versoek gerig het, geweier het. Hy het sterk hoop begin koester dat Ariovistus uit erkentlikheid vir sulke groot weldade van Caesar en die Romeinse volk, en noudat hy Caesar se eise gekeken het, van sy halsstarrigheid sou afsien. 'n Dag is bepaal vir die samespreking — die vyfde van daardie dag af. Terwyl daar intussen herhaaldelik gesante heen en weer tussen hulle gestuur is, het Ariovistus geëis dat Caesar geen voetvolk na die samespreking moet bring nie. Hy was bang, het hy beweer, dat hy verraderlik deur hom omsingel sou word. Elkeen moes met ruiters kom: onder geen ander voorwaarde sou hy kom nie. Omdat Caesar nie wou hê dat die samespreking deur 'n voorwendsel verydel word, en hy ook nie gewaag het om sy eie veiligheid aan Galliese ruitery toe te vertrou nie, het hy besluit die doelmatigste was om die Galliese ruiters al hul perde te ontnem, en die legioensoldate van die tiende legioen in wie hy die meeste vertroue gehad het, op hulle te sit, sodat hy, indien aksie nodig sou wees, 'n geleide so bevriend as moontlik kon hê. Terwyl dit uitgevoer is, het een van die soldate van die tiende legioen nogal geestig opgemerk: "Caesar doen⁴⁰ meer as wat hy belowe het; hy het belowe om die tiende legioen as sy generaalslyfwag te beskou, en nou plaas hy hulle oor na die ridderstand."

43 Daar was 'n groot vlakte, en daarin 'n taamlike hoë heuweltjie van grond. Hierdie plek was ongeveer op gelyke afstand van Ariovistus en Caesar se kampe. Daarheen het hulle, soos afgespreek, vir die samespreking gekom. Caesar het die legioen wat hy te perd saamgebring het, tweehonderd treë van daardie heuweltjie af opgestel. Ariovistus se ruiters het eweneens op dieselfde afstand bly staan. Ariovistus het versoek dat hulle die samespreking te perd moet hou, en dat hulle elkeen, bo en behalwe hulself, tien manne na die samespreking moet bring. Toe hulle daar aankom, het Caesar in die begin van sy rede, sy eie weldade aan Ariovistus, en die van die senaat in herinnering gebring, vir sover hy deur die senaat "koning" en "vriend" genoem is, en vir sover geskenke uiters vrygewig aan hom gestuur is. Hy het daarop gewys dat so 'n onderskeiding maar enkeles te beurt geval het en gewoonlik ter beloning van groot persoonlike dienste toegeken is. Hoewel Ariovistus geen aanspraak daarop, en geen gegronde rede gehad het om dit op te vorder nie, het hy daardie belonings tog bekom danksy die guns en vrygewigheid van Caesar en die senaat. Hy het verder aangetoon welke ou, en welke gegronde redes daar vir die Romeine bestaan het vir vriendskaplike be-

trekkinge met die Aeduers; welke senaatsbesluite, hoe dikwels en hoe eervol dit ten opsigte van hulle uitgevaardig is; hoe die Aeduers te alle tye die leiersposisie van die hele Gallië beklee het, selfs voordat hulle die Romeinse se vriendskap nagestreef het. Dit was 'n tradisie van die Romeinse volk, het hy gesê, om te wil hê dat sy bondgenote en vriende nie alleen niks van hul eiendom verloor nie, maar dat hulle nog in aansien, waardigheid en eer moet toeneem. Wie sou kon duld, het hy gevra, dat dit wat hulle na die vriendskap van die Romeinse volk saamgebring het, van hulle afgeneem word? Vervolgens het hy dieselfde eise gestel wat hy in sy opdragte aan die gesante gestel het: dat Ariovistus nòg teen die Aeduers, nòg teen hulle bondgenote aggressie pleeg; dat hy die gyselaars teruggee; as hy geen deel van die Germane kon terugstuur huis toe nie, moes hy ten minste nie toelaat dat meer die Ryn oorsteek nie.

44 Ariovistus het min op Caesar se eise geantwoord, maar veel te sê gehad oor sy eie verdienstelikhede: Hy het die Ryn nie uit eie beweging oorgesteek nie, maar omdat hy deur die Galliërs daartoe versoek en ontbied is; hy het sy huis en naasbestaandes nie sonder gegronde hoop op groot belonings verlaat nie; in Gallië besit hy 'n tuiste wat deur die Galliërs self aan hom toegestaan is, en gyselaars wat uit hulle vrye wil gegee is; kragtens oorlogswet in hy belasting wat oorwinnaars gewoonlik die oorwonnenes oplê. Hy het nie teen die Galliërs aggressie gepleeg nie, maar die Galliërs teen hom; al die state van Gallië het gekom om hom aan te val, en het teen hom die stryd gevoer; al daardie magte is deur hom in een veldslag verdryf en verslaan. As hulle weer eens 'n proef wil neem, is hy weer eens gereed om 'n beslissende slag te lewer; as hulle vrede wil geniet, dan is dit onbillik om die belasting te weier wat hulle tot nog toe uit vrye wil betaal het. Die vriendskap van die Romeinse volk behoort vir hom 'n sieraad en beskerming te wees, nie 'n nadeel nie, en in hierdie verwagting het hy dit nagestreef. As die belasting deur toedoen van die Romeinse volk kwytgeskel word en die onderworpenes word onttrek, sal hy die Romeinse volk se vriendskap nie minder graag van die hand wys as wat hy dit nagestreef het nie. Vir sover hy 'n massa Germane na Gallië oorbring, doen hy dit om homself te beskerm, nie om Gallië aan te val nie; die bewys daarvan is die feit dat hy slegs op versoek gekom het, en dat hy nie aggressie gepleeg het nie maar 'n verdedigingsoorlog gevoer het. Hy het voor die Romeinse volk in Gallië aangekom. Nooit tevore het 'n leër van die Romeinse volk die grense van die provinsie Gallië verlaat nie. Wat wou Caesar hê en waarom het hy in sy besittinge ingedring? Hierdie Gallië is sy provinsie, net soos die ander een ons s'n is. Net soos dit nie vir hom toegelaat behoort te word as hy 'n aanval op ons gebied sou doen nie, so is ons onregverdig omdat ons hom verhinder in die uitoefening van sy reg. Wat betref die feit dat Caesar

gesê het die Aeduers is "broers" genoem: hy is nie so 'n barbaar, en ook nie so onbekend met die geskiedenis dat hy nie geweet het dat die Aeduers in die jongste oorlog teen die Allobroge nie hulp aan die Romeine gebring het, en selfs ook nie die bystand van die Romeinse volk geniet het in daardie geskille wat die Aeduers met hom en die Sequane gehad het nie. Hy is verplig om te vermoed dat Caesar, nieteenstaande geveinsde vriendskap, die leër wat hy in Gallië het, daar het om hóm te onderdruk. Tensy Caesar dus wegmarsjeer en sy leër aan hierdie streke onttrek, sal hy hom nie as 'n vriend nie, maar as 'n vyand beskou. En as hy Caesar doodmaak, sal hy aan baie edelliede en leiers van die Romeinse volk 'n guns bewys – dit weet hy beslis van daardie mense self deur bemiddeling van hul boodskappers – en met Caesar se dood kan hy hulle almal se dank en vriendskap koop. Maar as Caesar wegmarsjeer en aan hom die vrye besit van Gallië oorlaat, sal hy hom met 'n groot beloning vergoed en al die oorloë wat Caesar gevoer wil hê sonder enige inspanning en gevaar aan sy kant, afhandel.

45 Baie argumente is deur Caesar aangevoer om aan te toon waarom hy nie van sy onderneming kon afsien nie. Nòg sy eie gewoonte, nòg die van die Romeinse volk, het hy gesê, laat toe dat hy uiters verdienstelike bondgenote in die steek laat, en dit is ook nie sy mening dat Gallië eerder aan Ariovistus as aan die Romeinse volk behoort nie. Die Arverners en die Ruteners⁴¹ is in 'n oorlog deur Quintus Fabius Maximus oorwin: die Romeinse volk het hulle vergewe en hulle nie tot 'n provinsie herlei, en hulle ook nie belasting opgelê nie. Maar as daar gelet moet word op die oudste tyd dan is die Romeinse volk se gesag in Gallië die mees gewettigde; as die beslissing van die senaat in ag geneem moet word, behoort Gallië vry te wees, want nadat dit in oorlog oorwin is, wou die senaat hê dat dit sy eie wette in gebruik moet hou.

46 Terwyl dít by die samespreking aan die gang was, is daar aan Caesar berig dat Ariovistus se ruiters die heuveltjie nader en op ons manne afgery kom, en klippe en werpwapens na hulle slinger. Caesar het sy betoog beëindig, toevlug geneem tot sy manne en hulle opdrag gegee om geen enkele werpwapen na die vyand terug te gooi nie. Want hoewel hy ingesien het dat 'n geveg met die ruiters sonder enige gevaar vir sy uitgelese legioen sou wees, was hy nogtans van mening dat hy dit nie moet laat gebeur dat, nadat die vyand verslaan is, daar gesê kon word dat hulle deur hom, in stryd met sy gegewe woord, gedurende die samespreking omsingel is nie. Nadat daar onder die gewone soldate bekendgemaak is welke verwaandheid Ariovistus by die samespreking aan die dag gelê, en die Romeine die hele Gallië verbied het, dat sy ruiters 'n aanval op ons manne gedoen, en hoe daardie insident die samesprekings

afgebreek het, het 'n veel groter gretigheid en 'n groter strydlus in die leër gevaar.

47 Twee dae daarna stuur Ariovistus gesante na Caesar om te sê hy wil met hom onderhandel in verband met die aangeleenthede wat hulle saam begin bespreek het maar nie afgehandel is nie, en om te vra dat Caesar òf weer eens 'n dag vir 'n samespreking bepaal, òf as hy dít nie wil nie, een van sy gesante na hom moet stuur. Caesar het geen rede vir 'n samespreking gesien nie, te meer omdat die Germane die vorige dag nie daarvan weerhou kon word om werpwapens na ons manne te slinger nie. Hy was van mening dat hy 'n gesant uit sy geledere onder groot gevaar na Ariovistus sou stuur, en hom aan wilde mense sou blootstel. Vir hom het dit die doelmagtigste gelyk om Gaius Valerius Procillus, Gaius Valerius Caburus se seun, 'n jongman met baie groot dapperheid en beskaafdheid, en wie se vader deur Gaius Valerius Flaccus met burgerreg begiftig is, na hom te stuur. Caesar het hom gestuur vanweë sy getrouheid en sy kennis van die Galliese taal, wat Ariovistus reeds deur langdurige omgang baie gebesig het, en omdat 'aar in sy geval vir die Germane geen rede tot vergryp bestaan het nie. Marcus Mettius, wat die gasvriendskap van Ariovistus geniet het, het hy saamgestuur. Aan hulle het hy opdrag gegee om te verneem wat Ariovistus sou sê, en dit aan hom terug te rapporteer. Toe Ariovistus hulle voor hom in sy kamp gewaar, het hy in teenwoordigheid van sy leër uitgeroep: "Waarom kom julle na my? Dalk om te spioeneer?" Toe hulle probeer praat, het hy hulle verbied en in kettings geslaan.

Die neerlaag van Ariovistus

48 Dieselfde dag nog het Ariovistus verder opgeruk en op 'n afstand van ses myl van Caesar se kamp af aan die voet van 'n berg stelling ingeneem. Die dag daarna het hy sy magte by Caesar se kamp verbygelei en sy eie kamp twee myl anderkant hom opgeslaan met die bedoeling om Caesar af te sny van die graan en voorrade wat van die Sequane en die Aeduers af aangebring moes word. Van daardie dag af het Caesar sy magte vyf agtereenvolgende dae voor sy kamp uitgelei en sy slaglinie opgestel gehou, sodat, indien Ariovistus wou slag lewer, die geleentheid hom nie sou ontbreek nie. Gedurende al hierdie dae het Ariovistus sy leër in die kamp gehou, maar elke dag in 'n ruiteryegevegte gemeet. Die gevegswyse waarin die Germane hulleself reeds geoefen het, was die volgende: daar was sesduisend ruiters en 'n gelyke aantal uiters vinnige en uiters dapper voetvolk vir wie die individuele ruiters terwille van persoonlike veiligheid, een elk uit die leër as geheel gekies het; in gevegte het die ruiters saam met hulle rondbeweeg. Na hulle het die ruiters

telkens teruggeval, en as iets ernstiger as gewoonlik opduik, het hulle nadergestorm; as 'n ruiter van sy perd afval nadat hy 'n taamlik ernstige wond opgedoen het, het hulle om hom gaan staan; as daar verder as gewoonlik iewers heen gestorm, of betreklik vinnig geritireer moes word, was hierdie mense se spoed, danksy hul geoeftendheid, so groot, dat hulle, half-opgelig aan die maanhare, die perde se vaart geëwenaar het.

49 Toe Caesar bemerk dat Ariovistus hom tot sy kamp beperk, en om te verhoed dat hy langer van voorrade afgesny word, het hy 'n geskikte posisie vir sy kamp gekies, verby die plek waar die Germane stelling ingeneem het, omtrent seshonderd treë van hulle af. Hy het 'n drievoudige slaglinie opgestel en by die plek aangekom. Die eerste en tweede linies het hy beveel om onder wapen te bly, en die derde, om die kamp te verskans. Hierdie posisie was, soos gesê, ongeveer seshonderd treë van die vyand af. Daarheen het Ariovistus ongeveer 16 000 liggewapende man tesame met sy ruitery gestuur. Hierdie magte moes ons manskappe verskrik en verhinder om die verskansing te bou. Desnieteenstaande het Caesar, soos hy reeds tevore besluit het, twee slaglinies beveel om die vyand terug te dryf, en die derde om die verskansingswerk te voltooi. Toe die kamp klaar verskans was, het hy twee legioene en 'n deel van die hulptroepe daar agtergelaat en die orige vier legioene na die groter kamp teruggelei.

50 Die volgende dag het Caesar in ooreenstemming met sy gebruik, sy magte uit albei kampe gelei, 'n endjie van die groter kamp af opgetrek, sy slaglinie opgestel, en die vyand 'n geleentheid gegee om te veg. Toe hy bemerk dat hulle selfs toe nie eers na vore kom nie, het hy sy leër teen ongeveer middag die kamp in teruggelei. Toe eers het Ariovistus 'n deel van sy magte gestuur om die kleiner kamp aan te val. Aan beide kante het hulle tot die aand verwoed geveg. Teen sonsondergang het Ariovistus sy magte die kamp in teruggelei nadat hulle sowel baie wonde toegedien as opgedoen het. Toe Caesar aan die gevangenes vra waarom Ariovistus nie 'n beslissende slag gelever het nie, het hy hierdie rede ontdek: omdat dit by die Germane die gewoonte was dat hulle getroude vroue met behulp van lootjies en voorspellings aangekondig of dit voordelig is dat 'n geveg aangeknoop word, of nie, en dat hulle soos volg verklaar het: "Dit is strydig met die goddelike wil dat die Germane oorwin, as hulle voor nuwemaan aan 'n geveg deelneem."

51 Die dag daarop het Caesar na sy oordeel 'n groot genoeg garnisoen vir beide kampe agtergelaat, en al sy vleueltroepe^{4 2} binne sig van die vyand voor die kleiner kamp opgestel. Hierdie vleueltroepe wou hy bloot vir die skyn gebruik aangesien hy ten aansien van sy totaal legioen-

soldate in verhouding met die getal van die vyand, swakker daaraan toe was. Daarna het hy persoonlik 'n drievoudige slaglinie opgestel en tot voor die vyandelike kamp genader. Toe oplaas het die Germane noodgedwonge hulle magte uit hul kamp gelei en op gelyke afstand van mekaar volgens stamme opgestel: Harude, Markomanne, Tribokers, Vangione, Nemete, Sedusiërs, Suebe. Hulle het hulle hele slaglinie met waens en karre omring, sodat daar geen hoop op vlug gelaat sou wees nie. Op hierdie voertuie het hulle hul vrouens geplaas wat al wenend met uitgestrekte hande die manne wat tot die stryd opruk, gesmeek het om hulle nie in slawerny aan die Romeine prys te gee nie.

52 Caesar het sy legatse en sy quaestor elk in bevel van 'n afsonderlike legioen geplaas, sodat elke soldaat hulle as getuies van sy persoonlike dapperheid kon hê. Hyself het die geveg aan die regterflank aangeknoop, want hy het bemerk dat daardie deel van die vyand die swakste was. Toe die teken gegee word, het ons manne die vyand so verwoed aangeval, en het die vyand so onverwags en vinnig voortgestorm, dat daar nie tyd gebied is om spiese na die vyand te slinger nie. Hulle het hul spiese weggegooi, en met swaarde is die geveg handgemeen gevoer. Maar die Germane het volgens gewoonte gou 'n falanks gevorm en die swaardaanval opgevang. Verskeie van ons soldate is daar bemerk wat op die falanks toegespring, die skilde met hul hande weggeruk, en van bo af wonde toegedien het. Hoewel die vyandelike linie aan die linkerflank verslaan en op vlug gejaag is, het hulle met hul oormag aan die regterflank hewige druk op ons linie uitgeoefen. Toe die jongman Publius Crassus wat in bevel van die ruitery was, dit bemerk, en omdat hy vryliker kon beweeg as hulle wat tussen die slaglinie deur besig was, het hy die derde legioen gestuur om ons manne wat in die moeilikheid verkeer, te help.


53 So is die geveg weer herstel, en al die vyand het omgespring en nie opgehou vlug voordat hulle by die Rynrivier, ongeveer vyf myl daarvandaan aangekom het nie. 'n Baie geringe aantal het daar òf op eie krag staatgemaak en probeer deurswem, òf redding gevind op skuitjies wat hulle daar raakgeloop het. Onder hulle was Ariovistus wat 'n klein bootjie aan die oewer vasmagter gekry, en daarmee ontvlug het. Ons manne het al die ander met die ruitery agtervolg en om die lewe gebring. Ariovistus het twee vrouens gehad: een uit die Suebiese volk, wat hy van sy huis af met hom saamgebring het; die ander een uit Noricum, 'n suster van koning Voccio, en met wie hy in Gallië getrou het toe sy deur haar broer vir hom gestuur is — albei het tydens hierdie vlug omgekóm. Hy het ook twee dogters gehad: een van hulle is gedood, die ander een gevange geneem. Terwyl Gaius Valerius Proculus met drie kettings geboei tydens die vlug deur sy bewakers voortgesleep is, het hy Caesar

self teëgekom waar hy die vyand met sy ruitery agtervolg. Voorwaar, hierdie toeval het aan Caesar geen geringer genot verskaf as die oorwinning self nie, omdat hy die mees agtenswaardige man van die provinsie Gallië, sy vertroude vriend en gasheer, gered uit die hand van die vyand en aan hom terugbesorg gesien het, en die noodlot ook niks aan sy groot plesier en vreugde ontnem het deur sy vriend se dood nie. Procillus het vertel dat daar driemaal in sy teenwoordigheid met lootjies oor homself beraadslaag is om vas te stel of hy onmiddellik 'n vuurdood moes sterf, en of hy vir 'n ander geleentheid gespaar moes word: aan die weldaad van die lootjies, het hy gesê, was hy sy veiligheid te danke. Net so is Marcus Mettius gevind en na Caesar teruggebring.

54 Nadat die nuus van hierdie slag oor die Ryn bekend gemaak is, het die Suebe wat reeds tot aan die oewer van die rivier gekom het, begin om huiswaarts terug te keer. Toe^{4 3} die stamme wat vlak naas die Ryn woon, bemerk dat hulle paniekbevange is, het hulle hul agtervolg en 'n groot aantal van hulle gedood. Na voltooiing van twee uiters groot oorloë in een somer, het Caesar sy leër 'n bietjie vroeër as wat die jaargety vereis het na hul winterkwartiere by die Sequane voortgelei. Hy het Labienus aan die hoof van die winterkwartiere gestel, en self na Nader-Gallië vertrek om die streekhofsittings^{4 4} te hou.

Die tweede boek

(57 v.C.)



Die kampanje van 57 v.C.

Die veldtog teen die Belge

1 Terwyl Caesar, soos ons hierbo aangetoon het, in sy winterkwartiere in Nader-Gallië vertoef het, is veelvuldige gerugte aan hom oorgedra en is hy insgelyks deur 'n brief van Labienus ingelig dat al die Belge, wat ons gesê het 'n derde deel van Gallië uitmaak, teen die Romeinse volk saamsweer en gyselaars aan mekaar gee. Sy inligting het gemeld dat die redes vir die sameswering die volgende was: eerstens, omdat hulle bang was dat wanneer die hele Gallië onderwerp is, ons leër teen hulle aangevoer sou word; tweedens, omdat hulle deur sommige Galliërs aangehits is, deels deur mense wat net so gegrief gevoel het dat 'n leër van die Romeinse volk in Gallië oorwinter en daar vasnestel, as wat hulle onwillig was dat die Germane hulle langer in Gallië moet bevind; en deels deur mense wat uit wispelturigheid en ligsinnigheid van gees na nuwe vorms van gesag gestreef het; selfs ook deur sommiges omdat die koningskappe in Gallië oor die algemeen bekleed is deur die magtiger burgers en diegene wat die middele besit het om manne te huur, en hulle daardie doel minder gemaklik onder ons gesag kon bereik.

2 Verontrus deur hierdie berigte en brief, het Caesar twee nuwe legioene in Nader-Gallië gewerf en in die begin van die somer vir Quintus Pedius, sy legaat, gestuur om hulle na Binne-Gallië¹ te lei. Hy self het, sodra daar 'n voorraad voer begin bestaan het, na die leër toe gekom. Hy gee opdrag aan die Senone en die ander Galliërs wat aan die Belge gegrens het, om uit te vind wat by laasgenoemde aan die gang is, en hom oor dié aangeleenthede in te lig. Hulle almal het eenparig berig dat bendes versamel, en 'n leër op een plek saamgetrek word. Toe, inderdaad het hy gemeen hy behoort nie te aarsel om teen hulle op te ruk nie. Nadat hy sy graantoevoer gereël het, breek hy kamp op en binne ongeveer vyftien dae bereik hy die gebied van die Belge.

3 Toe hy daar onverwags en vinniger as wat enigeen verwag het, aankom, het die Remers, 'n Belgiese stam wat die naaste aan Gallië woon, die gesante Iccius en Andecomborius, die mees vooraanstaandes van hulle staat, na hom gestuur om te sê dat hulle hulself en al hul besittings aan die beskerming en mag van die Romeinse volk oorlewer; dat hulle nie met die ander Belge saamstem, en ook nie teen die Romeinse volk saamgesweer het nie; dat hulle bereid is om gyselaars te gee, Caesar se bevel uit te voer, hom in hul dorpe te ontvang en met graan en ander benodigdhede te help. Al die ander Belge, het hul gesê, is onder wapen, en die Germane wat duskant die Ryn woon, het hul by hulle aangesluit;

hulle almal se waansin is so groot, dat hulle selfs nie eens die Suessione, hul broers en bloedverwante wat dieselfde reg en dieselfde wette handhaaf, en een gesag en een regerende amptenaar met hulle deel, kon weerhou om gemene saak met hierdie mense te maak nie.

4 Toe Caesar aan hulle vra welke state onder wapen is, hoe groot, en waartoe hulle in oorlog in staat is, het hy die volgende verneem: Die meeste Belge stam van die Germane af; lank gelede is hulle oor die Ryn gebring en vanweë die vrugbaarheid van die bodem het hulle hulle daar gevestig; hulle het die Galliërs wat daardie streke bewoon het, verdryf; toe die hele Gallië in die tyd van ons vadere geteister is, was hulle die enigste wat die Teutone en die Cimbriërs verhinder het om in hul grondgebied in te dring; ten gevolge hiervan het dit gekom dat hulle, in herinnering aan daardie gebeure, vir hulleself groot gesag en groot trots in krygsaangeleenthede aangematig het. Die Remers het beweer dat hulle oor alles omtrent hul getalsterkte noukeuring ingelig was, omdat hulle deur verwantskap en ondertrouery aan hulle verbind was en geweet het hoe 'n groot aantal manskappe elke stam in die algemene landdag van die Belge vir hierdie oorlog belowe het. Deur sowel hul dapperheid as invloed en bevolkingsyfer was die Bellovake die sterkste onder hulle: hulle kon 100 000 gewapende man op die been bring; van daardie aantal het hulle 60 000 keurtroepe belowe en vir hulleself die oppergesag van die hele oorlog opgeëis. Die Suessione, het die Remers verder gesê, was hulle bure; hulle het die meeste uitgestrekte en vrugbaarste grond besit. By hulle, nog in ons tyd, was Diviciacus die koning, die magtigste vors van die hele Gallië, wat oor sowel 'n groot deel van hierdie streke asook oor Britannië gesag uitgeoefen het. Tans was Galba die koning; vanweë sy regverdigheid en wysheid is die opperste leiding van die hele oorlog met algemene instemming aan hom opgedra; hy het 12 dorpe besit en het 50 000 gewapende manne belowe. Die Nerviërs, wat onder die Belge self as die mees onbeskaafde mense beskou is en die verste weg gewoon het, het net soveel belowe; die Atrebate 15 000; die Ambiane 10 000; die Moriners 25 000; die Menapiërs 7 000; die Caleti 10 000; die Vellocassiërs en die Viromanduers, net soveel; die Aduatukers, 19 000; die Condrusiërs, Eburone, Caeroesiërs en Paemane wat onder een naam as "Germane" bekend staan, het die Remers gemeen, het by die 40 000 man beloof.

Die veldtog teen die suidelike stamme

5 Caesar het die Remers bemoedig, hulle vriendelik toegesprek, en beveel dat hulle hele senaat na hom moet kom, en dat die hoofmanne

se kinders as gyselaars na hom gebring moet word. Dit alles is deur hulle stiptelik op die bepaalde dag uitgevoer. Hyself het die Aeduer Diviciacus grootliks bemoedig, en hom daarop gewys van welke groot belang dit vir die Romeinse staat en hul gemeenskaplike heil was dat die bendes van die vyand uitmekaar gehou word, om nie terselfdertyd teen so 'n groot menigte te moet veg nie. Dit kon gedoen word, het hy gesê, as die Aeduers hulle magte die gebied van die Bellovake binnelei, en hulle lande begin verwoes. Met hierdie opdragte het hy hom laat gaan. Toe Caesar bemerk dat al die magte van die Belge op een plek saamgetrek is en teen hom opruk, en toe hy van die spioene wat hy gestuur het, en van die Remers verneem dat hulle nie meer ver is nie, het hy hom gehaas om sy leer oor die Aisnerivier² wat op die verste grense van die Remers geleë is, en daar het hy sy kamp opgerig. Hierdie maatreël het sowel die een sy van sy kamp met die rivieroewers verskans, as die gebied aan sy rugkant teen die vyand beveilig, en meegebring dat voedselvoorrade van die Remers en die ander state af sonder gevaar na hom aangevoer kon word. Oor dié rivier was daar 'n brug. Daar plaas hy 'n wagpos, en laat sy legaat, Quintus Titurius Sabinus, met ses kohorte aan die ander kant van die rivier agter. Hy beveel hom om die kamp met 'n twaalf voet hoë wal en 'n agtien voet breë grag te verskans.

Die neerlaag van die Belge by die Aisne

6 Agt myl van hierdie kamp af was daar 'n dorp van die Remers, genaamd Bibrax. Die Belge het dit direk vanuit die mars met groot heftigheid begin aanval. Slegs met moeite het hulle daardie dag uitgehou. Die Galliërs en Belge se beleëringsmetode is dieselfde, en verloop soos volg: 'n menigte manne word oral om die skanse opgestel, en wanneer hulle van alle kante af klippe na die muur gooi, en die muur is van verdedigers gestroop, vorm hulle 'n skilddak³, steek die hekke aan die brand en ondergrawe die muur. En dít is wat by dié geleentheid maklik gedoen is. Want aangesien so 'n groot menigte klippe en werpwapens gegooi is, was dit vir niemand moontlik om op die muur te bly staan nie. Toe die nag 'n einde aan die aanval bring, stuur die Remer Iccius—'n man van baie hoë afkoms en baie groot invloed onder sy mense, en wat toe in bevel van die dorp, en een van dié was wat as vredesgesante na Caesar gekom het—'n boodskap na hom om te waarsku dat as daar nie vir hom hulp gestuur word nie, hy nie langer kan uithou nie.

7 Deur dieselfde manne wat as boodskappers van Iccius af gekom het as gidse te gebruik, stuur Caesar teen ongeveer middernag die Numidiese en Kretensiese boogskutters en die Baleariese slingersaars ter onder-

steuning van die dorpbewoners. By hulle aankoms het die Remers se lus om hulleself te verweer, tesame met hul hoop op verdediging toegeneem, en om dieselfde rede het die vyand se hoop om die dorp in te neem, verdwyn. Hulle het dus 'n kort rukkie in die omgewing van die dorp getalm, die Remers se landerye verwoes, al die gehuggies en opstalle wat hulle kon bereik, aan die brand gestee, met al hul magte na Caesar se kamp opgeruk en hul eie kamp minder as twee myl daarvandaan opgeslaan. En hierdie kamp het, soos aangedui deur die rook en die wagvure, vir meer as agt myl in die breedte gestrek.

8 Aanvanklik het Caesar besluit om af te sien van 'n geveg, enersyds weens die groot aantal vyande, en andersyds weens hul besondere reputasie vir dapperheid. Daagliks het hy egter deur middel van ruiterygevegte 'n proef gemaak van waartoe die vyand met hul dapperheid in staat was, en wat ons manne sou waag. Toe hy bemerk dat ons manne nie minderwaardig is nie, en omdat die terrein voor sy kamp van nature gunstig en geskik was vir die opstel van sy slaglinie — die heuwel waarteen sy kamp geleë was, het immers net effens uit die vlakke verrys en het regoor die vyand, in breedte oor net soveel spasie gestrek as wat 'n opgestelde slaglinie in beslag kon neem; aan albei flanke het dit styl hellings gehad, en aan die voorkant het dit met 'n sagte glooiing langsamerhand in die vlakke verloop — het hy aan beide flanke van daardie heuwel 'n dwarsgrag van ongeveer agthonderd treë laat grawe. Aan die eindpunte daarvan het hy forte opgerig, en daar grofgeskut⁴ geplaas om te verhoed dat wanneer hy sy linie opgestel het, die vyand, omdat hulle so sterk was in getalle, sy eie manne wat aan die flanke veg, sou kon omsingel. Toe dit voltooï is, het hy die twee legioene wat hy die laaste gerekruteer het, in die kamp agtergelaat sodat hulle na enige plek waar dit nodig sou wees as versterking gebring kon word, en die orige ses legioene voor die kamp in slaglinie opgestel. Die vyand het eweneens hulle magte uit hul kamp gelei en opgestel.

9 Daar was 'n moeras—nie 'n grote nie—tussen ons leër en die van die vyand. Die vyand het gewag om te kyk of ons manne dit sou oorsteek; ons manne, egter, het onder wapen gereed gestaan om hulle aan te val as hulle sou begin oorsteek en in 'n belemmerde toestand verkeer. Instussen het daar 'n ruiterygeveg tussen die twee slaglinies plaasgevind. Toe nie een van die twee kante 'n begin maak om oor te steek nie, en omdat die ruiterygeveg in ons manne se guns verloop het, het Caesar sy soldate na die kamp toe teruggelei. Dadelik het die vyand van daar af na die Aisnerivier opgeruk, wat, soos aangetoon, agter ons kamp geleë was. Daar het hulle driewwe gevind en probeer om 'n deel van hulle magte oor te lei, met die bedoeling om, as hulle dit kon regkry, die fort aan die

hoof waarvan Quintus Titurius, die legaat, gestaan het, te bestorm en die brug af te breek; as hulle dit nie kon regkry nie, om die Remers se lande-rye wat vir ons tot groot nut vir die oorlogvoering was, te verwoes, en ons manne van voedselvoorrade af te sny.

10 Ingelig deur Titurius, lei Caesar sy hele ruitery en die liggewapende Numidiërs, slingerars en boogskutters oor die brug en ruk teen hulle op. Op daardie plek het hulle verwoed geveg. Terwyl die vyand in die rivier belemmer was, het ons manne hulle aangeval en 'n groot aantal van hulle gedood. Die origes wat uiters waaghalsig gepoog het om oor die lyke van hulle makkers oor te steek, het hulle met 'n wolk van werptuie teruggedryf, en die voorstes wat reeds oorgesteek het, met die ruitery omsingel en afgemaai. Toe die vyand besef dat hulle bedroë is in hulle hoop, sowel om die dorp stormenderhand te verower as om die rivier oor te steek, en toe hulle sien dat ons manne nie na ongunstiger terrein opruk om te veg nie, en dat hul eie graanvoorraad hulle in die steek begin laat, het hulle 'n krygsraad byeengeroep en besluit dat dit die beste is dat elke man na sy eie huis terugkeer; dat hulle dan van alle kante af sou byeenkom om diegene wie se gebied die Romeine hulle leer die eerste sou binnelei, te verdedig, sodat hulle eerder in hulle eie as in ander se gebied tot die bitter einde kon veg, en hulle eie tuisvoorrade graan kon benut. Tesame met ander redes, het ook die volgende motief hulle tot dié sienswyse gebring: hulle het naamlik verneem dat Diviciacus en die Aeduers die Bellovake se grondgebied nader. Laasgenoemdes kon nie oorreed word om langer te talm, en nie hulp aan hulle landgenote te bring nie.

11 Na hierdie besluit geneem is, het hulle hul kamp gedurende die tweede nagwaak met groot lawaai en beroering sonder enige bepaalde orde of gesag verlaat en aangesien elkeen vir homself die voorste plek in die mars nagestreef, en gehaas het om sy huis te bereik, het hulle veroorsaak dat hulle vertrek baie na vlug gelyk het. Deur middel van sy spioene het Caesar dadelik hiervan te hore gekom, en uit vrees vir 'n hinderlaag, omdat hy nog nie duidelik ingesien het om welke rede hulle vertrek het nie, het hy sy leer en ruitermag in die kamp gehou. Teen dagbreek, toe hulle vertrek deur spioene bevestig is, het hy sy hele ruitery vooruitgestuur om hulle agterhoede te vertraag. Hy het sy legat Quintus Pedius en Lucius Aurunculeius Cotta in bevel van die ruiters geplaas, en die legaat Titus Labienus beveel om met drie legioene op 'n kort afstand te volg. Die ruitery het die agterhoede aangeval, hulle vir baie myle agtervolg, en 'n groot menigte van hulle in hul vlug neergevel aangesien die wat aan die agterhoede ingehaal is, bly staan, en ons soldate se aanval dapper weerstaan het, terwyl die aan die voorpunt, omdat hulle skynbaar

ver van die gevaar af was en deur geen dwang of bevel teruggehou is nie, hulle gelid verbreek het toe hulle die geskree hoor, en almal hul heil in vlug gesoek het. So het ons manne sonder enige gevaar so 'n groot menigte van hulle gedood as wat die duur van die dag toegelaat het. Teen sononder het hulle opgehou en soos beveel, kamp toe teruggeval.

12 Die dag daarna, voordat die vyand van hulle paniek en vlug kon herstel, het Caesar sy leër die gebied van die Suessione, 'n buurstaat van die Remers, binnegelei, en na aflegging van 'n snelmars, na die dorp Noviodunum opgeruk. Hy het dit direk vanuit die mars probeer aanval omdat hy gehoor het dat dit sonder verdedigers was, maar weens die breedte van die grag en die hoogte van die muur kon hy dit nie inneem nie hoewel daar min verdedigers was. Nadat hy sy kamp verskans het, het hy begin om skutdakke te laat aanstoot en om alles wat vir 'n aanval tot nut was, gereed te kry. Intussen het die ganse menigte Suessione, na hul vlug, die volgende nag in die dorp versamel. Toe die skutdakke vinnig na die dorp toe aangestoot, 'n beleëringswal opgestapel en torings gebou is, stuur die Galliërs, onthuts deur die omvang van die beleëringswerke — dinge wat hulle nog nie tevore gesien of van gehoor het nie — en die snelheid van die Romeine, gesante na Caesar om oor oorgawe te onderhandel, en toe die Remers versoek dat die Sussione gespaar moet word, word hulle versoek toegestaan.

13 Nadat Caesar die vernaamste burgers van die staat en die twee seuns van koning Galba self as gyselaars ontvang het, en nadat al die wapens uit die dorp uitgelewer was, het hy die oorgawe van die Suessione aanvaar en sy leër teen die Bellovake gelei. Laasgenoemde het hulleself en al hul besittings in die dorp Bratuspantium versamel, en toe Caesar met sy leër ongeveer vyf myl van dié dorp af was, het al die ouer manne uit die dorp gekom. Hulle het begin om hulle hande na Caesar uit te strek en om met luide stem te kenne te gee dat hulle hulself aan sy beskerming en mag onderwerp, en nie met wapens teen die Romeinse volk stry nie. Toe hy die dorp genader het en besig was om sy kamp daar op te slaan, het die kinders en vroue eweneens, volgens hul gewoonte, met uitgestrekte hande van die muur af vrede van die Romeine afgesmeek.

14 Ten behoeve van hulle pleit Diviciacus — want na die aftog van die Belge en die demobilisering van die Aeduers se magte het hy na Caesar teruggekeer —: "Die Bellovake het te alle tye die beskerming en vriendskap van die Aeduerstaat geniet. Omdat hulle aangehits is deur hulle hoofmanne wat beweer het dat die Aeduers deur Caesar in slawerny ge-

dompel is en alle vernedering en smaad verduur, het hulle sowel afvallig geword van die Aeduers as teen die Romeinse volk aggressie gepleeg. Die leiers van daardie plan het na Britannië gevlug omdat hulle besef het welke groot ramp hulle oor hul staat gebring het. Nie alleen die Bellovake nie, maar in hulle naam ook die Aeduers, smee u om u kenmerkende toegeeflikheid en goedertierenheid teenoor hulle aan die dag te lê. Want as u dit doen, sal u die Aeduers se aansien by al die Belge verhoog, want met die Aeduers se hulp en bystand kon hulle gewoonlik standhou indien daar enige oorloë uitbreek het.”

15 Uit agting vir Diviciacus en die Aeduers het Caesar gesê hy sal hulle onder sy beskerming neem en spaar. Omdat dit ’n staat met groot aansien onder die Belge was, en omdat dit in bevolkingstal uitgemunt het, het hy seshonderd gyselaars geëis. Toe dié uitgelewer, en al die wapens uit die dorp versamel is, het hy van daar af in die gebied van die Ambiane aangekom wat hulleself en al hul besittinge onverwyld oorgegee het. Die Nerviërs, het aan hulle gebied gegrens en toe Caesar navraag doen na die aard en sedes van die Nerviërs, het hy die volgende uitgevind: Handelaars het geen toegang tot hulle gehad nie; hulle het nie toegelaat dat wyn of ander weeldeartikels ingevoer word nie, want hulle was van oordeel dat hulle gees daardeur verslap en hulle moed verflou; hulle was woeste manne met groot dapperheid; hulle het die ander Belge beskimp en beskuldig as sou hulle hul aan die Romeinse volk oorgegee, en hul voorvaderlike moed laat vaar het; hulle het bevestig dat hulle nie gesante sou stuur, en ook geen vredesvoorwaarde sou aanvaar nie.

16 Toe hy drie dae lank deur hul gebied gemarsjeer het, het Caesar van krygsgevangenes verneem dat die Sellerivier⁵ nie meer as tien myl van sy kamp af was nie; al die Nerviërs het oorkant die rivier stelling ingeneem en daar wag hulle die koms van die Romeine af tesame met die Atrebate en die Viromanduërs, hulle bure, want hulle het beide hierdie stamme oorreed om dieselfde oorlogskans te beproef; daarbenewens word die magte van die Aduatukers deur hulle verwag, en dié is op weg; hulle het die vrouens en die mans wat weens hul ouderdom van geen nut vir die geveg geblyk het nie, inderhaas op ’n plek versamel waartoe daar weens die moerasse geen toegang vir die leër was nie.

17 Nadat hierdie inligting bekom is, stuur Caesar verkenners en centurio’s vooruit om ’n geskikte plek vir sy kamp te kies. Daar etlikes van die onderworpe Belge en ander Galliërs in Caesar se gevolg was en saamgemarsjeer het, het sekeres onder hulle – soos later van krygsgevangenes verneem is – nadat hulle die marsorde van ons leër gedurende hierdie dae deurgekyk het, in die nag by die Nerviërs aangekom en hulle

daarop gewys dat 'n groot hoeveelheid van die bagasie tussen die afsonderlike legioene gevolg het, en dat dit kinderspeletjies was om, wanneer die eerste legioen in die kamp aangekom het en die ander legioene nog op 'n groot afstand was, hierdie legioen onder die las van hul persoonlike bagasie te oorval; en as dít verdryf en die bagasie geplunder is, sou die res nie waag om weerstand te bied nie. Die plan van diegene wat die saak verklap het, is verder aangehelp deur die omstandigheid dat die Nerviërs in die ou dae toe hulle met hul ruitery niks vermag het nie — want tot op die huidige oomblik gee hulle niks om vir daardie leërafdeling nie, maar alles waartoe hulle in staat is, vermag hulle met voetvolk — snitte in jong boompies gemaak en hulle omgebui het, en nadat digte takke in die breedte uitgegroeï het, braam- en doringstruïke daartussen geplant het om hulle bure se ruitery makliker te dwarsboom indien hulle plunder-togte teen hulle kom onderneem. Daardeur het hulle bereik dat hierdie heinings vir hulle 'n beskutting soos die van 'n muur gebied het, wat nie alleen nie binnegegaan, maar selfs nie deurgesien kon word nie. Aangesien die opmars van ons kolonne daardeur gehinder is, was die Nerviërs van mening dat die raad nie in die wind geslaan moes word nie.

18 Die aard van die terrein wat ons manne vir die kamp uitgekies het, was soos volg. 'n Heuwel met gelykmatige glooiing van die kruin af het na die Sellerivier, wat ons hierbo vermeld het, afgestrek. Voor, en direk teenoor hierdie heuwel, het 'n ander heuwel met gelyke helling uit die rivier verrys. Aan sy voet was dit vir ongeveer tweehonderd treë kaal, maar in die hoërliggende deel bebos, sodat 'n mens nie maklik na binne kon deursien nie. In hierdie bosse het die vyand hulle skuilgehou; in die kaal strook langs die rivier was slegs 'n paar ruiteryposte sigbaar. Die rivier was ongeveer drie voet diep.

19 Caesar het sy ruitery vooruitgestuur en met al sy magte gevolg, maar die opstelling en marsorde van die kolonne was anders as wat die Belge aan die Nerviërs verraaï het. Want aangesien hy die vyand⁶ genader het, het Caesar volgens sy gewoonte ses liggewapende legioene aangevoer; agter hulle het hy die hele leër se swaar bagasie geplaas; daarna het die twee legioene wat laaste gerekruteer was, die hele kolonne afgesluit en tot dekking van die bagasie gedien. Ons ruitery het saam met die slingerars en boogskutters deur die rivier getrek en 'n geveg met die vyand se ruitery aangeknoop. Terwyl laasgenoemde herhaaldelik na hul manskappe in die bosse teruggeval, en uit die bos opnuut 'n aanval op ons manne gemaak het en ons soldate dít nie gewaag het om die wykendes verder as die grens tot waar die lang kaal strook gestrek het, te agtervolg nie, het die ses legioene wat eerste aangekom het ondertussen die skanswerk

uitgemeet en begin om die kamp te verskans. Toe die eerste eenhede van ons leër se bagasie gewaar word deur die vyand wat hulle in die bosse verskuil en verberg het — die oomblik waarop daar tussen hulle afgespreek was om die geveg aan te knoop — het hulle skielik net soos hulle in die bosse hulle linie en geledere opgestel en hulleself moed ingepraat het, met al hul magte vorentoe gestorm en 'n aanval op ons ruiters gemaak. Nadat hulle sonder moeite verslaan en uiteengejaag is, het hulle met ongelooflike snelheid na die rivier toe afgehardloop, met die gevolg dat 'n mens die vyand byna terselfdertyd by die bosse, in die rivier, en reeds in ons onmiddellike nabyheid gesien het. Met dieselfde snelheid ruk hulle egter die heuwel op na ons kamp en diegene wat met die skanswerk besig was.

20 Caesar moes alles terselfdertyd doen: die vlag⁷ moes gehys word — wat die teken was wanneer die manne na hul wapens moes hardloop; die sein moes met die trompet gegee word; die soldate moes van die skanswerk teruggeroep word; diegene wat 'n bietjie verder vooruitgegaan het om materiaal vir die beleëringswal te soek, moes teruggehaal word; die linie moes opgestel word; die soldate moes aangespoor word; die aanvalsteken moes gegee word. Die kort tydjie en die aanstorm van die vyand het 'n groot deel van hierdie maatreëls verhinder. Twee faktore het hierdie moeilikhede help regstel: die kundigheid en ervaring van die soldate — want, geoefen in vorige gevegte, kon hulle ewe goed aan hulself voorskryf wat gedoen moes word, as wat hulle deur ander voorgesê word — en omdat Caesar iedere legaat verbied het om die skanswerk en hul onderskeie legioene te verlaat tensy die kamp verskans was. Weens die nabyheid en die snelheid van die vyand het hierdie legate geensins op Caesar se bevel gewag nie, maar uit eie inisiatief die maatreëls getref wat vir hulle nodig gelyk het.

21 Nadat Caesar die noodsaaklike be vele gegee het, het hy sommer in 'n toevallige rigting na onder gehaas om sy soldate aan te moedig, en by die tiende legioen uitgekóm. In 'n kort toespraak het hy die soldate aangemoedig om die herinnering aan hul vroeëre dapperheid te bewaar, om nie van stryk gebring te word nie, en om die aanslag van die vyand moedig te weerstaan, en omdat die vyand nie verder weg was as wat 'n werpwapen geslinger kon word nie, het hy die teken gegee om die geveg aan te knoop. Hy het na die ander vleuel vertrek om hulle insgelyks te bemoedig, en hulle reeds aan die veg gevind. Die tyd was so kort, en die luim van die vyand so gereed vir die stryd, dat tyd ontbreek het, nie alleen om die onderskeidingstekens aan te speld nie, maar selfs ook om die helms op te sit en die bekledings van die skilde af te trek. In welke

rigting ook al elkeen toevallig van die skanswerk af gekom het, en welke veldtekens ook al hy eerste gewaar het, daar het hy stelling ingeneem om geen tyd om te veg in 'n gesoek na sy eie kompanieledes te verloor nie.

22 Die leër was meer volgens die aard van die terrein, die helling van die heuwel en die behoefte van die oomblik, as volgens die reël en orde van die krygskunde opgestel. Aangesien die legioene van mekaar geskei was en elkeen die vyand op 'n verskillende plek weerstaan het, en aangesien die uitsig belemmer is deur die uiters digte heinings wat, soos ons tevore aangetoon het, daartussen gestaan het, kon bestemde reserwes nie opgestel, kon daar nie voorsien word wat aan elke front nodig was, en kon al die bevele nie deur een man behartig word nie. In sulke ongunstige omstandighede het daar dus ook wisselende nootlotsgebeure gevolg.

23 Soos die soldate van die negende en tiende legioene aan die linkerflank in slaglinie opgestel gestaan het, het hulle hul werpspiese geslinger en die Atrebate — want dié afdeling het teenoor hulle gestaan — wat uitasem van die vermoeiende hardloop en afgemat was deur wonde, spoedig uit die hoërliggende terrein die rivier in gejaag, hulle met die swaard agtervolg toe hulle probeer oorsteek, en 'n groot deel van hulle in dié belemmerde toestand gedood. Self het hulle nie geaarsel om oor te steek nie, en nadat hulle ongunstige terrein inbeweeg het, het hulle die vyand wat ná die hervatting van die geveg weer eens weerstand gebied het, op vlug gejaag. Elders het twee vanmeekaargeskeide legioene, die elfde en die agste, ook die Viromanduërs met wie hulle slaags gereek het, verjaag, die hoërliggende terrein verlaat en juis op die rivieroewers geveg. Maar toe feitlik die hele kamp aan die voor- en linkerkant ontbloot was, aangesien die twaalfde legioen aan die regtervleuel opgestel was, en die sewende nie ver van hulle af nie, het al die Nerviërs in uiters diggeslote geledere onder leiding van Buduognatus wat die opperbevel gevoer het, na daardie plek opgeruk. 'n Deel van hulle het die legioene aan hul onbedekte flank begin omsingel, en 'n ander deel om na die hoogste terrein waar die kamp geleë was, te storm.

24 Op dieselfde oomblik het ons ruiters en die liggewapende voetvolk wat saam met hul was — troepe wat, soos ek gesê het, by die eerste aanslag van die vyand verjaag is — hulle vol in die vyand vasgeloop terwyl hulle na die kamp terugval, en weer eens in 'n ander rigting die wyk geneem. En toe die kampknegte wat van die agterpoort en heuwelrug af gesien het dat ons manne die rivier seëvierend oorsteek, en daarom op roof uitgetrek het, omkyk en die vyand in ons kamp sien rondbeweeg, het

hulle halsoorkop op vlug geslaan. Tegelykertyd het daar 'n geskree en lawaai ontstaan onder die manskappe wat met die bagasie aan die kom was, en almal het doodverskrik in verskillende rigtings weggestorm. Die ruiters van die Trevere wat by die Galliërs 'n besondere reputasie vir dapperheid geniet, en wat deur hulle staat na Caesar gestuur is en gekom het om hom te help, is deur al hierdie gebeure onthuts. Toe hulle sien dat ons kamp volloop van 'n menigte van die vyand, dat ons legioene onder druk verkeer en feitlik omsingel vasgepen word, dat die kampknegte, ruitery, slingeraars en Numidiërs geskei van mekaar en uiteengejaag in alle rigtings vlug, het hulle aan ons toestand gewanhoop en huiswaarts gehaas. Aan hulle staat het hul gerapporteer dat die Romeine verdryf en oorwin is, en dat die vyand hulle meester gemaak het van hul bagasie.

25 Na sy bemoediging aan die tiende legioen het Caesar na die regter-vleuel vertrek. Daar het hy gesien dat sy manne onder swaar druk geplaas word en dat die soldate van die twaalfde legioen hulle vaandels op een plek versamel het en mekaar in hul opeengedringde formasie in die geveg hinder; dat al die centurio's van die vierde legioen gedood is; dat die vaandeldraer gesneuwel het en die vaandel verloor is; dat byna al die centurio's van die ander kohorte of gewond of gedood is – onder hulle die hoofcenturio, Publius Sextius Baculus, 'n baie dapper man, uitgeput deur menige swaar wond en gevolglik reeds nie in staat om op sy bene te bly nie; dat die ander bra traag is en dat sommige uit die agterste geledere die geveg verlaat en die werpwapens vermy; dat die vyand nie ophou om van die laer terrein af aan die voorkant boontoe te beweeg nie, en aan beide flanke vorentoe dring. Toe hy dus sien die toestand is kritiek en daar is geen reserwe wat opgestuur kan word nie, gryp hy 'n skild by een van die soldate in die agterste geledere omdat hy self sonder 'n skild daarheen gekom het, tree vooruit na die eerste linie, spreek die centurio's op hul naam aan, bemoedig die ander soldate, en beveel hulle om aan te val en die kompanies in oop orde op te stel sodat hulle hul swaarde makliker kon hanteer. Deur sy aankoms is die soldate moed ingeboesem en is hul strydilus hernieu, aangesien elkeen onder die oë van die opperbevelhebber, selfs in die uiterste persoonlike gevaar, na eie kragte sy bes wou doen. So is die vyand se aanval effens gestuit.

26 Toe Caesar bemerk dat die sewende legioen wat langs die twaalfde stelling ingeneem het, eweneens deur die vyand onder kwaai druk geplaas word, het hy aan die krygstribune laat weet dat die twee legioene geleidelik moet saamsmelt, 'n regsomkeer maak en die vyand moet aanval. Nadat dit uitgevoer is, het hulle stoutmoediger begin weerstand bied en dapperder begin veg, aangesien die een soldaat die ander hulp gebied

het en hulle ook nie bang was dat hulle van agter deur die vyand omsingel sou word nie. Intussen het die soldate van die twee legioene wat in die agterhoede ter beskerming van die bagasie gedien het, op berig van die geveg, in stormpas aangesnel en is hulle van die kruin van die heuwel af deur die vyand gewaar. Titus Labienus wat die vyandelike kamp ingeneem en van die hoërliggende terrein af gesien het wat in ons kamp aan die gang was, het die tiende legioen gestuur om ons manne te gaan help. Toe hulle uit die vlug van die ruiters en kampknegte opmaak hoe sake staan, en in welke groot gevaar sowel die kamp as die legioene en die opperbevelhebber verkeer, het hulle alles moontlik gedoen om vaart te bewerkstellig.

27 By hulle aankoms is so 'n groot ommekeer van sake teweeggebring dat ons manne, selfs die wat uitgeput deur wonde neergeval het, op hul skilde gesteun en die geveg hervat het. Toe, by die sien van die verskrikte vyand, het die kampknegte selfs ongewapen die gewapendes tegemoetgestorm. Veral het die ruiters, om die skande van hulle vlug met dapperheid uit te wis, op alle plekke geveg om die legioensoldate te oortref. Maar selfs in hul uiters geringe hoop op redding het die vyand sulke groot dapperheid aan die dag gelê dat, toe die eerstes onder hulle sneuwel, die volgendes op die gevallenes gaan staan en van op hul lyke geveg het, en dat, wanneer ook hulle neergevel, en die lyke in stapels opgehoop is, die oorlewendes as't ware van op 'n grafheuvel hul werpwapens na ons manne geslinger, en die spiese gevang en teruggegooi het. Gevolglik moes 'n mens tot die slotsom kom dat manne met sulke groot dapperheid nie sonder rede gewaag het om 'n uiters breë rivier oor te steek, uiters styl oewers te bestyg, en oor uiters ongunstige terrein op te beweeg nie. Grootheid van moed het hierdie take van geweldig moeilik na maklik gereduseer.

28 Aangesien die stam en die naam van die Nerviers na afloop van hierdie geveg byna vernietig was, het die ouer manne wat ons gesê het saam met die vrouens en kinders by die riviermondinge en moerasse versamel was, na berig van hierdie slag gemeen dat daar vir die oorwinnaars geen hinderpaal, en vir die oorwonnenes geen veiligheid meer was nie. Met die instemming van al die oorlewendes het hulle gesante na Caesar gestuur en hulle aan hom oorgegee. In die relaas van die ramp wat hul staat getref het, het hulle verklaar dat hulle van seshonderd senatore tot drie, en van sestigduisend weerbare manne tot nouliks vyfhonderd verminder is. Sodat daar gesien kon word dat hy medelye betoon teenoor ongelukkiges en smekeling, het Caesar hulle met die grootste besorgdheid gespaar, en hulle aangesê om hulle eie gebied en dorpe te be-

woon, en die buurstamme opdrag gegee om hulleself en hul stamgenote van gewelddadigheid en vyandige optrede te weerhou.

Die inname van die Aduatukers se vesting

29 Na berig van hierdie slag het die Aduatukers — oor wie ons hierbo geskryf het, toe hulle die Nerviërs met al hulle magte te hulp gekom het — hul mars laat vaar en huiswaarts gekeer. Hulle het al hul dorpe en forte verlaat en al hul besittings byeengebring in een dorp wat voortreflik deur sy natuurlike gesteldheid verskans was. Terwyl dit rondom aan alle kante geweldig hoë rotse en 'n uitsig na benede gehad het, het daar aan een kant 'n lig hellende toegang oorgebly, nie meer as tweehonderd voet in die breedte nie. Hierdie plek het hulle met 'n baie hoë dubbele muur verskans, en toe swaar rotsblokke en aangepunte balke op die muur geplaas. Self het hulle afgestam van die Cimbriërs en Teutone wat tydens hulle tog na ons Provinsie en Italië die bagasie wat hulle nie met hulle kon meevoer en saamdra nie, duskant die Ryn in bewaring geplaas, en uit hul geleedere 'n garnisoen van sesduisend man as wag daarby agtergelaat het. Na die vernietiging van hul landgenote is hierdie garnisoen baie jare lank deur die buurstamme lastig geval terwyl hulle soms 'n offensiewe, en soms 'n defensiewe oorlog gevoer het. Nadat daar met algemene goedkeuring vrede gesluit is, het hulle hierdie streek as hul woonplek gekies.

30 Onmiddellik na die aankoms van ons leer het hulle herhaalde uitvalle uit die dorp gemaak, en in klein skermutselings met ons manne slaags geraak. Later, toe hulle met 'n wal van vyftienduisend voet in omtrek, en met talryke forte rondom verskans was, het hulle pal in die dorp gebly. Toe die skutdakke aangestoot, en 'n beleëringswal gestapel is, en hulle sien 'n toring word in die verte opgerig, het hulle eers van op die muur gelag en ons luid beskimp omdat so 'n geweldige toestel op so 'n groot afstand gebou word. Met welke hande, of met welke kragte, het hulle gevra, het veral mense met so 'n klein gestalte — want oor die algemeen is ons korthed in vergelyking met hulle groot liggaamsbou vir Galliërs 'n voorwerp van minagting — geglo dat hulle 'n toring met so 'n groot gewig op die muur⁸ kon plaas?

31 Toe hulle egter sien dat dit in beweging kom en die mure nader, is hulle onthuts deur die vreemde, ongewone skouspel, en het vredesgesante na Caesar gestuur om in dier voeë te praat: Hulle was daarvan oortuig dat die Romeine nie sonder goddelike hulp die oorlog gevoer het nie, aangesien hulle sulke hoë toestelle met so 'n groot snelheid vorentoe

kon beweeg, en hulle het verklaar dat hulle hulself en al hul besittings aan sy gesag onderwerp. Slegs een ding versoek en smeeke hulle af: indien hy dalk ooreenkomstig sy genade en sagsinnigheid, waarvan hulle persoonlik van ander gehoor het, besluit het dat die Aduatukers gespaar moet word, moet hy hulle nie hulle wapens ontnem nie. Byna al hulle buurstamme was hul vyandiggesind en het hulle hul dapperheid beny; as hulle hul wapens uitlewer, kon hulle hulself nie teen hulle verdedig nie. As hulle tot so ongelukkige toestand gebring sou word, was dit vir hulle beter om enige lot uit die hand van die Romeinse volk te verduur, as om met foltering doodgemaak te word deur diegene oor wie hulle gewoon was om te heers.

32 Hierop het Caesar geantwoord: Hy sal hulle staat spaar, meer uit sy gewoonte as vanweë hul verdienste, as hulle hulself oorgee voordat die stormram die muur raak, maar daar kan geen voorwaardes van oorgawe wees sonder uitlewering van wapens nie. Hy sal doen wat hy in die geval van die Nerviërs gedoen het, en hulle buurstamme beveel om die onderworpenes van die Romeinse volk geen leed aan te doen nie. Hulle het dit aan hul volksgenote gerapporteer, en verklaar dat hulle sy bevel uitvoer. Hulle het 'n groot hoeveelheid wapens van die muur af in die grag voor die dorp gegooi, so hoog dat die stapels wapens byna gelyk gelê het met die top van die muur en die hoogte van die wal. En tog, soos later geblyk het, het hulle ongeveer 'n derde daarvan weggesteek en in die dorp agtergehou. Die poorte is oopgegooi, en dié dag het hulle vrede geniet.

33 Teen die aand het Caesar beveel dat die poorte gesluit word en dat die soldate die dorp moet verlaat, om te voorkom dat die dorpsbewoners in die nag leed aangedoen word deur die soldate. Die dorpsbewoners het, soos bevind, vooraf 'n plan beraam omdat hulle geglo het dat ons manne hulle na die oorgawe, aan die wagposte sou onttrek, of altans minder sorgvuldig daarna sou oplet. Deels met die wapens wat hulle agtergehou en weggesteek het, deels met skilde van bas of gevlegte biesies vervaardig – en wat hulle haastig, soos die korthed van die tyd vereis het, met huide oorgetrek het – het hulle in die derde nagwaak skielik met al hulle magte 'n uitval uit die dorp gemaak aan die kant waar die opdraand na ons beleëringswerke die minste steil gelyk het. Soos Caesar vooraf beveel het, is daar gou vuursiniale gegee, en het ons manne uit die naburige forte daarheen gehardloop. Die vyand het so handnekkig geveg as wat dapper manne in hul laaste hoop op redding, op ongunstige terrein moes veg teen troepe wat hulle werpwapens van die wal en torings af geslinger het, aangesien alle hoop op redding slegs in dapperheid geleë was. By die vierduisend man is gedood, en die res is die dorp in teruggeslinger. Die dag


daarna is die poorte oopgebreek aangesien niemand dit nou meer verdedig het nie, en nadat ons soldate ingestuur is, het Caesar die buit van die dorp in sy geheel verkoop. 'n Getal van drie-en-vyftig duisend is deur die kopers aan hom opgegee.

34 Terselfdertyd is hy deur Publius Crassus wat hy met een legioen na die Venete, Venellers, Osismers, Curiosolite, Esubiërs, Aulerke en Redone gestuur het – kusstate wat aan die Oseaan grens – ingelig dat al daardie state volledig aan die mag van die Romeinse volk onderwerp is.

35 Nadat hierdie veldtogte gevoer en die hele Gallië onderwerp is, is so 'n indrukwekkende rapport oor hierdie oorlog na die barbare oorge-dra, dat gesante selfs van die volke wat oorkant die Ryn woon na Caesar gestuur is, om te belowe dat hulle gyselaars sou lewer en sy opdragte sou uitvoer. Omdat Caesar haastig op weg was na Italië en Illyricum, het hy hierdie gesantskappe beveel om aan die begin van die volgende somer na hom terug te keer. Nadat hy self sy legioene na hul winterkwartiere gelei het in die gebied van die Carnute, die Ande, die Turone, en die state wat grens aan die streke waar hy die oorlog gevoer het, het hy na Italië vertrek. Vanweë dié prestasies is daar op grond van Caesar se verslae 'n dankfees van vyftien dae verorden, 'n eer wat niemand voorheen te beurt geval het nie.

Die derde boek

(56 v.C.)



Die kampanje van 56 v.C.

Die slag om die Alpepasse

1 By sy afreis na Italië het Caesar vir Servius Galba met die twaalfde legioen en 'n deel van die ruitery gestuur na die gebied van die Nantuate, Veragers en Sedune wat van die grense van die Allobroge, die meer van Genève en die Rhone af tot aan die kruine van die Alpe strek. Die rede vir die sending was omdat hy die roete oor die Alpe waarlangs handelaars gewoonlik met groot gevaar en hoë tolgelde gereis het, oopgestel wou hê. Caesar het hom toegelaat om sy legioen in hierdie omgewing te stasioneer om te oorwinter, indien hy dit sou nodig ag. Nadat 'n aantal voorspoedige gevegte gelewer, verskeie van hulle forte verower, gesante van oral af gestuur, gyselaars gelewer en vrede gesluit is, het Galba besluit om twee kohorte by die Nantuate te stasioneer, en om self met die orige kohorte van daardie legioen in 'n gehug van die Veragers, genoem Octodurus, to oorwinter. Hierdie gehug is geleë in 'n vallei, en met 'n klein aangrensende vlakke word dit aan alle kante deur uiters hoë berge ingesluit. Daar die gehug deur 'n rivier in twee dele verdeel was, het hy een deel daarvan aan die Galliërs toegesê, en die ander, ontruim deur die Galliërs, aan sy kohorte toegewys om in te oorwinter. Dié plek het hy met 'n wal en 'n grag verskans.

2 Toe etlike dae in winterkwartiere verstryk, en Galba bevel gegee het dat graan daarheen gebring word, is hy skielik deur verkenners ingelig dat almal in die nag uit daardie deel van die gehug wat hy aan die Galliërs toegesê het, vertrek het, en dat die beheersende berge deur 'n baie groot menigte Sedune en Veragers beset word. Dit het om verskeie redes gebeur dat die Galliërs skielik die plan aanvaar het om die oorlog weer te begin en die legioen te oorval: eerstens, omdat hulle die legioen – wat nie heeltemal voltallig was nie aangesien twee kohorte onttrek, en verskeie manskappe afsonderlik uitgestuur was om lewensmiddele te soek – vanweë sy klein getalle geringgeskat het; vervolgens ook omdat hulle van mening was dat selfs hulle eerste aanval vanweë die ongunstigheid van ons posisie wanneer hulle self van die berge af die vallei in afstorm en hulle werpwapenslinger, nie weerstaan kon word nie. Daarby het nog gekom dat hulle gegriefd gevoel het omdat hulle kinders as gyselaars van hulle af weggesleur is, en dat hulle daarvan oortuig was dat die Romeine gepoog het om die Alpekruine nie alleen ter wille van die roetes te beset nie, maar ook om dit permanent te besit, en om daardie streke by hul naburige Provinsie te voeg.

3 Aangesien die aanleg en verskansings van die winterkwartiere nie

ten volle voltooi, en daar ook nie voldoende voorsiening vir graan en ander lewensmiddele gemaak was nie, omdat hy gedink het hy hoef geen vrees vir oorlog te koester na die oorgawe en uitlewering van gyselaars nie, het Galba by ontvangs van hierdie berigte gou 'n krygsraad byeenge-roep en hulle menings begin vra. Daar soveel onvoorsiene gevaar teen die verwagting in ontstaan, en hulle bemerk het dat byna al die hoërliggende terein reeds volgepak was deur 'n menigte gewapende manne, en daar hulle nie te hulp gekom, en lewensmiddele ook nie aangevoer kon word nie omdat die roetes afgesny was, het hulle byna aan hulle behoud ge-wanhoop, en is daar in dié vergadering enkele menings met die volgende strekking uitgespreek: dat hulle die bagasie agterlaat, 'n uitval maak, en langs dieselfde roetes waarlangs hulle daar aangeland het, na veiligheid moet haas. Tog het die meerderheid besluit om hierdie plan vir die uiterste geval te reserveer, intussen die verloop van sake af te wag en die kamp te verdedig.

4 Na 'n kort tussenpoos – so kort dat hulle nouliks tyd gegun is om die maatreëls waarop hulle besluit het te reël en uit te voer – het die vyand op 'n gegewe teken uit alle rigtings na onder gestorm en klippe en spiese na die wal gegooi. Aanvanklik het ons manne moedig teruggeveg solank hulle kragte nog onverswak was, en geen enkele werpwapen ver-geefs vanuit hul hoër posisie geslinger nie; as hulle gesien het een of ander deel van die kamp is van verdedigers ontbloot en verkeer onder druk, dan het hulle daarheen gehardloop en hulp gebring. Maar hulle het aan die kortste end getrek in dié opsig dat telkens wanneer die vyand deur die langdurigheid van die geveg vermoei is en die slagveld verlaat, ander met onverswakte kragte hulle plekke geneem het. Vanweë hulle klein getal kon ons manne niks van hierdie dinge doen nie. Nie alleen is daar geen geleentheid aan 'n vermoeide gegun om uit die geveg pad te gee nie, maar selfs aan 'n gewonde geen geleentheid om die plek waar hy stelling ingeneem het te verlaat en terug te val nie.

5 Toe daar reeds meer as ses ure lank ononderbroke geveg is, en dit ons manne nie alleen aan kragte nie maar ook aan werpwapens ontbreek; toe die vyand onstuimiger aandrang en reeds begin het om die wal af te breek en die grag op te vul omdat ons manskappe alte uitgeput was; toe die toestand reeds breekpunt bereik het, hardloop Publius Sextius Baculus, die hoofcenturio van wie ons gesê het dat hy in die slag teen die Nerviërs deur verskeie wonde buite geveg gestel is, en eweneens die krygstribuun Gaius Volesunus, 'n man van sowel groot wysheid as dap-perheid, na Galba en wys hom daarop dat daar nog 'n enkele hoop op redding is as hulle 'n uitval maak en dit as 'n laaste uitweg op die proef

stel. Galba het dus die centurio's byeengeroep en die soldate gou ingelig dat hulle die geveg 'n rukkie moet onderbreek, slegs die werpwapens na hulle gegooi moet onderskep, en hulleself na die inspanning moet verfris; hierna, op 'n gegewe teken, moes hulle 'n uitval maak uit die kamp en alle hoop op redding op hul dapperheid vestig.

6 Hulle voer uit wat hulle beveel is, maak skielik 'n uitval deur al die hekke, en laat aan die vyand geen geleentheid om te besef wat gebeur het, of om te hergroepeer nie. Met die geluk so geheel omgeswaai, om-singel en dood die Romeine aan alle kante die mense wat die hoop gekoester het om die kamp in te neem, en van meer as 30 000 man – almal was dit eens dat hierdie getal barbare na die kamp toe gekom het – dood hulle meer as een derde, jaag die res doodverskrik op vlug, en laat hulle nie toe om selfs op die hoër terrein stand te hou nie. Na al die vyand se magte so verslaan en van hulle wapens gestroop is, keer ons manne na die skanswerke terug. Nadat hierdie slag gelewer is, wou Galba die noodlot nie te dikwels op die proef stel nie, en omdat hy onthou het dat hy met een bedoeling in die winterkwartiere gekom, en hy gesien het dat hy ander toestande aangetref het, was hy ten seerste verontrus oor die gebrek aan graan en lewensmiddele. Daarom het hy die volgende dag al die opstalle van daardie gehug aan die brand gestee en hom gehaas om na die Provinsie terug te keer. Omdat geen vyand hom belet of sy mars vertraag het nie, het hy sy legioen veilig in die gebied van die Nantuate, en vandaar in dié van die Allobroge gebring, en daar oorwinter.

Die oorlog teen die Venete

7 Na hierdie gebeurtenisse, toe Caesar om alle redes geglo het dat Gallië tot rus gebring is – die Belge was oorwin, die Germane verdryf, en die Sedune in die Alpe verslaan – en hy so aan die begin van die winter na Illyrië vertrek het omdat hy ook daardie volke en streke wou leer ken, het oorlog plotseling in Gallië uitbreek. Die oorsaak van dié oorlog was die volgende. Die jongman Publius Crassus het met die sewende legioen in die onmiddellike nabyheid van die Oseaan in die gebied van die Ande oorwinter. Omdat daar 'n koringskaarste in hierdie streke geheers het, het hy verskeie prefekte en krygstribune na die aangrensende state gestuur om koring te gaan soek. Onder hulle is Titus Terrasidius na die Esubiërs, Marcus Trebius Gallus na die Curiosolite, en Quintus Velanius met Titus Silius na die Venete gestuur.

8 Laasgenoemde staat oefen verreweg die grootste gesag uit oor die

hele seekus in daardie streke, want die Venete het andersyds uiters baie skepe waarmee hulle gewoonlik na Britannië vaar, en andersyds oortref hulle die ander in kundigheid en ervaring in die seewese. Omdat daar in die sterk en onversperde branding van die see slegs 'n paar hawens lê wat hulle self in die hande het, hou hulle feitlik almal wat daardie see gewoonlik bevaar topligtig. Die Venete het eerste begin om Silius en Velanius aan te hou, omdat hulle van mening was dat hulle die gyselaars wat hulle aan Crassus gelewer het, deur hulle sou terugkry. Oorgehaal deur die Venete se aansien hou die buurvolke, soos die Galliërs se besluite maar plotseling en onverwags is, om dieselfde rede vir Trebius en Terrasidius aan. Hulle stuur gou gesante, en by monde van hulle stamhoofde neem hulle onderling 'n eed dat hulle niks behalwe in gemeenskaplike oorleg sal doen nie, en dat almal dieselfde noodlotsgevolge sal dra. Hulle rui ook die ander state op om te verkies om in die vryheid wat hulle van hul voorvaders geërf het voort te lewe, eerder as om die Romeine se slawerny te verduur. Nadat die hele seekus spoedig tot hulle sienswyse oorgehaal is, stuur hulle 'n gemeenskaplike gesantskap na Publius Crassus om te sê dat hy hulle gyselaars vir hulle moet terugstuur as hy sy eie wil terugontvang.

9 Caesar is deur Crassus oor hierdie verwikkelinge ingelig. Omdat hy self 'n bietjie te ver weg was, gee hy opdrag dat oorlogskepe intussen in die Loirerivier wat in die Oseaan uitmond, gebou moet word, en dat roeiers uit die Provinsie in diens geneem, en matrose en stuurmanne gewerf word. Nadat hierdie maatreëls vinnig uitgevoer is, het hyself, sodra die jaargety dit toegelaat het, na sy leër gehaas. Die Venete, en so ook die ander state, het van Caesar se aankoms verneem. Omdat hulle besef het welke groot misdaad hulle gepleeg het, naamlik dat gesante, 'n naam wat by alle volke steeds heilig en onskendbaar was, deur hulle aangehou en in kettings geslaan is, het hulle terselfdertyd, in verhouding tot die grootte van die gevaar, op oorlog begin voorberei en veral om voorsiening te maak vir skeepsbenodigdhede, en dit met meer gegronde hoop omdat hulle groot vertrouwe gehad het in hul natuurlike ligging. Hulle het geweet dat die paaie oor land deur riviermondings deursny, en ons skeepvaart bemoeilik is vanweë ons onbekendheid met die omgewing en die skaarste aan hawens. Hulle het ook vertrou dat ons leërs weens gebrek aan graan nie alte lank by hulle sou kon vertoef nie. En al sou alles teen hul verwagting in gebeur, dan, het hulle besef, was hulle nogtans baie sterk deur hulle vloot, terwyl die Romeine geen voorraad skepe gehad, en ook geen kennis gedra het van die ondieptes, hawens en eilande in die streke waar hulle die oorlog sou voer nie. Hulle het ook duidelik ingesien dat skeepvaart op 'n binnesee verskillend is van skeepvaart op die ontsag-

lik wye, oop oseaan. Toe hulle hierdie planne aanvaar het, verskans hulle hul dorpe, bring koring van die lande af daarheen, en versamel soveel skepe as moontlik in Venetië waar dit bekend was dat Caesar heel eerste die oorlog sou voer. Hulle neem die Osismers, Lexoviërs, Namnete, Ambiliate, Moriners, Diablinte en Menapiërs as bondgenote vir die oorlog; hulptroepe ontbied hulle uit Britannië wat teenoor daardie streke lê.

10 Hierdie moeilikhede by die oorlogvoering wat ons hierbo aangedui het, het bestaan, maar tog het baie oorwegings Caesar tot dié oorlog aangespoor: die beledigende aanhouding van Romeinse ridders, die opstand wat na die oorgawe van stapel gestuur is, die rebellie nadat gyselaars gelyewer is, die sameswering van soveel state, en veral die vrees dat, indien hierdie streek ongestraf gelaat word, die ander volke sou dink dat dieselfde optrede ook vir hulle veroorloof is. Aangesien hy bewus was daarvan dat byna alle Galliërs na rebellie streef en ligvaardig en gou tot oorlog opgesweep word, dat alle mense egter van nature na vryheid streef en 'n toestand van slawerny haat, het hy dus gemeen hy moet sy leër verdeel en wyer versprei, voordat nog meer state saamsweer.

11 Hy stuur dus sy legaat Titus Labienus met die ruitery na die gebied van die Trevere wat in die onmiddellike nabyheid van die Rynrivier woon. Aan hom gee hy opdrag om die Remers en die res van die Belge te besoek en hulle lojaal te hou, en om die Germane wat na bewering deur die Belge ter hulp ontbied was te verhinder, indien hulle met geweld die rivier in skepe sou probeer oorsteek. Hy beveel Publius Crassus om met twaalf kohorte uit die legioene en 'n groot aantal ruiters na Aquitanië te vertrek, om te voorkom dat hulptroepe uit hierdie volke na Gallië gestuur, en sulke groot volkere verenig word. Hy stuur sy legaat Quintus Titurius Sabinus met drie legioene na die gebied van die Venellers, Curiolose en Lexoviërs om te sorg dat daardie mag weggehou word van die ander. Hy plaas die jongman Decimus Brutus in bevel van die vloot en die Galliese skepe wat hy beveel het om vanuit die gebied van die Pictone, die Santone en die owerige onderworpe gebiede te versamel, en beveel hom om so gou moontlik na die land van die Venete te vertrek. Hyself marsjeer daarheen met die voetvolk.

12 Die ligging van die dorpe was gewoonlik van so 'n aard dat hulle, geplaas op die eindpunte van landtonge en kape, te voet geen toegang gehad het wanneer die gety sterk van die diepsee af ingespoel het nie — iets wat gereeld twee maal binne die bestek van twaalf uur gebeur het — en ook nie toegang per skip nie, want terwyl die gety weer verloop, sou die skepe in die ondieptes beskadig word. So is die bestorming van die dorpe deur beide omstandighede verhinder; en as die vyand toevallig by

geleentheid deur die grootte van ons beleëringswerk geklop is – wanneer die see opgedam is deur die beleëringswal en massas klip, en dié net so hoog soos die dorpsmure opgestapel is – en hulle aan hulle lot begin wanhoop het, dan het hulle ’n groot aantal skepe waarvan hulle ’n uiters groot voorraad gehad het, nader geroei, al hulle besittings daarop afgedra en na die naburige dorpe teruggeval. Daar het hulle hul weer met dieselfde voordele van ligging verdedig. Vir ’n groot deel van die somer het hulle dit des te makliker gedoen omdat ons skepe deur storms teruggehou is, en omdat die moeilikhede vir skeepvaart geweldig groot was op die wye, oop see met sterk getye en min, of feitlik geen hawens nie.

13 Hulle eie skepe was immers op die volgende manier gebou en toegerus. Die kiele was heelwat platter as die van ons skepe, om makliker teen die ondieptes en die terugtrek van die gety bestand te wees. Die voorstewens was baie hoog, en die agterstewens op dieselfde wyse aangepas teen die geweld van die golwe en storms. Die skepe is geheel en al van eikehout vervaardig om enige geweld en gebeuk te deurstaan. Die dek het bestaan uit balke van een voet dik, en is met duimdikke ysterboutse saamgevoeg. Die ankers is vasgeheg met ysterkettings in plaas van vlasskabels. Velle en dungelooide stukke leer het as seile gedien, hetsy weens ’n gebrek aan vlas en hul onkunde oor die gebruik daarvan, hetsy, wat meer waarskynlik is, omdat hulle van mening was dat sulke geweldige oseaanstorms en sulke hewige orkane nie met vlassseile afgery, en die on-saglike gewig van hul skepe nie gerieflik genoeg daarmee beheer kon word nie. Die ontmoeting van ons vloot met hierdie skepe was van so ’n aard dat ons s’n slegs in snelheid en roeikrag die botoon gevoer het. Origens, gelet op die aard van die terrein en die geweld van die storms, was hulle s’n meer geskik en beter aangepas. Want ons skepe kon hulle nie met die snebbe beskadig nie – so stewig was hulle gebou – en vanweë hulle hoogte is ’n werpwapen ook nie maklik opgeslinger nie, en om dieselfde rede is hulle nie behoorlik met die gryphake vasgegryp nie. Daarby het nog gekom dat wanneer die wind begin tier en hulle voor die wind seil, hulle makliker teen die storm bestand was en met groter veiligheid in die ondieptes gaan lê het, en dat hulle niks te vrees gehad het vir klipbanke en skerp rotse as hulle deur die gety agtergelaat word nie, terwyl ons skepe erg bedug moes wees vir die onverwagte opduik van al hierdie gevare.

14 Toe Caesar na die inname van verskeie dorpe insien dat so ’n geweldige taak vergeefs onderneem word en dat die vlug van die vyand nie deur die verowering van die dorpe gestuit, en hulle ook nie skade berokken kon word nie, het hy besluit dat hy sy vloot moes afwag. Toe dit

versamel het, en sodra dit deur die vyand opgemerk is, het ongeveer tweehonderd en twintig van hul skepe, ten volle gereed en ten beste toegerus met iedere soort toerusting, by die hawe uitgevaar en teenoor ons s'n stelling ingeneem. Dit was nie vir Brutus wat oor die vloot bevel gevoer het, of vir die krygstribune en centurio's aan wie die afsonderlike skepe toevertrou was, heeltemal duidelik wat hulle moes doen of welke gevegsplan hulle moes volg nie. Hulle het immers geweet dat die vyand se skepe nie met die snebbe beskadig kon word nie; as hulle egter torings op die dek opgerig het, het die hoë agterstewens van die barbare se skepe nogtans bokant dié uitgesteek, met die gevolg dat werpwapens nie behoorlik van die laer vlak af geslinger kon word nie, en dat die wat deur die Galliërs gegooi is met ernstiger gevolge getref het. Een toestel is vooraf deur ons manne tot groot nut voorberei: skerpgepunte hake wat aan lang pale gevoeg en vasgeheg is, en wat in vorm nie verskillend was van dié van muurhake nie. Wanneer die toue wat die ra's aan die maste bevestig het, met hierdie toestelle gevang en styfgetrek is terwyl die skip vinnig voortgedryf word met die roeispane, is hulle kort afgesny. En as hulle afgesny is, het die ra's noodwendig na benede gestort, en aangesien die ganse hoop van die Galliese skepe op hulle seile en takelwerk gevestig was, is alle gebruik van hulle skepe terselfdertyd weggeraap toe dié weggeraap is. Die res van die geveg was 'n kwessie van moed, waarin ons manne maklik die botoon gevoer het, en des te meer omdat die slag onder die oë van Caesar en die hele leër gelewer is, sodat geen daad wat effens dapperder as normaal was, onopgemerk kon bly nie. Al die heuwels en hoogtes vanwaar daar van naby 'n uitsig op die see was, was immers deur die leër beset.

15 Toe die ra's, soos ons gesê het, afgeskeur¹ is en twee of drie van ons skepe een enkele van die vyand omsingel het, het die soldate met alle mag gepoog om op die vyand se skepe oor te klim. Nadat die barbare bemerk het dat dit gebeur, en toe verskeie van hulle skepe reeds verower is aangesien geen middel daarteen gevind is nie, het hulle hul redding in vlug probeer soek. Toe hulle skepe reeds in die rigting gedraai was waarin die wind gewaai het, het daar skielik so 'n algehele windstilte ingetree, dat hulle nie van die plek af kon roer nie. Juis hierdie omstandigheid was uiters voordeling vir die afhandeling van ons taak, want ons manne het hulle een-een agtervolg en oorrompel, met die gevolg dat baie min van die hele getal by die inval van die nag land bereik het, hoewel die geveg van ongeveer die vierde uur² tot sononder geduur het.

16 Met hierdie slag is die oorlog teen die Venete en teen die hele see-kus beëindig. Want enersyds het al hul weerbare manne, selfs al die

manne van rypere leeftyd wat enige insig of aansien gehad het, daar by-eengekom, en andersyds het hulle elke skip wat hulle oral besit het, op dié een plek saamgetrek. Toe dít verloor is, het die res nie geweet waarheen om te retireer, en ook nie hoe om hul dorpe te verdedig nie. Derhalwe het hulle hulself en al hul besittings aan Caesar oorgegee. Hy het besluit dat daar des te strenger teen hulle opgetree moes word, sodat die gesantereg in die vervolg stiptelike deur die barbare nagekom sou word. Daarom het hy hulle hele senaat om die lewe laat bring en die res as slawe verkoop.

Die stryd teen die Venellers en hul bondgenote

17 Terwyl hierdie dinge in die land van die Venete aan die gang was, het Quintus Titurius Sabinus met die magte wat hy van Caesar ontvang het, in die gebied van die Venellers aangekom. Viridovix het by hulle aan die hoof gestaan, en hy het die opperbevel gevoer oor al daardie state wat in opstand gekom het, en uit wie se geledere hy 'n leër en groot magte saamgetrek het. Verder het die Eburovikiese Aulerke en die Lexoviërs in die laaste paar dae hulle senaat om die lewe gebring omdat dié geweier het om die oorlog goed te keur, hulle poorte gesluit, en by Viridovix aangesluit. Daarbenewens het daar van oral uit Gallië 'n groot menigte gespuis en rowers saamgetrek wat deur die vooruitsig op plundering en uit veglus, van die landbou en daaglikse werk gelok is. Sabinus het hom tot sy kamp beperk in 'n posisie wat vir alle gebeurlikhede geskik was, terwyl Viridovix op 'n afstand van twee myl teen hom stelling ingeneem, daaglik sy troepe uitgelei, en hom geleentheid gebied het om te veg. Die gevolg was dat Sabinus nie alleen die minagting van die vyand op die hals gehaal het nie, maar selfs hier en daar deur aanmerkings van óns troepe gekritiseer is. Hy het so 'n sterk indruk van vrees verwek, dat die vyand dit reeds gewaag het om tot by die kamp se wal te nader. Dit het hy gedoen omdat hy van mening was dat 'n legaat, veral in die afwesigheid van sy opperbevelvoerder, nie teen so 'n groot menigte vyand moet veg nie, behalwe op gunstige terrein of as daar een of ander gunstige geleentheid gebied word.

18 Toe hierdie indruk van vrees bevestig is, het hy 'n geskikte en skrandere man, 'n Galliër, gekies uit die geledere van dié wat hy as hulp-troepe by hom gehad het. Hierdie man oorreed hy met groot belonings en beloftes om na die vyand oor te loop, en hy verduidelik wat hy gedoen wil hê. Toe die man as droster by hulle aanland, vertel hy van die Romeine se vrees, verduidelik onder welke swaar druk Caesar self deur

die Venete geplaas word, en sê dat Sabinus nie later as die volgende nag sy leër heimelik uit die kamp sal lei en na Caesar sal vertrek om hulp te bring nie. Toe hulle dít hoor, skree almal uit een keel dat hulle nie die geleentheid om sukses te behaal moet laat verbygaan nie, en dat hulle na die kamp moet opruk. Baie redes het die Galliërs tot hierdie besluit aangevuur: Sabinus se aarseling tydens die vorige dae, die bevestiging van die droster, die gebrek aan lewensmiddele waarvoor hulle nie ywerig genoeg voorsiening gemaak het nie, die hoop wat hulle op die oorlog teen die Venete gevestig het, en die feit dat mense oor die algemeen graag iets wat hulle wil hê as 'n werklikheid aanvaar. Beïnvloed deur hierdie oorwegings laat hulle Viridovix en die ander aanvoeders nie die vergadering verlaat voordat hulle toestemming verleen het om die wapens op te neem en na die kamp op te ruk nie. Nadat toestemming verleen is, versamel hulle verheug, asof die oorwinning reeds verseker was, takbosse en kreupelhout om die Romeine se gragte mee op te vul, en trek teen die kamp op.

19 Die posisie van die kamp was op hoë terrein wat vir ongeveer een myl geleidelik van onder af gestyg het. Hierheen het die Galliërs met groot vaart gehaas, sodat so min moontlik tyd aan die Romeine gegee sou word om hulle te groepeer en te bewapen, en uitasem het hulle daar aangekom. Sabinus het sy troepe bemoedig, en terwyl hulle gretig daarop wag, gee hy die teken. Omdat die vyand vanweë die vragte wat hulle gedra het nie slagvaardig was nie, gee hy bevel dat daar skielik vanuit twee hekke 'n uitval gemaak moet word. Danksy die gunstige ligging, die onervarenheid en vermoeienis van die vyand, die dapperheid van ons soldate en hul oefening in vorige gevegte, het dit gebeur dat hulle selfs nie eers een stormloop van ons manne uitgehou het nie, en onmiddellik op vlug geslaan het. Met onverswakte kragte het ons manne die vyand in hul belemmerde toestand agtervolg, en 'n groot aantal van hulle gedood. Ons ruiters het die res agternagesit en net 'n paar wat aan die vlug ontkom het in lewe gelaat. So, gelyktydig, is Sabinus oor die seeslag, en Caesar oor Sabinus se oorwinning ingelig, en al die state het hulle dadelik aan Titurius oorgegee. Want net soos die Galliërs se temperament geesdriftig en gereed is om oorloë te onderneem, so is hul vasberadenheid flou, met baie min weerstandsvermoë om teenslae te verduur.

Die oorlog in Aquitanië

20 Toe Publius Crassus ongeveer terselfdertyd in Aquitanië aankom – 'n streek, wat, soos vroeër gesê, na uitgestrektheid van gebied en die groot aantal inwoners as een derde van Gallië gereken moet word – en hy

besef dat hy oorlog moet voer in die omgewing waar die legaat Lucius Valerius Praeconinus 'n paar jaar tevore na die nederlaag van sy leër gedood is, en waaruit die prokonsul³ Lucius Mallius na die verlies van sy bagasie gevlug het, het hy besef dat hy buitengewone bedagsaamheid aan die dag moet lê. Derhalwe het hy vir graanvoorrade voorsiening gemaak, hulptroepe en ruitery gereed gekry, en boonop nog vele dapper manne individueel opgeroep uit Toulouse⁴ en Narbonne, — gemeenskappe van die Provinsie Gallië, en aangrensend aan die streke ter sprake — en sy leër die gebied van die Sontiate binnegelei. Toe die Sontiate van sy aankoms hoor, het hulle groot magte en 'n ruitery waarin hulle baie sterk was, versamel, en ons kolonne op die mars aangeval. Eers het hulle 'n ruitergeveg aangeknoop; vervolgens, toe hulle ruitery verdryf is en ons manne hulle agtervolg, het hulle skielik hul voetvolk wat hulle in 'n vallei in hinderlaag opgestel gehad het, te voorskyn gebring. Laasgenoemde het ons verspreide ruiters aangeval en die geveg opnuut begin.

21 Die stryd was lank en hewig, aangesien die Sontiate, in vertroue op hul vorige oorwinnings, gemeen het die redding van die ganse Aquitanië het van hulle dapperheid afgehang, terwyl ons manne wou laat sien wat hulle sonder hul opperbevelhebber en sonder die ander legioene, onder leiding van 'n baie jong man kon regkry. Ten slotte, egter, is die vyand deur wonde uitgeput en het hulle op die vlug geslaan. Nadat 'n groot aantal van hulle om die lewe gebring is, het Crassus die dorp van die Sontiate direk vanuit die mars begin aanval. Toe hulle dapper weerstand bied, het hy skutdakke en torings laat aanrol. Die vyand het nou 'n uitval probeer maak, en dan weer tunnels tot by die wal en die skutdakke gegrawe — die Aquitaniërs is hierin verreweg die mees bedrewe volk, omdat daar in hulle land op baie plekke kopermyne en ertsgroewe is — maar toe hulle bemerk dat daar weens die deeglikheid van ons manne geen voordeel met hierdie aksies behaal kon word nie, stuur hulle gesante na Crassus en versoek hom om hulle oorgawe te aanvaar. Die versoek is toegestaan, en toe hulle beveel word om hulle wapens uit te lewer, maak hulle so.

22 Terwyl die aandag van al ons manne hierop gevestig was, het Adiatunnus wat die opperbevel waargeneem het, vanuit 'n ander deel van die dorp met seshonderd toegewyde volgelingen wat hulle "soldurii" noem, tot aksie oorgegaan. Die reël onder hierdie manne is dat hulle, solank hul lewe, alle voordele saam met diegene aan wie se vriendskap hulle hul toegewy het, geniet, en dat, indien iets gewelddadigs met laasgenoemdes gebeur, hulle òf dieselfde lot saam met hulle verduur òf die hand aan hul eie lewe slaan. En tot nog toe is daar in mensegeheugenis

nie 'n enkele een gevind wat by die dood van die man aan wie se vriendskap hy hom toegewy het, geweier het om te sterf nie. Met hierdie manne het Adiatunnus probeer om 'n uitval te maak, maar toe 'n geskree aan daardie kant van die verskansing aangehef word en ons soldate na hul wapens hardloop en daar 'n hewige geveg ontstaan, is hy die dorp in teruggedryf. Hy het nogtans die versoek om dieselfde voorwaarde vir oorgawe te geniet, deur Crassus toegestaan gekry.

23 Na wapens en gyselaars in ontvangs geneem is, het Crassus na die gebied van die Vocatiërs en Tarusate vertrek. Maar toe het die barbare, ontstel oor die nuus dat 'n dorp wat deur sowel natuurlike ligging as mensehand verskans was binne enkele dae na ons aankoms aldaar ingeneem is, begin om gesante in alle rigtings te stuur, om saam te sweer, gyselaars uit te wissel, en troepemagte in gereedheid te bring. Daar word selfs gesante gestuur na daardie stamme van Nader-Spanje wat aan Aquitanië grens: vandaar word hulp troepe en aanvoerders ontbied. By hulle aankoms poog hulle om met groot gesag en 'n groot menigte manskappe die oorlog te voer. Inderdaad word diegene wat al die jare saam met Quintus Sertorius gedien het en wat as manne met 'n baie groot kennis van die krygskuns gereken is, as aanvoerders gekies. Volgens Romeinse gewoonte begin laasgenoemde om stellings te beset, 'n kamp te verskans, en om ons manne van voedselvoorrade af te sny. Toe Crassus bemerk dat sy troepe vanweë hulle geringe getal nie maklik verdeel kon word nie, terwyl die vyand oral rond beweeg, die paaie blokkeer en tog genoeg beskerming aan hul kamp agterlaat; dat graan en voedselvoorrade om daardie rede met groot moeite vir hom aangevoer word, terwyl die getal vyande daagliks aangroei, het hy gemeen hy moenie talm om 'n beslissende slag te lewer nie. Die saak word voor 'n krygsraad gelê, en toe hy sien dat almal eenders voel, bepaal hy die volgende dag vir die slag.

24 Teen dagbreek het hy al sy troepe uitgebring, 'n dubbele slaglinie opgestel, die hulp troepe in die middel van die slaglinie gekonsentreer en gewag om te sien welke besluit die vyand sou neem. Hoewel hulle van mening was dat hulle vanweë hul groot getalle en ou krygsroem, en die klein getalle van ons manne sonder gevaar sou veg, het hulle nietemin gedink dat dit veiliger is om die paaie te blokkeer, ons lewensmiddele af te sny, en die oorwinning sonder bloedvergiëting te behaal. Verder het hulle beoog om die Romeine, indien hulle ten gevolge van 'n skaarste aan graanvoorrade sou begin terugtrek, aan te val wanneer hulle onstrydvaardig in die kolonne, en onder die gewig van hul persoonlike bagasie meer wankelmoedig sou wees. Hierdie plan is deur hul aanvoerders

goedgekeur, en hoewel die Romeinse magte uitgebring is, het die vyand in hul kamp gebly. Crassus het deur die plan gesien, en aangesien die vyand deur aarseling en oënskynlike vrees ons soldate nog gretiger gemaak het om te veg, en 'n algemene uitroep gehoor is dat daar nie langer getalm behoort te word om teen die kamp op te ruk nie, het hy sy manskappe bemoedig, en terwyl almal dit begeer na die vyand se kamp gemarsjeer.

25 Toe een groep die gragte daar opvul, en ander die verdedigers met menige sarsies werpwapens van die muur en skanswerke verdryf, en die hulptroepe in wie Crassus nie veel vertrou vir die geveg gehad het nie, met die aangee van klippe en werpwapens en die aandra van grassoos vir die grondwal, die skyn en indruk van vegters gee; en toe daar eweneens hardnekkig en moedig deur die vyand geveg word en hulle werpwapens wat van 'n hoër vlak af geslinger is nie sonder uitwerking val nie, het die ruiters wat om die vyand se kamp gery het aan Crassus berig dat die kamp aan die agterpoortkant nie met dieselfde sorgvuldigheid verskans was nie, en 'n maklike toegang het.

26 Crassus het die ruiteryprefekte aangespoor om hul manskappe met groot belonings en beloftes aan te vuur, en verduidelik wat hy gedoen wou hê. Soos beveel, het hulle die kohorte wat ter beskerming van die kamp agtergelaat en onvermoei deur inspanning was, uitgelei, en met 'n langer pad langs omgelei om te verhoed dat hulle vanuit die vyand se kamp gesien kon word. Terwyl almal se oë en aandag op die geveg gerig was, het hulle spoedig die skanswerke wat ons hierbo vermeld het, bereik, dit omvergewerp en in die vyand se kamp gestaan voordat hulle duidelik gesien, of daar besef kon word wat aan die gang was. Toe, voorwaar, het ons soldate by die hoor van 'n geskree aan daardie kant, met hernieuwe kragte en groter heftigheid begin aanval – wat meestal en gewoonlik gebeur by die vooruitsig op oorwinning. Die vyand was aan alle kante omsingel en totaal ontmoedig, en het hul uiterste gedoen om van hulle skanswerke af te spring en redding in vlug te soek. Die ruitery het hulle oor die algeheel onbeskutte vlaktes agtervolg, en van die getal van 50 000 wat, soos bekend, uit Aquitanië en van die Cantabriërs byeengekom het, het hulle nouliks 'n kwart laat oorbly en laatnag na die kamp teruggetrek.

27 Toe hulle van hierdie slag verneem, het die grootste deel van Aquitanië hulle aan Crassus oorgegee en uit eie beweging gyselaars gestuur. Onder hulle was die Tarbellers, die Biggerione, die Ptianiërs, die Vocate, die Tarusate, die Elusate, die Gate, die Auscers, die Garumners, die Sibuzate en die Cocosate. 'n Paar van die mees verafgeleë state het op


die jaargety gereken, want die winter was op hande, en nagelaat om dit te doen.

28 Omdat slegs die Moriners en die Menapiërs ná die onderwerping van die hele Gallië nog onder die wapens was en nooit vredesgesante na hom gestuur het nie, het Caesar ongeveer dieselfde tyd, ofskoon die somer al byna verstreke was, nietemin geoordeel dat dié oorlog vinnig beëindig kon word, en sy leër daarheen gelei. Hulle het die oorlog op 'n ganse ander wyse as die ander Galliërs begin voer. Want omdat hulle geweet het dat uiters groot volke wat slag gelewer het, verdryf en oorwin is, en omdat hulle onafgebroke woude en moerasse besit het, het hulle hul met al hul besittings daarheen begewe. Toe Caesar die rand van hierdie bosse bereik en besluit om 'n kamp te verskans, is geen vyand intussen opgemerk nie. Maar terwyl ons manne verspreid aan die werk was, het hulle skielik uit alle hoeke van die bos gestorm en 'n aanval op ons troepe geloods. Ons manne het vinnig hul wapens opgeneem, die vyand die bosse in teruggedryf, verskeie van hulle gedood, hulle ietwat te ver oor redelik moeilik begaanbare terrein agtervolg en 'n paar van hulle eie makkers verloor.

29 In die daaropvolgende dae het Caesar besluit om die bosse af te kap. Om te belet dat enige flankaanval op sy ongewapende en niksvermoedende soldate gemaak kon word, het hy al die gevelde hout aan die kant wat na die vyand gekeer was laat plaas, en dit ook as 'n wal aan beide flanke laat opstapel. Met ongelooflike snelheid is 'n groot stuk binne enkele dae voltooi, maar toe die vee en die laaste deel van die vyand se bagasie reeds in ons hande geval het terwyl hulle self die digter woude opgesoek het, het sulke storms gevolg dat die werk noodwendig onderbreek is, en dat die soldate weens die aanhoudende reëns nie langer in hul tente gehou kon word nie. Nadat hy dus al die vyand se landerye verwoes, en die gehuggies en opstalle aan die brand gesteeke het, het Caesar sy leër teruggelei en hulle by die Aulerke en Lexoviërs, asook by die orige stamme wat onlangs die oorlog gevoer het, in winterkwartiere geplaas.

Die vierde boek

(55 v.C.)



Die kampanje van 55 v.C.

Die oorlog teen die Germane in Gallië

1 In die daaropvolgende winter — dit was die jaar toe Gnaeus Pompeius en Marcus Crassus die konsuls was — het die Germaanse Usipete, en so ook die Tenctere, die Ryn met 'n massa mense oorgesteek, nie ver van die see af waarin die Ryn uitmond nie. Die rede vir hierdie verhuising was die feit dat hulle etlike jare lank deur die Suebe met oorlog gekwel en gedruk, en van landboubeoefening verhinder is. Die Suebe is verreweg die grootste en mees oorlogsugtige stam van al die Germane. Na bewering besit hulle 'n honderd kantons uit elk waarvan hulle jaarliks eenduisend gewapende manne trek om buite hulle grense oorlog te voer. Die res wat tuis gebly het, onderhou hulleself en die afwesiges en staan weer die jaar daarna op hulle beurt onder die wapens, terwyl die vorige groep tuis bly. Sodoende word nóg die landbou nóg hul kennis en ervaring van oorlog onderbreek. Maar by hulle bestaan daar geen privaat of afsonderlike grondbesit nie, en hulle word nie toegelaat om langer as 'n jaar op een plek te vertoef met die doel om daar te woon nie. Hulle leef ook nie veel van graan nie, maar grotendeels van melk en vee, en hulle gaan dikwels op jagtogte. Weens die aard van hulle voedsel, hul daaglikse oefening en vrye lewe — want van kindsbeen af word hulle nie gewoon gemaak aan enige plig of dissipline nie, en doen hulle absoluut niks teen hulle sin nie — sterk hierdie lewenswyse hul kragte en maak dit hulle manne met 'n ontsaglike groot liggaamsbou. Daarby het hulle die gewoonte aangeneem om in die uiterste koue streke geen ander klere as velle te dra nie, waarby, weens die korthed daarvan, 'n groot deel van die liggaam onbedek bly, en hulle bad in riviere.

2 Handelaars het toegang tot hulle gebied, veeleer om iemand te hê aan wie hulle die artikels wat hulle in oorlog gebuit het, kan verkoop, as dat hulle begeer dat enigiets na hulle ingevoer word. Meer nog: ingevoerde perde waarin die Galliërs die allergrootste behae skeep en wat hulle teen hoë onkoste aanskaf, gebruik die Germane nie. Maar die klein en en wanstaltige soort wat by hulle geteel is, dié maak hulle deur daaglikse oefening geskik vir die uiterste inspanning. By ruiterygevegte spring hulle dikwels van hul perde af en veg te voet. Hulle het hul perde afgerig om op dieselfde plek te bly staan, en as dit nodig word, retireer hulle vinnig na hulle toe. In hulle tradisie word niks as skandeler of lamlendiger beskou as om saals te gebruik nie. Daarom, hoe min hulle ook mag wees, wag hulle dit om enige aantal saalruiters aan te val. Hulle laat hoege-naamd nie toe dat wyn na hulle ingevoer word nie, want hulle meen dat

manne daardeur te sag word om vermoeienis te verduur, en verwyf raak.

3 Hulle beskou dit as die grootste roem vir hul staat dat die velde oor so 'n wye gebied as moontlik van hul grense af onbewoon is, want dit is 'n aanduiding, meen hulle, dat 'n groot aantal state nie hul geweld kan weerstaan nie. So lê daar na bewering aan die een kant van Suebeland ongeveer seshonderd myl grond onbewoon. Aan die ander kant is hul naaste bure die Ubiërs wie se stam voorheen volgens Germaanse begrip, groot en bloeiend was. Hulle is ook ietwat beskaafder as die res van dieselfde ras, omdat hulle aan die Ryn grens en handelaars hulle dikwels besoek, en ook omdat hulle self, ten gevolge van hul nabuurskap, gewoon geraak het aan die sedes van die Galliërs. Hoewel die Suebe hierdie Ubiërs dikwels in oorloë uitgetoets het, kon hulle hul weens die uitgestrektheid en die invloed van dié staat nie uit hul gebied verdryf nie. Hulle het hul nietemin aan hulle skatpligtig gemaak, en in 'n baie nederiger en swakker posisie gedwing.

4 Die Usipete en Tenctere van wie ons hierbo gepraat het, was in dieselfde toestand. Hulle het etlike jare lank die geweld van die Suebe weerstaan, maar is tog op die ou end van hul grond verdryf. Hulle het drie jaar lank in baie geweste van Germanië rondgeswerf en die Ryn bereik. Die Menapiërs het hierdie streke bewoon, en het landerye, opstalle en gehuggies aan beide oewers van die rivier besit. Maar, verskrik deur die aankoms van so 'n groot menigte, het hulle uit die opstalle wat hulle oorkant die rivier besit het, verhuis, hier en daar wagposte duskant die Ryn opgestel en die Germane probeer verhinder om oor te steek. Laasgenoemde het alles probeer, en toe hulle by gebrek aan skepe niks met geweld kon bereik, en weens die wagposte van die Menapiërs ook nie in die geheim kon oorsteek nie, het hulle voorgegee dat hulle na hulle eie tuistes en streke terugkeer. Na 'n driedaagse mars het hulle weer omgedraai, die hele end pad in een nag afgelê, en die onbewuste, niksvermoedende Menapiërs wat deur hul verkenners oor die Germane se aftog ingelig was en sonder vrees weer na hul gehuggies oorkant die Ryn teruggetrek het, met hulle ruitery oorval. Nadat hulle gedood en hul skepe in beslag geneem is voordat dié deel van die Menapiërs wat duskant die Ryn was daarvan verwittig is, het die Germane die rivier oorgesteek, al hulle opstalle in besit geneem en die orige deel van die winter van die Menapiërs se voorrade geleef.

5 Caesar is hiervan op die hoogte gebring, en uit vrees vir die wankelmoedigheid van die Galliërs, omdat hulle wispelturig is by die neem van besluite en meestal na omwenteling streef, het hy gemeen daar moet geen

vertroue op hulle geplaas word nie. Dit is immers 'n gewoonte van die Galliërs om reisigers te dwing om te halt, selfs teen hulle sin, en uit te vra na wat elkeen van hulle van welke saak ook al gehoor of verneem het. In die dorpe gaan staan die gewone volk om die handelaars en dwing hulle om te sê uit welke streke hulle kom, en wat hulle daar verneem het. Ontstel deur hierdie berigte en hoorsê-gerugte neem hulle dikwels besluite oor sake van die hoogste belang, besluite wat hulle noodwendig van die staanspoor af moet berou aangesien hulle die slawe is van onsekere gerugte, en die meeste mense versinsels na die Galliërs se smaak ten antwoord bied.

6 Caesar het hierdie gewoonte geken, en om nie met 'n erger oorlog te doen te kry nie, het hy vroeër as gewoonlik na sy leër vertrek. Toe hy daar aankom, verneem hy dat sy vermoedens bewaarheid is: gesantskappe is deur verskeie state na die Germane gestuur, hulle is genooi om van die Ryn af weg te trek, en alles wat hulle sou eis, sou deur die Galliërs verskaf word. Gelok deur hierdie vooruitsig het die Germane oor 'n wyer gebied begin rondtrek en die grense van die Eburone en Condrusiërs wat afhanklike state van die Trevere is, bereik. Caesar het die stamhoofde van Gallië ontbied, maar hy was van mening dat hy die dinge wat hy verneem het, geheim moes hou. Hy het dus hul gemoedere tot bedaring gebring, hulle moed ingespraak, 'n ruitery geëis en besluit om teen die Germane oorlog te voer.

7 Nadat hy graanvoorrade verkry en ruiters uitgesoek het, het hy na dié streke begin marsjeer waar hy gehoor het dat die Germane was. Toe hy enkele dagreise van hulle af was, het daar gesante van hulle af opgedaag. Hulle betoog was soos volg: Die Germane het nie eerste aggressie gepleeg teen die Romeinse volk nie, maar indien hulle uitgedaag word, weier hulle ook nie om met wapens te stry nie want dit is die Germane se gewoonte, van hulle voorvaders oorgelewer, om wie ook al teen hulle aggressie pleeg, te weerstaan en om nie om genade te smee nie. Hulle sê egter net dít: hulle het teen hulle sin gekom nadat hulle uit hulle huise verdryf is; as die Romeine hulle goeie gesindheid begeer, kan hulle vir hulle nuttige vriende wees; die Romeine moet hulle òf grond toewys, òf toelaat om daardie grond wat hulle met wapens in besit geneem het, te behou; hulle swig net voor die Suebe wie se gelyke selfs die onsterflike gode nie kan wees nie; origens is daar op aarde niemand wat hulle nie kan oorwin nie.

8 Hierop het Caesar 'n antwoord gegee wat vir hom gepas gelyk het, maar die slot van sy rede was: Vir hom kon daar geen vriendskap met hulle bestaan as hulle in Gallië aanbly nie; dit was nie billik dat mense

wat hulle eie gebied nie kon beskerm, anderse gebied beset nie; in Gallië het daar ook geen grond leeggelê wat sonder onreg geskenk kon word, veral aan so 'n groot menigte nie; maar dit staan hulle vry, indien hulle wil, om hulle te vestig in die gebied van die Ubiërs wie se gesante by hom is en kla oor die onreg van die Suebe en hulp soek van hom; hy sou so 'n opdrag aan die Ubiërs gee.

9 Die gesante het gesê dat hulle hierdie boodskap aan hulle mense sou oordra, en dat hulle na beraadslaging oor die aangeleentheid, oor drie dae na Caesar sou terugkeer. Hulle het hom versoek om sy kamp onder-tussen nie nader aan hulle te verskuif nie. Caesar het gesê dat selfs dít nie deur hom toegestaan kon word nie. Hy het immers verneem dat 'n groot deel van hulle ruitery enkele dae tevore deur hulle na die Ambivarite oorkant die Maas¹ gestuur is om te plunder en graan te soek: hy was van mening dat daar op hierdie ruiters gewag word en dat die vertraging om daardie rede in die midde gebring is.

10 Die Maas ontspring in die Voges-bergreeks² wat in die gebied van die Lingone lê, neem 'n tak van die Ryn op, met name die Waal³, vorm die eiland van die Batave, en mond nie verder as tagtig myl van die Atlantiese Oseaan af nie in die Ryn uit. Die Ryn ontspring egter in die land van die Lepontiërs wat die Alpe bewoon, en stroom vinnig oor 'n lang afstand deur die gebied van die Nantuate, Helvetiërs, Sequane, Mediomatrikers, Tribokers en Trevere. Wanneer dit die oseaan nader, verdeel dit in meer strome, vorm menige groot eiland — 'n groot deel hiervan word deur woeste, barbaarse volke bewoon onder wie daar sommiges is wat vermoedelik van vis en voëleiers lewe — en vloei met baie mondings in die oseaan.

11 Toe Caesar nie meer as twaalf myl van die vyand af was nie, keer die gesante na hom terug, soos ooreengekom. Hulle het hom onderweg ontmoet en hom dringend versoek om nie verder op te ruk nie. Toe hulle versoek nie toegestaan word nie, het hulle gevra hy moet vooruit-stuur na die ruiters wat voor die kolonne gery het, en hulle belet om te veg, en dat hy aan hulleself 'n geleentheid moet gee om gesante na die land van die Ubiërs te stuur. Hulle het aangetoon dat indien laasgenoemde se hoofmanne en senaat met 'n eed trou aan hulle sweer, hulle die voorwaarde wat deur Caesar gestel is, sou aanvaar: om dié sake af te handel, moes hy hulle drie dae tyd gee. Caesar het geoordeel dat al hierdie versoeke op dieselfde doel afstuur, naamlik dat hul afwesige ruiters tydens die oponthoud van drie dae kon terugkeer. Hy het nietemin gesê hy sou daardie dag nie verder as vier myl opruk om water te bekom nie.

Hy het hulle opdrag gegee om die volgende dag in so 'n groot getal as moontlik daar byeen te kom sodat hy van hulle eise kon kennis neem. Ondertussen stuur hy bodes na die prefekte wat met die hele ruitery vooruitgery het, om aan te kondig dat hulle nie die vyand tot 'n geveg moet uitdaag nie, en om, as hulle self uitgedaag word, weerstand te bied tot hy self nadergekom het met die leër.

12 Maar net toe die vyand ons ruiters gewaar — daar was vyfduisend van hulle, terwyl die vyand self nie meer as agthonderd ruiters gehad het nie omdat die wat die Maas oorgesteek het om graan te soek nog nie teruggekeer het nie — het hulle 'n aanval geloods en gou verwarring gebring onder ons manne wat geen gevaar gevrees het nie aangesien die Germaanse gesante 'n klein rukkie tevore van Caesar af vertrek het en daardie dag deur hulle gevra is vir 'n wapenstilstand. Toe ons manne terug weerstand bied, het die vyand volgens hul gewoonte van hul perde afgespring, ons perde van onder af deurboor, verskeie van ons ruiters afgeslinger, die res op vlug gejaag en hulle so in paniese skrik voortgedryf dat hulle nie ophou vlug het voordat hulle binne sig van ons kolonne gekom het nie. In daardie slag is vier-en-sewentig van ons ruiters gedood, onder wie die Aquitaniër Piso, 'n baie dapper man wat uit 'n baie vername geslag gestam het. Sy grootvader het in sy staat die koningskap bekleed, en is deur ons senaat "vriend" genoem. Toe sy broer deur die vyand afgesny is, het Piso hom te hulp gekom en hom uit die gevaar gered. Hyself is egter afgegooi toe sy perd gewond is, en het uiters dapper weerstand gebied solank hy kon. Hy is omsingel, en toe hy neerval nadat hy baie wonde opgedoen het, en sy broer wat reeds die geveg verlaat het dít van ver af bemerk, het laasgenoemde sy perd die spore gegee, homself op die vyand gestort, en is hy gedood.

13 Na afloop van die geveg was Caesar van oordeel dat hy nie langer gesante moet aanhoor, en ook nie voorwaardes moet aanneem van mense wat met bedrog en verraad vrede versoek het, en dan sonder aanleiding aggressie gepleeg het nie. Inderdaad het hy dit as die opperste dwaasheid beskou om te wag tot die vyand se magte vergroot was en hul ruitery teruggekeer het. Bekend met die swakheid van die Galliërs, het hy besef welke groot invloed die vyand alreeds met een enkele slag onder hulle behaal het. Daarom het hy gemeen hulle moet geen tyd gegee word om planne te beraam nie. Nadat hy hierop besluit het en hy, om nie 'n enkele dag vir die geveg te laat verbygaan nie, sy plan aan die legate en die quaestor meegedeel het, het iets uiters geleë gebeur deurdat die Germane die volgende môre met dieselfde valsheid en huigelry, in groot getalle — want hulle het al hul stamhoofde en ouer manne saamgebring — na

Caesar in sy kamp gekom het, enersyds, so is daar gesê, om hulle te verontskuldig dat hulle die dag tevore strydig met die ooreenkoms en hul eie versoek die geveg aangeknoop het, en andersyds om met bedrog alles wat hulle ten aansien van die wapenstilstand kon, te bereik. Caesar was verheug dat hulle in sy hande geval het, en het beveel dat hulle aangehou word. Hy het persoonlik al sy troepe uit die kamp gelei, en omdat hy van oordeel was dat die ruitery deur die onlangse slag hewig verskrik was, het hy hulle beveel om agter die kolonne te volg.

14 Hy het 'n drievoudige slaglinie opgestel, die mars van agt myl vinnig afgelê, en die vyand se kamp bereik voordat die Germane kon besef wat gebeur. Hulle is skielik doodverskrik deur alles, sowel deur die spoed van ons aankoms as die afwesigheid van hulle leiers, en daar hulle geen geleentheid gebied is om beraad te hou of wapens op te neem nie, was hulle in die war oor of dit beter was om hulle magte teen die vyand te lei, of om die kamp te verdedig, of om redding in vlug te soek. Toe hulle vrees deur die rumoer en gewoel verraai word, het ons soldate, verbitter deur die valsheid van die vorige dag, die kamp binnegebars. In die kamp het die wat vinnig hul wapens kon opneem, ons manne 'n kort rukkie weerstaan en die geveg tussen die karre en die bagasie aangeknoop. Maar die owerige menigte kinders en vroue – hulle het immers met al hul volksgenote hul tuiste verlaat en die Ryn oorgesteek – het oral heen begin vlug. Caesar het sy ruitery gestuur om hulle te agtervolg.

15 Toe die Germane die geskree agter hulle hoor en sien hoe hulle mense gedood word, het hulle hul wapens weggegooi, hulle veldtekens in die steek gelaat en uit die kamp gestorm. By die samevloeiing van die Maas en die Ryn aangekom, het hulle alle hoop op verdere vlug laat vaar, en is 'n groot aantal om die lewe gebring. Die oorblywendes het hulle in die rivier afgestort en daar het hulle gesterf, oorweldig deur vrees, vermoënis en die krag van die stroom. Ons soldate het uit die skrik van so 'n geweldige oorlog – die getal vyande het immers 430 000 beloop – tot die laaste man almal veilig en met 'n baie geringe aantal gewond, na die kamp teruggeval. Caesar het aan die Germane wat hy in sy kamp agtergehou het, geleentheid gegee om te vertrek. Uit vrees vir die straf en folteringe van die kant van die Galliërs wie se velde hulle verwoes het, het hulle gesê hulle wil by hom bly. Aan hulle het hy vryheid geskenk.

16 Na afloop van die Germaanse oorlog, het Caesar om baie redes besluit dat hy die Ryn moes oorsteek. Aangesien hy opgemerk het dat die Germane so maklik oorgehaal is om na Gallië te kom, was die mees geldige van dié redes dat hy wou hê hulle moet ook vir hulle eie veilig-

heid vrees wanneer hulle weet dat die leër van die Romeinse volk sowel die vermoë as die waagmoed het om die Ryn oor te steek. Daarby het nog gekom dat dié deel van die Usipete en Tenctere se ruitery van wie ek hierbo gesê het dat hulle die Maas oorgesteek het met die doel om te buit en graan te verkry, en nie by die slag teenwoordig was nie, ná die vlug van hul landgenote na die gebied van die Sugambre oorkant die Ryn teruggeval, en hulle by hulle aangesluit het. Toe Caesar boodskappe na hulle stuur om te eis dat hulle diegene uitlewer wat teen hom en Gallië aggressie gepleeg het, het hulle geantwoord: Die Ryn is die grens van die volk van Rome se heerskappy; as hy dit as onbillik beskou dat die Germane teen sy sin na Gallië oortrek, waarom eis hy dan enige heerskappy of gesag oorkant die Ryn? Daarbenewens het die Ubiërs, die enigste stam van die Transryne Germane wat gesante na Caesar gestuur, vriendskap gesluit en gyselaars gelewêr het, hom dringend gesmeek om aan hulle hulp te bring, daar hulle swaar verdruk is deur die Suebe; of as hy deur staatsaangeleenthede verhinder word, om net sy leër oor die Ryn te voer; dít sou vir hulle voldoende wees as hulp vir die huidige en hoop vir die toekoms. So groot, het hulle gesê, was die roem en reputasie van Caesar se leër sedert Ariovistus se neerlaag en die lewering van die jongste slag, selfs onder die mees verafgeleë Germaanse volke, dat hulle slegs deur die reputasie en vriendskap van die Romeinse volk veilig kon wees. Hulle het 'n groot aantal skepe vir die oorbring van sy leër belowe.


17 Om die redes wat ek hier vermeld het, het Caesar besluit om die Ryn oor te steek; maar om met skepe oor te steek, het hy nie as veilig genoeg beskou nie, en ook besluit dat dit benede sy eie en die volk van Rome se waardigheid was. Derhalwe, hoewel die allergrootste moeilikheid hom weens die breedte, snelheid en diepte van die rivier met die bou van 'n brug voorgedoen het, was hy nietemin van oordeel dat hy die poging moes aanwend, of andersins moes die leër nie oorgelei word nie. Hy het die volgende plan vir die konstruksie van die brug toegepas: Hy het 1½ voet dik houtpale met hul onderpunte 'n endjie skerpgekap en met hul lengte bepaal volgens die diepte van die rivier, al om die twee voet paarsgewys aan mekaar vasgeheg. Hy het hulle met werktuie in die stroom neergelaat, ingeplant, en met slaghamers ingedryf, nie loodreg soos gewone bruggpale nie, maar skuins en met 'n helling, sodat hulle vorentoe geleun het in die rigting van die stroomloop. Stroomaf, op 'n afstand van veertig voet, het hy teenoor hierdies ingelyks 'n paalpaar geplant wat op dieselfde wyse aanmekaar vasgeheg, en teen die krag en loop van die stroom in gekeer was. Hierdie twee stelle paalpare is uitmekaar gehou deur van bo ingelate drabalke van twee voet dik – die afstand van die bint tussen die twee pale van elke stel – met behulp van

twee ysterklampe aan die eindpunte aan weerskante. Daar hulle vanmeekaargehou, en in teenoorgestelde rigting aanmeekaargeklamp is, was die stewigheid van die konstruksie so groot, en die aard van die geheel sodanig, dat hoe sterker die krag en aandrang van die water, hoe hechter saamgebind die pale gehou is. Hierdie drabalke is aan mekaar verbind met balke wat reghoekig oor hulle gelê is, en dié is met lang pale en vlegwerk bedek. Nietemin is daar aan die stroomafkant ook pale skuins ingeslaan wat met die ganse struktuur verbind, en as stutte daarteen geplaas is, om die krag van die stroom te breek. Ingelyks is nog ander 'n klein endjie bokant die brug ingeslaan, sodat, indien boomstamme of skepe deur die barbare afgestuur sou word om die struktuur omver te werp, die geweld van sulke voorwerpe deur hierdie stutpale verminder kon word en hulle die brug nie kon beskadig nie.


18 Binne tien dae vandat daar begin is om materiaal te versamel, is die hele werk voltooi, en is die leër oorgelei. Caesar het aan beide eindpunte van dié brug 'n sterk garnisoen gelaat, en na die gebied van die Sugambre opgeruk. Intussen kom daar gesante van etlike state af na hom, en op hulle versoek om vrede en vriendskap antwoord hy ruimhartig en beveel dat gyselaars na hom gebring moet word. Van die dag af dat die brug begin bou is, het die Sugambre egter hul vlug voorberei, en op aanstoking van die Tenctere en Usipete wat hulle in hul midde gehad het, het hulle hul grondgebied verlaat, al hul besittinge weggedra en hulle in die eensame woude versteek.

19 Caesar het enkele dae in hulle gebied vertoef, al hul gehuggies en opstalle afgebrand, die graan afgesny, en na die gebied van die Ubiërs teruggetrek. Toe hy aan hulle hulp belowe as hulle deur die Suebe verdruk word, het hy die volgende van hulle verneem: Nadat die Suebe deur hul verkenners gehoor het dat die brug gebou word, het hulle na gewoonste 'n vergadering gehou en boodskappers in alle rigtings uitgestuur om te sê die mense moet die dorpe verlaat, hul kinders, vroue, en al hul besittings na veiligheid bring in die bosse, en dat almal wat wapens kon dra op een plek moet versamel. Die plek wat hulle hiervoor gekies het, was ongeveer in die middel van die streke wat die Suebe beset het; hier het hulle op die koms van die Romeine gewag, en op dié plek het hulle besluit om 'n beslissende slag te lewer. Toe Caesar dit verneem, was al die oogmerke waarom hy besluit het om sy leër oor te lei al bereik, naamlik om die Germane vrees in te boesem, op die Sugambre wraak te neem en die Ubiërs van die druk op hulle te bevry. Hy het dus altesaam agtien dae oorkant die Ryn deurgebring, en omdat hy van mening was dat hy ver genoeg opgeruk het vir die roem en nut van die Romeinse volk het hy na Gallië teruggekeer en die brug afgebreek.

- A, a: 45cm dik houtpale (tigna bina sesquipedalia)
 B, B: 60cm dik drabalk (trabs bipedalis)
 C, c: dwarsbindings (iuncturae) tussen A en a
 D, d: bindings tussen twee stelle paalpare. Oor hierdie bindings is kenners dit nie eens nie.
 E : balke, reghoekig oor B, B gelê
 F : lang pale (longurii)
 G : vlegwerk (crates) as vloer
 H, H: skuins ingeslane stutpale
 K : beskermende pale (defensores)
 'n endjie stroom-op



PLAN



Brug oor die Ryn

Die eerste ekspedisie na Britannië

20 Ofskoon slegs 'n klein gedeelte van die somer oorgebly het en die winters in hierdie streke vroeg is omdat die hele Gallië na die Noorde geleë is, het Caesar nogtans sy bes gedoen om na Britannië te vertrek. Hy het immers geweet dat hulptroepe in feitlik al die Galliese oorloë, van daar af aan ons vyande verskaf was. Hy was ook van mening dat as die jaargety ontoereikend sou wees vir die voer van 'n oorlog, dit darem vir hom tot groot nut sou wees om maar net die eiland te besoek, die soort mense in oënskou te neem, en die streke, die hawens en toegangswêë te leer ken. Nagenoeg al hierdie dinge was aan die Galliërs onbekend. Buiten handelaars gaan niemand immers ligtelik daarheen nie, en selfs aan hulle is niks behalwe die kusstreek en die geweste wat teenoor Gallië lê, bekend nie. Hoewel hy dus van oral af handelaars na hom ontbied het, kon hy nie vasstel hoe groot die eiland was, welke volke dit bewoon het of hoe groot hulle was, welke krygservaring hulle gehad, of welke instellinge hulle gehandhaaf het, of welke hawens geskik was vir 'n menigte groter skepe nie.

21 Om hierdie dinge vas te stel voordat hy die gevaarlike onderneming aanpak, stuur hy vir Gaius Volusenus omdat hy hom geskik geag het, met 'n oorlogskip vooruit. Hy gee hom opdrag om so gou as moontlik na hom terug te keer sodra hy alles uitgevors het. Hyself vertrek met al sy magte na die gebied van die Moriners omdat die oortog na Britannië van daar af die kortste was. Hy beveel skepe van oral uit die naburige streke, en die vloot wat hy die vorige somer vir die oorlog teen die Venete gebou het, om hier te versamel. Intussen het sy plan bekend geraak en is dit deur handelaars aan die Britanniërs gerapporteer. Van verskeie state op die eiland kom daar toe gesante na hom om te belowe dat hulle gyselaars sou lewer en dat hulle hul aan die gesag van die Romeinse volk sou onderwerp. Hy het hulle aangehoor, grootmoedige beloftes gemaak, hulle aangespoor om daardie gesindheid te behou, en hulle huis toe gestuur. Saam met hulle stuur hy vir Commius, die man wat hy self na die oorwinning oor die Atrebate daar as koning aangestel het. Caesar het sy dapperheid en insig hoog aangeslaan en hom as getrou teenoor hom beskou. Sy invloed is van groot betekenis geag in hierdie streke. Hy beveel hom om die state wat hy kan, te besoek, hulle aan te moedig om die Romeinse volk se beskerming na te streef, en aan hulle te berig dat hy weldra daarheen sou kom. Volusenus het al die streke besigtig vir sover geleentheid daartoe gebied kon word aan iemand wat dit nie gewaag het

om te ontskep en hom aan die barbare toe te vertrou nie, en op die vyfde dag na Caesar teruggekeer en alles gerapporteer wat hy daar gesien het.

22 Terwyl Caesar in hierdie omgewing vertoef het om sy skepe toe te rus, het daar gesante uit 'n groot deel van die Moriners na hom gekom om hulle te verontskuldig vir hul beleid van die vorige seisoen, vir sover hulle as barbare, as mense wat nie vertrou was met ons gebruik nie, teen die Romeinse volk oorlog gevoer het, en om te belowe dat hulle sy bevels sou uitvoer. Caesar het gemeen dat dit baie geleë gebeur het, want hy wou nie 'n vyand agter sy rug laat nie, en vanweë die tyd van die jaar het hy nie eintlik geleentheid gehad om die oorlog te voer nie. Hy was ook van oordeel dat hierdie onbenullighede nie voorrang bo Britannië verleen moes word nie, en daarom het hy 'n groot aantal gyselaars geëis. Dié is gebring, en hy het die Moriners onder sy beskerming geneem. Nadat ongeveer tagtig vrgskepe versamel en saamgetrek is – hy het gemeen dit is genoeg om twee legioene te vervoer – het hy alles wat hy verder aan oorlogskepe gehad het, onder sy quaestor, legate en prefekte verdeel. Daarby het nog agtien vrgskepe gekom wat agt myl vandaar deur die wind teëgehou en verhinder is om dieselfde hawe te kon binne loop: dié het hy aan sy ruitery toegewys. Die res van die leër het hy aan sy legate Quintus Titurius Sabinus en Lucius Aurunculeius Cotta gegee om na die gebied van die Menapiërs en daardie kantons van die Moriners van wie af daar nie gesante na hom gekom het nie, te lei. Aan sy legaat Publius Sulpicius Rufus het hy opdrag gegee om die hawe met 'n garnisoen wat hy voldoende geag het, te beset.

23 Nadat hy hierdie reëlins getref het, het hy geskikte weer vir skeepvaart getref, en teen ongeveer die derde nagwaak anker gelig. Hy het sy ruitery beveel om na die verdergeleë hawe op te ruk, skeep te gaan en hom te volg. Daar sy opdrag 'n bietjie te langsaam uitgevoer is, het hy self teen ongeveer die vierde uur⁴ van die dag met die eerste skepe in Britannië geland, en daar op al die heuwels gewapende troepe van die vyand opgestel gesien. Die aard van hierdie terrein was sodanig, en die see so nou ingesluit deur berge, dat 'n werpwapen van die hoër terrein af op die strand geslinger kon word. Hy was van mening dat hierdie allermins 'n geskikte plek vir ontskeping was, en het tot die negende uur voor anker gewag vir die ander skepe om daar te versamel. Ondertussen het hy sy legate en krygstribune byeengeroep, hulle enersyds ingelig oor wat hy van Volusenus verneem het, en andersyds oor wat hy gedoen wou hê. Hy het hulle gewaarsku dat elke bevel op sy wenk en op die regte oomblik deur hulle uitgevoer moes word, soos die reëls van die krygskuns, soos veral 'n see-oorlog wat vinnige en afwisselende beweging inhou,

dit vereis het. Hy het hulle laat gaan, en toe hy op dieselfde tydstip sowel 'n gunstige wind as gety verkry, het hy die teken gegee, die ankers gelig, ongeveer sewe myl verder gevaar van daardie plek af, en sy skepe op 'n oop, gelyk strand voor anker laat lê.

24 Maar die barbare het die Romeine se plan agtergekom. Hulle het hulle ruitery en wastryders — 'n soort troepe wat hulle deurgaans gewoond was om in geveg te gebruik — vooruitgestuur, met die res van hulle magte gevolg, en ons manne probeer verhinder om te ontskeep. Om die volgende redes het daar 'n baie groot probleem ontstaan: die feit dat ons skepe vanweë hulle grootte slegs in die diepsee voor anker gebring kon word; dat ons soldate, onbekend met die terrein, met hul hande vol, en belaai met die groot, swaar las van hulle wapenuitrusting nogtans terselfdertyd van die skepe moes afspring, vaste voet in die golwe moes kry, en teen die vyand moes veg, terwyl die vyand, met al hul ledemate onbelemmer, en baie goed bekend met die terrein, hulle werpwapens of van droë grond af, of nadat hulle 'n klein endjie die water in beweeg het, moedig geslinger en hul afgerigte perde die spoor gegee het. Hewig verskrik hierdeur, en geheel en al onervare in hierdie soort geveg, het ons manne nie dieselfde strydlus en ywer as wat hulle gewoonlik in infanteriegevegte getoon het, aan die dag gelê nie.

25 Toe Caesar dít bemerk, beveel hy die oorlogskepe — hulle voorkoms was aan die barbare minder bekend en hul beweeglikheid makliker te benut — om 'n endjie van die vragskepe af weg te beweeg, vinnig te roei, aan die onbeskermde flank van die vyand stelling in te neem en hulle van daar af met slingers, pyle en grofgeskut weg te dryf en te verjaag. Hierdie manewer was vir ons manne tot groot nut, want die barbare, getref deur die vorm van die skepe, die beweging van die roeispans en die ongewone soort geskut, het gaan staan en net 'n klein endjie teruggeval. En terwyl ons soldate nog aarsel, hoofsaaklik vanweë die diepte van die see, het die adelaardraer van die tiende legioen tot die gode gebid dat sy daad gelukkig mag afloop vir sy legioen, en uitgeroep: "Spring af, soldate, tensy julle die adelaar aan die vyand wil prysgee; ek sal in ieder geval my plig teenoor my land en my opperbevelhebber gedoen het!" Nadat hy dit met 'n luide stem uitgeroep het, het hy van die skip afgespring en die adelaar in die rigting van die vyand begin dra. Toé het ons manne mekaar aangespoor dat so 'n groot skanddaad nie toegelaat moet word nie, en almal saam het van die skip afgespring. Toe die troepe van die naburige skepe hulle sien, het hulle ingeslyks gevolg en die vyand genader.

26 Aan beide kante is daar hardnekkig geveg. Omdat ons manne egter nie in staat was om hulle geleedere te bewaar, of vaste voet te kry, of hulle vaandels te volg nie, en enige man van enige skip hom aangesluit by welke vaandels hy ook al aangetref het, het hulle in groot wanorde verval. Maar die vyand het al die vlak plekke geken, en wanneer hulle van die strand af 'n klompie soldate een-een sien ontskeep, het hulle hul perde die spoor gegee en die manne in hul belemmerde toestand aangeval, terwyl 'n groot aantal die enkeles omsingel en ander van die onbeskermd flank af werptuie na die troep as geheel slinger. Toe Caesar dít bemerk, het hy bevel gegee dat die bootjies van die oorlogskepe, en so ook die verkenningsbote, deur soldate beman moet word, en hulle gestuur om diegene wat hy gesien het onder groot druk verkeer, te gaan help. Die oomblik toe ons manne op die droë grond staan, het hulle met al hulle makkers wat gevolg het 'n stormloop teen die vyand uitgevoer en hulle op vlug gejaag. Maar hulle kon hulle nie baie ver agtervolg nie omdat die ruitery nie in staat was om koers te hou en die eiland te bereik nie. Hierdie enkele ding het ontbreek om Caesar se vroeëre geluk te ewenaar.

27 Die vyand is in die geveg verslaan, en sodra hulle van hul vlug herstel het, het hulle dadelik vredesgesante na Caesar gestuur. Hulle het belowe hulle sou gyselaars lewer en doen wat hy beveel het. Saam met hierdie gesante het die Atrebaat Commius, wat ek hierbo aangetoon het deur Caesar na Britannië vooruitgestuur was, ook gekom. Toe hy ontskeep, en soos 'n ambassadeur Caesar se opdragte aan hulle oorgedra het, het hulle hom gevange geneem en in boeie geslaan. Maar nou, na die slag, het hulle hom teruggestuur. By hul versoek om vrede het hulle die skuld vir hulle optrede op die volksmenigte geplaas en hom gevra om hulle op grond van hul onoordeelkundigheid te vergewe. Caesar het gekla dat hoewel hulle uit eie beweging gesante na die vasteland gestuur en vrede van hom versoek het, hulle nou sonder rede oorlog gemaak het. Hy het gesê hy vergewe hulle onoordeelkundigheid, en gyselaars geëis. 'n Deel van die gyselaars het hulle dadelik gegee, en beweer hulle sou die ander deel uit verderafgeleë plekke ontbied en binne 'n paar dae lewer. Intussen het hulle hul mense opdrag gegee om na hul landerye terug te keer, en het stamhoofde van heinde en ver begin byeenkom, en om hulle en hul state aan Caesar oor te gee.

28 Toe die vrede hierdeur verseker was, het die agtien skepe waarvan hierbo melding gemaak is – die wat die ruitery aan boord geneem het – vier dae na ons aankoms in Britannië voor 'n ligte wind uit die hawe hoërop⁵ gevaar. Toe hulle Britannië nader en reeds vanuit die kamp gesien kon word, het so 'n hewige storm skielik ontstaan dat nie een van

hulle kon koers hou nie. Party is teruggedryf na dieselfde plek vanwaar hulle vertrek het, ander is met groot gevaar afgeslinger na die laer⁶ deel van die eiland wat nader⁶ aan sonsondergang lê. Hulle het anker gegooi, maar toe hulle deur golwe oorstroom word, het hulle egter noodgedwonge in die gure nag na die diepsee gevaar en op die kontinent afgestuur.

29 Toevallig was dit daardie selfde nag volmaan, die dag van die maand wat gewoonlik die hoogste getye in die Oseaan teweegbring, en dit was nie aan ons manne bekend nie, So, gelyktydig, het die gety die oorlogskepe waarmee Caesar sy leër laat oorbring, en wat hy op die droë laat sleep het, oorstroom, en het die storm die vragkepe wat aan hul ankers vasgemaak was, beskadig. En daar is geen geleentheid aan ons manne gebied om of reëlins te tref of hulp te bied nie. Verskeie kepe is aan stukke geslaan, en aangesien die res weens die verlies van hul toue, ankers en ander takelwerk onbruikbaar was vir skeepvaart, het daar oor die hele leër — iets wat noodwendig moes gebeur — groot konsternasie ontstaan. Daar was immers geen ander kepe waarmee hulle terugvervoer kon word nie, en alles wat vir die herstel van die kepe nodig was, het ontbreek; en omdat dit by almal vasgestaan het dat hulle in Gallië moes oorwinter, was daar in hierdie streke nie voorsiening gemaak vir graan vir die winter nie.

30 Toe hulle van hierdie omstandighede verneem, het die Britanniese stamhoofde wat na die geveg by Caesar byeengekom het, onderling oorleg gepleeg. Aangesien hulle geweet het dat dit die Romeine aan ruiters, kepe en graan ontbreek, en hulle die geringe getalle van ons soldate uit die klein oppervlakte van die kamp afgelei het — en dit was des te kleiner omdat Caesar sy legioene sonder die bagasie oorgebring het — het hulle gemeen die beste om te doen was om weer die oorlog te begin, ons van graan en lewensmiddele af te sny, en die oorlog tot in die winter uit te rek. Hulle het immers vas geglo dat as ons huidige magte oorwin en van 'n terugtog afgesny is, niemand in die vervolg na Britannië sou oorvaar om daar te kom oorlog voer nie. Derhalwe het hulle weer eens 'n same-swering gevorm en geleidelik die kamp begin verlaat, en om hul mense heimelik uit die platteland terug te bring.

31 Maar hoewel Caesar nog nie vertrouwd was met hul planne nie, het hy nogtans op grond van die ongeluk van sy kepe en die feit dat hulle opgehou het om gyselaars te lewer, vermoed dat dit wat gebeur het, sou gebeur. Derhalwe het hy hulpmiddele voorberei vir alle gebeurlikhede. Hy het daagliks graan uit die lande in sy kamp versamel, die hout en brons van die kepe wat die ernstigste beskadig was, gebruik om die ander te herstel, en beveel dat materiaal wat daarvoor nodig was, van die

vasteland af gebring moes word. Aangesien die werk met die grootste ywer deur die soldate uitgevoer is, het hy dus, niesteenstaande die verlies van twaalf skepe, daarvoor gesorg dat daar met die res gerieflik gegaar kon word.

32 Tydens dié gebeure is een legioen, met name die sewende, oudergewoonte uitgestuur om koring in te samel. Tot in dié stadium het geen vermoede van oorlog tussenbeide getree nie daar 'n deel van die mense op die platteland gebly, en 'n deel selfs die kamp reëlmatig besoek het. Toe, egter, meld die soldate wat voor die kamphekke wag gestaan het, dat 'n groter stofwolk as gewoonlik gesien word in die rigting waarin die legioen getrek het. Omdat Caesar dít wat dit was, vermoed het, naamlik dat een of ander nuwe plan deur die barbare in werking gestel is, het hy opdrag gegee dat die kohorte op wag saam met hom in daardie rigting marsjeer, dat twee van die ander kohorte hulle plek op wag moet inneem, en dat die res hulle bewapen en dadelik kort op sy hakke moet volg. Toe hy 'n endjie uit die kamp opgeruk het, bemerk hy dat sy manne deur die vyand in die nou gedryf is en nouliks standhou, en dat werptuie van alle kante geslinger word terwyl die legioen dig saamgedrom staan. Want omdat al die graan op die ander plekke afgeoes was en net een plek oorgebly het, het die vyand vermoed dat ons manne daarheen sou kom, en het hulle gedurende die nag in die bosse weggekruip. Toe, skielik, het hulle ons manne aangeval wat versprei was nadat hulle hul wapens neergelê het en besig was om te oes. Hulle het 'n paar gedood en die res, omdat daar wanorde in hul geledere geheers het, in verwarring gebring, en hul terselfdertyd met hulle ruitery en strydwaens omsingel.

33 Hulle gevegswyse van die strydwaens af is die volgende. Eers galoppeer hulle in alle rigtings rond, slinger werptuie, en bring meestal die geledere in verwarring deur die blote vrees vir die perde en die geratel van die wiele. Wanneer hulle tussen die ruiterskadronne ingedring het, spring hulle van die strydwaens af en veg te voet. Die wadrywers wyk intussen 'n endjie uit die geveg en plaas hulle waens só, dat as die strydery deur 'n vyandelike oormag onder druk geplaas word, hulle 'n ongehinderde aftog na hulle makkers kan hê. So toon hulle in 'n geveg die beweeglikheid van ruiters en die standvastigheid van voetvolk. Deur daaglikse toepassing en oefening kry hulle dit reg om gewoonlik hulle aangedryfde perde op 'n steilte met 'n skerp helling in te hou, binne 'n oomblik te betoel en te laat draai; om op die disselboom langs te hardloop, op die juk te gaan staan en van daar af baie vinnig in die strydwaens in terug te val.

34 Op die mees geleë oomblik het Caesar hulp gebring aan ons manne wat totaal verwar was deur dié nuwe soort vegtery, want by sy aankoms

het die vyand tot stilstand gekom en het ons soldate van hul skrik herstel. Toe dít bereik is, was hy van oordeel dat die oomblik nie gepas was om die vyand te daag en die geveg aan te knoop nie. Hy het dus op sy eie terrein gebly en na 'n kort tussenpoos sy legioene die kamp in teruggelei. Terwyl dít aan die gang was en al ons manne se aandag in beslag geneem is, het die Britanniërs wat op die platteland agtergelaat was, die wyk geneem. Storms wat sowel ons manne in die kamp gehou as die vyand van 'n geveg weerhou het, het etlike dae aaneen gevolg. Intussen het die barbare boodskappers in alle rigtings uitgestuur, hulle mense van die klein getal van ons soldate vertel, en gewys op welke groot geleentheid hulle gebied word om buit te maak en hulleself vir altyd te bevry as hulle die Romeine uit die kamp verdryf. Hiermee het hulle spoedig 'n groot menigte voetvolk en ruitery versamel en na ons kamp opgeruk.

35 Hoewel Caesar gesien het dat dieselfde sou gebeur wat die vorige dae gebeur het, naamlik dat, indien die vyand verdryf word, hulle deur hul vlugheid aan die gevaar sou ontkom, het hy nogtans ongeveer dertig ruiters bekom — die wat die Atrebaat Commius, van wie daar tevore sprake was, saam met hom oorgebring het — en sy legioene voor die kamp in slaglinie opgestel. Toe die geveg aangeknoop is, kon die vyand ons soldate se aanval nie te lank verduur nie, en het hulle op vlug geslaan. Die Romeine het hulle agtervolg so ver as wat hulle met hul vaart en kragte kon, etlikes van hulle gedood, daarna al die opstalle wyd en syd aan die brand gestee, en na hul kamp teruggetrek.

36 Dieselfde dag het vredesgesante wat deur die vyand gestuur was, na Caesar gekom. Vir hulle het Caesar die getal gyselaars wat hy tevore geëis het, verdubbel, en beveel dat laasgenoemde na die vasteland gebring moes word aangesien die dag- en nagewening op hande was, en hy van oordeel was dat sy oortog in skepe in 'n slegte toestand, nie aan winterstorms onderwerp moes word nie. Hyself het gunstige weer getref en kort na middernag anker gelig, en al die skepe het die vasteland veilig bereik. Maar twee vrag skepe onder hulle kon nie dieselfde hawens as die res bereik nie, en is ietwat laer langs die kus afgedryf.


37 Toe ongeveer driehonderd soldate uit hierdie skepe ontskep is en vinnig op mars was na die kamp, is die Moriners wat Caesar by sy vertrek na Britannië as onderworpenes agtergelaat het deur hoop op buit verlok, en het hulle die Romeine omsingel — aanvanklik nie met so 'n groot aantal van hulle manne nie — en hulle beveel om hulle wapens neer te lê as hulle nie doodgemaak wou word nie. Toe ons soldate 'n sirkel vorm en hulleself verdedig, het ongeveer sesduisend man vinnig op die geskree toegesnel. By berig hiervan het Caesar sy hele ruitery uit die kamp gestuur

om sy manne te gaan help. Intussen het ons soldate die aanslag van die vyand weerstaan, en meer as vier uur lank baie dapper geveg. Hulle het enkele wonde opgedoen en etlikes van die vyand gedood. Nadat ons ruitery egter in sig gekom het, het die vyand hulle wapens neergegooi en op vlug geslaan. 'n Groot aantal van hulle is gedood.

38 Die volgende dag het Caesar sy legaat, Titus Labienus, met die legioene wat hy uit Britannië teruggebring het, na die gebied van die Moriners wat die opstand gepleeg het, gestuur. Aangesien hulle weens die droogheid van die moerasse nie 'n plek gehad het waarheen hulle kon terugval nie – die vorige jaar het hulle hierdie toevlugsoord benut – het hulle feitlik almal in Labienus se hande geval. Maar die legate Quintus Titurius en Lucius Cotta wat hul legioene die gebied van die Menapiërs binnegelei het, het al laasgenoemde se landerye verwoes en hulle opstalle afgebrand omdat al die Menapiërs in baie digte bosse gaan skuil het, en na Caesar teruggekeer. Caesar het al die legioene se winterkwartiere in die gebied van die Belge gevestig. Slegs twee stamme uit Britannië het gyse-laars daarheen gestuur, maar die ander het dit versuim. Op grond van hierdie oorlogsprestasie is daar ten gevolge van 'n verslag van Caesar 'n dankfees van twintig dae deur die senaat verorden.

Die vyfde boek

(54 v.C.)



Die kampanje van 54 v.C.

Die tweede ekspedisie na Britannië

1 Toe Caesar in die konsulaatsjaar¹ van Lucius Domitius en Appius Claudius uit sy winterkwartiere na Italië vertrek, soos hy dit gewoonlik elke jaar gedoen het, gee hy aan die legate wat hy in bevel van die legioene geplaas het opdrag om gedurende die winter soveel skepe as moontlik te laat bou, en die oues te laat herstel. Hy dui die bouwyse en vorm daarvan aan. Met die oog op spoed by die laai en uitsleep op die droë, maak hy hulle ietwat laer as dié wat ons gewoonlik in ons² see gebruik, en dit des te meer omdat hy verneem het dat die golwe daar³ ten gevolge van die talryke wisselinge van die gety, nie so groot word nie. Om vragte en 'n groot menigte lasdiere te vervoer, bou hy hulle ietwat breër as die wat ons op die ander seë gebruik. Hy gee opdrag dat hulle almal as snelseilers⁴ gebou word, iets waarvoor die lae bou baie help. Hy beveel dat die materiaal wat nodig is vir die toerusting van die skepe uit Spanje gebring moet word. Na afloop van die hofsittings⁵ van Nader-Gallië, vertrek hyself na Illyrië, want hy het gehoor dat die deel van die Provinsie wat aan die Puriste grens, deur hulle met invalle verwoes word. Toe hy daar aankom, eis hy van die state soldate en beveel dat hulle op 'n bepaalde plek moet versamel. By die tyding hiervan, stuur die Piruste gesante na hom om te verklaar dat niks van wat gebeur het op staatsbesluite gedoen is nie, en hulle betoon hulle bereid om op elke wyse te vergoed vir hul vergrype. Nadat Caesar hul rede aangehoor het, eis hy gyselaars en beveel dat hulle teen 'n bepaalde dag gebring moet word; as hulle dit nie doen nie, toon hy aan, sal hy hulle staat met oorlog besoek. Toe die gyselaars, soos hy beveel het, op die vasgestelde dag gebring word, stel hy arbiters tussen die state aan om die skade te takseer en die vergoeding te bepaal.

2 Nadat hy hierdie sake afgehandel, en die hofsittings beëindig het, keer hy terug na Nader-Gallië en vertrek van daar af na sy leër. By sy aankoms aldaar, besoek hy al die winterkwartiere en vind dat, danksy die buitengewone ywer van die soldate en nieteenstaande die allergrootste gebrek aan alle benodigdhede, ongeveer seshonderd skepe van die soort wat ons hierbo aangedui het, en agt-en-twintig oorlogskepe reeds klaar gebou is, en dat hulle hoogswaarskynlik binne 'n paar dae te water gelaat kan word. Hy loof die soldate en diegene wat in bevel van die werk was van ganser harte, toon aan wat hy gedoen wil hê, en beveel dat almal by die hawe Itius moet versamel. Van hierdie hawe af, het hy verneem, was die oortog na Britanië die gerieflikste — 'n vaart van ongeveer

dertig myl van die vasteland af. Vir hierdie onderneming het hy soveel soldate as wat vir hom voldoende gelyk het, agtergelaat. Hyself vertrek met vier liggewapende legioene en agthonderd ruiters na die gebied van die Trevere, want hulle het nie na die vergaderings gekom nie, ook nie sy bevel gehoorsaam nie, en het na bewering die Transrynsse Germane opgerui.

3 Van die hele Gallië is hierdie staat die sterkste in ruitery. Dit beskik oor groot magte voetvolk, en soos ons hierbo aangetoon het, grens dit aan die Ryn. In dié staat het twee manne, Indutiomarus en Cingetorix, 'n onderlinge stryd gevoer om die leierskap. Sodra hulle verneem het van Caesar en die legioene se aankoms, het een van hulle, Cingetorix, na hom gekom en bevestig dat hy en al sy ondersteuners lojaal sou bly en nie die vriendskap met die Romeinse volk sou verbreek nie, en hy het alles geopenbaar wat in die gebied van die Trevere aangaan. Indutiomarus, daarenteen, het begin om ruitery en voetvolk te versamel, en nadat hy diegene wat weens hul onderdom nie onder die wapens kon staan nie in die Ardennewoud versteek het – wat in ontsaglike uitgestrektheid deur die middel van die Treveregebied, van die Rynrivier af tot aan die grens van die Remers reik – het hy op oorlog begin voorberei. Maar nadat 'n aantal hoofmanne uit dié stam, enersyds aangespoor deur vriendskap met Cingetorix, en andersyds doodverskrik deur die aankoms van ons leër, na Caesar gekom en privaat aan hom begin versoeke rig het met betrekking tot hul eie persoonlike sake, aangesien hulle, so het hul beweër, nie in belang van hul staat kon optree nie, stuur Indutiomarus uit vrees dat hy deur almal in die steek gelaat mag word, gesante na Caesar. Hy wou nie sy mense verlaat en na Caesar kom nie, het hy laat weet, om sy staat makliker lojaal te hou, en om te voorkom dat as die ganse adel vertrek, die volk uit onbesonnenheid iets verkeerd aanvang. Aldus was die stam in sy mag, en as Caesar dit toestaan, sal hy na hom in sy kamp kom en sy eie en sy staat se welsyn aan Caesar se beskerming toevertrou.

4 Hoewel Caesar ingesien het om welke rede dié dinge gesê is, en welke omstandigheid die man van sy voorgenome plan weerhou, het hy nogtans, om te voorkom dat hy gedwing word om die somer by die Trevere deur te bring, en omdat alle voorbereidsels vir die oorlog teen Britannië reeds getref was, vir Indutiomarus beveel om met tweehonderd gyselaars na hom te kom. Toe hierdie gyselaars gebring is, onder hulle sy seun en al sy verwante vir wie Caesar by name ontbied het, het Caesar Indutiomarus gerusgestel, en hom aangemoedig om lojaal te bly. Nietemin het hy die Trevere se hoofmanne by hom byeengeroep en hulle een

vir een met Cingetorix versoen. Hy het besef hy doen dit enersyds op grond van Cingetorix se verdienstelikheid, en andersyds omdat hy geoordeel het dat dit van groot belang was dat die invloed van die man wie se buitengewoon goeie gesindheid teenoor hom hy duidelik bemerk het, so sterk as moontlik moet staan onder sy mense. Indutiomarus het erg verbitter gevoel oor die feit dat sy invloed onder sy volksgenote verminder is, en hy wat reeds voorheen vyandiggesind teenoor ons was, het van hierdie verbittering nog veel erger in toorn ontvlam.

5 Nadat hierdie sake beklink is, het Caesar by die hawe Itius aangekom. Daar het hy verneem dat die sestig skepe wat in die gebied van die Melde gebou was deur 'n storm teruggedryf is en nie kon koers hou nie, en dat hulle teruggekeer het na dieselfde plek vanwaar hulle vertrek het. Die res het hy seilvaardig en in alle opsigte toegerus aangetref. Die ruitery van die ganse Gallië, vierduisend in getal, en die hoofmanne uit al die state, het op dieselfde plek versamel. Hy het besluit om enkeles van die hoofmanne wie se trou teenoor hom hy duidelik bemerk het, in Gallië agter te laat, en om die res as gyselaars saam met hom te neem omdat hy bang was vir 'n opstand in Gallië terwyl hyself afwesig sou wees.

6 Onder die res was daar die Aeduer Dumnorix, van wie ons vroeër melding gemaak het. Caesar het besluit om veral hierdie man by hom te hou, omdat hy bewus was daarvan dat hy gesmag het na revolusie, gesmag het na oppergesag, en een was met groot moed en groot invloed onder die Galliërs. Daarby het nog gekom dat Dumnorix in die landdag van die Aeduers gesê het dat die koningskap van die staat deur Caesar aan hom opgedra is. Die Aeduers was erg gebelgd oor hierdie uitlating, maar het dit nie gewaag om gesante na Caesar te stuur om te protesteer of dit te probeer voorkom nie. Caesar het van sy gashere van dié voorval verneem. Dumnorix het eers met allerhande smeekbedes dringend versoek om in Gallië agtergelaat te word, deels, so het hy beweer, omdat hy nie gewoond was aan seevaart nie en bang was vir die see, en deels omdat hy deur godsdienstige bedenkinge weerhou word. Nadat hy gesien het dit word hom hardnekkig geweier, en toe alle hoop om sy versoek toegestaan te kry hom ontnem is, het hy die hoofmanne van Gallië begin opstook, en om hulle een-een eenkant toe te roep en aan te raai om op die vasteland te bly. Hy het hulle ook begin bangmaak met die vrees dat dit sonder rede gebeur het dat Gallië van sy hele adel beroof is nie; dat dit Caesar se plan was om al diegene wat hy bang was om voor die oë van Gallië om die lewe te bring, na Britannië oor te bring en daar dood te maak. Aan die ander het hy sy erewoord gegee en van hulle 'n eed geëis dat hulle in gemeenskaplike oorleg dié maatreëls sou tref wat

hulle gewet het nuttig vir Gallië was. Hierdie gekonkel is deur verskeie mense aan Caesar gerapporteer.

7 Toe hy hiervan verneem, aangesien hy so 'n groot belang aan die Aeduerstaat geheg het, het Caesar besluit dat Dumnorix met alle moontlike middele in toom gehou en afgeskrik moes word, en, omdat hy gesien het dat sy waansin te ver gaan, dat voorsorg getref moes word dat hy hom en die Romeinse staat nie kon skade aandoen nie. Derhalwe het hy ongeveer vyf-en-twintig dae aldaar vertoef — omdat die noordwestewind wat gewoonlik 'n groot deel van elke seisoen in daardie streke waai, skeepvaart verhinder het — en hom daarop toegespits om Dumnorix gehoorsaam te hou maar desnietemin van al sy planne te verneem. Toe hy uiteindelik gunstige weer bekom, beveel hy die soldate en ruitery om skeep te gaan. Maar terwyl almal se aandag in beslag geneem is, het Dumnorix sonder Caesar se wete met die Aeduers se ruitery van die kamp af huis toe begin vertrek. By berig hiervan het Caesar die uitvaart onderbreek en alle voorbereidings uitgestel. Hy stuur 'n groot deel van die ruitery om Dumnorix te agtervolg, en gee opdrag dat hy teruggebring moet word. Hy beveel dat hy doodgemaak moet word as hy weerstand bied en nie gehoorsaam nie, want hy was van oordeel dat 'n man wat sy bevel in sy aanwesigheid verontagsaam het, niks verstandigs in sy afwesigheid sou doen nie. Toe Dumnorix teruggeroep word, het hy begin weerstand bied, hom gewapenderhand begin verdedig, en om sy volgelinge se beskerming af te smee terwyl hy voortdurend skree dat hy 'n vry burger van 'n vry staat is. Soos beveel, omsingel en dood die agtervolgers die man, maar die Aeduïese ruiters keer almal na Caesar terug.

8 Na hierdie gebeurtenisse het hy vir Labienus met drie legioene en tweeduisend ruiters op die vasteland gelaat om die hawens te beskerm, voorsiening te maak vir graanvoorrade, alles uit te vind wat in Gallië gebeur, en om na tyd en omstandighede planne te beraam. Hyself het teen sonsondergang met vyf legioene en dieselfde aantal ruiters as wat hy op die vasteland agtergelaat het, anker gelig en op 'n ligte suidwestewind weggevaar. Omdat die wind ongeveer middernag gaan lê het, kon hy nie koers hou nie. Hy is deur die gety te ver afgedryf, en teen dagbreek het hy bemerk dat Britannië links agtergelaat lê. Toe het hy weer die verandering van die gety gevolg en sy bes gedoen om met behulp van die roeispane daardie deel van die eiland te bereik waar hy die vorige somer verneem het die beste landingsplek was. Hierby was die ywer van die soldate wat in swaarbelaaide vragsepe die spoed van die oorlogsepe deur ononderbroke inspanning by die roei geëwenaar het, besonders aan te prys. Omstreeks middag het al die sepe Britannië bereik, maar

geen vyand is daar opgemerk nie. Soos Caesar later van gevangenes verneem het, is hulle, hoewel groot magte daar saamgetrek het, deur die groot aantal skepe verskrik — saam met die van die vorige jaar en die privates wat elkeen vir sy eie gerief laat bou het, is meer as agthonderd ineens gesien — en het hulle van die strand af gewyk en hulle op hoër terrein gaan versteek.

9 Caesar het sy leër ontskeep en 'n geskikte terrein vir sy kamp gekies. Toe hy van gevangenes verneem waar die vyand se magte stelling ingeneem het, het hy tien kohorte en driehonderd ruiters by die see gelaat om as beskerming vir die skepe te dien, en teen ongeveer die derde nagwaak teen die vyand opgetrek. Hy het des te minder om sy skepe gevrees daar hy hulle op 'n sagte, oop strand geanker agtergelaat, en vir Quintus Atrius aan die hoof van 'n garnisoen ter beskerming van die skepe gestel het. Hyself het gedurende die nag ongeveer twaalf myl opgeruk en die vyand se magte in sig gekry. Hulle het met strydwaens en ruitery na 'n rivier vooruitgeruk en van hoër terrein af ons manne begin stuit, en om die geveg aan te knoop. Hulle is deur ons ruitery teruggedryf, en het hulle in die bosse versteek waar hulle 'n plek bekom het wat voortreflik deur sowel natuurlike ligging as mensehand verskans was, en wat hulle, na dit geblyk het, reeds voorheen met die oog op 'n binnelandse oorlog voorberei het, want alle toegange was met talryke afgekapte bome versper. Hulleself het hier en daar uit die bosse gekom om te veg, en ons manne probeer belet om die verskansings binne te dring. Maar die soldate van die sewende legioen het 'n skilddak gevorm, 'n wal teen die verskansings opgegooi, die plek ingeneem, die vyand uit die bosse verdryf en slegs 'n paar wonde opgedoen. Maar Caesar het hulle verbied om die vlugtendes te ver te agtervolg, enersyds omdat hy die aard van die terrein nie geken het nie, en andersyds omdat 'n groot deel van die dag verstreke was en hy wou hê daar moes tyd gelaat word vir die verskansing van sy kamp.

10 Die anderdagmôre het hy die soldate en ruiters in drie afdelings op ekspedisie gestuur om die wat gevlug het te agtervolg. Toe hulle 'n hele end op die pad gevorder het en die agterhoede van die vyand reeds binne sig was, het daar ruiters van Quintus Atrius af by Caesar aangekom om aan te kondig dat 'n geweldige storm die vorige nag losgebars het, en dat byna al die skepe gehawend op die strand geslinger is omdat die ankers en meertoue nie gehou het nie, en die matrose en stuurlui ook nie die geweld van die storm kon verduur nie: deur die botsing van die skepe is daar derhalwe ernstige skade opgedoen.

11 Toe hy hiervan verneem, beveel Caesar dat die legioene en ruitery teruggeroep word en dat hulle aanvalle onderweg moet weerstaan, terwyl hyself na die skepe terugkeer. Hy sien met eie oë ongeveer dieselfde as wat hy van die boodskappers en uit die briewe verneem het, maar tog so, dat hoewel veertig skepe verloor was, dit gelyk het of die ander met groot moeite herstel kon word. Derhalwe kies hy ambagslui uit die legioene en beveel dat ander van die vasteland af ontbied word. Hy skryf aan Labienus om met die legioene wat by hom is soveel skepe te bou as wat hy kan. Hoewel die taak groot moeite en inspanning geveer het, besluit hyself dat dit nogtans die beste is dat al die skepe op die droë gesleep, en deur een skanswerk met die kamp verbind word. Hy bestee ongeveer tien dae hieraan, waartydens die werk van die soldate selfs nie eers in die nagtelike ure onderbreek is nie. Toe die skepe op die droë gesleep, en die kamp uitstekend verskans is, laat hy dieselfde magte as tevore ter beskerming van die skepe. Hyself vertrek na die plek vanwaar hy teruggekeer het. Toe hy daar aankom, het groter magte van die Britanniërs reeds van oral af op daardie plek saamgetrek, en was die opperbevel en die opperste leiding in die hantering van die oorlog kragtens algemene besluit aan Cassivellaunus opgedra. 'n Rivier, met name die Teems⁶, ongeveer tagtig myl van die see af, skei sy gebied van die kusstate. Vroeër was daar ononderbroke oorloë tussen hierdie leier en die ander state, maar verontrus deur ons aankoms, het die Britanniërs hom as opperbevelhebber vir die hele oorlog aangestel.

Britannië en sy inwoners

12 Die binneland van Britannië word bewoon deur mense wat, na hulle self beweer, volgens oorlewering boorlinge van die eiland is, en die kusdeel deur mense wat met die oog op buit en aggressie van België af oorgesteek het. Laasgenoemde dra feitlik almal die name van dié state waaruit hulle stam en vanwaar hulle na Britannië oorgesteek het. Na afloop van die oorlog het hulle daar gebly en die lande begin bewerk. Die groot massa mense is ontelbaar, die opstalle is baie na aan mekaar en feitlik identies aan dié van die Galliërs, en daar is 'n groot aantal vee. Hulle gebruik òf koper òf goue munt, òf, in die plek van die munt, ysterstafies wat tot 'n bepaalde gewig afgeweeg is. In die binnelandse streke word daar tin geproduseer, in die kusstreke yster, maar daarvan is die voorraad gering; hulle gebruik ingevoerde koper. Hout is daar van enige soort, soos in Gallië, behalwe die beuk en die den. Hulle beskou dit as ongeoorloof om 'n haas, 'n hoender of 'n gans te eet; tog hou hulle hierdie goed aan vir die plesier en genot daarvan. Die klimaat is

gematigder as in Gallië, en die koue minder bytend.

13 Wesenlik vorm die eiland 'n driehoek waarvan die een sy teenoor Gallië lê. Een hoek van hierdie sy, dié by Kent⁷, waar feitlik alle skepe uit Gallië tot land gebring word, lê na die ooste, en die onderste hoek na die suide. Hierdie sy strek ongeveer vyfhonderd myl. Die ander sy is na Spanje en die weste gekeer, en in hierdie rigting lê Ierland⁸, volgens skatting die helfte kleiner as Britannië, maar die oorvaart daarheen is net so lank as dié van Gallië af na Britannië. In die middel van hierdie seereis lê die eiland wat as Man⁹ bekend staan. Daarbenewens is verskeie kleiner eilande veronderstel om na aan die land te lê, en van hierdie eilande het sommige geskryf dat dit daar in die winter dertig dae aaneen nag is. Ons kon deur navrae niks daaroor uitvind nie, behalwe dat ons deur noukeuring metings met die wateruurwerk gesien het dat die nagte korter is as op die vasteland. Die lengte van hierdie sy beloop, na die Britanniërs se mening, sewehonderd myl. Die derde sy is na die noorde gekeer. Teenoor hierdie deel is daar geen land geleë nie, maar die hoek van dié sy is hoofsaaklik na Germanië gerig. Die lengte van hierdie sy word geskat op agthonderd myl. Die eiland is dus in sy geheel tweeduisend myl in omtrek.

14 Van al die Britanniërs is die inwoners van Kent wat geheel en al 'n kusstreek is, die mees beskaafde, en in lewenswyse verskil hulle nie veel van dié van die Galliërs nie. Die meeste binnelandbewoners saai nie koring nie, maar leef van melk en vleis, en is met velle geklee. Maar alle Britanniërs verf hulleself met wede wat 'n donkerblou kleur gee, en hierdeur is hulle nog vreeswekkender van voorkoms in die geveg. Hulle dra hul hare lank, en skeer elke deel van die liggaam behalwe die hoof en bolip. Groepe van tien of twaalf mans hou vroue gemeenskaplik onder mekaar aan, veral broers met broers en vaders met seuns; maar die kinders wat uit hulle gebore word, word beskou as kinders van hom aan wie die jong vrou eerste toegebring is.

Die gevegte teen die Britanniërs

15 Die ruiters en wastryders van die vyand het in 'n hewige geveg met ons ruitery op mars slaags geraak, met die gevolg, egter, dat ons manne in alle opsigte die oorhand gevoer, en hulle die bosse en heuwels ingedryf het. Maar nadat hulle etlikes gedood het, het hulle alte gretig agtervolg en 'n paar van hul makkers verloor. Maar na 'n tussenpoo, toe ons soldate niksvermoedend besig was met die verskansing van die kamp,

het hulle skielik uit die bosse gestorm, 'n aanval gedoen op die manne wat voor die kamp op wag geplaas was, en verbitterd geveg. Caesar het twee kohorte, en wel die eerstes¹⁰ van twee legioene, gestuur om te gaan help, maar hoewel hulle op baie kort afstand van mekaar stelling ingeneem het, is ons manne deur die nuwe soort vegtery verskrik, en het die vyand uiters waaghalsig in die middel deurgebars en sonder verliese vandaar teruggetrek. Daardie dag word Quintus Laberius Darus, 'n krygstribuun, gedood. Eers toe verskeie kohorte te hulp gestuur is, word die vyand verdryf.

16 Aangesien die geveg voor die kamp onder almal se oë plaasgevind het, was dit deurentyd in hierdie soort vegtery duidelik dat ons manne vanweë die gewig van hul wapens nie opgewasse was teen hierdie soort vyand nie, omdat hulle die wykendes nie kon agtervolg, en ook nie van hulle veldtekens durf padgee het nie. Dit was ook duidelik dat ons ruiters onder groot gevaar geveg het omdat die vyand meestal doelbewus agteruitgewyk, en wanneer hulle ons ruiters 'n endjie van die legioene verwyder het, van hul strydwaens afgespring en te voet in 'n ongelyke geveg die stryd gevoer het. Hul taktiek in die ruiterygeveg het egter vir ons manne, sowel wanneer hulle wyk as agtervolg, een en dieselfde gevaar meegebring. Daarby het nog gekom dat hulle nooit in digte geleedere geveg het nie, maar verspreid en met groot tussenruimtes; dat hulle op verskillende plekke opgestelde poste gehad, en mekaar agtereenvolgens afgelos het, en onvermoeide, vars troepe die vermoeides opgevolg het.

17 Die volgende dag het die vyand ver van die kamp af op die heuwels stelling ingeneem, hulleself hier en daar begin vertoon, en om ons ruiters minder heftig as die vorige dag tot die geveg te daag. Maar toe Caesar die middag drie legioene en die hele ruitery onder sy leë, Gaius Trebonius, stuur om te gaan voer insamel, het hulle skielik van alle kante af op die voersoeke afgestorm, met so 'n geweld dat hulle nie vir ons veldtekens en legioene padgegee het nie. Ons manne het hulle heftig aangeval en verdryf, en nie die agtervolging gestaak voordat die ruiters in vertroue op steun – hulle het immers die legioene agter hulle gesien – die vyand halsoorkop voor hulle uitgedryf het nie. Hulle het 'n groot aantal van hulle gedood en hulle geen geleentheid gegee om te hergroepeer, stand te hou of van hul strydwaens af te spring nie. Onmiddellik na hierdie vlug het hul hulptroepe wat van alle kante af byeengekom het, vertrek, en nooit het die vyand daarna weer met hul gesamentlike magte teen ons geveg nie.

18 Toe Caesar van hul plan verneem, het hy sy leër na die Teems-

rivier in die gebied van Cassivellaunus gelei. Hierdie rivier kan slegs op een enkele plek, en dit beswaarlik, te voet oorgesteek word. Toe hy daar aankom, bemerk hy dat groot magte van die vyand op die ander oewer van die rivier opgestel is. Die oewer was egter verskans met skerp pale voor teen die wal ingeslaan, en derglike pale wat onder die water aangebring was, is deur die stroom bedek. Nadat hy dié besonderhede van gevangenes en drosters verneem het, het Caesar sy ruitery vooruitgestuur en die legioene beveel om onmiddellik te volg. Maar hoewel die soldate net met die kop bo die water uitgesteek het, het hulle met so 'n vaart en so'n vuur beweeg, dat die vyand nie die aanval van die legioene en die ruitery kon weerstaan nie, die oewers prysgegee en op vlug geslaan het.

19 Nadat Cassivellaunus, soos ons hierbo aangetoon het, alle hoop op stryd laat vaar het, het hy die grootste deel van sy magte ontbind, net ongeveer vierduisend wastryders agtergehou, ons marsroetes bespied, 'n endjie van die pad af teruggetrek en hom in moeilik begaanbare, beboste terrein skuilgehou. In die streke waarlangs hy verneem het dat ons sou marsjeer, het hy die vee en die mense van die platteland af die bosse in gedryf, en telkens wanneer ons ruitery hulle in die velde versprei het om vryliker te buit en te verwoes, het hy sy wastryders met elke pad en voetpad uit die bosse gestuur, met groot gevaar vir ons ruiters teen hulle geveg, en hulle uit vrees hiervoor belet om wyer rond te swerf. Al wat vir Caesar oorgebly het, was om te verbied dat hulle te ver van die legioene se marskolonne afdwaal, en om toe te laat dat die vyand slegs deur die verwoesting van landerye en brandstigting skade berokken word, soveel as wat die legioensoldate dit op die inspannende mars kon doen.

20 Ondertussen stuur die Trinobante, amper die sterkste staat van daardie geweste – die jongman Mandubracius het op soek na Caesar se beskerming uit hierdie staat na hom op die vasteland van Gallië gekom; sy vader het die koningskap in dié staat beklee en is deur Cassivellaunus vermoor terwyl Mandubracius self aan die dood ontkom het deur te vlug – gesante na Caesar en belowe om hulle aan hom oor te gee en sy opdragte uit te voer. Hulle versoek hom om Mandubracius teen onreg van die kant van Cassivellaunus te beskerm, en hom na hul staat te stuur om daar aan die hoof te staan en die heerskappy te voer. Caesar eis van hulle veertig gyselaars en graan vir sy leër, en hy stuur Mandubracius na hulle. Hulle het sy opdragte gou uitgevoer, die gyselaars in volle getal gestuur, én die graan.

21 Toe die Trinobante beskerm en teen alle vergrype van die kant van sy soldate behoed is, stuur die Cenimagniërs, die Segontiake, die

Ancalite, die Bibroke en die Cassiërs gesantskappe en gee hulle aan Caesar oor. Van hulle verneem hy dat Cassivellaunus se vesting, deur bosse en moerasse verskans, nie ver van daardie plek af is nie, en dat 'n aansienlike getal mense en vee daar byeengekom het. Die Britanniërs noem dit egter 'n vesting wanneer hulle moeilik begaanbare bosse met 'n wal en grag verskans het, en waar hulle gewoonlik versamel het om aan 'n vyandelike inval te ontkom. Daarheen vertrek Caesar met sy legioene; hy vind 'n plek wat uitstekend deur sy natuurlike ligging en deur mense-hand verskans is, maar hy doen nietemin sy bes om dit van twee kante af aan te val. Die vyand het 'n rukkie getalm, maar kon die aanslag van ons soldate nie weerstaan nie en het aan 'n ander kant ylings uit die vesting gestorm. Dáár is 'n groot aantal vee gevind; baie van die vyand is op hul vlug gevang en gedood.

22 Terwyl dié dinge hierlangs gebeur het, stuur Cassivellaunus boodskappers na Kent, wat, soos ons hierbo aangetoon het, aan die see geleë is. Vier konings, Cingetorix, Carvillius, Taximagulus en Segovax, het aan die hoof van hierdie distrikte gestaan. Cassivellaunus beveel hulle om al hul magte saam te trek en ons skepskamp onverhoeds aan te val en te bestorm. Toe hulle by die kamp kom, het ons manne 'n uitval gemaak, baie van hulle gedood, selfs 'n aanvoerder van adellike afkoms, Lugotorix, gevangene geneem, en hulle troepe sonder verliese teruggelei. Noudat hy soveel teenslae gely het en sy gebied verwoes was, veral ook omdat hy ontstel was deur die afvalligheid van die state, stuur Cassivellaunus by berig van hierdie geveg, en deur toedoen van die Atrebaat, Commius, gesante na Caesar om oor oorgawe te onderhandel. Daar Caesar weens die plotselinge opstande in Gallië besluit het om op die vasteland te oorwinter – ook omdat daar nie veel van die somer oor was nie en hy besef het dat dié tyd maklik vermors kon word – eis hy gyselaars en bepaal welke belasting Britannië elke jaar aan die Romeinse volk moet betaal. Hy verbied Cassivellaunus ten strengste om Mandubracius en die Trinobante leed aan te doen.

23 Nadat hy die gyselaars ontvang het, lei hy sy leër terug na die see en vind die skepe herstel. Hy het hulle te water gelaat en besluit om sy leër in twee oorvaarte terug te voer omdat hy 'n groot aantal gevangenes gehad, en enkele skepe in die storm tot niet gegaan het. En die uiteinde was dat van so 'n groot aantal skepe in soveel oorvaarte, geen enkele skip wat in hierdie of die vorige jaar troepe vervoer het, vermis is nie. Maar van dié wat van die vasteland af leeg na hom teruggestuur is – sowel die van die eerste oorvaart nadat die soldate ontskeep is, as die wat


Labienus later, sestig in getal, laat bou het — het slegs 'n paar hulle bestemming bereik, en feitlik al die ander is teruggedryf. Nadat Caesar 'n tyd lank vergeefs op hulle gewag het, het hy die soldate noodgedwonge digter aan mekaar geplaas om te voorkom dat hy deur die jaargety — want die dag- en nagewening was op hande — belet word om te vaar. Toe volkome kalmte volg, het hy aan die begin van die tweede nagwaak anker gelig, teen dagbreek die land bereik en al die skepe onbeskadig by hulle bestemming gebring.

Die opstand van Ambiorix

24 Nadat die skepe op die droë gesleep, en die Galliese landdag te Samarobri¹¹ beëindig is, is Caesar gedwing om sy leër anders as die vorige jare in winterkwartiere te plaas en die legioene oor meer state te verdeel, omdat die graan in Gallië daardie jaar weens die droogte bra skraal gegroei het. Hy het een van die legioene aan sy legaat Gaius Fabius gegee om na die gebied van die Moriners, 'n ander aan Quintus Cicero om na die Nerviërs, 'n derde aan Lucius Roscius om na die Esubiërs te lei, en 'n vierde, met Titus Labienus in bevel, aangesê om in die land van die Remers op die grens van die Trevere te oorwinter. Drie het hy by die Belge geplaas, en sy quaestor Marcus Crassus, en die legate Lucius Munatius Plancus en Gaius Trebonius aan hul hoof gestel. Hy het een legioen wat hy heel laaste oorkant die Po gerekruteer het, en vyf hokorte na die gebied van die Eburone gestuur, die grootste deel van wie tussen die Maas en die Ryn gewoon, en onder die gesag van Ambiorix en Catuvolcus gestaan het. Hy het sy legate Quintus Titurius Sabinus en Lucius Aurunculeius Cotta opdrag gegee om in bevel van hierdie troepe te staan. Deur sy soldate op hierdie wyse te versprei, het hy gemeen, kon die skaarste aan graanvoorrade die maklikste verbeter word. En tog het die winterkwartiere van al hierdie legioene, behalwe die een wat hy aan Lucius Roscius gegee het om na die vreedsaamste en rustigste streek te lei, binne 'n omtrek van 'n honderd myl gelê. Hyself het besluit om intussen in Gallië te vertoef totdat hy sou verneem dat die legioene geplaas, en die winterkwartiere verskans is.

25 In die gebied van die Carnute was daar 'n man van baie hoë geboorte, ene Tasgetius, wie se voorouers die koningskap in sy staat beklee het. Aan hom het Caesar as beloning vir sy verdienstelikheid en goedgesindheid teenoor hom — want in al die oorloë het Caesar van sy uitstekende dienste gebruik gemaak — die stand van sy voorouers teruggegee. Hy was reeds in die derde jaar van sy regering toe sy persoonlik vy-

ande¹² hom op openbare aanstigting van baie persone uit sy staat vermoor. Dié saak is aan Caesar gerapporteer. Uit vrees – omdat 'n hele aantal persone daarby betrokke was – dat die staat op aandrang van die moordenaars in opstand sou kom, het hy vir Lucius Plancus beveel om met sy legioen vinnig uit België na die gebied van die Carnute op te ruk en daar te oorwinter, en diegene deur wie se toedoen hy verneem het dat Tasgetius vermoor is, aan te hou en na hom te stuur. Intussen is hy deur al die legats en quaestors aan wie hy die legioene toevertrou het, ingelig dat hulle in die winterkwartiere aangekom het en dat elkeen se pos vir dié doel verskans is.



Caesar se winterkampe in 54 v.C.: Sabinus en Cotta

26 Binne ongeveer vyftien dae na die troepe se aankoms in die winterkwartiere het daar skielik wanorde en opstand wat van Ambiorix en Catuvolcus uitgegaan het, begin ontstaan. Toe hulle by die grens van hul ryk hul opwagting by Sabinus en Cotta gemaak en graan in die winterkwartiere laat bring het, is hulle deur boodskappe van die Treveer Indutiomarus opgestook. Hulle het hul landgenote opgesweep, die soldate wat hout gaan haal het skielik oorval, en met 'n groot mag na die kamp gekom om dit aan te val. Nadat ons manne vinnig hul wapens opgeneem en die wal bestyg het, en die Spaanse ruiters van 'n ander kant

af uitgestuur is en in die ruiterygeveg geseëvier het, het die vyand aan oorwinning gewanhoop en hulle soldate uit die aanval teruggetrek. Toe, volgens hul gewoonte, skree almal tesame dat een uit ons geleedere na vore moet kom om 'n samespreking te hou. Hulle het te kenne gegee dat hulle iets het wat hulle in gemeenskaplike belang wou sê, waardeur hulle gehoop het die geskille verminder kon word.

27 Gaius Arpineius, 'n Romeinse ridder en vertroude vriend van Quintus Titurius, en Quintus Iunius, 'n Spanjaard wat reeds voorheen gewoond was om dikwels op sendings van Caesar na Ambiorix te gaan, word na hulle gestuur om aan die samespreking deel te neem. Voor hulle het Ambiorix soos volg gepraat: Hy erken dat hy uiters baie aan Caesar verskuldig is vir sy weldade teenoor hom, vir sover hy deur Caesar se toedoen gevrywaar is van die skatting wat hy gewoond was om aan sy bure, die Aduatuke, te betaal, en vir sover sy eie en sy broer se seun, vir wie, toe hulle as gyselaars gestuur is, die Aduatuke in slawerny en kettings gehou het, deur Caesar na hom teruggestuur is. Dit wat hy met betrekking tot die aanval op die kamp gedoen het, het hy nie uit eie oordeel of vrye wil gedoen nie, maar onder dwang van die staat. Sy gesag is van so 'n aard dat die volksmenigte nie minder reg teenoor hom het as wat hyself teenoor die volksmenigte het nie. En verder, vir sy staat was die rede tot oorlog die feit dat hy nie die plotselinge sameswering van die Galliërs kon weerstaan nie. Dit kan hy maklik bewys deur sy eie onbeduidendheid, want hy is nie so onkundig oor feite dat hy glo die Romeinse volk kan met sý magte oorwin word nie. Maar daar bestaan 'n gemeenskaplike Galliese plan: hierdie is die vasgestelde dag waarop al Caesar se winterkwartiere aangeval moet word om te belet dat een legioen die ander te hulp kan kom. Dit is nie maklik vir Galliërs moontlik om aan Galliërs iets te weier nie, veral daar die plan blykbaar beraam is om hul gemeenskaplike vryheid te herwin. Aangesien hy die Galliërs tevrede gestel het sover as wat vaderlandsliefde dit vereis, gee hy nou rekenskap van sy verpligting in ruil vir Caesar se weldade. Hy waarsku en smee Titurius uit hoofde van hul gasvriendskap, om maatreëls te tref vir sy eie, en sy soldate se veiligheid. 'n Groot gehuurde bende Germane het die Ryn oorgesteek: binne twee dae sal dit daar wees. Dit is die Romeine se eie beslissing of hulle nog voor die buurstamme dit opmerk, hul soldate uit die winterkwartiere wil lei en of na Cicero of na Labienus bring, van wie een ongeveer vyftig myl en die ander ietwat verder van hulle af is. Hy belowe en bevestig met 'n eed dat hy hulle 'n veilige deurtog deur sy gebied sal gee. As hy dít doen, handel hy enersyds in die belang van sy staat omdat dit van die winterkwartiere ontlast word, en andersyds betoon hy dank aan Caesar vir sy weldade. Na hy hierdie toespraak gelewer het, het Ambiorix vertrek.

28 Arpineius en Iunius rapporteer wat hulle gehoor het aan die legate. Hulle was onthuts deur die onverwagte nuus, en hoewel die dinge deur 'n vyand gesê is, het hulle nietemin gemeen dit moet nie in die wind geslaan word nie. Hulle is veral verontrus deur die feit dat dit nouliks geloofbaar was dat die onaansienlike, onbeduidende staat van die Eburone uit vrye wil gewaag het om teen die Romeinse volk oorlog te maak. Derhalwe bring hulle die saak voor die krygsraad, en onder hulle ontstaan daar 'n groot meningsverskil. Lucius Aurunculeius, verskeie krygstribune en senior centurio's het gemeen hulle moes niks onbesonne doen nie, en hulle moes ook nie sonder Caesar se bevel uit die winterkwartiere vertrek nie. Hulle het daarop gewys dat enige magte, hoe groot ook al, selfs van die Germane, weerstaan kon word noudat die winterkwartiere verskans was. Bewys daarvoor was die feit dat hulle die eerste aanslag van die vyand uiters moedig weerstaan, en meer nog, baie wonde toegedien het. Hulle het nie onder druk verkeer vanweë 'n skaarste aan graanvoorrade nie, en intussen sou daar wel hulp van sowel die naaste winterkwartiere as van Caesar af opdaag. Ten slotte, wat was ligsinniger of skandelijker as om op aandrang van 'n vyand 'n beslissing oor sake van opperste belang te neem?

29 Daarenteen het Titurius bly skree dat hulle te laat sal handel wanneer groter bendes van die vyand, met die Germane by hulle aangesluit, versamel het, of wanneer een of ander ramp in die naburige winterkwartiere ervaar is. Die tyd om te beraadslaag is kort. Hy is van mening dat Caesar na Italië vertrek het, anders sou die Eburone nie die plan opgevat het om Tasgetius te vermoor nie, en as Caesar daar was, sou hulle nie met so 'n groot minagting vir ons na die kamp gekom het nie. Hy het nie die vyandelike raadgewer voor oë nie, maar die raad. Die Ryn is naby; Ariovistus se dood en ons vorige oorwinnings is vir die Germane 'n groot grief; Gallië is ontstoke oor soveel beledigings wat hy ervaar het nadat hy onder die heerskappy van die Romeinse volk gebring, en sy vroeëre krygsroem uitgedoof is. Ten slotte, wie sou homself daarvan oortuig dat Ambiorix hom sonder vaste grond verwerdig het om raad van so 'n aard te gee? Sy voorstel is in beide opsigte veilig: as niks baie ernstigs gebeur nie, sal hulle sonder gevaar hy die naburige legioen aankom; as die hele Gallië dit eens is met die Germane, dan is hul enigste redding in spoed geleë. Welke uiteinde het die plan van Cotta en diegene wat anders dink inderdaad? As onmiddellike gevaar nie daarin te vrees is nie, dan sekerlik tog hongersnood ten gevolge van 'n langdurige beleëring.

30 Toe hierdie debat oor beide kante van die saak gevoer, en hy heftig teengestaan is deur Cotta en die senior centurio's, het Sabinus gesê: "Kry julle sin, as julle dit so wil hê", en met 'n luider stem sodat 'n

groot deel van die soldate hom kon hoor: "Ek is nie die man wat die ergste van julle almal deur doodsgevaar verskrik word nie. Hierdie soldate sal weet: as daar iets baie ernstigs gebeur, sal hulle van jou rekenskap eis, hulle wat oormôre, indien jy hulle sou toelaat, verenig met die naburige winterkwartiere die gemeenskaplike krygsloot saam met die ander sou dra, en nie verlate, ver verwyder van die ander, deur die swaard of van honger sou omkom nie."

31 Die manne staan op uit die vergadering. Hulle gryp beide generaals vas en smee dat hulle nie die toestand deur hul onenigheid en hardkoppigheid tot 'n uiters gevaarlike punt moet bring nie. Die saak is maklik, sê hulle, of hulle nou bly of vertrek, as almal maar net vir een plan voel en dit goedkeur; in tweespalt daarenteen, sien hulle geen redding nie. Die geredekawel word tot middernag uitgerek. Uiteindelik reik Cotta bewoë die hand: Sabinus se sienswyse seëvier. Daar word aangekondig dat hulle teen dagbreek sal vertrek. Die res van die nag word sonder slaap deurgebring daar elke soldaat sy besittinge nagesien het om te kyk wat hy saam met hom kon dra en wat hy van sy winteruitrusting verplig was om te laat. Allerlei redes word bedink waarom hulle nie sonder gevaar kan aanbly nie, en deur die afmatting en wakkerbly van die soldate word die gevaar verhoog. Teen dagbreek vertrek hulle uit die kamp soos manne wat daarvan oortuig is dat die raad nie deur 'n vyand nie, maar deur Ambiorix, 'n baie groot vriend gegee is, in 'n uiters lang kolonne en met 'n reusehoeveelheid bagasie.

Die Romeinse legioene word in 'n hinderlaag uitgedelg

32 Maar nadat die vyand uit die nagtelike rumoer en die wakkerbly 'n vermoede gekry het van hulle vertrek, het hulle in twee afdelings 'n hinderlaag op 'n geskikte en verborge plek in die bosse opgestel, en ongeveer twee myl daarvandaan op die koms van die Romeine gewag. Toe die groter deel van die kolonne reeds in 'n groot vallei afgedaal het, het hulle skielik aan weerskante van die vallei opgeduik, en begin om ons agterhoede onder druk te plaas, om die voorstes te belet om teen die hang op te beweeg, en om die geveg op uiters ongunstige terrein vir ons manne aan te knoop.

33 Toe eers skrik Titurius, omdat hy niks voorsien het nie. Hy hardloop heen en weer en stel sy kohorte op, maar selfs dít doen hy skroomvallig en asof hy klaarblyklik totaal kop verloor het – iets wat meestal gebeur met mense wat verplig word om op die oomblik van handeling self, 'n beslissing te maak. Omdat Cotta egter daaraan gedink het dat dié

dinge onderweg kon gebeur en daarom die vertrek afgeraai het, het hy in geen opsig iets vir hul gemeenskaplike redding ongedaan gelaat nie. In die aanspreek en bemoediging van die soldate het hy die pligte van 'n generaal vervul, en in die geveg, dié van 'n soldaat. Daar die generaals weens die lengte van die kolonne slegs met moeite alles persoonlik kon behartig en voorsien wat op elke plek gedoen moes word, het hulle die bevel laat afkondig dat die soldate die bagasie in die steek moet laat en 'n sirkel moet vorm. Hoewel hierdie plan in 'n noodgeval van daardie aard nie af te keur is nie, het dit nogtans ten nadele uitgewerk, want enersyds het dit ons manne se hoop laat verflou en andersyds die vyand gretiger gemaak vir die geveg, omdat almal gesien het dat dit slegs uit hoogste angs en wanhoop gedoen is. Daarbenewens het gebeur wat noodwendig moes gebeur, naamlik dat die soldate oral hulle vaandels verlaat, en elkeen van hulle hom gehaas het om sy dierbaarste besittinge uit die bagasie te soek en op te raap, en dat die hele omgewing met geskree en gejammer gevul is.

34 Maar dit het die barbare nie aan 'n plan ontbreek nie. Want hulle leiers het 'n bevel langs die hele linie laat afkondig dat niemand sy pos moet verlaat nie; dat die buit hulle s'n was, en alles wat die Romeine agterlaat, vir hulle bestem was; derhalwe moes hulle net in gedagte hou dat alles van 'n oorwinning afgehang het. Die vyand was ons gelyke in dapperheid en gevegswyde.¹³ Hoewel ons manne deur sowel hul generaal as die noodlot in die steek gelaat was, het hulle nogtans alle hoop op redding op hul dapperheid gevestig, en telkens wanneer elke kohort vorentoe gestorm het, het 'n groot aantal van die vyand aan daardie kant gesneuwel. Toe Ambiorix dié bemerk, laat hy afkondig dat sy manne hul werpwapens van ver af moet slinger en nie te naby moet kom nie, en om terug te val waar die Romeine 'n aanval loods, want danksy hul ligte bewapening en daaglikse oefening kan hulle geen verliese toegedien word nie, en as die Romeine weer na hul vaandels terugval, moet hulle hul agternasit.

35 Hierdie opdrag is baie stiptelik deur hulle nagekom, en telkens wanneer enige kohort die sirkel verlaat en 'n aanval loods, het die vyand baie vinnig teruggevlug. Intussen moes die aanvallende afdeling noodwendig sonder dekking gelaat word, en is hulle op die regterflank bestook. Telkens wanneer hulle weer begin terugval na die plek vanwaar hulle die aanval begin het, is hulle omsingel deur sowel die wat gewyk het as die wat die naaste aan hulle gestaan het. As hulle egter hul posisie wou behou, is daar geen geleentheid gelaat vir dapperheid nie, en in diggepakte geledere kon hulle ook nie die werpwapens ontwyk wat deur so 'n groot menigte geslinger is nie. Geteister deur soveel moeilike omstan-

dighede, en met baie wonde opgedoen, het hulle nietemin weerstand gebied; en hoewel 'n groot deel van die dag verstreke was, aangesien die geveg van dagbreek tot die agste uur gewoed het, het hulle niks gedoen wat hulle persoonlik onwaardig was nie. In dié stadium word Titus Balventius, wat die vorige jaar die eerste kompanie aangevoer het, 'n dapper man met groot invloed, se dye beide met 'n werpspies deurboor: Quintus Lucanius, van dieselfde rang, word gedood terwyl hy sy omsingelde seun te hulp kom en baie dapper veg; die legaat, Lucius Cotta, word met 'n slingersteen vol in die gesig verwond terwyl hy al die kohorte en kompanies aanmoedig.

36 Quintus Titurius was onthuts deur hierdie gebeure, en toe hy van ver af vir Ambiorix sien waar hy sy manskappe aanspoor, stuur hy sy eie tolk, Gnaeus Pompeius, na hom om te vra dat hy hom en sy manskappe moet spaar. Toe die versoek aan hom gerig word, antwoord Ambiorix dat as Titurius met hom 'n samespreking wil voer, dit hom vrystaan. Hy hoop om die vergunning van sy volk te kan bekom, sover dit die veiligheid van die Romeinse soldate betref; Titurius self sal beslis geen leed aangedoen word nie, en daarvoor gee hy sy eie woord van eer. Titurius tree in verbinding met die gewonde Cotta om, indien hy dit goedvind, saam met hom die geveg te verlaat en met Ambiorix 'n samespreking te gaan voer, en sê hy hoop om van laasgenoemde die versoek betreffende hul eie en hul soldate se veiligheid toegestaan te kan kry. Cotta weier om na 'n gewapende vyand te gaan en daarin volhard hy.

37 Sabinus beveel die krygstribune en senior centurio's wat hy op die oomblik om hom gehad het om hom te volg. Toe hy naby Ambiorix kom, word hy beveel om sy wapens weg te gooi. Hy voer die opdrag uit en beveel sy manne om dieselfde te doen. Terwyl hulle intussen oor die voorwaardes onderhandel en Ambiorix doelbewus met 'n betreklike lang toespraak begin, word Sabinus geleidelik omsingel en vermoor. Toe, inderdaad, skree die vyand volgens hul gewoonte oorwinning, hef hul oorlogskreet aan, storm op ons manne af en saai verwarring in die geleedere. Daar word Cotta al vegtend gedood, tesame met die grootste deel van ons soldate. Die origes val na die kamp terug vanwaar hul vertrek het. Toe een van hulle, Lucius Petrosidius, die adelaardraer, onder swaar druk geplaas word deur 'n groot menigte vyand, gooi hy die adelaar oor die wal in die verskansing, en terwyl hyself uiters moedig veg, word hy voor die kamp gedood. Die ander hou met moeite die aanval tot in die nag teë. Gedurende die nag verloor hulle alle hoop op redding en almal, tot die laaste man, slaan die hand aan hulle eie lewe. Enkeles wat aan die geveg ontsnap het, kom langs onsekere paaie deur die bosse by die legaat Titus Labienus in sy winterkwartiere aan en bring hom op hoogte van die gebeure.

Ambiorix en die Nerviërs beleër Cicero se winterkamp

38 Oormoedig ten gevolge van hierdie oorwinning, vertrek Ambiorix dadelik met sy ruitery na die gebied van die Aduatuke wat aan sy koninkryk gegrens het. Nòg by nag nòg by dag onderbreek hy sy rit, en hy beveel sy voetvolk om hom op kort afstand te volg. Hy verduidelik wat gebeur het en hits die Aduatuke aan. Die volgende dag bereik hy die gebied van die Nerviërs en spoor hulle aan om nie die geleentheid te laat verbygaan om hulle vir altyd te bevry, en op die Romeine wraak te neem vir die onreg wat hulle gely het nie. Hy wys daarop dat twee legatse en 'n groot deel van die Romeinse leër omgekom het; dat dit kinderspeletjies is om die legioene wat onder Cicero oorwinter, skielik te oorval en af te maai, en hy belowe sy steun vir daardie doel. Met hierdie woorde ooreed hy die Nerviërs maklik.

39 Derhalwe stuur hulle sonder uitstel boodskappers na die Ceutrone, die Grudiërs, die Levake, die Pleumoxiërs, en die Geidummers, wat almal onder hulle gesag staan. Hulle versamel sulke groot bendes as wat hulle kan en yl onverwags na Cicero se winterkwartiere voordat die berig van Titurius se dood aan hom oorgedra is. In Cicero se geval gebeur toe ook wat onvermydelik moes gebeur, naamlik dat 'n aantal soldate wat die bosse in vertrek het om hout vir die verskansing te gaan haal, deur die skielike aankoms van die vyandelike ruitery afgesny is. Nadat die houtsoekers omsingel is, begin die Eburone, die Nerviërs, die Aduatuke en al hulle bondgenote en afhanklike volke om die legioene met 'n groot mag aan te val. Ons manne hardloop haastig na hul wapens en bestyg die wal. Ternouernood hou hulle daardie dag uit, want die vyand het al hulle hoop op spoed gevestig en was vol vertroue dat as hulle hierdie oorwinning behaal, hulle tot in lengte van dae die oorwinnaars sou wees.

40 Onverwylde word daar 'n brief van Cicero af na Caesar gestuur, en groot belonings word in die vooruitsig gestel as die draers dit by die bestemming sou bring; maar omdat al die paaie geblokkeer was, word die boodskappers onderskep. Gedurende die nag word daar met ongelooflike snelheid ongeveer 'n honderd-en-twintig torings gebou van die hout wat hulle vir die skanswerk versamel het, en alles wat uiterlik waarneembaar nog aan die verdedigingswerk gekort het, word voltooi. Die volgende dag val die vyand die kamp aan met veel groter magte wat hulle saamgetrek het, en vul die grag op. Op dieselfde wyse as die vorige dag word daar deur ons manne weerstand gebied. En presies dieselfde gebeur op die daaropvolgende dae. Geen oomblik van die nagtelike ure is daar 'n onderbreking in die werk nie. Nie aan die siekes, nie aan die gewondes word

ruskans gegun nie. Alles wat nodig is teen die aanval van die volgende dag, word gedurende die nag gereedgemaak: baie pale wat aan die punt in vuur gehard is, en 'n groot aantal muurspere word klaargemaak; die torings word van verdiepings voorsien, en kantele en borswerings van vlegwerk word daaraan vasgeveg. Cicero self, hoewel hy in baie swak gesondheid verkeer het, het hom selfs nie die nagtelike ure gelaat om te rus nie, met die gevolg dat hy deur 'n spontane samedromming en proteste van die soldate gedwing is om homself te spaar.

41 Toe sê die Nerviese leiers en hoofmanne wat enige aanspraak op 'n gesprek of rede tot vriendskap met Cicero gehad het, dat hulle met hom wil praat. Toe die geleentheid daartoe gebied word, vermeld hulle dieselfde dinge as wat Ambiorix met Titurius bespreek het: die hele Gallië is onder wapen; die Germane het die Ryn oorgesteek; Caesar en die ander bevelvoerders se winterkwartiere word aangeval. Hulle voeg selfs die mededeling oor Sabinus se dood by, en om dit te bevestig, wys hulle trots na Ambiorix. Cicero en sy manne maak 'n fout, sê hulle, as hulle op enige beskerming hoop van mense wat aan hulle eie omstandighede wanhoop. Hulleself, egter, voel dusdanig teenoor Cicero en die Romeinse volk, dat hulle niks behalwe die winterkwartiere weier, en nie wil hê dat hierdie gewoonte moet vaswortel nie. Wat hulle betref, staan dit die Romeine vry om ongedeerd uit die winterkwartiere te vertrek en sonder vrees in enige rigting wat hulle wil, te marsjeer. Hierop het Cicero slegs een antwoord gegee: Dit is nie die gewoonte van die Romeinse volk om 'n voorwaarde van 'n gewapende vyand te aanvaar nie; as hulle hul wapens wil neerlê, mag hulle sy bemiddeling benut en gesante na Caesar stuur; hy hoop dat hulle hul versoek ooreenkomstig sy regverdigheid toegestaan sal kry.

42 In hierdie hoop bedroë, omsingel die Nerviërs die winterkwartiere met 'n wal van nege voet hoog en 'n grag van vyftien voet breed. Dít het hulle van ons geleer uit hulle omgang van die vorige jare, en daarin is hulle onderrig deur mense uit ons leër vir wie hulle heimlik gevange aangehou het. Maar aangesien daar nie 'n voorraad ysterwerktuie geskik vir hierdie doel voorhande was nie, het ons gesien dat hulle die grassoosie met swaarde lossny, en die grond met hul hande en krygsmantels uitskep. Juis hieruit kon hul menigte manskappe opgemaak word; want in minder as drie uur het hulle 'n omskansing van drie myl in omtrek voltooi. In die orige dae het hulle torings na verhouding met die hoogte van ons wal begin opbou, en om muursekels en skutdakke gereed te maak, dinge wat die eerste gevangenes hulle geleer het.

43 Toe daar op die sewende dag van die beleg 'n baie sterk wind opsteek, begin hulle met slingers gloeiende koeëls van gesmelte klei, en gloeiendgemaakte werpspiese op die hutte te gooi wat na Galliese gewoonte met strooi bedek was. Dié het vinnig vuur gevat en ten gevolge van die sterkte van die wind, het die windvlae die brand na elke hoek van die kamp versprei. Onder luide geskree, asof die oorwinning reeds behaal en verseker was, het die vyand die torings en skutdakke begin naderstoot, en die mure met lere begin beklim. Maar so groot was die soldate se dapperheid en teenwoordigheid van gees dat, hoewel hulle van alle kante deur die vuur verseng en deur 'n geweldige massa werptuie geteister is, en hulle besef het dat al die bagasie en al hul besittings in vlamme opgaan, nie alleen geeneen die wal verlaat het om die wyk te neem nie, maar selfs niemand nouliks omgekyk het, en almal juis toe met die grootste verbittering en dapperheid geveg het. Hierdie dag was vir ons manne verreweg die swaarste, maar dit het nietemin dié resultaat gehad dat 'n groot aantal van die vyand daardie dag gewond en gedood is, daar hulle mekaar reg aan die voet van die wal verdring, en die agterstes die voorstes nie kans gegee het om terug te val nie. Toe die vlamme effens bedaar, en 'n toring op een plek nadergestoot word en dit die wal raak, het die centurio's van die derde kohort die plek waar hulle gestaan het, verlaat, al hul manne teruggetrek en die vyand met gebare en toeroepe begin nooi in geval hulle wou inkom; maar geen enkele van hulle het dit gewaag om na vore te tree nie. Toe is hulle daar afgedryf met klippe wat van alle kante af geslinger is, en die toring is aan die brand gestek.

Die heldedaad van Pullo en Vorenius

44 In daardie legioen was daar twee baie dapper manne, albei centurio's wat na aan bevordering tot die hoogste centurioposte¹⁴ gestaan het, naamlik Titus Pullo en Lucius Vorenius. Hulle het voortdurend met mekaar getwis oor wie voorkeur moes kry, en deur al die jare heen het hulle in allersterkste mededinging om die hoogste poste gewedwyer. Toe die geveg by die verskansings op sy heftigste woed, sê een van hulle, naamlik Pullo: "Wat aarsel jy, Vorenius? Of op welke geleentheid tot roem van jou dapperheid wag jy? Hierdie dag sal uitsluitel gee oor ons geskille". Met dié woorde tree hy buite die verskansings en storm af op die afdeling vyande wat die digste saamgepak gelyk het. Dog ook Vorenius bly nie binne die wal nie, maar uit vrees vir almal se oordeel volg hy kort op Pullo se hakke. Toe, op kort afstand, slinger Pullo sy spies na die vyand en deurboor een wat uit die massa vorentoe hardloop. Dié man word dodelik getref. Sy makkers dek hom met hulle skilde, en

almal slinger hulle werptuie na die vyand en gee hom geen kans om terug te val nie. Pullo se skild word deurboor en 'n spies bly in sy gordel vassteek. Hierdie toeval verskuif sy skede en vertraag sy regterhand toe hy poog om sy swaard te trek, en in dié belemmerde toestand omsingel die vyand hom. Sy persoonlike vyand, Vorenius, snel hom te hulp en staan hom by in sy nood. Die ganse menigte wend hulle onmiddellik van Pullo af en keer hulle teen Vorenius, want hulle het gedink Pullo is deur die spies gedood. Met sy swaard voer Vorenius 'n handgemene geveg, en nadat hy een man gedood het, dryf hy die res 'n endjie terug. Terwyl hy alte gretig aandring, verloor hy sy balans in 'n holte en slaan neer. Toe hy omsingel word, bring Pullo weer aan hom hulp, en nadat hulle etlike man gedood het, val albei opgedeed en met baie groot roem tot binne die verskansings terug. So het die noodlot sy spel met albei in hulle twis en wedywing gespeel, dat die een persoonlike vyand die ander tot hulp en redding was en daar nie besluit kon word welke een klaarblyklik bo die ander ten aansien van dapperheid verkies moes word nie.

45 Hoe swaarder en feller die beleëring by die dag geword het – veral daar 'n groot deel van die soldate deur wonde uitgeput was en dit op 'n skaarste aan verdedigers uitgeloop het – des te herhaaldeliker is briewe en boodskappers na Caesar gestuur. 'n Deel van hulle is gevang en binne sig van ons soldate doodgemartel. In die kamp was daar 'n Nerviër van adellike afkoms, genaamd Vertico, wat van die begin van die beleg af na Cicero oorgeloop, en hom sy trou bewys het. Met 'n vooruitsig op vryheid en groot belonings oorreed dié man sy slaaf om 'n brief aan Caesar af te lewer. Hy bevestig die brief in sy spies^{1 5} en dra dit uit. As Galliër onder Galliërs beweeg hy sonder verdenking rond, en kom by Caesar aan. Van hom verneem hy van die gevare waarin Cicero en die legioen verkeer.

46 Caesar ontvang die brief omstreeks die elfde uur van die dag en stuur dadelik 'n boodskapper die gebied van die Bellovake binne na Marcus Crassus, sy quaestor, wie sy winterkwartiere vyf-en-twintig myl van hom af was. Hy beveel die legioen om teen middernag te vertrek en inderhaas na hom te kom. Crassus marsjeer uit met die boodskapper as gids. Caesar stuur 'n tweede boodskapper na sy legaat, Gaius Fabius, met die bevel om sy legioen na die gebied van die Atrebate te bring, want hy het geweet hy moes daarlangs trek. Hy skryf aan Labienus om met sy legioen na die gebied van die Nerviërs te kom, as hy dit sonder nadeel vir die Romeinse staat kon doen. Hy meen hy moet nie op die orige deel van die leër wag nie omdat dit 'n bietjie te ver weg was; hy versamel ongeveer vierhonderd ruiters uit die naaste winterkwartiere.

47 Caesar is ongeveer die derde uur deur sy voorhoede ingelig oor Crassus se aantog, en daardie dag ruk hy twintig myl op. Hy plaas Crassus in bevel van Samarobriva, en sê 'n legioen aan hom toe omdat hy die leër se bagasie, die gyselaars van die stamme, die staatsdokumente, en al die graan wat hy daarheen laat bring het om die winter mee deur te kom, daar agtergelaat het. Soos beveel, draal Fabius nie te lank nie en met sy legioen ontmoet hy Caesar onderweg. Labienus het van Sabinus se dood en die slagting van die kohorte verneem, maar aangesien al die Trevere se magte teen hom te staan gekom het, was hy bang dat hy nie die aanslag van die vyand sou kon weerstaan indien hy 'n opmars wat op vlug lyk, uit die winterkwartiere onderneem nie, veral daar hy geweet het dat hulle deur hul onlangse oorwinning oormoedig gemaak is. Daarom stuur hy 'n brief aan Caesar terug en verduidelik onder welke groot gevaar hy sy legioen uit die winterkwartiere sou lei. Hy beskryf die operasie in die gebied van die Eburone breedvoerig en meld dat die hele ruitery en voetvolkmag van die Trevere drie myl van sy kamp af stelling ingeneem het.

48 Caesar het Labienus se besluit goedgekeur, en hoewel hy teleurgestel was in sy hoop op drie legioene, en op twee teruggeval het, het hy nietemin die enigste uitweg tot algemene redding in spoed gesien. Hy kom met snelmarse in die gebied van die Nerviërs aan. Daar verneem hy van gevangenes wat by Cicero se kamp plaasvind, en in welke groot gevaar die saak verkeer. Toe oorreed hy een van sy Galliese ruiters met groot belonings om 'n brief aan Cicero af te lewer. Hy stuur hierdie brief in Griekse lettertekens geskryf, om te belet dat ons planne deur die vyand agtergekom word indien dit onderskep sou word. Hy gee die ruiter die raad om, as hy nie naby kan kom nie, sy spies met die brief aan die slingerriem vasgebind in die kampverskansings te gooi. In die brief skryf hy dat hy met die legioene vertrek het en spoedig daar sal wees; hy spoor Cicero aan om sy vroeëre moed te behou. Uit vrees vir gevaar slinger die Galliër sy spies, soos beveel. Toevallig het hierdie spies in 'n toring vasgesteek en is twee dae lank nie deur ons manne opgemerk nie, maar op die derde dag word dit deur 'n soldaat raakgesien. Dit word uitgetrek en aan Cicero oorhandig. Hy lees dit deur, lees dit voor in die vergadering van die soldate, en besorg baie groot vreugde aan almal. Hierop is die rooksuile van brande in die verte gewaar, en dit het alle twyfel oor die aankoms van die legioene verdryf.

Die Galliërs staak die beleg en ruk teen Caesar op

49 Toe die Galliërs deur hulle verkenners hiervan verneem, staak hulle die beleg en ruk met al hulle magte teen Caesar op. Hierdie magte het

ongeveer sestigduisend man onder wapen beloop. Toe daar aan Cicero 'n geleentheid gebied word, vra hy weer van dieselfde Vertico wat ons hierbo aangedui het, 'n Galliër om 'n brief aan Caesar af te lewer. Hy waarsku die man om behoedsaam en sorgvuldig te reis. Hy skryf uitvoerig in die brief dat die vyand van hom af vertrek, en hul ganse menigte teen Caesar gekeer het. Na die brief omstreeks middernag afgelewer is, lig Caesar sy manskappe hieroor in en bemoedig hulle vir die geveg. Teen dagbreek die volgende dag breek hy kamp op, ruk ongeveer vier myl op, en oorkant 'n vallei en stroom gewaar hy die vyandelike leërskaar. Dit was 'n baie gevaarlike ding om met sulke klein magte op ongunstige terrein slag te lewer. Daar hy geweet het Cicero is van die beleëring bevry, was hy in die stadium van oordeel dat hy gerus maar sy spoed kon verminder. Hy maak halt en verskans sy kamp op 'n plek so gunstig as moontlik. Hoewel die kamp vanself reeds klein was – vir nouliks sewe duisend man, en veral omdat daar geen bagasie was nie – krimp hy dit nogtans so veel as moontlik in deur smal strate aan te lê, met die bedoeling om die vyand se allergrootste minagting op die hals te haal. Intussen stuur hy spioene in alle rigtings uit en laat vasstel langs welke roete die vallei die gerieflikste oorgesteek kan word.

50 Daardie dag word daar by die water onbeduidende ruiterskermtselings gelewer, en albei kante bly in hulle stellings : die Galliërs, omdat hulle groter magte verwag het wat nog nie aangekom het nie; Caesar, om duskant die vallei voor sy kamp slag te lewer, indien hy die vyand dalk deur 'n voorwendsel van vrees na sy terrein kon lok, of, as hy dit nie kon regkry nie, om met minder gevaar die vallei en rivier oor te steek noudat die roetes verken is. Teen dagbreek nader die vyandelike ruitery die kamp en knoop 'n geveg aan met ons ruiters. Met voorbedagte rade beveel Caesar sy ruiters om die wyk te neem en na die kamp terug te val. Terselfdertyd beveel hy dat die kamp aan alle kante met 'n hoër wal verskans, en die hekke versper word, en dat daar by die uitvoer van hierdie maatreëls soveel as moontlik heen en weer gehardloop en met skynvrees opgetree word.

51 Aangelok deur al hierdie skyn, lei die vyand hulle troepe oor die stroom en stel hulle slaglinie op ongunstige terrein op. Daar ons soldate inderdaad selfs aan die wal onttrek is, kom hulle nog nader, en van alle kante af slinger hulle werptuie in die verskansing. Hulle stuur heroute om en laat afkondig dat indien enigiemand, hetsy Galliër, hetsy Romein, voor die derde uur na hulle wil oorloop, hy dit sonder gevaar kan doen; na daardie uur sal daar geen geleentheid meer wees nie. En soseer het hulle ons manne geminag dat party die wal met hul hande begin afbreek het, en ander om die gragte op te vul, omdat dit gelyk het of hulle nie

by die hekke kon inbars nie hoewel dit slegs vir die skyn met enkel lae grassoë versper was. In dié stadium maak Caesar uit al die hekke 'n uitval, stuur sy ruitery uit, en jaag die vyand gou-gou op die vlug, so effektief dat hoegenaamd nie een bly staan het om te veg nie en hy 'n groot aantal van hulle gedood, en almal van hulle wapens gestroop het.

52 Caesar was bang om te ver te agtervolg omdat daar bosse en moerasse tussenin gelê, en hy ook ingesien het dat daar geen geleentheid gelaat was vir selfs die geringste skade aan die vyand nie. Met al sy magte ongedeerd, bereik hy Cicero daardie selfde dag. Hy bewonder die opgerigte torings, skutdakke en skanswerke van die vyand. Toe hy die legioen laat aantree, vind hy dat nie een uit elke tien soldate sonder 'n wond gelaat is nie. Uit al dié feite maak hy op onder welke groot gevaar, en met welke groot dapperheid die verdediging uitgevoer is. Hy loof Cicero opreg vir sy verdienstelike optrede, en ook die legioen; hy spreek die centurio's en krygstribune wie se dapperheid hy uit Cicero se getuienis gehoor het, buitengewoon was, een vir een toe. Uit die mond van die gevangenes verneem hy nader besonderhede oor die dood van Sabinus en Cotta. Die volgende dag hou hy 'n parade, berig die voorval en troos en beur die soldate op. Hy wys daarop dat die verlies wat deur die skuld en onbesonnenheid van 'n leë gely is, met groter berusting gedra moet word omdat die teenslag deur die genade van die onsterflike gode en deur hulle dapperheid goedgemaak is, en dat daar vir die vyand geen durende vreugde, en vir hulleself geen alte lang smart oorbly nie.

53 Intussen word die berig van Caesar se oorwinning met ongelooflike snelheid deur die gebied van die Remers tot by Labienus gebring, met die gevolg dat daar voor middernag, hoewel hy ongeveer sestig myl van Cicero se winterkwartiere af was en Caesar eers na die negende uur van die dag by Cicero aangekom het, 'n geskree by sy kamphekke ontstaan het waarmee die Remers die oorwinning aangekondig, en hul gelukwensing aan Labienus te kenne gegee het. Toe dié berig na die Trevere deurgebring is, vlug Indutiomarus wat besluit het om Labienus se kamp die volgende dag aan te val, gedurende die nag, en trek al sy magte terug na die gebied van die Trevere. Caesar stuur vir Fabius met sy legioen na sy winterkwartiere terug en besluit om self met drie legioene in drie afsonderlike winterkwartiere in die omgewing van Samarobriua te oorwinter. En omdat daar sulke groot onluste in Gallië uitbreek het, het hy besluit om die hele winter self by sy leër te bly. Want nadat die berugte neerlaag rondom Sabinus se dood rugbaar geword het, het feitlik al die state van Gallië oor oorlog begin beraadslaag, boodskappers en gesantskappe in alle rigtings uitgestuur, navraag gedoen oor welke plan die ander beraam en van waar af die oorlog sou begin, en op verlate plekke

nagtelike vergaderings gehou. Haas geen oomblik van die hele winter het sonder bekommernis vir Caesar verbygegaan, sonder dat hy een of ander berig oor die planne en opstand van die Galliërs ontvang het nie. Onder andere is hy deur Lucius Roscius vir wie hy in bevel van die dertiende legioen geplaas het, ingelig dat groot Galliese magte van die state bekend as Aremorike saamgetrek het om hom aan te val en nie verder as agt myl van sy winterkwartiere af was nie, maar dat hulle by die berig van Caesar se oorwinning vertrek het en wel op só 'n wyse dat hul vertrek na vlug gelyk het.

54 Maar Caesar het die hoofmanne van elke staat na hom ontbied, en deur party die skrik op die lyf te jaag wanneer hy aangekondig het dat hy bewus was van wat aan die gang was, en ander moed in te praat, het hy 'n groot deel van Gallië lojaal gehou. Nogtans het die Senone wat 'n besonder sterk staat is en een met groot invloed onder die Galliërs, gepoog om Cavarinus vir wie Caesar as koning onder hulle aangestel het – en wie se broer, Moritasgus, en ook sy voorouers, met Caesar se aankoms in Gallië die koningskap beklee het – ingevolge 'n openbare besluit te vermoor. Aangesien Cavarinus 'n voorgevoel gehad en gevlug het, het hulle hom tot by hul grense agtervolg en hom uit sy koningskap en vaderland verdryf. Hulle het gesante na Caesar gestuur om verskoning te vra, maar toe hy beveel dat hul hele senaat na hom moet kom, het hulle nie sy bevel gehoorsaam nie. By die barbare het dit soveel gewig gedra dat daar manne gevind is om leiding te gee in 'n offensiewe oorlog, en so 'n groot ommekeer van gesindheid het dit by almal teweeggebring, dat feitlik geen staat behalwe die Aeduers en Remers, vir wie Caesar altyd in besondere ere gehou het – eersgenoemde vanweë hulle ou en ononderbroke trou jeens die Romeinse volk, en laasgenoemde vanweë hulle onlangse dienste in die Galliese oorlog – nie by ons onder verdenking gestaan het nie. En ek weet nie of dit so verwonderlik is nie, sowel om verskeie ander redes as veral omdat 'n nasie wat alle volke in oorlogsmoed oortref het, uiters verbitter gevoel het om soveel van daardie hoogagting te verloor het dat hulle die gesag van die Romeinse volk moes verduur.

Labienus en Indutiomarus

55 Maar die Trevere en Indutiomarus het geen oomblik van die hele winter laat verbygaan nie sonder om gesante oor die Ryn te stuur, die state op te rui, geld te belowe en te verklaar dat, noudat 'n groot deel van ons leër uitgemoor was, 'n baie kleiner deel oorgebly het. Hulle kon egter ook geen Germaanse staat oorreed om die Ryn oor te steek nie, want die Germane het gesê hulle het dit tweemaal beproef : in die

Ariovistusoorlog en by die oortog van die Tenctere; hulle sou hulle geluk nie verder op die proef stel nie. Bedroë in dié hoop, het Indutiomarus nietemin begin om magte te versamel en te drill, om perde van sy buurstamme af aan te skaf, en om ballinge en veroordeeldes uit die hele Gallië met groot belonings na hom te lok. En hierdeur het hy reeds so 'n groot invloed verwerf, dat gesantskappe van oral af na hom gestroom, en van staatsweë en persoonlik sy geneentheid en vriendskap nagestreef het.

56 Toe hy besef dat mense uit eie beweging na hom kom, dat die Senone en Carnute, enersyds, deur hul medepligtigheid aan 'n misdaad opgehits word, en dat die Nerviërs en Aduatuke, andersyds, op oorlog teen die Romeine voorberei en dat vrywilligermagte hom nie sal ontbreek nie, het hy uit sy gebied begin opruk en 'n gewapende landdag belê. Dít is na Galliëse gewoonte die begin van 'n oorlog, en kragtens 'n algemene wet het alle volggroeide mans gewoonlik gewapen daar byeengekom. Die een onder hulle wat laaste by die vergadering aankom, word onder die oë van die menigte met allerhande folteringe gepynig en gedood. In dié landdag verklaar Indutiomarus vir Cingetorix, die leier van die ander party en sy skoonseun, van wie ons hierbo vermeld het dat hy Caesar se beskerming nagestreef en hom nie verlaat het nie, tot staatsvyand en konfiskeer sy eiendom. Na afhandeling hiervan, verklaar hy in die landdag dat hy deur die Senone, die Carnute, en verskeie ander state in Gallië ontbied is; hy sal deur die Remers se gebied daarheen trek en hulle landerye verwoes, maar voordat hy dit doen, sal hy Labienus se kamp aanval. Hy skryf voor wat hy gedoen wil hê.


57 Aangesien Labienus hom beperk het tot sy kamp wat deur sowel natuurlike posisie as mensehand uiters sterk verskans was, het hy geen gevaar vir homself of sy legioen gevrees nie. Hy was slegs daarop bedag om geen geleentheid om 'n goeie slag te slaan, te laat verbygaan nie. Toe hy dus van Cingetorix en sy bloedverwante verneem van Indutiomarus se toespraak wat hy in die landdag gehou het, stuur hy boodskappers na die aangrensende state en roep ruiters van alle kante af op, en stel vir hulle 'n bepaalde dag vas om te versamel. Intussen swerf Indutiomarus byna elke dag met sy hele ruitery na aan Labienus se kamp rond, soms om die ligging van die kamp te leer ken, en dan weer om te onderhandel of skrik aan te jaag; en gewoonlik het al sy ruiters werptuie in die kamp geslinger. Labienus het sy manne binne die verskansing gehou, en die indruk van vrees op alle moontlike maniere versterk.

58 Aangesien Indutiomarus by die dag met groter minagting die kamp genader het, het Labienus een nag die ruiters wat hy van al die buurstate laat oproep het, die kamp binnegelaat. So sorgvuldig het hy sy soldate

met wagposte binne die kamp gehou, dat dié nuus op generlei wyse ont-hul of aan die Trevere oorgedra kon word nie. Intussen nader Indutioma-rus na daaglikse gewoonte die kamp, en verwyf 'n groot deel van die dag daar. Sy ruiters slinger hul werpwapens, en daag ons manne met 'n vloed beledigende woorde tot die geveg. Omdat ons manne geen antwoord daarop gee nie, vertrek hulle teen die aand, wanneer dit hulle pas, ver-sprei en in wanorde. Onverwags stuur Labienus sy hele ruitery by twee hekke uit. Hy gee streng opdrag dat wanneer die vyand verskrik en op vlug gejaag is — hy het voorsien dat dit sou gebeur, presies soos dit ge-beur het — almal net na Indutiomarus alleen moet soek, en dat niemand enigeen verwond voordat hy laasgenoemde doodgemaak gesien het nie, want hy wou nie hê dat Indutiomarus deur die vertragende agtervolging van die ander tyd wen en ontvlug nie. Hy bied groot belonings aan vir die manne wat hom sal doodmaak, en stuur kohorte ten ondersteuning van die ruiters. Die geluk is sy plan goedgesind en omdat almal net na een man gesoek het, word Indutiomarus juis nog in die rivier se drif gevang en doodgemaak, en sy kop word na die kamp toe teruggebring. Die terugkerende ruiters agtervolg en dood al die vyande wat hulle kan. Toe hulle hiervan verneem, vertrek al die magte van die Eburone en Nerviërs wat saamgetrek het, en na dié gebeurtenis het Caesar 'n effens rustiger Gallië gehad.

Die sesde boek

(53 v.C.)



Die kampanje van 53 v.C.

1 Daar Caesar om baie redes 'n ernstiger opstand in Gallië verwag het, het hy besluit om 'n werwingsveldtog deur toedoen van sy legate Marcus Silanus, Gaius Antistius Reginus en Titus Sextius te hou. Terselfdertyd het hy die prokonsul Gnaeus Pompeius versoek — aangesien hy in die nabyheid van Rome met opperste militêre gesag, in staatsbelang¹ agtergeby het — om die rekrute uit Cisalpyne Gallië vir wie Caesar as konsul die krygseed laat sweer het, te beveel om by hulle vaandels aan te sluit en na hom te vertrek. Hy was van mening dat dit met die oog op Gallië se dunk van ons, ook vir die toekoms van groot belang was dat hulle sou sien Italië se magsmiddele is so groot dat, indien enige skade in die oorlog gely is, dit nie alleen binne 'n kort tydjie herstel kon word nie, maar selfs met groter troepemagte vermeerder kon word. Nadat Pompeius dié toegewing sowel aan die staat as aan sy vriendskap met Caesar gemaak het, het laasgenoemde spoedig die werwingsveldtog deur toedoen van sy legate voltooi, en voor die einde van die winter is drie legioene saamgestel en na hom gebring. Daar die aantal kohorte wat hy met Quintus Titurius verloor het, verdubbel was, het hy sowel met die snelheid as met die troepe getoon waartoe die staatsbestel en hulpbronne van die Romeinse volk in staat was.

2 Toe Indutiomarus gedood is, soos ons uiteengesit het, word die militêre oppergesag aan sy bloedverwante oorgedra. Hulle hou nie op om die aangrensende Germane op te rui en geld te belowe nie. Daar hulle die naburiges nie kon oorreed nie, probeer hulle die wat verder weg woon. Nadat hulle enkele state gevind het, bevestig hulle hul onderlinge trou met 'n eed, lewer met gyselaars waarborg vir die geld², en laat Ambiorix deur 'n verbond en verdrag hy hulle aansluit. Caesar het hiervan verneem, en toe hy sien dat daar aan alle kante op oorlog voorberei word; dat die Nerviërs, die Aduatuke en Menapiërs al die Germane duskant die Ryn by hulle laat aansluit het en onder wapen is; dat die Senone nie op sy bevel kom nie en gemene saak maak met die Carnute en aangrensende state; dat die Germane met herhaalde afvaardigings deur die Trevere opgerui word, het hy gemeen hy moet vroeër as gewoonlik aan oorlog dink.

3 Daarom het hy nog voor die einde van die winter sy vier naaste legioene saamgetrek en onverwags die gebied van die Nerviërs binnege-marsjeer, en voordat hulle ôf kon versamel ôf kon vlug, 'n groot aantal vee en mense gevange geneem. Hy het dié buit aan sy soldate afgestaan, die landerye verwoes en die vyand gedwing om oor te gee en gyselaars aan hom te lewer. Hy het die onderneming vinnig afgehandel en sy legioene weer na hulle winterkwartiere teruggelei. In die begin van die lente het hy, soos sy instelling was, 'n landdag vir Gallië belê. Toe al

die ander behalwe die Senone, Carnute en Trevere opdaag, het hy geoordeel dié wegbly is die begin van afvalligheid en oorlog, en om die indruk te skep dat hy alle ander dinge as minder belangrik beskou, verskuif hy die landdag na Lutetia³, 'n dorp van die Parisiërs. Laasgenoemde was bure van die Senone en het in die tyd van ons vadere een staat met hulle gevorm, maar die mening is gehuldig dat hulle nie deel gehad het aan die huidige plan nie. Nadat Caesar hierdie besluit van die verhoog in sy kamp af aangekondig het, vertrek hy nog dieselfde dag met sy legioene na die gebied van die Senone, en kom met snelmarse daar aan.

4 Toe Acco, die aanstoker van die plan, van Caesar se aankoms verneem, beveel hy die volksmenigte om in hul vestings te versamel. Terwyl hulle dit probeer, maar voordat dit ten volle uitgevoer kon word, word aan hulle berig dat die Romeine aanwesig is. Noodgedwonge sien hulle van hul plan af en stuur gesante na Caesar om genade te vra. Hulle nader hom deur bemiddeling van die Aeduers onder wie se beskerming hul staat van oudsher af gestaan het. Op versoek van die Aeduers skenk Caesar graag vergifnis en neem hul verskoning aan, omdat hy van mening was dat die somer 'n geskikte tyd vir die op hande synde oorlog, en nie vir 'n geregtelike ondersoek was nie. Hy eis 'n honderd gyselaars en oorhandig hulle aan die Aeduers om te bewaak. Die Carnute stuur ook gesante en gyselaars daarheen en gebruik die Remers van wie hulle 'n afhanklike staat was, om vir hulle te pleit. Hulle kry dieselfde antwoorde. Caesar beëindig die landdag en eis ruiters van die state.

Die oorlog teen Ambiorix en die Trevere

5 Na die onderwerping van hierdie deel van Gallië, wy hy hom met sy hele hart en siel aan die oorlog teen die Trevere en Ambiorix. Hy beveel Cavarinus om met die Senone se ruitery saam met hom te vertrek, om te voorkom dat daar 'n opstand in die staat ontstaan ten gevolge van dié man se humeurigheid of die haat wat hy hom op die hals gehaal het. Nadat hy hierdie sake gereël het, het hy Ambiorix se ander planne probeer deurgrond, omdat hy absoluut seker was dat laasgenoemde nie 'n beslissende slag sou lewer nie. Aangrensend aan die gebied van die Eburone was daar die Menapiërs. Beskerm deur ononderbroke moerasse en woude, was hulle die enigste in Gallië wat nooit vredesgesante na Caesar gestuur het nie. Caesar het geweet dat Ambiorix formele bande van vriendskap met hulle gehad het, en hy het insgelyks verneem dat hulle deur bemiddeling van die Trevere 'n vriendskapsverbond met die Germane gesluit het. Hy was van oordeel dat hy Ambiorix eers hierdie hulptroepie moes ontnem voordat hy die man self tot oorlog uitdaag,

om te voorkom dat hy hom uit wanhoop op redding òf in die gebied van die Menapiërs skuilhou, òf verplig word om met die Transrynse Germane gemene saak te maak. Nadat hy dié plan beraam het, stuur hy die hele leër se bagasie na Labienus in die gebied van die Trevere, en beveel twee legioene om na hom te vertrek. Hy self vertrek met vyf liggewapende legioene na die gebied van die Menapiërs. Laasgenoemde het geen mag saamgetrek nie, maar in vertroue op die beskerming van die terrein, vlug hulle na die bosse en moerasse, en bring ook al hulle besittings daarheen.

6 Nadat Caesar sy magte met Gaius Fabius, sy legaat, en Marcus Crassus, sy quaestor, gedeel het, bou hy vinnig brûe, nader in drie afdelings, steek die opstalle en gehuggies aan die brand, en maak 'n groot aantal vee en mense buit. Gedwing deur hierdie omstandighede, stuur die Menapiërs gesante na hom om vrede te vra. Hy neem hul gyselaars aan en verseker hulle dat hy hulle as vyande sal beskou as hulle vir òf Ambiorix òf sy gesante in hulle gebied sou ontvang. Toe dié sake op vaste grondslag geplaas is, laat hy die Atrebaat Commius met sy ruitery as 'n wag in die gebied van die Menapiërs agter. Hyself ruk teen die Trevere op.

7 Onderwyl hierdie maatreëls deur Caesar geneem is, het die Trevere groot magte voetvolk en ruitery saamgetrek en voorbereidings getref om Labienus met sy een legioen wat in hulle gebied oorwinter het, aan te val. Hulle was reeds nie meer as twee dagmarse van hom af nie, toe hulle verneem dat die twee legioene wat deur Caesar gestuur is, opgedaag het. Op 'n afstand van vyftien myl slaan hulle kamp op en besluit om op die hulptroepe van die Germane te wag. Labienus het van die vyand se plan verneem, en in die hoop dat daar weens hulle onbesonnenheid een of ander geleentheid sou wees om te veg, laat hy 'n wag van vyf kohorte ter beskerming van die bagasie agter, ruk met vyf-en-twintig kohorte en 'n groot mag ruiters teen die vyand op, en verskans sy kamp op 'n afstand van een myl van hulle af. Tussen Labienus en die vyand was daar 'n rivier met styl oewers en moeilik om oor te steek. Self was hy nie van plan om dit oor te steek nie, en hy het gemeen die vyand sou dit ook nie oorsteek nie. Die vyand se hoop op hulptroepe het dag na dag gegroei. Labienus verklaar openlik in die krygsraad: "Aangesien die Germane na bewering aan die nader is, sal ek nie my eie heil en dié van die leër op die spel plaas nie, maar teen dagbreek kamp opbreek." Spoedig word dit aan die vyand verraai, daar 'n natuurlike gevoel enkele Galliërs uit so 'n groot Galliese ruitery gedwing het om Galliese belange op die hart te dra. Labienus roep gedurende die nag sy krygstribune en senior centurio's byeen, verduidelik wat sy plan behels, en beveel dat die kamp

met groter lawaai en wanorde as wat die gewoonte van die Romeinse volk meebring, opgebreek moet word, om sodoende makliker aan die vyand die indruk van vrees te gee. Hierdeur het hy sy vertrek soos vlug laat lyk. Daar die twee kampe so na aanmekaar was, word ook dít voor ligdag deur spioene aan die vyand verklap.

8 Nouliks het die agterhoede tot buite die verskansings beweeg, of die Galliërs bemoedig mekaar om nie die buit waarop hulle gehoop het uit hul hande te laat glip nie – dit sou te lank duur, het hulle gemeen, om noudat die Romeine doodverskrik is, op die hulptroepe van die Germane te wag, en hulle eergevoel het ook nie toegelaat dat hulle nie die moed aan die dag lê om so 'n klein bende, veral een op die vlug en onstrydvaardig, met sulke groot magte aan te val nie – en hulle aarsel nie om die rivier oor te steek en die geveg op ongunstige terrein aan te knoop nie. Labienus het vermoed dat dit sou gebeur, en om almal tot duskant die rivier te lok, het hy dieselfde skynmars gehandhaaf en rustig voortgemarsjeer. Toe stuur hy die bagasie 'n endjie vooruit, laat dit op 'n hoogtetjie byeenbring, en sê: "Soldate, nou het julle die geleentheid waarna julle gesoek het. Julle het die vyand in julle hande op terrein wat vir hulle moeilik begaanbaar en ongunstig is. Toon onder ons leiding dieselfde moed wat julle menigmaal aan die opperbevelhebber getoon het, en stel julle voor dat hy aanwesig is en hierdie dinge met eie oë aanskou." Terselfdertyd beveel hy dat die veldtekens in die rigting van die vyand geswaai, en 'n slaglinie ontplooi word. Hy stuur 'n paar ruiterskadronne na die bagasie om dit te beskerm, en stel die orige ruiters aan die flanke op. Spoedig hef ons soldate 'n geskree aan, en slinger hulle werpwapens na die vyand. Toe hulle teen hul verwagting in sien dat die soldate wat hulle geglo het op vlug is, in aanvalformasie op hulle afstorm, kon hulle nie eers die stormloop verduur nie, en nadat hulle by die eerste botsing op vlug gejaag is, het hulle op die naaste bosse afgepyl. Labienus het hulle met sy ruitery agtervolg, 'n groot aantal gedood, heelwat gevange geneem, en 'n paar dae later die onderwerping van die staat aanvaar. Want toe die Germane wat hulle te hulp gekom het van die Trevere se vlug verneem, het hulle na hul land teruggekeer. Indutiomarus se bloedverwante wat die aanstigters van die rebellie was, het hulle vergesel, en saam met hulle die staat verlaat. Die opperhoofskap en oppergesag is oorgedra aan Cingetorix wat ons aangetoon het, van die begin af lojaal gebly het.

Caesar steek die Ryn oor

9 Nadat Caesar uit die land van die Menapiërs in die gebied van die

Trevere aangekom het, het hy om twee redes besluit om die Ryn oor te steek. Een daarvan was omdat die Germane hulptroepe teen hom aan die Trevere gestuur het, en die tweede, om te belet dat Ambiorix toevlug na hulle sou hê. Nadat hy dié beslissing geneem het, besluit hy om 'n brug te bou, 'n endjie bokant die plek waar hy tevore sy leër oorgelei het. Danksy die groot ywer van die soldate word die taak volgens die bekende en vasgestelde metode in drie dae voltooi. Hy laat 'n sterk wag by die brug in die gebied van die Trevere om te belet dat daar skielik 'n opstand van hulle kant af ontstaan, en lei die res van die troepe en die ruitery oor. Die Ubiërs wat voorheen gyselaars gegee en hulle onderwerp het, stuur gesante na hom om hulle te verontskuldig en hom daarop attent te maak dat daar uit hulle staat geen hulptroepe na die Trevere gestuur, en dat daar ook nie troubreuk deur hulle gepleeg is nie. Hulle versoek en smeeke hom om hulle te spaar, sodat onskuldiges nie ten gevolge van 'n algemene haat teen Germane, in die plek van die skuldiges boete doen nie. As hy meer gyselaars wou hê, belowe hulle om dié te gee. Caesar het die saak ondersoek en gevind dat hulptroepe van die Suebe af gestuur was. Hy het die Ubiërs se verskoning aanvaar en noukeurige navraag gedoen oor die toegange en paaie na die land van die Suebe.

10 Intussen word hy enkele dae daarna deur die Ubiërs ingelig dat die Suebe al hulle magte op een plek saamtrek, en dat hulle aan die volke wat onder hulle heerskappy staan, laat weet om hulptroepe van voetvolk en ruitery te stuur. Toe Caesar dit verneem, maak hy voorsiening vir graanvoorrade en kies 'n geskikte plek vir 'n kamp. Hy beveel die Ubiërs om hulle kuddes uit die velde te haal en al hul besittings uit die platteland na die vestings te bring, in die hoop dat die onervare barbare, genoop deur 'n gebrek aan lewensmiddele, tot ongunstige gegesomstandighede gebring kan word. Hy gee hulle opdrag om talryke verkenners na die gebied van die Suebe te stuur, en om alles te wete te kom wat by hulle gebeur. Hulle voer sy opdragte uit en na 'n tussenpoos van 'n paar dae laat hulle weet: "Nadat daar presieser inligting oor die Romeine se leër gekom het, het al die Suebe met al hulle eie en hul bondgenote se magte wat hulle saamgetrek het, diep landin na hul verste grense teruggetrek. Dáár lê 'n woud van oneindige grootte, en dit heet Bacenis. Hierdie woud reik ver landinwaarts en lê daar as 'n natuurlike muur om die Cheruske teen gewelddade en invalle van die kant van die Suebe, en die Suebe teen dergelike optrede van die kant van die Cheruske te beskerm. Die Suebe het besluit om aan die rand van hierdie woud op die aankoms van die Romeine te wag."

Die sedes en gewoontes van die Germane en Galliërs

11 Aangesien ons by hierdie punt in ons verhaal gekom het, lyk dit nie onvanpas om uit te wei oor die sedes van Gallië en Germanië, en oor hoe hierdie nasies onderling verskil nie. In Gallië is daar politieke partye, nie alleen in al die state en al die kantons en distrikte nie, maar feitlik ook in elke afsonderlike huishouding. Die leiers van die partye is manne wat na die Galliërs se mening die grootste invloed besit, en aan wie se oordeel en jurisdiksie die eindbeslissing in alle aangeleenthede en besluite voorgelê kan word. En dít blyk 'n instelling uit die oudheid te wees met die doel dat niemand uit die gewone volk hulp teen 'n magtiger persoon sou ontbeer nie. Niemand duld dit immers dat sy eie mense onderdruk of mislei word nie, en as hy anders sou optree, het hy ook geen invloed onder sy mense nie. Hierdie selfde stelsel geld in die algemeen vir Gallië in sy geheel, want al die state gesamentlik is in twee partye verdeel.

12 Toe Caesar in Gallië aangekom het, was die Aeduers die leiers van die een party, en die Sequane die van die ander. Aangesien laasgenoemde uit eie krag nie sterk genoeg was nie — omdat die oppergesag van oudsher af by die Aeduers berus het en dié se afhanklike volke groot was — het hulle die Germane en Ariovistus by hulle laat aansluit, en met groot opofferings en beloftes na hulle land toe gebring. Maar na etlike voorspoedige veldslae en die vermoording van die Aeduers se hele adelstand, was die Sequane so ver voor in mag dat hulle 'n groot deel van die afhanklike volke van die Aeduers af na hulle kant oorgebring het; die stamhoofde se seuns as gyselaars van die Aeduers ontvang het; die Aeduers in die openbaar gedwing het om 'n eed te sweer dat hulle geen komplot teen die Sequane sou smee nie; permanent besit geneem het van die aangrensende grond wat hulle met geweld beset het en leierskap oor die hele Gallië verkry het. Gedryf deur hierdie dringende noodsaak, het Diviciacus na die senaat in Rome vertrek om hulp te gaan soek, maar hy het onverrigtersake teruggekeer. By Caesar se aankoms het 'n ommekeer van sake plaasgevind: die gyselaars is aan die Aeduers teruggegee, hul ou afhanklike state is herstel en nuwes is deur Caesar se bemiddeling verkry omdat diegene wat by hul vriendskapsverbond aangesluit het, gesien het dat hulle in 'n beter toestand verkeer en 'n regverdiger bewind geniet; en toe hulle invloed en waardigheid nog in ander opsigte uitgebrei is, het die Sequane die leierskap verloor. Die Remers het in hulle plek opgevolg. Aangesien die Sequane geweet het dat laasgenoemdes net so hoog by Caesar aangeskrewe staan, en omdat hulle vanweë ou vetes op generlei wyse met die Aeduers verenig kon word

nie, het hulle hul as 'n onafhanklike staat van die Remers verklaar. Die Remers het hulle noulettend beskerm, en op dié wyse gepoog om hulle nuwe, skielik verworwe invloed te behou. Die saak het in dié stadium so gestaan dat die Aeduers as verreweg die leiers beskou is, terwyl die Remers die tweede plek in waardigheid beklee het.

13 In die hele Gallië is daar net twee klasse mense wat enigsins in tel is en aansien geniet. Want die gewone volk word byna as slawe beskou, 'n stand wat niks op eie inisiatief durf doen, en by geen vergadering toegelaat word nie. Wanneer hulle deur skuld, of die omvang van die belasting, of die onregmatige optrede van magtiger persone gedruk word, verklaar die meeste hulle tot slaaf van die edeles wat dan op hulle dieselfde regte het as base op hul slawe. Maar om terug te kom : een van bogenoemde twee klasse is die van die Druïdes, en die ander, die van die Ridders. Eersgenoemde is betrokke by die godsdiens, dra sorg vir die staats- en private offers, en verklaar die godsdienstige voorskrifte. 'n Groot aantal jongmanne stroom na hulle om opgelei te word, en by dié geniet hulle groot aansien. Want die Druïdes gee uitspraak in feitlik alle gevalle van twis, publiek en privaat, en as daar 'n misdaad begaan is, as 'n moord gepleeg is, as daar 'n dispuut oor 'n erflating of oor grense is, gee hierdie einste Druïdes die beslissing en bepaal die vergoeding of boetes. As iemand, hetsy 'n privaat individu of 'n volk, hom nie aan hulle beslissings hou nie, ban hulle hom van die offerandes. Dít is die swaarste straf onder hulle. Diegene wat so geban is, word as die goddeloses en skurke gereken. Almal gee van hulle af pad en vermy hul nadering en gesprek om te voorkom dat hulle enige skade uit die aanraking opdoen. As gebandes geregtigheid soek, word dit nie verskaf nie, en geen eer word aan hulle bewys nie. Aan die hoof van al hierdie Druïdes staan daar egter één wat die hoogste gesag onder hulle beklee. As hý te sterwe kom, volg enigeen van die ander wat in waardigheid uitblink hom op, of, as daar verskeie is met gelyke verdienste, voer hulle die stryd om leierskap deur 'n stemming van die Druïdes, somtyds selfs met wapens. Op 'n vaste tyd-stip van die jaar hou hierdie Druïdes 'n sitting op 'n gewyde plek in die gebied van die Carnute, die streek wat as die middelpunt van die hele Gallië beskou word. Hier vergader almal van alle kante af wat geskille het, en gehoorsaam die Druïdes se uitsprake en beslissings. Die vermoede bestaan dat die leer in Britannië uitgedink, en vandaar na Gallië oorgebring is, en nou nog gaan diegene wat die onderwerp grondiger wil bestudeer, in die reël na Britannië om dit te leer.

14 Die Druïdes is gewoonlik nie by in 'n oorlog nie, en hulle betaal ook nie belasting saam met die ander nie. Hulle geniet kwytskelding van krygsdiens en vrystelling van alle verpligtinge. Aangelok deur sulke

groot voordele kom baie enersyds uit eie beweging vir opleiding, en word baie andersyds deur hulle ouers en familiebetrekkings gestuur. Na bewering leer hulle daar 'n groot aantal verse van buite. Hulle meen dat dit 'n sonde is om dié dinge op skrif te stel, hoewel hulle in byna alle ander aangeleenthede, in staats- en private transaksies, die Griekse alfabet benut. Dit lyk my hulle het dié gebruik om twee redes ingestel : eerstens omdat hulle nie wil hê hulle leer moet onder die massa versprei word, en tweedens, dat diegene wat dit aanleer, hulle op skrif verlaat en minder aandag aan hul geheue wy nie. Want dit gebeur met feitlik die meeste mense dat hulle hul memoriseerwyse en geheue ten gevolge van die hulp van skrif verslap. Boweal wil hulle die mensdom daarvan oortuig dat siele nie sterf nie, maar na die dood van die een na die ander oorgaan. Hulle meen dat mense hierdeur in die hoogste mate tot dapperheid aangespoor word omdat vrees vir die dood ter syde gestel is. Hierbenewens bespreek hulle baie probleme in verband met die sterre en hulle beweging, die grootte van die heelal en van die wêreld, die natuurkunde, die krag en mag van die onsterflike gode, en dié kennis dra hulle aan die jeug oor.

15 Die tweede klas, is die van die Ridders. In geval van nood en wanneer een of ander oorlog uitbreek — iets wat voor Caesar se aankoms in die reël feitlik elke jaar gebeur het, in die sin dat hulle òf self onregmatige invalle gedoen òf sodanige invalle afgeweer het — neem almal daaraan deel. En hoe invloedryker elkeen van hulle is deur stand en vermoëns, hoe meer leenmanne en afhanklikes het hy om hom. Dit is die enigste vorm van invloed en mag wat hulle ken.

16 Die ganse nasie van die Galliërs is uiters toegewy aan godsdienstige gebruike, en om dié rede offer diegene wat deur vry ernstige siektes aangetas is of in gevegte en gevaar verkeer, mense as slagoffers, of hulle neem 'n eed dat hulle wel mense sal offer, en hulle gebruik die Druïdes as bedienaars vir hierdie offerandes. Omdat hulle meen die mag van die onsterflike gode kan nie versoen word tensy 'n menselewe vir 'n menselewe betaal word nie, het hulle derglike offers van staatsweë ingestel. Sommige het beelde van ontsaglike grootte, en dié se ledemate wat van twygies gevleg is, vul hulle dan met lewende mense. As dit aan die brand gestee word, word die mense deur die vuur omring en gedood. Hulle meen dat die doodstraf van mense wat op diefstal of roof of 'n ander misdryf betrap is, aangenamer is vir die onsterflike gode, maar wanneer die voorraad van daardie soort mens onvoldoende is, gaan hulle oor tot die terdoodbring selfs van onskuldiges.

17 Onder die gode vereer hulle Mercurius die meeste. Van hom bestaan daar uiters baie beelde, hóm roem hulle as die uitvinder van alle

kunste, as die gids op paaië en reise, en hulle meen hy het die grootste invloed vir geldmaak en die handel. Ná hom vereer hulle Apollo, Mars, Jupiter en Minerva. Van dié gode het hulle byna dieselfde voorstelling as ander volke : Apollo verdryf siektes, Minerva onderrig die beginsels van handearbeid en die kunste, Jupiter voer heerskappy oor die hemelinge, Mars bestier die oorloë. Wanneer hulle besluit het om slag te lewer, wy hulle gewoonlik die oorlogsbuit aan Mars. Na⁴ 'n oorwinning offer hulle alle lewende wesens wat hulle buitgemaak het, en die ander artikels versamel hulle op een plek. In baie state is daar op gewyde plekke opgestapelde hope van hierdie voorwerpe te sien. Dit gebeur ook nie dikwels dat iemand uit minagting vir die heilige dit waag om buit by sy huis weg te steek, of om wygeskenke weg te dra nie; vir so 'n daad is daar die allerswaarste straf met foltering vasgestel.

18 Die Galliërs beroem hulle daarop dat hulle almal van vader Dis afstam, en hulle beweer dat dit 'n oorlewering van die Druïdes is. Om dié rede bepaal hulle elke tydsruimte nie na die getal dae nie, maar na die getal nagte. Verjaarsdae en die begin van maande en jare bereken hulle so, dat die dag op die nag volg. In die ander lewensgewoontes verskil hulle van ander volke in die algemeen hierdeur, dat hulle hul eie seuns nie toelaat om hulle in die openbaar te nader nie behalwe wanneer die seuns volwasse geword het om hul militêre diensplig te kan dra, en dat hulle dit as 'n skande beskou vir 'n seun van knapeleeftyd om in die openbaar binne sig van sy vader te staan.

19 Die mans maak 'n beraming, en voeg uit hulle eie vermoëns net soveel geld by die bruidskat as wat hulle van hul vrouens as bruidskat ontvang het. Daar word gesamentlik rekening gehou van al hierdie geld, en die rente word gespaar. Aan die een van hulle wat oorleef, kom albei se deel tesame met die rente van die vorige jare toe. Mans het teenoor hulle vrouens, net soos teenoor hul kinders, die mag van lewe en dood. Wanneer 'n huisvader van redelik aansienlike afkoms sterf, kom sy bloedverwante byeen, en as daar iets in verband met sy dood verdag voorkom, onderwerp hulle sy vrouens aan 'n inkwisisie soos hulle dit met slawe doen. As daar iets ontdek word, martel hulle die vrouens met vuur en allerhande folteringe en bring hulle om die lewe. In verhouding met die beskawing van die Galliërs, is hul begrafnisse pragtig en duur. Hulle gooi alles, selfs lewende wesens wat hulle reken vir die gestorwenes in hul lewe dierbaar was, in die vuur, en kort voor ons tyd is slawe en afhanklikes wat die mense sonder twyfel geweet het deur die gestorwenes bemin was, by voltooiing van die gepaste begrafnisplegtighede saam met hulle verbrand.

20 Die state wat na algemene mening hul staatsake besonder doelmatig bestuur, het 'n wetlike verordening dat enigiemand wat iets in verband met staatsake deur rapport of gerug van sy buurstade verneem het, dit dadelik aan 'n amptenaar moet rapporteer en nie aan iemand anders moet meedeel nie. Dit is immers bekend dat onbesonne en onervare mense dikwels deur vals gerugte die skrik op die lyf gejaag, en tot misdaad gedryf word, en beslissings maak oor sake van die allergrootste belang. Die amptenare verswyg wat hulle goeddink, en alles wat hulle as nuttig beskou, deel hulle aan die volksmenigte mee. Dit word nie toegelaat om oor staatsake te praat nie, behalwe deur middel van die landdag.

21 Die Germane verskil baie van hierdie lewenswyse. Hulle het immers nie Druïdes wat aan die hoof staan van godsdienstige aangeleenthede nie, en hulle stel ook nie belang in offerandes nie. As gode beskou hulle slegs die wat hulle sien, en deur wie se bystand hulle openlik gehelp word, naamlik die Son, Vulcanus, en die Maan; van die ander het hulle selfs nie eers deur gerug gehoor nie. Hulle hele lewe bestaan uit jagtogte en militêre bedrywighede, en van kindsbeen af is hulle voorstanders van swaar werk en gehardheid. Wie die langste ongetroud gebly het, verwerf onder hulle volk die hoogste lof. Party dink dat die gestalte, en ander, dat die spierkrag en senings daardeur gesterk word. Hulle beskou dit as een van die grootste skandale om voor die twintigste lewensjaar 'n vrou te beken het. En daar is geen geheimhouding in dié verband nie, omdat mans en vrouens saam in die riviere baai, en velle of klein pelskledingstukke dra waarby 'n groot deel van die liggaam onbedek bly.

22 Hulle stel nie belang in landbou nie, en die grootste deel van hulle voedsel bestaan uit melk, kaas en vleis. En niemand besit 'n bepaalde hoeveelheid grond of 'n gebied van sy eie nie, maar die amptenare en stamhoofde ken vir elke jaar aan die stamme en familie-groepe wat saam kom woon het, soveel grond toe as wat hulle goeddink, en waar hulle dit goeddink, en dwing hulle om die jaar daarop eldersheen te trek. Hulle voer baie redes aan vir dié sisteem : om te voorkom dat hulle bekoor word deur 'n standhoudende verbintenis met 'n plek en daardeur hul ywer vir oorlogvoering verruil vir landbou; om te belet dat mense hulle beywer om uitgebreide gebiede te bekom, en dat magtiger manne die nederigeres uit hul besittings verdryf; om te voorkom dat mense met groter sorg bou om koue en hitte uit te hou; om te belet dat daar 'n geldsug ontstaan waaruit politieke partye en twiste gebore word; om die gewone volk deur vergenoegdheid in toom te hou, wanneer elke man sien dat sy eie rykdom die van die magtigstes ewenaar.

23 Vir hulle state is dit die grootste roem om gebiede te verwoes en so wyd as moontlik romdom hul woesternye te hê. Hulle beskou dit as 'n ware bewys van hul dapperheid dat hul buurvolke van hul landerye verdryf word en die wyk neem, en dat niemand dit waag om hom in hul nabyheid te vestig nie. Terselfdertyd meen hulle hulle sal hierdeur veiliger wees, aangesien die vrees vir 'n skielike inval uit die weg geruim is. Wanneer 'n staat òf 'n defensiewe òf 'n offensiewe oorlog voer, word amptenare gekies om met mag oor lewe en dood leiding te neem in die oorlog. In vredestyd is daar geen gemeenskaplike amptenaar nie, maar die distriks- en kantonhoofde spreek reg oor hulle mense en besleg geskille. Rooftogte wat buite die grense van elke afsonderlike staat uitgevoer is, hou geen skande in nie, en hulle verklaar rondborstig dat dié dinge gedoen word om die jeug te oefen en ledigheid te verminder. En wanneer een van die hoofmanne in 'n openbare vergadering gesê het hy sal die leier van 'n tog wees, en dat die wat hom wil volg dit openlik moet verklaar, staan almal wat sowel die saak as die man goedgesind is tegelyk op, belowe hulle steun, en word deur die menigte toegejuig. Die van hulle wat hom dan nie gevolg het nie, word as deserteurs en veraaiers beskou, en daarna word hulle in alle aangeleenthede vertrouwe ontsê. Hulle ag dit ongeoorloof om 'n gas geweld aan te doen; hulle beskerm mense wat om welke rede ook al na hulle gekom het, en beskou hulle as onskendbaar; vir diesulkes staan almal se huise oop, en met hulle word hul voedsel gedeel.

24 En daar was vroeër 'n tyd toe die Galliërs die Germane in dapperheid oortref, ja selfs teen hulle oorlog gevoer het, en weens oorbevolking en grondgebrek volksplantings oor die Ryn gestuur het. Daarom het die Volce-Tectosage die vrugbaarste dele van Germanië om die Hercyniese woud — wat ek opmerk aan Eratosthenes en sekere Grieke deur gerug bekend was, en wat hulle die Orcyniese woud noem — beset en hulle daar gevestig. Hierdie volkstam handhaaf homself tot op hede in hierdie woonplek en geniet die allerbeste reputasie vir hulle regverdigheid en oorlogsroem. Omdat hulle tans in dieselfde gebrek, armoede en ontbering as die Germane lewe, gebruik hulle dieselfde voedsel en kleding. Die nabyheid van ons provinsies, en hulle kennis van oorsese aangeleenthede, bedeel die Galliërs kwistig met baie artikels vir hul oorvloedige gebruik. Geleidelik het hulle daaraan gewoond geraak om oorwin te word, en nadat hulle in baie gevegte die loef afgestreek is, vergelyk selfs hulle hulself nie meer met die Germane ten aansien van dapperheid nie.

Die Hercyniese woud en sy diere

25 Die breedte van hierdie Hercyniese woud waarna hierbo verwys is,

strek vir 'n onbelemmerde voetganger nege dagreise ver : op 'n ander manier kan dit immers nie bepaal word nie, en hulle ken ook geen ander mate om reise mee te meet nie. Dit begin in die gebied van die Helvetiërs, Nemete en Raurike, en strek parallel met die Donourivier tot aan die gebied van die Daciërs en Anarte. Vandaar swenk dit na links deur streke ver weg van die rivier af, en raak vanweë sy uitgestrektheid aan die grense van baie volke. En daar is niemand in hierdie⁵ deel van Germanië wat kan sê hy het die begin van daardie woud bereik, al het hy ook 'n reis van sestig dae afgelê, of wat gehoor het waar dit ontspring nie. Dit is bekend dat baie soorte wilde diere wat nog nie op ander plekke gesien is nie, daarin voortteel. Die van hulle wat die meeste van die ander verskil en blykbaar verdien om opgeteken te word, is die volgende.

26 Daar is 'n os met die gestalte van 'n hert. Van die middel van sy voorkop af, tussen die ore, staan daar een enkele horing uit, hoër en reguiter as die horings wat aan ons bekend is. Van sy top af vertak dit wyd uit soos oopgespreide hande en takke. Die wesenstrekke van ooi en ram is dieselfde, en die vorm en grootte van die horings is dieselfde.

27 Daar is ook die sogenaamde elkdier⁶. Hulle bou en bont velle lyk baie soos die van bokke, maar hulle is effens groter. Hulle horings is afgestomp en hulle het bene sonder litte of gewigte. Hulle gaan lê ook nie om te rus nie, en as hulle deur een of ander ongeluk getref word en hulle val, kan hulle hulself nie oprig of op die bene lig nie. Bome dien vir hulle as beddens: hulle gaan staan daarteen, en so, net effens aangeleun, neem hulle hul rus. Wanneer jagters aan hulle spore bemerk het waarheen hulle gewoonlik gaan om te rus, grawe hulle al die bome op daardie plek aan die wortels los, of kap hulle sover deur dat 'n volkome skyn van staande bome gelaat word. Wanneer die diere na gewoonte daarteen leun, druk hulle die wankelende bome met hul gewig om en val self saam op die grond neer.

28 'n Derde soort onder hulle is die sogenaamde oerosse. In grootte is hulle 'n bietjie kleiner as olifante; in voorkoms, kleur en bou is hulle soos bulle. Groot is hulle krag, en groot hulle vaart, en hulle spaar nóg mens nóg dier wat deur hulle gewaar is. Die Germane vang hulle ywerig in vanggate en dood hulle; deur hierdie werk maak die jongmanne hulle gehard, en deur hierdie soort jag oefen hulle hulself. Die van hulle wat die meeste doodgemaak het, bring die horings saam na 'n openbare plek om as bewys te dien, en oes groot lof in. Maar hulle kan nie aan mense gewoond of mak gemaak word nie, selfs nie as hulle baie klein gevang is nie. Die grootte, bou en voorkoms van hulle horings verskil baie van

ons beeste se horings. Die Germane versamel die horings ywerig, beslaan die rande met silwer en gebruik dit hy hul defstigste feesmale as drinkbikers.

Caesar ruk teen Ambiorix op

29 Nadat Caesar deur die Ubiese verkenners verneem het dat die Suebe in die bosse teruggetrek het, en uit vrees vir 'n graanskaarste, omdat, soos ons hierbo aangetoon het, al die Germane baie min in landbou belangstel, het hy besluit om nie verder op te ruk nie. Maar om die barbare nie alle vrees vir sy terugkeer te ontnem nie, en om hulle hulp-troepe te vertraag, het hy sy leër teruggelei en die verste deel van die brug wat aan die Ubiese oewer geraak het, oor 'n lengte van tweehonderd voet laat afbreek. Aan die eindpunt van die brug het hy 'n toring van vier verdiepings laat bou, 'n garnisoen van twaalf kohorte daar geplaas om die brug te beskerm, en die pos met groot skanswerke laat versterk. Hy het die jongman Gaius Volcatius Tullus in bevel geplaas van die pos en die garnisoen. Toe die graan begin ryp word, het hyself deur die Ardennewoud, die grootste in die hele Gallië, vir die oorlog teen Ambiorix vertrek. Hierdie woud strek vanaf die oewers van die Ryn en die gebied van die Trevere tot by die Nerviërs, en lê oor 'n lengte van meer as vyfhonderd myl. Hy stuur vir Lucius Minucius Basilus met die hele ruitery vooruit om te sien of hy deur die spoed van sy opmars en 'n gepaste geleentheid voordeel kon behaal. Hy waarsku hom om te belet dat vure in die kamp gemaak word, sodat daar nie van ver af 'n aanduiding van sy koms gegee word nie, en sê dat hy onverwyld op kort afstand sal volg.

30 Basilus handel volgens sy opdrag. Hy voltooi die opmars vinnig en teen almal se verwagting in, en betrap baie mense onverhoeds op hul landerye. Op hulle aanwysing ruk hy teen Ambiorix self op, na die plek waar hy na bewering saam met 'n paar ruiters was. In alles, ook in kryg-sake, vermag goeie geluk baie. Want per groot toeval het dit gebeur dat Basilus vir Ambiorix self onverhoeds en boonop onvoorbereid oorval het, en dat sy aankoms deur die mense bemerk is nog voordat 'n berig of boodskap daarvan gebring is. Net so was dit vir Ambiorix 'n groot geluk dat hy self aan die dood ontkom het nadat al die krygstoerusting wat hy om hom heen gehad het, afgeneem, en daar op sy waens en perde beslag gelê is. Maar dit het ook gebeur omdat die opstal deur 'n bos omring was – soos die Galliërs se wonings wat meestal die nabyheid van bosse en riviere opsoek om die hitte te ontwyk, maar deurgaans is – en omdat sy metgeselle en vertroude vriende 'n klein rukkie lank die geweld van ons ruiters op die ingeperkte terrein gestuit het. Terwyl hulle aan die veg

was, het een van sy manne hom op 'n perd getel, en die bosse het hom in sy vlug gedek. So het die noodlot 'n groot rol gespeel sowel om die man aan gevaar bloot te stel as om hom daaraan te laat ontsnap.

31 Dit is nie seker of Ambiorix sy magte doelbewys nie saamgetrek het omdat hy van mening was dat daar nie 'n beslissende slag gelewer hoef te word nie, en of hy nie tyd daartoe gehad het nie en deur die skielike aankoms van die ruiters verhinder is, daar hy geglo het dat die res van die leër kort op hul hakke volg. Maar dit is seker dat hy boodskappers in alle rigtings oor die platteland gestuur, en elkeen beveel het om sy eie heil uit te werk. 'n Deel van hierdie mense het die Ardennewoud ingevlug, en 'n deel die ononderbroke moerasse. Die wat naaste aan die Oseaan gewoon het, het hulle op die eilande wat die getye gewoonlik vorm, gaan versteek. Baie het hulle grondgebied verlaat en hulleself en al hul besittings aan wildvreemde mense toevertrou. Aangesien Catuvolcus, die koning oor die helfte van die Eburone, en die man wat saam met Ambiorix die plan beraam het, reeds deur ouderdom afgetakel was en nie die vermoënis van oorlog of vlug kon verduur nie, het hy Ambiorix met alle moontlike verwensings vervloek omdat hy daardie plan voorgestel het, en hom met die gif van 'n taksusboom, waarvan daar 'n groot hoeveelheid in Gallië en Germanië voorkom, om die lewe gebring.

32 Die Segniërs en Condrusiërs wat van die Germaanse volk afstam en daaraan behoort, en wat tussen die gebied van die Eburone en dié van die Trevere woon, het gesante na Caesar gestuur om te sreek dat hy hulle nie as vyande moet beskou nie, en ook nie moet dink dat daar gemene saak was tussen al die Germane wat duskant die Ryn gewoon het nie. Hulle het glad nie aan oorlog gedink nie, het hulle gepleit, en ook geen hulptroepe aan Ambiorix gestuur nie. Caesar het die saak ondersoek deur ondervraging van die gevangenes, en beveel dat as enige Eburone in hul vlug by hulle uitgekom het, hulle na hom teruggebring moet word. As hulle dít sou doen, het hy gesê, sou hy nie hul gebied verwoes nie. Toe het hy sy magte in drie dele verdeel en die bagasie van al die legioene by Aduatuca byeengebring. Dit is die naam van 'n fort, en dit lê ongeveer in die middel van die Eburone se gebied, waar Titurius en Aurunculeius hul staanplek gemaak het om te oorwinter. Hy het hierdie plek goedgekeur, sowel om ander redes as omdat die verskansings van die vorige jaar ongeskonde gebly het, sodat hy die inspannende werk van die soldate kon verlig. Hy het die veertiende legioen ter beskerming van die bagasie gelaat, een van daardie drie wat hy die laaste gerekruteer en uit Italië oorgebring het. Hy plaas Quintus Tullius Cicero in bevel van die legioen en die kamp, en ken aan hom tweehonderd ruiters toe.

33 Toe die leër verdeel is, beveel hy Titus Labienus om met drie legioene in die rigting van die Oseaan te vertrek na dié dele wat aan die gebied van die Menapiërs raak. Hy stuur vir Gaius Trebonius met dieselfde aantal legioene na die streek wat direk aan die gebied van die Aduatuke lê om dit te verwoes. Hyself besluit om met die ander drie legioene na die Schelderivier⁷ – wat in die Maas invloei – en die uitlopers van die Ardenne te marsjeer, waarheen hy gehoor het dat Ambiorix in geselskap van 'n paar ruiters vertrek het. Met sy vertrek gee hy die versekering dat hy na sewe dae sal terugkeer, want hy het geweet dat graan op daardie dag verskuldig was aan die legioen wat hy ter beskerming agtergelaat het. Hy spoor Labienus en Trebonius aan om, indien hulle dit tot voordeel van die Romeinse staat kon doen, teen daardie dag terug te keer, sodat hulle, na weer eens saam beraad te hou en die vyand se taktiek te deurgrond, in staat kon wees om die oorlog anders te begin.

34 Daar was, soos hierbo aangetoon, geen vaste leërbende, geen vesting en geen garnisoen wat homself met wapens kon verdedig nie, maar die vyandelike menigte was in alle rigtings versprei. Waar 'n versteekte vallei of beboste plek of ontoeganklike moeras aan elkeen 'n mate van hoop op beskerming of veiligheid gebied het, daar het hy hom gevestig. Hierdie plekke was aan die bewoners van die omstreke bekend, en dit het groot omsigtigheid geverg, nie by die beskerming van die hoofmag van die leër nie – geen gevaar vir almal saam kon immers van die kant van die doodverskrikte en verspreide enkelinge opduik nie – maar by die beveiliging van individuele soldate. Maar hierdie voorsorg het tog in 'n mate 'n uitwerking gehad op die veiligheid van die leër. Want enersyds het die begeerte na buit baie soldate te ver weggelok, en andersyds het die bosse ons afdelings in geslote geledere verhinder om langs die onsekere en versteekte paaie daarheen op te ruk. As Caesar wou hê dat die onderneming afgehandel, en die skurkeras wortel en tak uitgedelg word, moes hy verskeie groepe in verskillende rigtings stuur, en die soldate ver van mekaar ontplooi. As hy die kompanies by hul vaandels wou hou, soos die gevestigde taktiek en gewoonte van die Romeinse leër vereis het, dan was die terrein self 'n beskutting vir die barbare, en dit het enkelinge ook nie aan die druf ontbreek om vanuit 'n skuilhoek 'n hinderlaag op te stel en ons verspreide soldate te omsingel nie. Soos dit in moeilikhede van dié aard gaan, is alle voorsorgmaatreëls wat omsigtigheid kon tref, getref, met die gevolg dat, hoewel almal se harte gebrand het om wraak te neem, Caesar liewer 'n geleentheid om skade aan te rig laat verbygaan het, as om skade aan te rig gepaard met 'n mate van nadeel aan sy soldate. Caesar stuur dus boodskappers in alle rigtings uit na die buurstade en roep almal op om met die vooruitsig op buit die gebied van die Eburone te plunder, ten einde in die bosse eerder die lewe

van Galliërs as 'n legioensoldaat aan gevaar bloot te stel, en om terselfdertyd die vyand met 'n groot menigte te omsingel en die ras en naam van die volk uit te delg tot straf vir so 'n misdad. 'n Groot aantal het spoedig van oral af byeengekom.

Die Germane se aanval op Aduatuca

35 Hierdie dinge het in alle dele van die Eburone se land plaasgevind, en die sewende dag, die dag waarop Caesar besluit het om na die bagasie en die legioen terug te keer, het genader. Hier kon 'n mens sien hoeveel die noodlot in oorlog vermag en welke groot wisselvallighede dit meebring. Daar die vyand, soos ons hierbo aangetoon het, versprei en doodverskrik was, was daar geen bende wat ook maar geringe aanleiding tot vrees kon gee nie. Die gerug bereik die Germane oorkant die Ryn dat die gebied van die Eburone geplunder word, en verder nog, dat almal genooi word na die buit. Die Sugambre wat die naaste aan die Ryn woon, en deur wie ons hierbo gesê het die Tenctere en Usipete na hul vlug ontvang is, bring tweeduisend ruiters byeen. Hulle steek die Ryn in skepe en vlotte oor, dertig myl onderkant die plek waar die brug voltooi, en die garnisoen deur Caesar agtergelaat is. Hulle nader die randgebied van die Eburone, vang baie mans wat nog versprei is na hul vlug, en bemeester 'n groot aantal vee, iets wat die barbare vurig begeer. Aangelok deur die buit, ruk hulle verder op. Geen moeras, geen woude vertraag hierdie mense wat te midde van oorlog en struikrowery gebore is nie. Hulle vra aan gevangenes in welke omgewing Caesar is, vind uit dat hy verder opgeruk het, en verneem dat sy hele leër vertrek het. En een van die gevangenes sê: "Waarom jaag julle hierdie misrabele en skraal buit na, julle wat die geleentheid het om reeds skatryk te wees? Binne drie uur kan julle by Aduatuca wees : die Romeinse leër het al hulle besittinge daar byeengebring. Die garnisoen is so klein dat selfs die muur nie rondom beset kan word nie, en dat niemand dit waag om buite die skanswerke te tree nie." Toe die vooruitsig hul gebied word, laat die Germane die buit wat hulle alreeds gemaak het, op 'n versteekte plek agter. Hulleself haas na Aduatuca deur dieselfde man deur wie se aanwysing hulle dit te wete gekom het, as gids te gebruik.

36 Cicero wat sy soldate ál die vorige dae volgens Caesar se voorskrifte met die grootste noulettendheid in die kamp gehou, en selfs nie een enkele kampkneg toegelaat het om buite die skanswerk te tree nie, het op die sewende dag begin twyfel of Caesar sy woord met betrekking tot die aantal dae sou hou. Hy het immers gehoor dat hy verder opgeruk het, en geen berig oor sy terugkeer is ingebring nie. Terselfdertyd is hy

beïnvloed deur die verwyte van diegene wat sy geduld byna 'n beleëring genoem het, aangesien niemand toegelaat is om die kamp te verlaat nie. Hy het tewens geen sodanige teenspoed verwag waardeur hy binne drie myl getref kon word nie, aangesien sy nege legioene en 'n baie groot ruitery teenoor 'n uitgeroeide vyand opgestel was. Daarom stuur hy vyf kohorte na die naaste graanlande — tussen welke en die kamp daar net een enkele heuwel gelê het — om koring te gaan haal. Verskeie soldate van die legioene was siek agtergelaat in die kamp, en ongeveer driehonderd van hulle wat in die loop van dié dae gesond geword het, word onder 'n vaandel ⁸ saamgestuur. Boonop volg daar, noudat die geleentheid geskep is, 'n menigte kampknegte, en 'n groot aantal lasdiere wat in die kamp agtergebly het. Soos die toeval dit wou, verskyn die Germaanse ruiters juis op daardie oomblik op die toneel en probeer onmiddellik om met dieselfde vaart as waarmee hulle aangekom het, by die hoofhek in die kamp in te bars. Omdat daar aan daardie kant bosse voor die kamp gelê het, is hulle ook nie opgemerk voordat hulle die kamp genader het nie, dermate so dat die handelaars wat hulle tente digby die wal opgeslaan het, nie geleentheid gehad het om te retireer nie. Omdat ons manne dit nie verwag het nie word hulle in verwarring gebring deur die verassing, en die kohort op wag stuit nouliks die eerste stormloop. Die vyande stroom uit die ander rigtings om die kamp om te sien of hulle 'n toegang kan vind. Met moeite verdedig ons manne die hekke; met sy ligging en die verskansingswerk beskerm die terrein self die ander toegange. Dwarsdeur die kamp heers daar paniek, en die een vra die ander na die oorsaak van die opskudding. Hulle sien nie vooraf in welke rigting aangeval moet word, of waar elkeen moet versamel nie. Die een verklaar dat die kamp alreeds ingeneem is, die ander hou vol dat die leër en die opperbevelhebber verdolg is en dat die barbare as oorwinnaars gekom het. Vanweë die plek versin die meeste vir hulle nuwe bygelowige vreesgedagtes, en stel hulle die ramp van Cotta en Titurius wat in daardie selfde vesting gesneuwel het, voor oë. Daar almal deur 'n dergelike vrees verskrik is, word die barbare se mening versterk dat daar, soos hulle van die gevangene verneem het, geen garnisoen binne in die kamp is nie. Hulle span hulle in om deur te breek en spoor mekaar aan om nie so 'n groot geluk uit hul hande te laat glip nie.

37 Publius Sextius Baculus wat by Caesar die eerste kompanie aangevoer, en van wie ons by die vorige gevegte melding gemaak het, was siek agtergelaat by die garnisoen, en het reeds vyf dae sonder kos gebly, Toe hy aan sy eie sowel as aan almal se veiligheid wanhoop, tree hy ongewapen uit sy tent. Hy sien dat die vyand hul bedreig en dat die toestand uiters gevaarlik is. Hy gryp wapens by die naaste manne en neem in die hek stelling in. Die centurio's van die kohort wat op wag gestaan het,

volg hom, en saam hou hulle 'n rukkie stand. Sextius doen ernstige wonde op, verloor sy bewussyn, en word met moeite van hand tot hand gesleep en gered. Na dié tussenpoos skep die ander soveel moed dat hulle dit waag om op die skanswerke pos in te neem en so die skyn van verdedigers bied.

38 Intussen is die koringinsameling afgehandel, en ons soldate hoor die geskree. Die ruiters haas vooruit, en verneem welke groot gevaartoe-stand heers. Maar hier is geen skanswerk om die doodverskrikte manne te ontvang nie. Slegs onlangs gewerf en onervare in oorlogspraktyk, rig hulle hul blik op die krygstribune en die centurio's, en wag om te sien wat deur hulle beveel mag word, Niemand is so dapper dat hy nie deur die verrassende van 'n situasie in die war gebring word nie. Toe die barbare die vaandels in die verte gewaar, staak hulle die aanval. Eers glo hulle dat die legioene wat hulle van die gevangenes verneem het verder opgetrek het, teruggekeer het; daarna minag hulle die geringe getal en val van alle kante af aan.

39 Die kampknegte storm vooruit na die naaste heuwel. Hulle word gou vandaar verdryf, storm halsoorkop tussen die vaandels en kompanies in en jaag die bang soldate daarmee nog meer die skrik op die lyf. Aangesien die kamp so naby is, stel party voor dat hulle 'n wigformasie vorm om vinnig deur te breek, en vertrou dat as een of ander deel omsingel sou word en sneuwel, die ander tog gered kan word. Ander stel voor dat hulle op die heuwelrug moet stelling inneem en dat almal dieselfde lot moet verduur. Die veteraansoldate wat ons gesê het onder 'n vaandel saam vertrek het, keur dié voorstel nie goed nie. Derhalwe bemoedig hulle mekaar, en onder aanvoering van Gaius Trebonius, 'n Romeinse ridder wat in bevel oor hulle geplaas was, bars hulle deur die vyand se midde, en almal, tot die laaste man, kom ongedeerd in die kamp aan. Die kampknegte en ruiters wat in dieselfde stormloop kort op hul hakke gevolg het, word deur die soldate se dapperheid gered. Maar hulle wat op die heuwelrug posgevat het en selfs nou nog geen ervaring in krygs-sake opgedoen het nie, kon nie volhard in die plan wat hulle goedgekeur het, nl. om hulle van die hoër terrein af te verdedig nie. Hulle kon ook nie die krag en spoed nadoen wat hulle gesien het die ander tot voordeel gestrek het nie, maar in 'n poging om na die kamp terug te val, het hulle na ongunstige terrein afgedaal. Die centurio's van wie 'n paar vanweë hul dapperheid, van die laer range van die ander legioene na die hoër range van hierdie legioen oorgeplaas was, het baie dapper geveg om nie die krygsroem wat hulle vroeër behaal het te verloor nie, en gesneuwel. Nadat die vyand ten gevolge van hierdie manne se dapperheid teruggedryf is, het 'n deel van die soldate teen die verwagting in veilig in die kamp aangekom; 'n deel is egter deur die barbare omsingel en het gesterf.

40 Omdat hulle gesien het ons manne het reeds op die skanswerke stelling ingeneem, het die Germane moed opgegee met die bestorming van die kamp, en oor die Ryn teruggeval met die buit wat hulle veilig in die bosse bewaar het. En so groot was die vrees, selfs na die vertrek van die vyand, dat toe Gaius Volusenus wat met die ruitery vooruitgestuur was, by die kamp aankom, hy hulle daardie nag nie kon laat glo dat Caesar met sy ongedeerde leër daar naby was nie. So algeheel het vrees hul harte aangegryp dat hulle byna waansinnig gesê het die ruitery het hulleself uit die vlug gered nadat al ons magte vernietig was, en dat hulle volgehou het dat die Germane die kamp nie sou aangeval het as die leër ongedeerd was nie. Caesar se aankoms het hierdie vrees uit die weg geruim.


41 Omdat hy bekend was met oorlogsgebeure, het hy by sy terugkeer slegs oor een ding gekla, naamlik dat die kohorte van die wagpos en garnisoen af uitgestuur was: hy was van oordeel dat selfs nie vir die geringste ongeluk plek gelaat moes gewees het nie, en dat die noodlot 'n groot rol gespeel het by die skielike aankoms van die vyand, en selfs 'n nog baie baie groter rol vir sover dit die barbare byna van die wal self en die kamphekke af weggekeer het. Die wonderbaarlikste van al hierdie dinge was skynbaar die feit dat die Germane wat die Ryn oorgesteek het met die bedoeling om Ambiorix se gebied te verwoes, na die Romeinse kamp gevoer is en die mees gewenste diens aan Ambiorix bewys het.

42 Weer eens het Caesar uitgetrek om die vyand te teister, 'n groot aantal manne uit die naburige state byeengebring, en hulle in alle rigtings uitgestuur. Alle gehuggies en alle opstalle wat enigee in die oog gekry het, is afgebrand; gebuite vee is van elke plek af aangejaag; die graan is nie alleen deur so 'n groot menigte lasdiere en mense opgebruik nie, maar het ook weens die jaargety en die reëns platgeval, met die gevolg dat, selfs indien mense hulle vir die huidige daar versteek het, dit gelyk het of hulle nogtans vanweë 'n gebrek aan alles sou moes omkom nadat die leër teruggetrek is. En met so 'n groot ruitery wat na alle rigtings verdeel was, het dit dikwels gebeur dat gevangenes by hul gevangening om hulle rondkyk op soek na Ambiorix vir wie hulle pas tevore op vlug gesien het, en selfs daarop aandring dat hy nog nie heeltemal uit die gesig verdwyn het nie. Toe die hoop gebied is om hom in te haal, en oneindige inspanning in dié verband onderneem is, het diegene wat gemeen het hulle sou baie groot guns van Caesar verdien, byna hulle ywer oor hul natuurlike behoeftes laat seëvier. Maar altyd het daar blykbaar 'n weinig geskort om volle sukses te behaal, en het Ambiorix hom uit skuiloorde of bosse gemaas, en verberg deur die nag, ander streke en oorde opgesoek met geen groter geleide nie as vier ruiters, aan wie alleen hy sy lewe durf toevertrou het.

43 Toe die geweste op so 'n wyse verwoes is, lei Caesar sy leër na 'n verlies van twee kohorte terug na Durocortorum in die gebied van die Remers. Hy het 'n landdag vir Gallië bepaal om daar gehou te word, en besluit om 'n ondersoek in te stel na die sameswering van die Senone en Carnute. Oor Acco wat die aanstoker van die komplot was, het hy 'n swaarder vonnis as gewoonlik uitgespreek, en na die gewoonte van ons voorouers die doodstraf op hom voltrek. 'n Paar het uit vrees vir die verhoor gevlug. Nadat hy hulle voëlvry verklaar het, het hy twee legioene in die gebied van die Trevere, twee in die land van die Lingone, en die orige ses te Agedincum in die gebied van die Senone in winterkwartiere geplaas, sy leër van graan voorsien, en soos hy besluit het, na Italië vertrek om die hofsittings te hou.

Die sewende boek

(52 v.C.)



Die kampanje van 52 v.C.

Die oorlog teen Vercingetorix

1 Toe Gallië rustig is, vertrek Caesar, soos hy besluit het, na Italië om die hofsittings te hou. Daar verneem hy van die moord¹ op Clodius, en nadat hy ingelig is oor die senaatsbesluit dat alle jonger manne in Italië die krygseed moet aflê, besluit hy om 'n werwingsveldtog in die hele provinsie² te hou. Dié nuus word vinnig na Transalpyense Gallië versprei. Die Galliërs voeg nog dinge by die gerugte, en versin selfs dat Caesar deur die onrus in Rome opgehou word en te midde van sulke ernstige twiste nie na sy leër kan kom nie. Aangespoor deur dié geleentheid, begin hulle wat reeds vroeër gegrief gevoel het omdat hulle aan die gesag van die Romeinse volk onderworpe was, om vryliker en waaghalziger oorlogsplanne te beraam. Die stamhoofde van Gallië belê onderling vergaderings in beboste, afgeleë plekke en kla oor die dood van Acco. Hulle wys daarop dat dieselfde lot op hulle kan neerkom, en hulle bekla die gemeenskaplike ongeluk van Gallië. Met allerhande beloftes en belonings vorder hulle manne op om die oorlog te begin en met eie lewensgevaar Gallië te bevry. Hulle sê dat hulle in die eerste plek 'n plan moet bedink om Caesar van sy leër af te sny, voordat hulle geheime planne uitlek. Dit is maklik, beweert hulle, omdat die legioene dit nie sal waag om hulle winterkwartiere in die afwesigheid van die opperbevelhebber te verlaat, en die opperbevelhebber nie sonder 'n geleide sy legioene kan bereik nie. Per slot van sake is dit beter om op die slagveld gedood te word, as om nie hul ou krygsroem en die vryheid wat hulle van hul voorvaders geërf het, te herwin nie.

2 Nadat hulle dié sake druk bespreek het, verklaar die Carnute dat hulle ter wille van die gemeenskaplike welsyn geen gevaar van die hand wys nie, en belowe om die eerste van almal oorlog te maak. En aangesien hulle onder huidige omstandighede nie wederkerig waarborge met gyselaars kan gee nie uit vrees dat hulle komplot uitgelap mag word, vra hulle dat die besluit met 'n eed van eer voor die versamelde krygsvaandels bekragtig word – hulle gewigtigste godsdienstige plegtigheid word beliggaam in hierdie gebruik – sodat hulle nie deur die ander in die steek gelaat sou word na die oorlog begin is nie. Hierop is die Carnute van ganser harte geloof, en is die eed deur almal teenwoordig gesweer. Hulle bepaal 'n tyd vir die onderneming, en die vergadering gaan uiteen.

3 Toe dié dag aanbreek, word die teken gegee en storm die Carnute onder leiding van Catuatus en Concunnetodumnus, twee desperate manne, op Cenabum af. Hulle vermoor die Romeinse burgers wat hulle daar

gevestig het om handel te dryf — onder hulle Gaius Fufius Cita, 'n eerbare Romeinse ridder wat op Caesar se bevel in beheer van die graanvoorsiening was — en plunder hul besittings. Gou-gou versprei die gerug na al die state van Gallië. Want altyd wanneer daar 'n betreklik gewigte en merkwaardige gebeurtenis plaasvind, maak hulle dit bekend deur dit oor die velde en streke te skree. Ander vang die nuus op hulle beurt op en gee dit aan hulle bure oor, soos dit ook toe gebeur het. Want wat by sonsopgang te Cenabum gebeur het, is voor die einde van die eerste nagwaak in die gebied van die Arverne verneem, 'n afstand van ongeveer 'n honderd en sestig myl.

4 Op soortgelyke wyse roep Celtillus se seun, Vercingetorix, 'n jong Arverner met baie groot invloed — sy vader het die opperhoofskap van die hele Gallië beklee, en omdat hy na die koningskap gestreef het, is hy derhalwe deur sy staat vermoor — sy onderhoriges byeen en hy hits hulle maklik aan. Toe hulle Vercingetorix se plan verneem, is daar 'n algemene stormloop na wapens. Hy word teengegaan deur sy oom, Gobannitio, en die ander stamhoofde wat gemeen het dat hierdie noodlotskans nie beproef moet word nie. Hy word uit die dorp Gergovia verban, maar hy gee nie op nie, en hou op die platteland 'n werwing van armlastiges en skurke. Nadat hy dié bende versamel het, haal hy almal wat hy in sy staat nader, tot sy sienswyse oor. Hy spoor hulle aan om vir gemeenskaplike vryheid wapens op te neem, versamel groot magte, en verban sy teenstanders deur wie hy kort tevore verban is, uit die staat. Hy word deur sy ondersteuners as "koning" begroet. Hy stuur gesantskappe in alle rigtings uit en besweer almal om trou te bly aan hom. Hy laat spoedig die Senone, Parisiërs, Pictone, Cadurke, Turone, Aulerke, Lemovike en Ande, en al die ander stamme wat aan die Oseaan grens, by hom aansluit, en met almal se instemming word die opperbevel aan hom opgedra. Kragtens dié mag aan hom verleen, eis hy gyselaars van al hierdie state en beveel dat 'n bepaalde getal soldate spoedig na hom gebring moet word. Hy bepaal hoeveel wapens, en voor welke datum, elke staat tuis moet vervaardig, en beywer hom veral vir ruitery. By uiterste noulettendheid voeg hy die uiterste strengheid van bevelvoering, en dwing twyfelaars met die hardheid van sy straf. Want by 'n groter vergryp laat hy die oortreders met vuur en allerhande folteringe doodmaak, en om 'n geringer rede stuur hy hulle huis toe met die ore afgesny of die een oog uitgesteek, om vir die res as voorbeeld te dien en die ander deur die hardheid van die straf af te skrik.

5 Toe hy deur hierdie folteringe spoedig 'n leër byeengebring het, stuur hy die Cadurk Lucterius, 'n uiters stoutmoedige man, met 'n deel

van die magte na die gebied van die Rutene, en vertrek self na die land van die Biturige. By sy aankoms stuur die Biturige gesante na die Aeduers onder wie se beskerming hulle gestaan het, om hulp te vra ten einde die vyand se magte makliker te kan weerstaan. Op advies van die gesante wat Caesar by die leër gelaat het, stuur die Aeduers magte van ruitery en voetvolk om die Biturige te gaan help. Toe dié by die Loirerivier³ wat die Biturige van die Aeduers skei, aankom, vertoef hulle 'n paar dae daar, en sonder om dit te waag om die rivier oor te steek, keer hulle terug huis toe. Hulle rapporteer aan ons gesante dat hulle teruggekeer het uit vrees vir die troueloosheid van die Biturige, wie se plan hulle verneem het dit was om hulle, indien hulle die rivier oorgesteek het, aan die een kant self te omsingel, terwyl die Arverners dit aan die anderkant sou doen. Of hulle dit gedoen het om die rede wat hulle by ons gesante aangevoer het, en of hulle deur verraad daartoe gebring is, skyn nie met sekerheid gestel te word nie, want niks staan vir ons bo alle twyfel nie. Na hul vertrek, sluit die Biturige dadelik by die Arverners aan.

6 Nadat dié gebeure aan Caesar in Italië berig is, en toe hy alreeds gesien het dat sake in Rome deur die kragdadige optrede van Gnæus Pompeius in 'n gunstiger toestand geraak het, het hy na Transalpyense Gallië vertrek. Toe hy daar aankom, is hy deur die groot moeilikheid gekonfronteer van hoe hy sy leër kon bereik. Want hy het besef dat as hy die legioene na die Provinsie ontbied, hulle onderweg in sy afwesigheid sou moes slag lewer, en as hyself na die leër sou haas, het hy gesien, kon sy veiligheid selfs nie aan die stamme wat op daardie oomblik vreedsaam gelyk het gevoeglik toevertrou word nie.

7 Intussen verenig die Cadurk Lucterius wat na die Rutene gestuur is, dié staat met die Arverners. Hy ruk op na die Nitiobrige en die Gabale, ontvang van albei stamme gyselaars, en haas hom met die groot bende wat hy versamel het om die Provinsie in die rigting van Narbo binne te val. Op berig hiervan was Caesar van oordeel dat hy bo alle ander planne daaraan voorkeur moes gee om na Narbo te vertrek. Toe hy daar aankom, stel hy die bevreesdes gerus en plaas garnisoene by die Rutene van die Provinsie, by die Volke-Arecomice, by die Tolosate, en om Narbo heen, almal plekke wat aan die vyand gegrens het. Hy beveel 'n deel van die magte uit die Provinsie en die aanvullende mag wat hy uit Italië gebring het, om in die gebied van die Helviërs wat aan dié van die Arverners grens, te versamel.

8 Toe hierdie maatreëls getref, en Lucterius reeds gestuit en teruggedwing is omdat hy dit as gevaarlik beskou het om die lyn van garnisoene

binne te dring, vertrek Caesar na die land van die Helviërs. Hoewel die Cevennegebergte wat die Arverners van die Helviërs skei, in die strafste seisoen van die jaar die mars met baie dik sneeu in die wiele gery het, het hy tog, na die ses voet dik sneeulaag weggeruim, en die paaie so deur die uiterste inspanning van die soldate toeganklik gemaak is, in die gebied van Arverners aangekom. Hy het hulle onverhoeds oorval omdat hulle gedink het hulle word deur die Cevenne soos deur 'n muur verskans, en die paaie nooit, selfs nie vir een man alleen, daardie tyd van die jaar toeganklik was nie. Hy beveel sy ruiters om oor so 'n breë front as moontlik rond te trek, en by die vyand so 'n groot vrees as moontlik te verwek. Berig en rapporte hiervan word spoedig na Vercingetorix deurgebring. Al die Arverners gaan staan doodverskrik om hom, en smeeke hom om sy beskerming te verleen aan alles wat hulle besit en nie toe te laat dat hulle deur die vyand geplunder word nie, veral daar hy sien dat die hele oorlog teen hulle gekeer is. Geroer deur hulle smeekbedes, verskuif hy sy kamp uit die gebied van die Biturige in die rigting van die Arverners.

9 Maar omdat Caesar uit sy ervaring met Vercingetorix, vooraf vermoed het dat dié dinge sou gebeur, het hy twee dae in hierdie omgewing vertoef en toe sy leër verlaat onder voorwendsel van aanvullingsmagte en ruitery te versamel. Hy stel die jongman Brutus aan die hoof van die magte ter plaatse, en raai hom aan om sy ruitery in alle rigtings oor so 'n breë front as moontlik te laat rondtrek. Hy sê hy sal sy bes doen om nie langer as drie dae van die kamp afwesig te wees nie. Na hy dié sake gereël het, kom hy met sulke lang snelmarse as moontlik te Vienne⁴ aan, sonder dat sy manskappe hom verwag het.⁵ Daar vind hy die ruitery wat hy baie dae tevore daarheen gestuur het, uitgerus, en sonder om sy mars bedags of snags te onderbreek, ruk hy deur die gebied van die Aeduers op na die land van die Lingone waar twee legioene oorwinter het, om deur sy spoed 'n voorsprong te hê indien die Aeduers ook een of ander plan teen sy veiligheid sou beraam. Toe hy daar aankom, stuur hy berig na die ander legioene en trek almal op een plek saam voordat die nuus van sy aankoms aan die Arverners berig kan word. Nadat hy hiervan verneem het, lei Vercingetorix weer sy leër terug na die gebied van die Biturige, vertrek vandaar, en besluit om 'n aanval te maak op Gorgobina, 'n vesting van die Bojers vir wie Caesar, na hulle in die Helvetiese oorlog oorwin is, daar geplaas en as onderhoriges aan die Aeduers toegeken het.

10 Hierdie skuif van Vercingetorix het dit vir Caesar baie moeilik gemaak om 'n plan van aksie op te stel. Hy was bang dat indien hy sy

legioene vir die orige deel van die winter op een plek hou en die belastingpligtiges van die Aeduers word oorweldig, die hele Gallië sou rebelleer omdat Gallië sou sien dat daar in hom geen beskerming vir sy vriende geleë is nie; indien hy hulle egter te vroeg uit die winterkwartiere bring, dat hy vanweë die moeilike aanvoer, probleme sou hê met die graanvoorraad. Dit het vir hom nogtans verkieslik gelyk om eerder al die moeilikhede te verduur as om so 'n groot skande oor te kom en al sy vriende se goedgesindheid te vervreem. Daarom moedig hy die Aeduers aan om lewensmiddele aan te voer, en stuur boodskappers vooruit na die Bojers om hulle van sy koms te verwittig, en hulle aan te spoor om trou te bly en die aanval van die vyand met groot moed te weerstaan. Hy laat twee legioene en die hele leër se bagasie te Agedincum agter, en vertrek na die land van die Bojers.

Die slag by Cenabum

11 Toe hy die volgende dag by Vellaunodunum, 'n vesting van die Senone, aankom, besluit hy om dit te bestorm sodat hy geen vyande agter hom sou laat nie, om daardeur 'n geriefliker graantoevoer te kon geniet, en binne twee dae sluit hy dit in met 'n wal. Op die derde dag word daar gesante uit die vesting gestuur om oor oorgawe te onderhandel, en Caesar beveel dat hulle wapens versamel, dat lasdiere voorsien, en seshonderd gyselaars gelewer moet word. Hy laat sy legaat, Gaius Trebonius, agter om dié bevel te laat uitvoer. Hyself vertrek na Cenabum, 'n dorp van die Carnute, om sy mars so spoedig moontlik af te lê. Daar die berig oor die beleg van Vellaunodunum eers toe aan hulle gebring is, en hulle gereken het dat dié saak langer uitgereg sou word, was hulle juis besig om 'n garnisoen op die been te bring om na Cenabum te stuur en om dit te beskerm. Caesar kom binne twee dae daar aan. Hy slaan sy kamp voor die dorp op, maar omdat hy deur die uur van die dag verhinder word, stel hy die bestorming uit tot die volgende dag. Hy gee sy soldate opdrag om alles gereed te kry wat vir die operasie nodig is, en omdat die brug oor die Loirerivier met die dorp Cenabum verbind was, beveel hy twee legioene om onder wapen wag te staan, uit vrees dat die vyand gedurende die nag uit die dorp mag vlug. Kort voor midernag het die manne van Cenabum in stilte uit die dorp beweeg en die rivier begin oorsteek. Toe dit deur verkenners berig word, steek Caesar die dorpspoorte aan die brand, stuur die legioene wat hy beveel het om slag gereed te wees, in, en bemagtig die dorp. Op baie min van die groot-totaal vyand na, is almal gevange geneem omdat die smalheid van die brug en die paaie die ontvlugting van die menigte verhinder het. Hy laat

die dorp plunder en aan die brand steek, skenk die buit aan sy soldate, lei sy leër oor die Loire en kom in die gebied van die Biturige aan.

Die slag by Noviodunum

12 Sodra Vercingetorix van Caesar se aankoms verneem, hef hy die beleg op en ruk hom tegemoet. Caesar het besluit om Noviodunum, 'n vesting van die Biturige wat op sy weg gelê het, te bestorm. Toe daar uit hierdie vesting gesante na hom kom om te pleit dat hy hulle moet vergewe en hul lewens spaar, beveel hy dat hul wapens versamel word, en dat perde verskaf en gyselaars gelewer moet word, met die bedoeling om die orige sake met die spoed waarmee hy die meeste van sy doelstellings bereik het, af te handel. Toe hulle 'n deel van die gyselaars reeds uitgelewer het en besig was om die ander voorwaardes na te kom – die centurio's en 'n paar soldate is ingestuur om wapens en lasdiere op te spoor – is die vyand se ruitery wat Vercingetorix se kolonne voorgery het, in die verte bespeur. Die oomblik toe die dorpsbewoners hulle gewaar en hoop op hulp kry, het hulle 'n kreet aangehef en begin om wapens op te neem, die poorte te sluit en die muur te beset. Toe die centurio's in die dorp uit die vertoning van die Galliërs besef dat een of ander nuwe plan deur hulle van stapel gestuur word, het hulle met getrokke swaarde die poorte beset en al hul manskappe ongedeerd teruggebring.

13 Caesar gee bevel dat die ruitery uit die kamp gelei word, en hy knoop 'n ruiteryegeveg aan. Hy stuur ongeveer vierhonderd Germaanse ruiters wat hy van die begin af 'n instelling gemaak het om by hom te hou, om sy manne wat reeds onder druk verkeer, te help. Die Galliërs kon hulle aanslag nie weerstaan nie. Hulle is op vlug gejaag, en met 'n verlies van baie manne het hulle na die kolonne teruggetrek. Opnuut verskrik deur hul vriende se neerlaag, het die dorpsbewoners diegene deur wie se toedoen hulle gemeen het dat die gewone volk aangehits was, gevang, hulle na Caesar gebring, en hulleself aan hom oorgegee. Na afhandeling hiervan het Caesar na Avaricum vertrek, die grootste en besverskanste vesting in die gebied van Biturige, en geleë in die vrugbaarste streek van hul grondgebied. Hy was naamlik oortuig daarvan dat as dié dorp ingeneem is, hy die staat van die Biturige weer onder sy gesag sou bring.

14 Na soveel opeenvolgende teenslae – te Vellaunodunum, te Cenabum, en te Noviodunum – roep Vercingetorix sy volk op tot 'n vergadering. Hy wys daarop dat die oorlog op 'n gans ander wyse gevoer moet


word as wat dit voorheen gevoer is. Met alle middele moet hulle daarna strewe dat die Romeine van voer en lewensmiddele afgesny word. Dit is maklik, sê hy, omdat hulleself 'n oorvloed het aan ruitery, en omdat hulle deur die jaargety gehelp word. Die voer kan nie gesny word nie; noodgedwonge versprei van mekaar, soek die vyand daarna by die opstalle, en elke dag kan hulle almal deur die ruitery uitgeroei⁶ word. Bovendien moet die belange van privaatbesit ter syde gestel word ter wille van gemeenskaplike veiligheid: gehuggies en opstalle behoort sover in alle rigtings van die pad afgebrand te word as wat die Romeine klaarblyklik kan deurdring in hul soektog na voer. Vir hulleself is daar 'n voorraad van dié benodigdhede voorhande omdat hulle gehelp word deur die voorrade van diegene in wie se gebied die oorlog gevoer word. Die Romeine sal òf die gebrek nie verduur nie, òf onder groot gevaar verder van hul kamp af opruk. Dit is om't ewe of hulle die Romeine self doodmaak, en of hulle hul van hulle bagasie stroop, want as dít verloor word, kan die oorlog nie gevoer word nie. Daarbenewens behoort die dorpe wat nie deur 'n skanswerk en sy natuurlike ligging teen alle gevaar beveilig is nie, afgebrand te word, om te belet dat hulle vir hulle eie mense as 'n toevlugsoord vir die ontduiking van krygsdiens kan dien, of vir die Romeine as doelwit om 'n voorraad lewensmiddele en buit daaruit te haal. As hierdie maatreëls swaar of hard voorkom, moet hulle dit as veel erger beskou dat hulle kinders en vrouens in slawerny weggesleep, en hulleself doodgemaak word — iets wat noodwendig met oorwonnes gebeur.

Die slag by Avaricum

15 Hierdie sienswyse word met instemming van almal goedgekeur, en meer as twintig stede van die Biturige word op een dag afgebrand. Die-selwe gebeur in die ander state, en aan alle kante word brande bespeur. Hoewel hulle dit almal met groot droefheid verduur het, het hulle hul nietemin dié mate van troos voorgehou dat hulle vol vertroue was dat hulle met die oorwinning byna behaal, spoedig hulle verliese sou goedmaak. In 'n algemene vergadering word daar oor Avaricum beraadslaag om te besluit of dit afgebrand of verdedig moet word. Die Biturige werp hulle aan die voete van al die Galliërs en smeeke dat hulle nie gedwing moet word om byna die mooiste stad van die ganse Gallië, 'n stad wat 'n burg en sieraad vir hulle staat is, met eie hande aan die brand steek nie. Hulle sê hulle sal dit vanweë sy natuurlike ligging maklik verdedig, omdat dit byna aan alle kante deur rivier en moeras omring is en net een baie smal toegangsweg het. Hulle versoek word toegestaan hoewel

Vercingetorix dit eers afraai, maar tog later ten gevolge van hul smeekbedes en die meegevoel van die menigte instem. Geskikte verdedigers word vir die dorp gekies.

16 By wyse van korter dagmarse volg Vercingetorix kort op Caesar se hakke, en kies vir sy kamp 'n plek wat deur moerasse en woude verskans is, sestien myl van Avaricum af. Daar het hy deur middel van gereelde verkenners wat vir elke afsonderlike uur van die dag aangewys was, verneem wat in die omgewing van Avaricum aan die gang was, en beveel wat hy gedoen wou hê. Hy het al ons afdelings wat voer en graan gaan haal het, dopgehou, en wanneer hulle noodgedwonge verder as gewoonlik opruk, het hy hulle aangeval terwyl hulle versprei van mekaar was, en hul swaar verliese toegedien nieteenstaande dit deur ons manne, vir sover dit vooruit beplan kon word, verydel is deur op ongereelde tye en langs verskillende roetes te gaan.



Caesar se beleëringswerke te Avaricum

17 Caesar het sy kamp opgeslaan aan dié kant van die dorp wat nie deur die rivier en moeras gedek was nie, en wat, soos ons hierbo aange-toon het, 'n smal toegangsweg gehad het. Hy het begin om 'n beleërings-wal op te werp, skutdakke nader te stoot, en om twee torings te bou, want die aard van die terrein het hom verhinder om die dorp met 'n wal in te sluit. Hy het nie opgehou om die Bojers en Aeduers in verband met graanvoorrade aan te spoor nie. Van hulle het laasgenoemde hom nie veel gehelp nie omdat hulle sonder enige geesdrif gehandel het, terwyl eersgenoemde, omdat hulle staat klein en swak was, geen groot voorrade gehad het nie en spoedig dit wat hul gehad het, opgebruik het. Ten gevolge van die armoede van die Bojers, die nalatigheid van die Aeduers en die afbranding van opstalle, is die leër met 'n geweldige graanvoorradeprobleem opgesaai, dermate dat die soldate etlike dae lank sonder koring moes bly, en hulle ergste honger moes stil met vee wat uit verderliggende gehuggies aangejaag is. Nogtans is daar van hulle kant af geen woord gehoor wat die grootsheid van die Romeinse volk en hulle vorige oorwin-nings onwaardig was nie. Meer nog, toe Caesar die legioene afsonderlik onder die werk toespreek, en sê hy sal die beleëring ophef indien hulle die skaarste te swaar vind om te dra, het almal hom versoek om dit nie te doen nie. Etlike jare lank, het hulle gesê, het hulle op so 'n wyse onder hom gedien dat hulle geen enkele skande oorgekom en nêrens onverrig-tersake weggegaan het nie; dít sou hulle as 'n skande beskou, as hulle die beleëring waarmee hulle begin het, sou opgee; dit is beter om alle swaar te verduur, as om nie die Romeinse burgers wat te Cenabum deur die verraad van die Galliërs gesterf het, te wreek nie. Hulle het boodskappe in dieselfde trant aan die centurio's en krygstribune opgedra, om deur hulle aan Caesar oorgedra te word.

18 Toe die torings alreeds die muur nader, het Caesar van gevangenes verneem dat Vercingetorix al sy voer opgebruik, sy kamp nader aan Avaricum verskuif, en self met sy ruitery en liggewapende troepe wat ge-woonlik tussen die ruiters veg, vertrek het om 'n hinderlaag op te stel op die plek waarheen hy gedink het ons manne die volgende dag sou kom om voer in te samel. Toe Caesar hiervan verneem, het hy om middernag in stilte vertrek, en die môre by die vyand se kamp aangekom. Deur hul verkenners het hulle spoedig van Caesar se aankoms verneem, hulle waens en bagasie in die digter bosse versteek, en al hul magte op hoogliggende, oop terrein opgestel. By rapport hiervan het Caesar beveel dat die indi-viduele bagasie op 'n hoop gestapel, en wapens gereedgemaak moes word.

19 Daar was 'n heuwel wat van sy voet af met 'n ligte helling na bo

geloop het. Aan feitlik alle kante het 'n moeilike, onbegaanbare moeras, nie breër as vyftig voet nie, dit omring. Die Galliërs het die brûe verniel en in vertroue op die omgewing, op hierdie heuwel stelling ingeneem. Volgens stamme verdeel, het hulle al die driewe en ruigtes by daardie moeras beset, vasbeslote om die Romeine, as hulle deur die moeras sou probeer bars, vanuit die hoërliggende terrein te oorweldig terwyl hulle in die modder vassit. Gevolglik sou iemand wat gesien het hoe naby die stelling is, dink dat die vyand bereid is om onder feitlik gelyke omstandighede te veg, maar sou iemand wat die ongelykheid van die toestand raakgesien het, besef dat hulle hulself onder 'n holle voorwendsel tentoonstel. Toe sy soldate verontwaardig raak omdat die vyand hulle aanblik met so 'n kort afstandjie tussen hulle kon verduur, en die teken vir die geveg eis, verduidelik Caesar aan hulle welke groot skade, en die dood van hoeveel dapper manne die oorwinning onvermydelik moet kos. Aangesien hy bemerk, sê hy, dat hulle vasbeslote is om ter wille van sy persoonlike roem teen geen gevaar beswaar te maak nie, behoort hy vir die grootste onregverdigheid veroordeel te word as hy nie hulle lewe kosbaarder as sy eie welsyn ag nie. Nadat hy sy soldate aldus getroos het, lei hy hulle daardie selfde dag terug na die kamp en begin om die ander maatreëls wat op die beleëring van die vesting betrekking gehad het, te tref.

20 Toe Vercingetorix na sy mense terugkeer, word hy van verraad beskuldig omdat hy sy kamp nader aan die Romeine verskuif het, omdat hy met die hele ruitery weggegaan het, omdat hy sulke groot magte sonder iemand in bevel gelaat het, en omdat die Romeine by sy vertrek op so 'n uiters geleë tyd en so vinnig opgedaag het. Al hierdie dinge, sê hulle, kon nie toevallig of sonder plan gebeur het nie. Hy het verkies om met Caesar se toestemming eerder as deur hulle guns heerskappy oor Gallië te besit. Toe hy dan op hierdie wyse beskuldig word, antwoord hy daarop: Vir sover hy sy kamp verskuif het, is dit gedoen vanweë 'n gebrek aan voer, en dan nog op hulle eie aandrang; vir sover hy nader aan die Romeine beweeg het, is hy daartoe oorreed deur die geskiktheid van die terrein wat homself met sy eie skanswerk kon beskerm. Die hulp van die ruitery behoort inderdaad nie nodig te gewees het op moerasagtige terrein nie, maar dit was nuttig op die plek waarheen hulle opgetrek het. Hy het doelbewus by sy vertrek die opperbevel aan niemand opgedra nie uit vrees dat daardie man deur die veglus van die menigte gedwing sou word om te veg. En daarvoor, het hy gesien, was hulle almal vanweë hul karakterswakheid gretig, omdat hulle nie langer die ontbering kon verduur nie. As die Romeine toevallig opgedaag het, dan moet aan die noodlot dank betuig word, maar as hulle op iemand se aanwysing gekom het, dan moet dié persoon bedank word omdat hulle

van hul hoër posisie af die Romeine se geringe getalle kon agterkom, en minagting kon voel vir die moed van mense wat dit nie gewaag het om te veg nie en skandelik na hul kamp teruggetrek het. Deur verraad verlang hy van Caesar geen oppergesag wat hy kan hê deur 'n oorwinning wat reeds vir homself en al die Galliërs verseker is nie. Meer nog, hy gee die oppergesag aan hulle terug as dit lyk of hulle meer eer aan hom bewys as wat hulle veiligheid van hom ontvang. "Sodat julle kan beseef dat ek dié dinge in alle eerlikheid verklaar," sê hy, "luister na Romeinse soldate!". Hy lei slawe na vore wat hy 'n paar dae vroeër tydens hul voerinsamelingstog gevange geneem, en met honger en kettings gemartel het. Reeds vantevore onderrig in wat hulle moet sê as hulle ondervra word, verklaar dié slawe dat hulle legioensoldate is. Gedryf deur honger en gebrek, het hulle heimlik die kamp verlaat om te kyk of hulle nie dalk 'n bietjie koring of 'n paar beeste op die lande kon vind nie. Die hele Romeinse leër word deur 'n derglike skaarste geteister. Niemand se kragte is meer voldoende nie, en hulle kan die vermoëienis van die werk nie langer verduur nie. Derhalwe het die opperbevelhebber besluit om sy leër binne drie dae terug te trek as hulle geen vordering met die beleg van die dorp maak nie. "Hierdie voordele", sê Vercingetorix, "ontvang julle van my vir wie julle van verraad beskuldig, van my, deur wie se toedoen julle, sonder om julle bloed te vergiet, so 'n magtige en seëvierende leër byna deur honger verteer sien. En ek het reeds daarvoor gesorg dat wanneer daardie leër skandelik op vlug terugval, geen staat dit in sy gebied sal ontvang nie."


21 Die ganse menigte skreeu uit een keel, en laat volgens hul gebruik hul wapens kletter, iets wat hulle gewoonlik doen in die geval van iemand wie se woorde hulle goedkeur. Hulle verklaar dat Vercingetorix die allerbeste aanvoerder is, dat sy trou nie te betwyfel is nie, en dat die oorlog nie met groter oorleg gevoer kan word nie. Hulle besluit dat tienduise man, uit al die magte gekies, na die vesting gestuur moet word, en hulle beslis dat hul gemeenskaplike veiligheid nie aan die Biturige alleen oorge laat moet word nie, want hulle het beseef dat as dié stam die vesting behou, die belangrikste deel van die oorwinning by hulle berus.

22 Die Galliërs het die buitengewone moed van ons soldate met iedere moontlike plan probeer verydel, want hulle is 'n ras met die allergrootste vindingrykheid, en uiters vlug om alles wat 'n mens hulle leer, na te doen en uit te voer. So het hulle probeer om die muurseise met strikke weg te keer, en as hulle dit vasgevang het, met windasse binne toe terug te trek. Hulle het ook die beleëringswal met tonnells probeer ondergrawe, des te wetenskapliker omdat groot ystermyne, en

elke soort myngang by hulle bekend en in gebruik is. Hulle het verder die hele muur aan alle kante met torings van verskeie verdiepings versterk, en dié met huide bedek. Dan het hulle met talryke uitvalle bedags en snags, òf probeer om die beleëringswal aan die brand te steek, òf om ons soldate aan te val waar hulle besig was met die skansarbeid. Namate die daaglikse werk aan die wal ons torings hoër laat styg het, het hulle die hoogte daarvan geëwenaar deur balke aan hulle eie torings by te timmer. Hulle het gepoog om die vordering aan ons oop tonnells met aangepunte pale wat in vuur verhard is, kokende pik en baie swaar klippe te vertraag, en te verhoed dat die tonnells die mure nader.

23 Alle mure van die Galliërs het gewoonlik die volgende boupatroon. Balke word op gelyke afstande, twee voet van mekaar, op die grond gelê, reghoekig met die rigting van die muur en in die volle lengte daarvan. Dié balke word aan die binnekant veranker en met 'n dik laag grond bedek, terwyl die tussenruimtes waarvan ons gepraat het, aan die voorkant met groot klippe opgevul word. Nadat die balke gelê en saamgevoeg is, word 'n tweede laag bo-op bygevoeg sodat presies dieselfde tussenruimte behou word en die balke mekaar nie raak nie, maar elkeen op gelyke afstand stewig op sy plek gehou word deur telkens een klip in die tussenruimte te plaas. So word die ganse konstruksie agtereenvolgens saamgeveg totdat die regte hoogte van die muur voltooi is. Hierdie bouwerk is enersyds wat voorkoms en afwisseling betref, nie lelik nie, daar balke en klippe mekaar afwissel en hulle rye in reguit lyne behou. Dit hou andersyds ook 'n baie groot voordeel in vir die doelmatige verdediging van stede, want aan die een kant beskerm die klip teen vuur, en aan die ander kant beskerm die hout teen die stormram. Met aaneenlopende balke, meestal veertig voet lank en aan die binnekant veranker, kan dit nie deurbréék of uitmekaargeruk word nie.

24 Hoewel die beleg deur soveel teenmaatreëls in die wiele gery, en die soldate die hele tyd deur koue en aanhoudende reëns vertraag is, het hulle nogtans al hierdie moeilikhede deur ononderbroke arbeid te bowe gekom en binne vyf-en-twintig dae 'n 330 voet breë en 80 voet hoë beleëringswal gebou. Toe dit byna die vyand se muur raak, en Caesar na gewoonte by die werk gewaak en sy soldate aangespoor het om die werk nie 'n enkele oomblik te onderbreek nie, is daar kort voor die derde nagwaak opgemerk dat die beleëringswal rook : die vyand het dit deur 'n



Galliese muur

tonnel aan die brand gesteeek. Terselfdertyd is daar op die hele muur 'n geskreue aangehef, en 'n uitval by twee hekke aan weerskante van ons torings gemaak. Party het van veraf fakkels en droë hout van die muur af op die beleëringswal geslinger, en pik en ander stowwe waarmee 'n mens vuur kon laat opvlam, uitgegiet, met die gevolg dat daar nouliks beplan kon word waarheen om eerste te storm of waaraan om eerste hulp te bring. Nietemin, omdat daar volgens Caesar se instelling altyd twee legioene voor die kamp waggestaan het, en nog meer legioene afwisselend met die werk besig was, het dit gou gebeur dat sommige die uitvalle weerstaan, en ander die torings teruggestoot en 'n opening in die beleëringswal gekap het, en dat die hele menigte uit die kamp aangestorm het om die vuur te blus.

25 Die oorblywende deel van die nag was reeds verstreke en daar is op elke punt geveg. Die vyand se hoop op oorwinning is telkens hernieu, des te meer omdat hulle gesien het die borswerings van ons torings is afgebrand, en hulle opgemerk het dat dit vir ons manne nie maklik was om onbeskut nader te kom om te help nie. En steeds het vars troepe by hulle die vermoedtes se plekke ingeneem, en het hulle geglo die totale behoud van Gallië hang van daardie oomblik af. Toe gebeur daar voor ons oë iets wat ons gemeen het herinnering waardig is en nie oorgeslaan moet word nie. 'n Galliër het voor die dorpspoort van hand tot hand gereikte klonte harde vet en pik in die omgewing van ons toring in die vuur gegooi. Hy is deur 'n skerpioenskoot⁷ in die regtersy deurboor en het dood neergeslaan. Een van die wat naas hom gestaan het, het oor die dooie wat daar lê, getree en dieselfde taak verrig. Toe hy eweneens deur 'n skerpioenskoot gedood is, het 'n derde die tweede opgevolg, en 'n vierde die derde. En die stelling is nie deur die verdedigers ontruim voordat die beleëringswal geblus, die vyand aan alle kante teruggedryf, en daar 'n einde aan die geveg gemaak is nie.

26 Die Galliërs het alles probeer, maar omdat niks geslaag het nie, het hulle die volgende dag op aandrang en bevel van Vercingetorix besluit om uit die dorp te vlug. Hulle het gehoop dat indien hulle dit in die stilte van die nag probeer, hulle dit sonder groot eie verliese sou regkry, omdat Vercingetorix se kamp nie ver van die dorp af was nie en die moeras wat ononderbroke tussenin gelê het, die Romeine in die agtervolging sou vertraag. Hulle was reeds in die loop van die nag besig met voorbereidings om dit te doen, toe die huismoeders skielik op straat uithardloop, hulle wenend aan hul mans se voete werp, en met alle moontlike smeekbedes versoek om hulle en hul gemeenskaplike kinders wat deur die swakheid van hul natuurlike kragte verhinder word om te

vlug, nie aan die vyand oor te lewer om doodgemartel te word nie. Toe hulle sien dat die mans vas by hulle besluit staan – omdat vrees meestal in baie groot gevaar medelye uitsluit – het hulle uit een keel begin skree, en om aan die Romeine tekens in verband met die vlug te gee. Paniekbevange van die vrees dat die paaie vooraf deur die Romeinse ruitery beset kon word, het die Galliërs van hulle plan afgesien.

27 Die volgende dag, toe 'n toring vooruitgestoot, en die beleëringswerke wat Caesar besluit het om aan te lê, voltooi⁸ was, het daar 'n swaar reënbui uitgesak. Hy het gemeen dié onweer is nuttig vir die uitvoering van 'n plan, omdat hy gesien het die wagte is 'n bietjie minder sorgvuldig op die muur opgestel. Hy het sy manne beveel om meer op hul gemak by die werk rond te beweeg, en aangedui wat hy gedoen wou hê. Hy het die legioene buite die kamp ongemerk binne die skutdakke strydvaardig gemaak, en hulle aangespoor om eindelijk die vrug van oorwinning te pluk vir sulke groot inspanninge. Hy het belonings aangebied vir dié wat eerste die muur sou bestyg, en die teken aan die soldate gegee. Hulle het skielik van alle kante af uitgestorm en die muur vinnig beset.

28 Die vyand is erg verskrik deur die onverwagte manewer en is van die muur en torings af verdryf. Hulle het op die markplein en die operplekke in wigformasie stelling ingeneem met die bedoeling om 'n gevegslyn op te stel en 'n beslissende stryd te lewer indien daar uit een of ander rigting teen hulle opgeruk word. Toe hulle sien dat niemand na die gelyk terrein afdaal nie, maar dat ons manne aan alle kante oor die hele muur heen stroom, het hulle uit vrees dat hulle hoop op ontvlugting heeltemal verydel mag word, hulle wapens weggegooi en in 'n ononderbroke stormloop op die verste dele van die dorp afgepyl. Aangesien hulle hulself in die nou uitgang van die poorte verdring het, is 'n deel van hulle daar deur die soldate gedood, en 'n deel wat reeds by die poorte uit was, deur die ruitery. En daar was niemand wat 'n gedagte aan buit gegee het nie. So het hulle, aangevuur deur sowel die slagting te Cenabum as die inspanning van die beleëringswerk, nóg die oues van dae, nóg die vrouens, nóg die kinders gespaar. Uiteindelik het daar van die ganse totaal – wat ongeveer veertigduisend beloop het – nouliks agthonderd wat by die hoor van die eerste geskree uit die dorp gestorm het, ongedeerd by Vercingetorix aangekom. Hy het die vlugtelingen laat in die nag in stilte opgeneem, uit vrees dat 'n opstand in die kamp mag ontstaan ten gevolge van hulle toeloop en die medelye van die volksmenigte. Dus het hy sy vertrouelingen en die stamhoofde ver op die pad opgestel en toegesien dat hulle geskei, en na hulle vriende gebring word in dié

deel van die kamp wat van die begin af vir elke staat toegewys was.

29 Die volgende dag het hy 'n vergadering byeengeroep, hulle getroos en aangespoor om nie algeheel moed te verloor, en van stryk gebring te word deur die teenslag nie. Die Romeine het nie deur dapperheid in die slaglinie oorwin nie, het hy gesê, maar deur 'n listige streek en hul kennis van beleëring, waarin hulleself onervare was. Mense wat in 'n oorlog niks anders as sukses verwag nie, vergis hulle. Hy het nooit daarmee genoeg geneem dat Avaricum verdedig moet word nie, en hy hou hulleself as getuies daarvan. Maar deur die onverstandigheid van die Biturge en die oordrewe insiklikheid van die res het dit gebeur dat dié teenslag gely is. Hy sal dit egter spoedig deur groter voordele herstel. Want hy sal die state wat van die res van die Galliërs verskil, deur sy persoonlike bemoeiing by hulle laat aansluit en een beleid tot stand bring vir die hele Gallië, wie se eengesindheid selfs die hele wêreld nie kan weerstaan nie, en dit het hy byna bereik. Intussen is dit billik dat hulle ter wille van gemeenskaplike veiligheid gehoor gee aan sy versoek om die kamp te verskans, sodat hulle die skielike aanvalle van die vyand makliker kan weerstaan.

30 Hierdie toespraak was vir die Galliërs nie onbehaaglik nie, veral omdat hyself nie moed verloor het nadat so 'n groot teenslag gely is, en hy hom ook nie in 'n skuilhoek verberg en vir die aanblik van die menigte gevlug het nie. Hulle het geglo hy sien verder vooruit en het 'n groter voorgevoel omdat hy, toe dinge nog reg verloop het, eers die afbranding, en later die ontruiming van Avaricum aangeraai het. Waar teenslae dus ander veldhere se gesag verminder, so, intendeel, is hierdie man se aansien by die dag deur die gelede teenslag vergroot. Tegelykertyd het hulle op grond van sy versekering begin moed skep in verband met die aansluiting van die ander state. En by hierdie geleentheid het die Galliërs vir die eerste keer 'n kamp begin verskans, en die mense was so van skrik bevange dat hulle, hoewel ongewoon aan swaar werk, gedink het hulle moet alles verduur wat hulle beveel is.

31 Net soos hy belowe het, het Vercingetorix hom ingespan om die ander state te laat aansluit, en hulle met geskenke en beloftes na hom probeer trek. Hiervoor het hy geskikte manne gekies, elk van wie baie maklik of deur bedrieglike woorde of deur sy vriendskapsbande sou kon oorreed. Hy sorg daarvoor dat die manne wat by die bestorming van Avaricum gevlug het, bewapen en geklee word. Om sy uitgedunde magte op hul vroeëre sterkte te bring, eis hy terselfdertyd van die state 'n bepaalde aantal soldate, en stel vas welke getal en voor welke dag hy hulle na die kamp gebring wil hê. Hy beveel dat al die boogskutters, van

wie daar 'n baie groot getal in Gallië was, versamel en na hom gestuur moet word. Deur hierdie maatreëls word die verlies wat te Avaricum gely is, spoedig goedgemaak. Intussen kom Teutomatus, die seun van Ollovico en koning van die Nitiobrige, wie se vader deur ons senaat "vriend" genoem is, met 'n groot aantal van sy eie ruitery en ander wat hy uit Aquitanië gehuur het, by hom aan.

32 Caesar vertoef verskeie dae te Avaricum, vind daar 'n groot voorraad graan en ander lewensmiddele, en laat sy leër hul kragte herwin na die harde werk en gebrek. Toe die winter reeds byna verstreke was en hy deur die jaargety self genooi is om oorlog te voer, en hy besluit het om teen die vyand op te ruk om te kyk of hy hulle dalk uit die moerasse en bosse kon lok of deur 'n beleëring op die knieë kon dwing, daag die hoofmanne van die Aeduers as gesante by hom op om hom te smee om hulle staat op 'n tydstip van hoogste nood te hulp te kom. Hulle sê die administrasie verkeer in uiterste gevaar, want terwyl daar van oudsher af gewoonlik net een hoofamptenaar verkies is en hy die koninklike mag vir een jaar beklee het, voer twee nou die amptelike gesag en elkeen van hulle beweer dat hy wettig verkies is. Een van hulle is Convictolitavis, 'n invloedryke en vername jongman; die ander Cotus, 'n afstammeling van 'n baie ou familie en self 'n man met baie groot mag en 'n groot kring verwante, en wie se broer Valetiacus die vorige jaar dieselfde amp beklee het. Die hele staat is onder die wapen, die senaat is verdeeld, die volk is verdeeld, en elkeen van hulle het sy eie beskermlinge. As die geskil nog langer gevoed word, sal dit daartoe kom dat die een deel van die staat met die ander deel in stryd raak. Die voorkoming daarvan, hang net van Caesar se bemoeiing en invloed af.

33 Hoewel Caesar gedink het dit is baie nadelig om weg van die oorlog en die vyand af te beweeg, het hy nietemin geweet welke groot moeilikhede gewoonlik uit partygeskille ontstaan. Om te voorkom dat so 'n groot staat, so nou verbonde aan die Romeinse volk — een wat hyself altyd bevorder en met alle middele onderskei het — tot wapengeweld oorgaan, en dat die deel wat minder selfvertroue gehad het hulp van Vercingetorix ontbied, het hy gedink hy moet al sy aandag aan die aangeleentheid gee. Omdat die wette van die Aeduers nie toegelaat het dat persone wat die hoogste amp beklee hul land verlaat nie, en om te belet dat dit lyk of hy enige afbreuk doen aan hulle reg en wette, het hy besluit om self na die gebied van die Aeduers te gaan, en hulle hele senaat en die partye tussen wie die geskil bestaan het na hom te Decetia opgeroep. Byna die hele staat het daar byeengekom, en toe hy verneem dat 'n broer deur 'n broer by 'n klein, geheime vergadering op 'n ander tyd-

stip en 'n ander plek as wat vereis was, tot verkose amptenaar verklaar is, hoewel die wette twee lede van dieselfde familie verbied het, nie alleen om, terwyl albei in lewe verkeer, tot amptenare verkies te word nie, maar selfs dat hulle lede van die senaat mag wees, het hy Cotus gedwing om die oppergesag af te lê, en Convictolitavis wat volgens die gebruik van die staat by onderbreking in die opvolging van amptenare deur die priesters gekies was, beveel om die mag te beklee.

34 Na uitspraak van hierdie beslissing, het hy die Aeduers aangeemoedig om hul geskille en twis te vergeet, al hierdie dinge opsy te skuif, hulle aan die huidige oorlog toe te wy, en ná die onderwerping van Gallië, hul verdiende belonings van hom te verwag. Hy het hulle gevra om hom spoedig hulle hele ruitery en tienduisend voetvolk te stuur sodat hy hulle in garnisoene ter beskerming van die graantoevoer kon uitplaas. Daarna het hy sy leër in twee dele verdeel : vier legioene het hy aan Labienus gegee om na die gebied van die Senone en Parisiërs te lei, en self ses met die Allierrivier langs na die dorp Gergovia in die gebied van die Arverners gevoer. 'n Deel van die ruitery het hy aan Labienus toegesê, en 'n deel vir homself gelaat. Toe Vercingetorix hiervan verneem, het hy al die brûe oor daardie rivier afgebreek en met die ander oewer van die rivier langs begin marsjeer.

35 Toe die twee leërs aan weerskante van die rivier te voorskyn kom, het hulle binne sig van mekaar begin kamp opslaan, die een kamp feitlik reg teenoor die ander, met die vyand se verkenners plek-plek opgestel om te belet dat die Romeine 'n brug bou en hulle magte oorbring. Vir Caesar het die toestand gepaard gegaan met groot moeilikhede. Hy was naamlik bang dat hy die grootste deel van die somer deur die rivier opgehou mag word, want die Allier is gewoonlik nie voor die herfs per drif oor te steek nie. Om te belet dat dit gebeur, het hy dus sy kamp op 'n bosryke plek opgeslaan teenoor een van die brûe wat Vercingetorix laat afkap het, en die volgende dag ongemerk met twee legioene daar stelling ingeneem. Die res van sy magte het hy, soos sy gewoonte was, met al die bagasie verder gestuur nadat hy sommige kohorte in oop orde opgestel het sodat die aantal legioene nog dieselfde as voorheen sou lyk. Hierdie troepe is beveel om so ver as moontlik vooruit te ruk, en toe hy aan die uur van die dag aflei dat hulle reeds in die kamp aangekom het, het hy die brug op dieselfde pilare, waarvan die onderste deel ongeskonde gebly het, begin herbou. Die werk is spoedig voltooi, en nadat hy sy legioene oorgelei en 'n geskikte plek vir 'n kamp gekies het, het hy die res van sy magte teruggeroep. Toe Vercingetorix dit verneem, ruk hy in snelmars vooruit om te verhoed dat hy gedwing word om teen sy sin

te veg.

36 Van daar af het Caesar in vyf dagmarse by Gergovia aangekom. Daardie dag is daar 'n ligte ruiterskermutseling gelewer, en het hy die ligging van die stad verken. Dit was op 'n baie hoë berg geleë, en het slegs moeilike toegangsweë gehad. Daarom het hy gewanhoop aan die moontlikheid om dit te bestorm, en besluit dat hy nie reëlins in verband met 'n beleg moet tref alvorens hy die graantoevoer verseker het nie. Maar Vercingetorix het sy kamp naby die vesting opgeslaan, en die magte van elke staat afsonderlik op matige afstand van mekaar rondom hom opgestel. Hulle het al die heuwels op die bergrug vanwaar daar 'n onbelemmerde uitsig was, beset, en dit het 'n vreeswekkende aanblik gebied. Hy het die stamhoofde wat hy vir hom as raadgevers uitgekies het, beveel om elke dag teen dagbreek by hom te vergader, hetsy daar na sy mening iets meegedeel, hetsy iets gereël moes word. En hy het feitlik geen dag laat verbygaan nie of hy het deur 'n ruiteryegeveg, met boogskutters tussen die ruiters geplaas, die geesdrif en moed van elk van sy manne op die proef gestel. Teenoor die vesting, presies aan die voet van die berg, was daar 'n uitstekend beskermde heuwel wat aan alle kante styl afgehel het. Ons soldate het gemeen dat as hulle dit inneem, hulle die vyand van 'n groot deel van hulle watervoorraad en vrye voerinsameling sou afsny. Maar daardie heuwel is deur die vyand met 'n garnisoen, egter nie 'n alte sterke nie, gehou. In die stilte van die nag het Caesar sy kamp verlaat, die garnisoen verdryf voordat hulle uit die dorp te hulp gekom kon word, en die stelling bemeester. Hy het daar twee legioene geplaas, en twee gragte, twaalf voet breed, van die groter kamp af na die kleiner een laat grawe, sodat sy soldate beveilig was teen 'n skielike aanslag van die vyand en selfs een-een heen en weer kon gaan.

Die opstand van die Aeduers

37 Terwyl hierdie gebeurtenisse hulle in die omgewing van Gergovia afgespeel het, is die Aeduer Convictolitavis – aan wie, soos ons aange-ton het, die hoogste amp deur Caesar toegewys is – deur die Arverners met geld verlok, en voer hy 'n onderhoud met sekere jongmanne. Litaviccus en sy broers, jong afstammelinge van 'n baie gesiene familie, was hulle leiers. Convictolitavis deel sy beloning met hulle, en spoor hulle aan om te onthou dat hulle vry, en gebore is vir heerskappy. Hy verduidelik dat die staat van die Aeduers die enigste is wat die onfeilbare oorwinning van Gallië in die weg staan, en deur dié se invloed word die ander state bedwing. As dié staat na Galliese kant oorgebring word, sal daar vir die

Romeine in Gallië geen vastrapplek wees nie. Hy is wel in 'n mate deur 'n weldaad van Caesar bevoordeel, maar slegs in dié sin dat hy sy goeie reg by hom verkry het. Hy, egter, heg meer belang aan hul gemeenskaplike vryheid. Waarom, immers, moet die Aeduers na Caesar kom dat hy oor hulle reg en wette besluit, eerder as die Romeine na die Aeduers? Die jongmanne is weldra deur die toespraak van hul hoofamptenaar en die beloning oorgehaal, en toe hulle verklaar dat hulle inderdaad aan die spits van sy komplot sou staan, is daar gesoek na 'n metode om dit ten uitvoer te bring omdat hulle geglo het hulle staat sou nie sonder meer oorgehaal kon word om 'n oorlog te onderneem nie. Daar is besluit dat Litaviccus in bevel geplaas word van die tienduise man wat aan Caesar gestuur moes word vir die oorlog, en dat hy sou sorg vir hulle aanvoering terwyl sy broers vooruithaas na Caesar. Hulle bepaal ook op welke wyse die res van die plan uitgevoer moet word.

38 Litaviccus het die leër oorgeneem, en toe hy ongeveer dertig myl van Gergovia af was, het hy skielik die troepe byeengeroep en in trane gesê : "Soldate waar trek ons heen? Ons hele ruitery, ons hele adel het omgekom. Twee leidende figure van ons staat, Eporedorix en Viridomarus, is van verraad beskuldig en sonder verhoor deur die Romeine om die lewe gebring. Verneem dit van diegene self wat aan die bloedbad ontsnap het, want my broers en al my bloedverwante is vermoor, en ek word deur smart belet om aan te kondig wat gebeur het." Die manne wat hy onderlig het in wat hy gesê wou hê, word vorentoe gebring, en hulle beskryf aan die menigte dieselfde dinge wat Litaviccus verklaar het: baie ruiters van die Aeduers is om die lewe gebring omdat hulle na bewering met die Arverners onderhandel het; hulleself het tussen die menigte soldate weggekruipt en uit die midde van die bloedbad ontsnap. Die soldate skreeu uit een keel en soebat Litaviccus om na hulle heil om te sien. "Asof dit, voorwaar," sê hy, " 'n kwessie van oorleg is, en dit nie vir ons onvermydelik is om na Gergovia te marsjeer en ons by die Arverners aan te sluit nie! Of twyfel ons dalk daaraan dat die Romeine na die pleging van die gruwelike misdaad nie reeds aanstorm om ons dood te maak nie? Daarom, as daar nog 'n greintjie moed in ons skuil, laat ons die dood wreek van hulle wat op die mees onwaardige wyse gesterf het, en hierdie struikrowers doodmaak." Hy wys na die Romeinse burgers wat hom in vertroue op sy beskerming vergesel het, plunder 'n groot hoeveelheid graan en lewensmiddele, en vermoor die manne self nadat hy hulle wreed gefolter het. Hy stuur boodskappers deur die hele staat van die Aeduers, rui hulle op met dieselfde leuenverhaal oor die slagting van die ruitery en stamhoofde, en spoor hulle aan om hulle eie gelede onreg op dieselfde wyse te wreek as wat hy dit gedoen het.

39 Die Aeduer Eporedorix, 'n jongman van baie hoë geboorte en hoogs invloedryk in sy eie land, en saam met hom Viridomarus, van gelyke ouderdom en aansien, maar van laer afkoms – toe hy deur Diviciacus by hom aanbeveel is, het Caesar hom uit sy nederige stand tot die hoogste waardigheid verhef – is by name deur Litaviccus ontbied en het saam met die getal ruiters gekom. Hierdie twee het 'n onderlinge stryd gevoer om die leierskap, en in die bekende geskil tussen die amptenare⁹ het die een met alle mag vir Convictolitavis geveg, en die ander een vir Cotus. Toe een van hulle, naamlik Eporedorix, van Litaviccus se komplot verneem, rapporteer hy die saak ongeveer middernag aan Caesar. Hy smee hom om nie toe te laat dat hulle staat die vriendskap van die Romeinse volk deur die misdadige planne van jongmanne opgee nie. Hy voorsien dat dit sal gebeur as soveel duisende mense hulle by die vyand aansluit, want hulle verwante sou nie belangeloos kon staan teenoor hul veiligheid, en die staat sou dit ook nie as van min belang kon beskou nie.

40 Caesar was erg verontrus deur die tyding omdat hy altyd 'n besondere voorliefde vir die staat van die Aeduers gehad het, en sonder 'n oomblik se aarseling lei hy vier liggewapende legioene en sy hele ruitery uit die kamp. En daar was ook nie onder sulke omstandighede tyd om die kamp te verklein nie, omdat die saak klaarblyklik van spoed afgehang het. Hy laat sy legaat, Gaius Fabius, met twee legioene ter beskerming van die kamp agter. Toe hy beveel dat Litaviccus se broers aangehou word, vind hy uit dat hulle kort tevore na die vyand gevlug het. Hy spoor sy soldate aan om hulle nie by dié dringende aangeleentheid deur die vermoënis van die mars te laat ontstel nie, en met almal uiters gretig ruk hy vyf-en-twintig myl aan, gewaar die kolonne van die Aeduers, stuur sy ruitery op hulle af, vertraag en verhoed hul mars, en verbied almal om iemand dood te maak. Hy beveel Eporedorix en Viridomarus vir wie die Aeduers dood gewaan het, om tussen die ruiters rond te beweeg en hulle mense aan te spreek. Die Aeduers herken hulle, sien deur die bedrog van Litaviccus, en begin om hulle hande uit te steek as teken van oorgawe, hulle wapens weg te gooi en om hulle lewe te smee. Litaviccus het met sy beskermlinge na Gergovia gevlug, want volgens die gewoonte van die Galliërs was dit vir beskermlinge 'n misdaad om hul beskermhere selfs in die haglikste omstandighede te verlaat.

41 Caesar het boodskappers na die staat van die Aeduers gestuur om aan hulle te verduidelik dat die manne wat hy kragtens oorlogsreg kon doodmaak het, deur sy guns gespaar is. Nadat hy die leër drie uur van die nag gegee het om te rus, het hy na Gergovia vertrek. Ongeveer halfpad daarheen, vertel ruiters wat deur Fabius gestuur is hom welke groot

gevaartoestand heers. Hulle sit uiteen hoe die kamp met volle mag aangeval is terwyl vars vyandelike troepe telkemale die vermoedtes afgelos het, terwyl ons manne deur die voortdurende inspanning uitgeput geraak het omdat dieselfde manne weens die uitgestrektheid van die kamp onafgebroke op die wal moes bly. Baie is gewond, het hulle gesê, deur die massapyle en werpwapens van iedere soort, maar die grofgeskut was van groot nut om dié aanvalle te weerstaan. By hul vertrek het Fabius al die hekke met die uitsondering van twee versper, borswerings op die wal aangebring, en hom op 'n soortgelyke aanval die volgende dag voorberei. Nadat hy dít verneem het, kom Caesar danksy die allergrootste geesdrif van sy soldate, voor sonsopgang in die kamp aan.

42 Terwyl hierdie gebeurtenisse hulle in die omgewing van Gergovia af speel, ontvang die Aeduers die eerste boodskappers van Litavicus en laat vir hulleself geen tyd om ondersoek in te stel nie. Hebsug dryf sommiges, en opvlieëndheid en onbesonnenheid andere – 'n gebrek wat veral by daardie ras aangebore is – om 'n ligsinnige hoor-sê gerug as bevestigde waarheid te beskou. Hulle plunder die besittings van die Romeine, rig slagting aan, of sleep hulle weg in slawerny. Convictolitavis vererger nog die wankele toestand en dryf die gewone volk aan tot raseren, sodat hulle hul na die pleging van die misdaad sou skaam om weer tot 'n gesonde insig te kom. Onder belofte van 'n vrygeleide bring hulle die krygstribuun, Marcus Aristius, wat op pad was na sy legioen, uit die dorp Cabillonum. Hulle dwing diegene wat hulle daar gevestig het om handel te dryf, om dieselfde te doen. Onmiddellik daarna val hulle hul onderweg aan, en stroop hulle van al hul bagasie. Toe dié mense hulle verweer, beleër hulle hul vir 'n dag en 'n nag, en nadat baie aan weerskante gedood is, hits die Aeduers 'n nog groter menigte tot die wapen aan.

43 Toe die nuus intussen gebring is dat al hulle soldate in Caesar se mag gehou word, hardloop hulle na Aristius en wys hom daarop dat niks op staatsbesluit gedoen is nie. Hulle verorden 'n ondersoek oor die geplunderde goedere, verklaar Litavicus en sy broers se besittinge verbeurd, en stuur gesante na Caesar om hulle te verontskuldig. Dit doen hulle om hul mense terug te kry, maar besmet deur hul misdaad en verlok deur die wins uit die geroofde goedere – want dié aangeleentheid het baie mense betrek – en verskrik deur die vrees vir straf, begin hulle heimelik oorlogsplanne beraam, en hulle rui die ander state deur middel van gesantskappe op. Ofskoon Caesar dit alles geweet het, spreek hy nietemin die gesante so vriendelik as moontlik toe, en sê dat hy vanweë die onkundigheid en ligsinnigheid van die gewone volk nie te skerp oor-

deel oor die stam nie, en dat hy sy geneentheid teenoor die Aeduers nie verminder nie. Self het hy 'n groter opstand in Gallië verwag, en om nie deur al die state omsingel te word nie, het hy planne begin maak oor hoe hy Gergovia kon verlaat en weer sy hele leër kon saamtrek, sonder dat sy vertrek wat uit vrees vir 'n rebellie spruit, na vlug sou lyk.

Die slag by Gergovia

44 Terwyl hy hierdie dinge oorweeg, het dit gelyk of daar 'n geleentheid is om 'n goeie slag te slaan. Want toe hy na die kleiner kamp kom om die beleëringswerk te inspekteer, het hy opgemerk dat 'n heuwel wat deur die vyand beset, en die vorige dae nouliks sigbaar was vanweë die menigte soldate, ontruim is. Verwonderd hieroor, vra hy die drosters van wie daar 'n groot aantal daaglik na hom toegestroom het, na die oorsaak daarvan. Almal was dit eens – en dit het Caesar reeds self deur sy verkenners verneem – dat die kruin van die bergrug¹⁰ daar byna gelyk was, maar bebos en smal, en dat daarlangs 'n toegang tot die ander deel van die dorp was. Vir hierdie punt, het hulle gesê, vrees die Galliërs sterk, en hulle twyfel nie daaraan, noudat die een heuwel deur die Romeine beset is, dat, as hulle die ander een verloor, hulle byna omsingel en van alle uitgang en voerinsameling afgesny sou blyk te wees nie: almal is deur Vercingetorix opgeroep om dié punt te verskans.

45 Toe hy dít verneem, stuur Caesar teen middernag verskeie eskadronne ruitery daarheen. Hy beveel hulle om met 'n bietjie groter lawaai as gewoonlik orals rond te ry. Teen dagbreek gee hy bevel dat 'n groot aantal pakperde en muile uit die kamp gebring word, dat die paksaals van hulle afgehaal word, en dat die muildrywers met helms op, in die voorkoms en skyn van ruitery om die heuwels moet rondry. Hy voeg 'n paar ruiters by hulle om met die oog op misleidende vertoon oor 'n wyer gebied rond te ry. Hy gelas dat almal met 'n lang ompad op dieselfde omgewing moet afpyl. Hierdie manewer is van ver uit die dorp waargeneem, aangesien daar van Gergovia af 'n uitsig op die kamp daaronder was, maar op so 'n groot afstand kon daar nie uitgemaak word wat dit werklik was nie. Hy stuur een legioen op dieselfde rug langs, en toe dit 'n klein endjie opgeruk het, bring hy dit tot halt op laer terrein en versteek dit in die bosse. Die Galliërs se agterdog word groter en al hulle magte word na daardie punt gebring om dit te verskans. Toe Caesar sien dat die vyand se kamp leeg is, laat hy sy soldate se onderskeidingstekens bedek en die oorlogsvaandels verberg, en om te voorkom¹¹ dat hulle vanuit die dorp opgemerk word, bring hy hulle in klein afdelings

van die groter na die kleiner kamp oor. Hy wys die legate wat hy in bevel van die afsonderlike legioene geplaas het, wat hy gedoen wil hê, en waarsku hulle veral om hulle soldate in toom te hou, om te belet dat hulle uit strydslus of in die hoop op buit te ver sou opruk. Hy verduidelik welke nadeel die ongelykheid van die terrein inhou, en sê dat dit slegs deur snelle optrede goedgemaak kan word: dit is 'n geval van 'n geleentheid te baat neem, nie van slag lewer nie. Na hierdie verduidelikings gee hy die teken, en stuur terselfdertyd die Aeduers van die regterkant af met 'n ander helling op.

46 As geen tussengeleë draai bygereken word nie, was die dorpsmuur, soos die kraai vlieg, twaalfhonderd treë van die vlakte en die voet van die helling af. Al die ompaaie wat hierby gekom het om die helling te versag, het die afstand van die mars verleng. Ongeveer halfpad teen die heuwel op het die Galliërs in die lengte volgens die kontoere van die berg, 'n ses voet hoë muur van groot klippe gebou om die aanslag van ons manne te vertraag. Die hele onderste ruimte het hulle onbeset gelaat, en die boonste gedeelte van die heuwel tot aan die vestingmuur met diganeengeslote kampe gevul. Toe die teken gegee word, bereik die soldate spoedig die verskansing, klim daaroor en maak hulle meester van die drie kampe. En so groot was die spoed by die inname van die kampe, dat Teutomatus, die koning van die Nitiobrige, skielik in sy tent betrap is terwyl hy met onblote bolyf sy middaggutjie geniet, en nouliks op 'n gewonde perd aan die hande van die plunderende soldate ontsnap het.

47 Daar Caesar sy doel bereik het, het hy beveel dat die aftog geblaas word en dadelik^{1 2} die tiende legioen by wie hy hom bevind het, laat halt. Maar die soldate van die ander legioene het nie die trompetgeskal gehoor nie omdat 'n redelike groot vallei tussen hulle en die tiende legioen gelê het. Nietemin het die krygstribune en legate hulle probeer terughou, soos deur Caesar beveel was. Maar aangemoedig deur die hoop op 'n snelle oorwinning, die vlug van die vyand, en deur hul voorspoedige gevegte by vroeër geleenthede, het hulle gemeen dat niks vir hulle so swaar was dat hulle dit nie deur dapperheid kon bereik nie, en hulle het ook nie die agtervolging gestaak voordat hulle die muur en poorte van die vesting genader het nie. Toe, voorwaar, het daar 'n geskree uit alle dele van die stad ontstaan. Diegene wat verder weg was, is erg deur die skielike opskudding verskrik, en aangesien hulle geglo het die vyand is binne hulle poorte, het hulle uit die vesting gestorm. Die huismoeders het kledingstukke en silwer van die muur af na benede gegooi, met ontblote bors oor die muur gebuig, en met uitgestrekte hande die Romeine gesmeek om hulle te spaar, en nie te maak soos hulle te Avaricum ge-

maak het, om hulle hande selfs nie van vrouens en kinders af te hou nie. Enkele vroue wat aan hulle hande van die muur afgelaat is, het hulle aan die soldate oorgegee. Lucius Fabius, 'n centurio van die agste legioen, van wie dit bekend was dat hy dié dag onder sy manne gesê het dat hy aangespoor is deur die belonings wat te Avaricum beloof is, en nie sou toelaat dat enigiemand die muur voor hom bestyg nie, het drie manne van sy kompanie bekom, is deur hulle opgelig, en het die muur bestyg. Op sy beurt het hy hulle een vir een die hand gereik en op die muur getrek.

48 Toe die Galliërs wat in die ander deel van die dorp byeengekom het om dit te verskans, soos ons hierbo aangetoon het, intussen eers die geskree hoor en vervolgens ook verontrus is deur talryke berigte dat die dorp deur die Romeine gehou word, het hulle hul ruiters vooruitgestuur en in 'n magtige stormloop daarheen gehaas. Namate elkeen van hulle aangekom het, het hy onder die muur stelling ingeneem en die getal van hulle stryders vergroot. Toe daar 'n groot menigte van hulle byeengekom het, het die huismoeders wat pas tevore van die muur af hul hande na die Romeine uitgestrek het, hulle landgenote begin smee en om, na Galliese gewoonte, hulle loshangende hare te toon en hul kinders te voorskyn te haal. Vir die Romeine was dit 'n ongelyke stryd ten aansien van terrein en getalsterkte; afgemat deur sowel die hardloop as die langdurige stryd, het hulle nie maklik die vars, onvermoeide Galliese troepe weerstaan nie.

49 Toe Caesar bemerk dat daar op ongunstige terrein geveg word en dat die vyand se magte aangroei, het hy vir sy manskappe gevrees. Hy het 'n bevel gestuur na sy legaat, Titus Sextius, vir wie hy agtergelaat het om die kleiner kamp te bewaak, om sy kohorte gou uit die kamp te lei en hulle aan die voet van die heuwel op die vyand se regterflank op te stel, sodat, indien hy sien dat ons manne van hulle posisie verdryf word, hy die vyand kon afskrik om hulle ongehinderd te agtervolg. Hyself het met sy legioen 'n endjie opgeruk van die plek af waar hy gehalt het, en die afloop van die geveg afgewag.

50 Terwyl hulle uiters verbitter in 'n handgemene geveg stry en die vyand op die terrein en hulle getalle, en ons manne op hulle dapperheid vertrou, is die Aeduërs wat Caesar aan die regterkant met 'n ander helling langs gestuur het om die vyandelike magte uitmekaar te hou, skielik op ons ongedekte flank gewaar. Die ooreenkoms tussen hulle bewapening en die van die vyand, het ons manne hewig ontstel, en hoewel daar bemerk is dat hulle regterskouers ontbloot is — dit was gewoon-

lik die afgespreekte¹³ teken — het ons soldate nogtans gedink dit is juis deur die vyand gedoen om hulle te mislei. Terselfdertyd is die centurio, Lucius Fabius, en diegene wat saam met hom die muur beklim het, omringel, gedood en van die muur afgegooi. Toe Marcus Petronius, 'n centurio van dieselfde legioen, probeer om die poort te vernietig, is hy deur 'n oormag oorrampel. Terwyl hy aan sy eie lewe wanhoop nadat hy reeds baie wonde opgedoen het, skree hy aan die soldate van sy kompanie wat hom gevolg het : "Aangesien ek my nie saam met julle kan red nie, sal ek ten minste vir julle lewe sorg, julle vir wie ek uit roemsug in gevaar gebring het. As julle die kans gebied word, red julleself!" Terselfdertyd bars hy in die middel van die vyand in, dood twee, en dryf die res 'n endjie van die poort af terug. Toe sy manskappe hom probeer help, skree hy : "Tevergeefs probeer julle my lewe red; my bloed en my kragte begewe my reeds! Daarom, gee pad terwyl die geleentheid daar is, en retireer na die legioen!" Aldus veggend het hy 'n rukkie later gesneuwel, en was hy sy manne se redding.

51 Daar ons troepe van alle kante af in die nou gebring is, is hulle met 'n verlies van ses-en-veertig centurio's uit hul stelling verdryf. Maar die tiende legioen wat ter ondersteuning op effens gelyker terrein stelling ingeneem het, het die Galliërs in hul alte buitensporige agtervolging gestuit. Die kohorte van die dertiende legioen wat onder die legaat, Titus Sextius, uit die kleiner kamp gelei is, en 'n hoërliggende stelling verower het, het hierdie legioen op hulle beurt gedek. Sodra die legioene die vlakke bereik het, het hulle gehalt en teen die vyand front gemaak. Vercingetorix het sy manne van die voet van die heuwel af tot binne die verskansings teruggetrek. Dié dag is effens minder as sewehonderd soldate vermis.

52 Die volgende dag het Caesar 'n vergadering byeengeroep en die onbesonnenheid en hebsug van die soldate berispe, omdat hulle vir hulleself geoordeel het waarheen hulle gemeen het hulle moes opruk of wat hulle moes doen, en nie, toe die teken om terug te val gegee is, gehalt het nie, en ook nie deur die krygstribune en legats in toom gehou kon word nie. Hy het gewys op welke groot invloed ongunstige terrein kon hê, iets wat hyself by Avaricum ondervind het toe hy die vyand sonder aanvoerder en sonder ruitery verras en 'n sekere oorwinning prysgegee het om te voorkom dat daar in die slag selfs 'n geringe verlies weens die ongunstige terrein gely word. Soveel bewondering as wat hy vir hulle grootmoedigheid gehad het, hulle wat nie deur kampverskansings, nie deur die hoogte van die berg, nie deur die vestingmuur gestuit kon word nie, soveel het hy hul gebrek aan tug en hul aanmatiging gelaak,

omdat hulle gedink het hulle weet meer van oorwinning en die afloop van operasies as hul opperbevelhebber. Hy verlang van sy soldate, het hy gesê, nie minder onderdanigheid en selfbeheersing, as dapperheid en grootmoedigheid nie.

53 Nadat hy dié toespraak in die vergadering gehou, en aan die slot daarvan sy soldate aangemoedig het om nie om daardie rede terneergedruk te voel nie, en om die verliese wat die ongunstige terrein meegebring het nie aan die dapperheid van die vyand toe te skryf nie, het hy, hoewel hy nog dieselfde mening gehuldig het wat hy vroeër oor sy vertrek gehad het, sy legioene uit die kamp gelei en 'n slaglinie op geskikte terrein opgestel. Toe Vercingetorix desondanks nie na gelykterrein afdaal nie, het Caesar sy leer na die kamp teruggelei nadat daar 'n ligte ruiteryskermutseling in die Romeine se guns gelewer is. Toe hy dieselfde operasie die volgende dag herhaal, het hy gemeen daar is genoeg gedoen om die Galliërs se snowery te verminder en sy soldate se moed te verstewig, en sy kamp na die gebied van die Aeduers verskuif. Selfs toe het die vyand hom nie agtervolg nie, en het hy op die derde dag by die Allierivier aangekom^{1 4}, die brug herbou en sy leer oorgelei.

54 Daar is hy begroet deur die Aeduers Viridomarus en Eporedorix. Hy verneem van hulle dat Litaviccus met die hele ruitery vertrek het om die Aeduers op te rui, en dat hulleself voor hom daar moet wees om die staat in sy trou te versterk. Hoewel hy al in baie aangeleenthede die troueloosheid van die Aeduers duidelik waargeneem, en hy geglo het dat die staat se afvalligheid deur hierdie twee se vertrek verhaas sou word, het hy nogtans besluit dat hulle nie aangehou moet word nie, om te voorkom dat dit sou lyk of hy 'n onreg pleeg of 'n vermoede van vrees verwek. Toe hulle vertrek, het hy hulle kortliks gewys op sy weldade aan die Aeduers, wat se soort mense hulle was en in welke nederige posisie hy hulle oorgeneem het – saamgedring in hulle dorpe, gestraf met die verlies van hul landerye, al hul hulpbronne geplunder, met 'n skatting opgelê en gyselaars onder die grootste belediging afgedwing – en tot welke voorspoed en aansien hy hulle gebring het, sodat hulle nie alleen na hulle eertydse posisie teruggekeer het nie, maar klaarblyklik hul aansien en invloed van vroeër tye verbygesteek het. Nadat hy dié waarskuwings gerig het, het hy hulle van hom af weggestuur.

55 Noviodonum was 'n dorp van die Aeduers, gunstig geleë aan die oewers van die Loire. Hier het Caesar al die Galliëse gyselaars, die graan, die staatskas en 'n groot deel van sy eie en sy leer se bagasie versamel, en hierheen het hy 'n groot aantal perde gestuur wat hy met die oog op hierdie oorlog in Italië en Spanje gekoop het. Toe Eporedorix en

Viridomarus daar aankom en van hul staat se posisie verneem – Litavicus is deur die Aeduers te Bibracte, 'n vestingdorp met baie groot invloed onder hulle, ontvang; die hoofamptenaar, Convictolitavis, en 'n groot deel van die senaat het by Litavicus byeengekom, en gesante om vrede en vriendskap te sluit is in staatsopdrag na Vercingetorix gestuur – het hulle gemeen so 'n gunstige geleentheid moet hulle nie laat verbygaan nie. Daarom het hulle die wagte van Noviodunum en diegene wat daar versamel het om handel te dryf, vermoor, en die geld en perde onder mekaar verdeel. Hulle het die gyselaars van die state na die hoofamptenaar te Bibracte laat bring, en die vesting wat hulle gereken het nie deur hulle gehou kon word nie, aan die brand gestee om te belet dat dit van enige nut vir die Romeine sou wees. Hulle het soveel graan as wat hulle inderhaas kon, op skepe weggevoer, en die res met rivierwater en vuur bederf. Hulleself het begin om magte uit die naburige distrikte byeen te bring, garnisoene en wagposte al langs die oewer van die Loire op te stel, en orals ruitery ten toon te stel ten einde skrik te verwek om te kyk of hulle die Romeine van graanvoorrade kon afsny of hulle die Provinsie in kon uitdryf¹⁵ wanneer hulle deur gebrek daartoe gedwing is. Die feit dat die Loire ten gevolge van die sneeusmelting aangeswel het sodat dit blykbaar glad nie per drif oor te steek was nie, het hulle baie in dié hoop gesterk.

56 Toe Caesar hiervan verneem, het hy besluit dat indien daar by die voltooiing van die brûe 'n geveg te waag was, hy hom moet haas om slag te lewer voordat groter vyandelike magte daar versamel was. Want dat hy sy plan moes wysig en 'n regsomkeer maak na die Provinsie, dít¹⁶ het hy gemeen, moes selfs nie eers onder dwang van vrees gedoen word nie. Die skande en oneer aan die saak verbonde, die Cevennegebergte wat in sy pad gelê het, en die moeilik begaanbare paaie het dit verhinder, en veral ook die feit dat hy geweldig besorgd was oor Labienus wat van hom geskei was, en oor die legioene wat hy saam met hom gestuur het. Daarom het hy baie lang dag- en nagmarse afgelê en teen almal se verwagting in by die Loire aangekom. Deur toedoen van sy ruiters het hy 'n geskikte drif vir 'n noodtoestand gevind, sodat slegs die arms en skouers van die soldate vry kon wees bo die water om hul wapens omhoog te hou. Hy het sy ruitery opgestel om die geweld van die stroom te breek, en toe die vyand by die eerste aanblik in die war gestuur word, het hy sy leër veilig oorgelei. In die velde het hy graan en 'n voorraad vee gevind, sy leër ryklik daarvan voorsien en besluit om na die gebied van die Senone te marsjeer.

Labienus oorwin die Parisiërs

57 Terwyl dít by Caesar gebeur het, het Labienus die aanvullings-troepe wat onlangs uit Italië aangekom het te Agedincum ter beskerming van die bagasie agtergelaat, en met vier legioene na Lutetia^{1 7} vertrek. Dit is 'n dorp van die Parisiërs wat op 'n eiland in die Seinerivier geleë is. Toe die vyand van sy aankoms verneem, het groot magte uit die naburige state byeengekom. Die opperbevel word oorgedra aan die Aulerk Camulogenus wat, hoewel byna deur ouderdom afgetakel, nogtans vanweë sy buitengewone kennis van militêre aangeleenthede tot dié eer opgeroep is. Toe hy bemerk dat daar 'n ononderbroke moeras is wat in die Seine uitvloeï, en dat dit die hele terrein in 'n groot mate onbegaanbaar maak, het hy daar stelling ingeneem en besluit om ons manne die oortog te belet.

58 Labienus het eers probeer om skutdakke aan te stoot, die moeras met latwerk en grond op te vul, en 'n pad te bou. Toe hy bemerk dat dit te moeilik uitgevoer word, het hy tydens die derde nagwaak in stilte uit sy kamp marsjeer, en langs dieselfde roete waarlangs hy gekom het by Metiosedum aangekom. Dit is 'n dorp van die Senone, geleë op 'n eiland in die Seine, net soos ons flus van Lutetia gesê het. Hy het op ongeveer vyftig skepe beslag gelê, hulle gou aanmekaar vasgemaak, sy soldate aan boord laat gaan, en omdat die dorpsbewoners van wie 'n groot deel vir die oorlog opgeroep was, deur dié verrassende maneuer erg verskrik was, die dorp sonder stryd bemagtig. Hy herstel die brug wat die vyand die vorige dae afgebreek het, lei sy leër oor en begin stroomaf na Lutetia marsjeer. Toe die vyand van diegene wat uit Metiosedum gevlug het hiervan verneem, beveel hulle dat Lutetia aan die brand gesteeke en die brûe van dié dorp afgebreek word. Hulle ruk van die moeras langs die oewers van die Seine af op, en neem reg teenoor Lutetia, teenoor Labienus se kamp stelling in.

59 Hulle het reeds gehoor dat Caesar van Gergovia af vertrek het, reeds is daar gerugte oor die rebellie van die Aeduers en die geslaagde opstand van Gallië in omloop gebring, en in hul gesprekke het die Galliërs bevestig dat Caesar van sy marsroete en die Loire afgesny, en weens gebrek aan graan gedwing is om na die Provinsie te marsjeer. Toe die Bellovake wat voorheen uit eie neiging ontrou was, egter van die Aeduers se rebellie verneem, het hulle bendes begin versamel en om openlik op oorlog voor te berei. Toe het Labienus ingesien dat hy met so

'n groot ommekeer van sake 'n gans ander plan as wat hy voorheen in gedagte gehad het, moes beraam, en hy het nou nie meer daaraan gedink om enige voordeel te behaal of die vyand tot 'n geveg te daag nie, maar om sy leër veilig na Agedincum terug te lei. Want aan die een kant het die Bellovake hom bedreig, 'n staat wat in Gallië 'n baie groot reputasie vir dapperheid het, terwyl Camulogenus die ander kant met 'n slagvaardige en toegeruste leër beset gehou het. Daarby het 'n baie groot rivier die legioene geskei van die bewakende garnisoen en van hul bagasie. Toe sulke groot moeilikhede skielik in sy weg gelê word, het hy gesien hy moet selgs by eie kloekmoedigheid hulp soek.

60 Teen die aand het hy 'n krygsraad byeengeroep, en hulle aangespoor om sy bevele sorgvuldig en ywerig uit te voer. Die skepe wat hy van Metiosedum af saamgebring het, het hy een elk aan Romeinse ridders toevertrou en beveel dat hulle aan die einde van die eerste nagwaak in stilte vier myl stroomaf moet vaar en daar vir hom moet wag. Hy laat vyf kohorte wat hy as die swakste vir die geveg beskou het, ter beskerming van die kamp agter. Die ander vyf kohorte van dieselfde legioen beveel hy omstreeks middernag om met al die bagasie en met groot lawaai stroomopwaarts te vertrek. Hy versamel ook klein bootjies en stuur hulle met 'n groot gedruis van die roeispane op volle vaart in dieselfde rigting. Kort hierna ruk hyself in stilte met drie legioene uit die kamp op en pyl na die plek waar hy die skepe beveel het om aan te lê.

61 Toe hy daar aankom, word die vyand se verkenners soos hulle orals langs die rivier opgestel was, onverhoeds deur ons manne oorrompel omdat 'n hewige storm skielik ontstaan het. Die voetvolk en die ruitery word onder leiding van die Romeinse ridders wat hy aan die hoof van dié taak gestel het, vinnig oorgestuurd. Byna terselfdertyd, teen dagbreek, word aan die vyand berig dat daar 'n buitengewone opskudding in die Romeinse se kamp heers, dat 'n groot kolonne stroomopwaarts trek, dat 'n gedruis van roeispane op dieselfde plek gehoor word, en dat soldate 'n bietjie ondertoe op skepe oorgevoer word. Toe hulle dít verneem, het hulle ook hulle magte in drie dele verdeel omdat hulle gedink het die legioene is besig om op drie plekke oor te steek en dat almal op vlug voorberei omdat hulle in die war gebring is deur die rebellie van die Aeduers. Inderdaad het hulle 'n wag direk teenoor die kamp agtergelaat, 'n klein bende in die rigting van Metiosedum gestuur om net sover op te ruk as wat die skepe gevorder het, en die res van hul magte teen Labienus gelei.

62 Teen dagbreek was al ons manne oorgevoer, en is die vyand se

linie in die oog gekry. Nadat Labienus sy soldate aangespoor het om hul vroeëre dapperheid en die uiters suksesvolle gevegte te onthou, en om hulle voor te stel dat Caesar onder wie se leiding hulle die vyand al dikwels oorwin het, persoonlik aanwesig is, gee hy die teken vir die geveg. By die eerste botsing word die vyand op die regtervleuel waar die sewende legioen stelling ingeneem het, verdryf en op vlug gejaag. Hoewel die eerste rye van die vyand op die linkerflank wat deur die twaalfde legioen beset was, deur spiese deurboor neergeval het, het die oorblywendes nietemin uiters taai weerstand gebied, en geeneen het die indruk van vlug gegee nie. Die vyand se aanvoerder, Camulogenus, het persoonlik sy manskappe bygestaan en hulle aangevuur. Selfs nou nog was die uiteindelijke oorwinning onseker, maar toe daar aan die tribune van die sewende legioen berig word wat op die linkerflank aan die gang was, het hulle hul legioen in die rug van die vyand na vore gebring en aangeval. Selfs toe het geeneen van sy plek gewyk nie, maar almal is omsingel en gedood. Camulogenus het dieselfde lot gedeel. Maar toe diegene wat as wag teenoor Labienus se kamp gelaat was, hoor dat die geveg aangeknoop is, het hulle hul makkers te hulp gesnel en 'n heuwel beset. Maar hulle kon die aanslag van ons seëvierende manskappe nie weerstaan nie. So het hulle met hul vlugtende landgenote vermeng geraak, en is almal wat nie in die bosse en berge skuiling gevind het nie, deur die ruitery gedood. Na afhandeling van dié aangeleentheid keer Labienus terug na Agedincum waar die hele leër se bagasie agtergelaat was, en vandaar kom hy op die derde dag met al sy magte by Caesar aan.

Die oorlog neem groter afmetings aan

63 Toe die rebellie van die Aeduers bekend word, neem die oorlog groter afmetings aan. Gesantskappe word in alle rigtings rondgestuur; hulle span hulle in, soveel as wat hulle met hul invloed, gesag en geld vermag, om state op te rui, en toe hulle in besit kom van die gyselaars wat Caesar by hulle in bewaring gelaat het, jaag hulle die twyfelaars die skrik op die lyf met die teregstelling van dié mense. Die Aeduers versoek Vercingetorix om na hulle toe te kom en sy planne vir die voer van die oorlog aan hulle mee te deel. Nadat hulle versoek toegestaan is, dring hulle daarop aan dat die opperbevel aan hulle oorgedra word, en toe die aangeleentheid op 'n twis uitloop, word 'n landdag van die hele Gallië te Bibracte belê. Van alle kante kom hulle in groot getalle daarheen. Die saak word ter stemming aan die menigte voorgelê, en almal, tot die laaste man, verklaar hulle ten gunste van Vercingetorix as opperbevelhebber. Die Remers, Lingone en Trevere het nie die landdag bygewoon

nie, eersgenoemde twee omdat hulle vriendskap met die Romeine nagestreef het, en die Trevere omdat hulle te ver weg gewoon het en deur die Germane onder swaar druk geplaas was — wat ook die rede was waarom hulle gedurende die hele oorlog weggebly, en aan geen van beide hulp troepe gestuur het nie. Die Aeduers voel diep gegrief omdat hulle uit die leierskap verwerp is, bekla die ommekeer in hul geluk en mis Caesar se toegeneentheid teenoor hulle. Nogtans, noudat die oorlog onderneem is, durf hulle nie hulle besluit van die ander skei nie. Teen hulle sin gehoorsaam die veelbelowende jongmanne Eporedorix en Viridomarus vir Vercingetorix.

64 Vercingetorix eis van die ander state gyselaars en stel 'n dag¹⁸ daarvoor vas. Hy beveel al die ruiters, vyftienduisend in getal, om haastig by hom te versamel. Hy sê hy sal tevrede wees met die voetvolk wat hy voorheen gehad het, en nie die noodlot beproef of in slaglinie veg nie. Maar aangesien hy ten oërvloede oor ruitery beskik, is dit baie maklik om die Romeine te belet om graanvoorrade en voer te bekom. Hulle moet net met gelatenheid self hulle graan vernietig en hulle opstalle aan die brand steek, en insien dat hulle met dié verlies aan familiebesit, ewig-durende heerskappy en vryheid verkry. Nadat hy hierdie reëlins getref het, eis hy tienduisend voetvolk van die Aeduers en die Segusiave, die bure van die Provinsie; hierby voeg hy agthonderd ruiters. Hy stel Eporedorix se broer aan hulle hoof en beveel hom om teen die Allobroge oorlog te voer. Aan die ander kant stuur hy die Gabalers en die naburige kantons van die Arverners teen die Helviërs, en eweneens die Ruteners en Cadurke om die gebied van die Volke-Arecomike te verwoes. Nietemin rui hy nog die Allobroge op deur geheime boodskappe en afvaardigings, in die hoop dat hulle gemoedere nog nie sedert die laaste oorlog tot rus gekom het nie.¹⁹ Aan hulle hoofmanne belowe hy geld, aan hul staat die heerskappy oor die hele Provinsie.

65 Om al hierdie noodgevalle die hoof te bied, was daar stryd magte van twee-en-twintig kohorte voorsien wat deur die legaat, Lucius Caesar, uit die Provinsie self saamgetrek, en na alle kante teen die vyand opgestel is. Die Helviërs knoop uit eie beweging die geveg met hulle bure aan, maar word verslaan; hulle staatshoof, Gaius Valerius Donnotaurus, die seun van Caburus, en verskeie ander word gedood, en hulle word tot binne hul dorpe en mure teruggedryf. Die Allobroge stel talryke poste langs die Rhone op en beskerm hul gebied met groot sorg en deeglikheid. Caesar was bewus daarvan dat die vyand sy meerdere in ruitery was, en daar al die paaie afgesny was, kon hy met niks uit die Provinsie en Italië gehelp word nie. Daarom stuur hy boodskappers oor die Ryn Germanië

binne, na daardie state wat hy die vorige jare onderwerp het, en laat haal by hulle ruiters en liggewapende voetvolk wat gewoonlik tussen die ruiters geveg het. Omdat hulle minder geskikte perde gebruik het, neem hy by hulle aankoms die perde van die krygstribune, die ander Romeinse ridders en die oudgediendes weg, en verdeel hulle onder die Germane.

66 Intussen, terwyl hierdie gebeure afgespeel het, versamel die vyan-delike magte uit die gebied van die Arverners, en die ruiters wat van die hele Gallië opgevorder is. 'n Groot aantal van hulle is saamgetrek, en terwyl Caesar deur die grensgebied van die Lingone en die Sequane mar-sjeer het sodat daar makliker aan die Provinsie hulp gebring kon word, het Vercingetorix ongeveer tien myl van die Romeine af in drie kampe gaan laer. Hy roep die ruitery se bevelvoerders in 'n krygsraad byeen en verklaar dat die tyd vir oorwinning aanbreek het. Hy sê die Romeine vlug die Provinsie in en verlaat Gallië. Dit is vir hom genoeg ter verkry-ging van vryheid vir die huidige, maar die voordeel is te min om vrede en rus vir die toekoms te verseker. Die Romeine sal immers nog groter magte byeenbring, terugkom en geen einde aan die oorlog maak nie. Daarom moet die Galliërs hulle aanval terwyl hulle swaarbelaa in kolon-ne marsjeer. As die Romeinse voetvolk aan hulle makkers hulp bring en hulle word daardeur opgehou, kan hulle nie die mars voortsit nie. As, wat hy vertrou eerder sal gebeur, hulle hul bagasie in die steek laat en vir hulle eie veiligheid sorg, sal hulle beroof word van sowel die gebruik van noodsaaklike benodigdhede as hul aansien. Want sover dit die vyand se ruitery betref, behoort hulleself voorwaar geen twyfel te hê dat geeneen van hulle dit sal waag om selfs maar net buite die kolonne op te ruk nie. Sodat die bevelvoerders dit met groter dapperheid mag doen, sal hy sy hele leër voor die kamp hou en die vyand daarmee die skrik op die lyf jaag. Die ruiters skree uit een mond dat hulle dit met 'n allerheiligste eed moet bekragtig dat niemand onder 'n dak ontvang sal word, of toegang sal hê na sy kinders of sy ouers of sy vrou, as hy nie tweemaal deur die vyand se kolonne gery het nie.

67 Die voorstel is goedgekeur en almal het die eed afgelê. Die volgende dag het hulle hul ruitery in drie afdelings verdeel. Twee slaglinies verskyn op die twee flanke en een begin om die opmars van ons voorhoede te belet. Op berig hiervan verdeel Caesar sy ruitery ook in drie, en beveel hulle om teen die vyand op te ruk. Die geveg woed gelyk-tydig aan alle kante. Die kolonne halt; die bagasie word na tussen die legioene teruggetrek. As dit gelyk het of ons manne op 'n plek swaar-kry of onder alte hoë druk geplaas word, het Caesar beveel om in daar-die rigting aan te val en dat slaglinie gevorm moet word. Dié manuever

het sowel die vyand in hul agtervolging vertraag, as ons manne bemoedig met hoop op hulp. Uiteindelik verower die Germane op die regterflank die top van die bergrug en verdryf die vyand uit hul stelling. Hulle agtervolg die vlugtendes tot by die rivier waar Vercingetorix met die voetvolk stelling ingeneem het, en dood verskeie van hulle. Toe die res dít bemerk, slaan hulle op vlug uit vrees dat hulle omsingel mag word. Orals word daar 'n slagting aangerig. Drie baie vername Aeduers word gevange geneem en na Caesar gebring : Cotus, die ruiterybevelvoerder, wat by die laaste verkiesing 'n twis met Convictolitavus gehad het; Cavarillus wat na die rebellie van Litaviccus aan die hoof van die voetvolk gestaan het; en Eporedorix, onder wie se leiding die Aeduers voor Caesar se koms teen die Sequane oorlog gevoer het.

Die slag by Alesia

68 Nadat sy hele ruitery op die vlug gejaag is, het Vercingetorix sy magte, net soos hy hulle voor sy kamp opgestel gehad het, teruggelei, sonder versuim na Alesia, 'n dorp van die Mandubiërs, begin marsjeer, en beveel dat die bagasie haastig uit die kamp gebring word en kort op sy hakke moet volg. Caesar het sy bagasie na 'n naburige heuwel teruggetrek, twee legioene ter beskerming daarvan agtergelaat, die vyand agtervolg solank die tyd van die dag hom toegelaat het, ongeveer drieduisend van die vyand se agterhoede gedood, en die volgende dag naby Alesia kamp opgeslaan. Hy het die ligging van die stad verken, en daar die vyand doodverskrik was omdat hul ruitery, dié afdeling van hul leër waarop hulle die meeste vertrou het, verdryf was, het hy sy soldate tot die arbeid aangespoor en Alesia begin omskans.

69 Die vesting Alesia self was op die top van 'n heuwel in 'n baie hoë posisie geleë, sodat dit gelyk het of dit nie ingeneem kon word nie behalwe deur 'n blokkade. Twee riviere het die voet van hierdie heuwel aan twee kante bespoel. Voor die dorp het daar 'n vlakte uitgestrek, ongeveer drie myl in lengte. Aan alle ander kante het heuwels op matige afstand en met gelyke tophoogte die dorp omring. Onder die muur, op die heuwelkant wat oos gekyk het, het die Galliese magte die ganse ruimte beset, en aan die voorkant 'n grag gegrawe en 'n ses voet hoë noodmuur opgetrek. Die omtrek van die beleëringswerk wat deur die Romeine begin is, het elf myl beloop. Kampe is op geskikte plekke geplaas, en drie-entwintig forte is daar opgerig. Gedurende die dag is daar wagposte in hierdie forte geplaas om te verhoed dat 'n skielike uitval gemaak word; snags is hierdie selfde plekke deur skildwagte en sterk garnisoene beset.

70 Toe die skanswerk begin is, vind daar 'n ruiterygeveg plaas op die vlakke wat ons hierbo aangetoon het deur heuwels onderbreek word en drie myl in lengte strek. Aan beide kante word daar met opperste geweld geveg. Caesar stuur die Germane om ons manne wat onder swaar druk verkeer, te help, en stel die legioene voor die kamp op om te belet dat 'n skielike aanval deur die vyandelike voetvolk gemaak word. Ten gevolge van die bykomstige dekking deur die legioene groei ons ruiters se moed aan. Die vyand word op vlug gejaag maar vanweë hulle groot getalle is hulle in mekaar se pad, en word hulle in die alte eng oopgelate poorte verdring. Die Germane agtervolg hulle baie onstuimig tot by die verskansings. 'n Groot slagting vind plaas. Sommige laat hulle perde in die steek en probeer om oor die grag te kom en oor die noodmuur te klouter. Caesar beveel die legioene wat hy voor die beleëringswal opgestel het om 'n klein endjie vorentoe te beweeg. Die Galliërs wat binne die skanswerke was, is eweseer in verwarring gebring. Hulle dink dat daar onmiddellik teen hulle opgeruk word en skree : "Te wapen!" Sommige storm doodverskrik die dorp in. Vercingetorix beveel dat die poorte gesluit word om te belet dat die kamp ongedek gelaat word. Nadat baie gedood en 'n aantal perde gebuit is, trek die Germane terug.


71 Vercingetorix neem die besluit om sy hele ruitery gedurende die nag weg te stuur, voordat die beleëringswerke deur die Romeine voltooi kan word. Toe hulle vertrek, gee hy hulle die opdrag dat elkeen na sy eie staat moet gaan en almal wat op grond van ouderdom wapens kan dra, na die oorlog te dwing. Hy stel sy verdienstelike daade aan hulle voor oë en smeeke hulle om aan sy persoonlike veiligheid te dink, en hom wat voortreflike diens vir hul gemeenskaplike vryheid gelewer het, nie aan die vyand oor te lewer om gemartel te word nie. Hy wys daarop dat as hulle ietwat onverskillig optree, tagtigduisend uitgesoekte manne saam met hom sal sterf. Hy het 'n berekening gemaak en het skaars koring vir derdig dae oor, maar kan deur spaarsaam te werk selfs 'n bietjie langer uithou. Nadat hy die opdragte gegee het, stuur hy sy ruitery in stilte gedurende die tweede nagwaak weg, op 'n plek waar ons beleëringswerk 'n opening gelaat het. Hy beveel dat al die graan na hom gebring moet word, en bepaal die doodstraf vir diegene wat nie gehoorsaam nie. Die vee, waarvan daar 'n groot voorraad deur die Mandubiërs saamgedryf was, verdeel hy hoofdelik; hy besluit om die graan spaarsaam en geleidelik uit te meet; hy trek al die magte wat hy voor die dorp opgestel het in die vesting terug. Met hierdie maatreëls maak hy gereed om op die hulptroepe van Gallië te wag, en die oorlog te behartig.

72 Toe Caesar hierdie inligting van drosters en gevangenes verneem,

het hy die volgende soorte beleëringswerk begin aanlê. Hy het 'n twintig voet breë grag met loodregte wande laat grawe, sodat die bodem daarvan net so breed was as die afstand tussen die boonste rande. Al die ander beleëringswerk het hy vierhonderd treë agter die grag laat aanlê. Aangesien hy noodwendig so 'n groot ruimte ingesluit het, en die hele skanswerk nie maklik rondom met soldate beset kon word nie, het hy dít gedoen om te belet dat 'n massa vyand onverhoeds gedurende die nag na die skanswerke storm, of gedurende die dag werpwapens kon slinger na ons manne wat vir die werk bestem was. Agter hierdie oop spasie het hy twee vyftien voet breë gragte van dieselfde diepte laat grawe, en die binnenste een van hulle wat deur gelyke, laagliggende terrein geloop het, met water, uit die rivier afgelei, laat volloop. Agter die gragte het hy 'n wal en palissade, twaalf voet hoog, opgerig. Hieraan het hy 'n borswering en kantele gevoeg, met geweldige getakte pale wat by die aansluitingspunte van skerms en wal horisontaal vorentoe uitgestaan het om beklimming deur die vyand te vertraag. Rondom die ganse verdedigingswerk het hy torings op 'n afstand van tagtig voet vanmekaar opgerig.

73 Daar moes noodwendig terselfdertyd èn timmerhout èn graan gehaal, èn sulke groot skanswerke aangelê word, hoewel ons magte wat betreklik ver van die kamp af opgetrek het, uitgedun was. Die Galliërs het 'n paar keer probeer om ons skanswerk aan te val, en om met alle geweld vanuit verskeie poorte 'n uitval uit die dorp te maak. Daarom het Caesar gemeen daar moet 'n verdere toevoeging tot hierdie werke gemaak word, sodat die verskansings met 'n kleiner getal soldate verdedig kon word. Derhalwe is boomstamme of baie stewige takke afgekap, hulle toppe is ontbas en voor aangepunt, en aaneenlopende vyf voet diep gragte is gegrawe. Die stamme is in dié gragte ingeslaan en onder vasgebind sodat hulle nie uitgepluk kon word nie, terwyl hulle met die takke bo uitsteek. Rye van vyf is met mekaar verbind en vervleg, en wie daar ingedring het, het op die allerskerpste pale geval. Die soldate het hulle "grafstene" genoem. Daarvóór, in skuins rye gerangskik soos die vyf kolletjies op 'n dobbelsteen²⁰, is drie voet diep gate wat tregetervormig na onder loop, gegrawe. Hierin is afdunnende pale geslaan, so dik soos 'n man se dy en aan die bopunt skerp gemaak en in vuur verhard, op so 'n wyse dat hulle nie meer as vier vingers bo die grond uitgesteek het nie. Om hulle terselfdertyd te verstewig en te bevestig, is elkeen vir een voet van die bodem af met grond vasgestamp. Die res van die gat is met takkies en struikgewas bedek om die valstrik te verberg. Agt dergelike rye is aangelê, op drie voet afstand vanmekaar. Weens die ooreenkoms met die blom, het die soldate dié val 'n "lelie" genoem. Vóór hierdie "lelies"

is voetlange houtpenne met ysterhake daaraan vasgeheg. In hul volle lengte in die grond ingeslaan en op kort afstand vanmekaar oral rond geplant. Die soldate het hulle "voetangels" genoem.



Romeinse verdedigingswerke te Alesia

74 Na voltooiing hiervan, het Caesar sover die aard van die terrein hom toegelaat het, diegunstigste koers moontlik gevolg en parallele, soortgelyke skanswerke met 'n omtrek van veertien myl voltooi, maar wat in die teenoorgestelde rigting van die eerstes teen 'n vyand van buite front, om te voorkom dat die garnisoene van die skanswerke selfs nie deur 'n groot menigte omsingel kon word, indien dit so sou gebeur nie.²¹ En om nie gedwing te word om onder groot gevaar die kamp te verlaat nie, beveel hy al sy manne om voer en graan vir dertig dae in voorraad te hê.

75 In die loop van hierdie gebeure voor Alesia, het die Galliërs 'n vergadering van hoofmanne belê en besluit dat nie almal wat wapens kon dra, soos Vercingetorix aanbeveel het, opgeroep moet word nie, maar dat van elke hoofman 'n bepaalde aantal uit sy staat geëis moet word, om te voorkom dat hulle by die samestroming van so 'n groot menigte nie in staat sou wees om hulle eie mense te beheer of te onderskei, of om nie die nodige graanvoorsiening te hê nie. Van die Aeduers en hulle afhanklike stamme, die Segusiave, die Ambivarete,²² die Aulerke-Brannovike en die Blannoviërs eis hulle 35 000 manskappe; 'n gelyke aantal van die Arverners tesame met die Eleutete, Cadurke, Gabalers en Vellaviërs wat gewoonlik onder die gesag van die Arverners staan; van die Sequane, Senone, Biturige, Santone, Rutene en Carnute, 12 000 elk; van die Bellovake 10 000; van die Lemovike net soveel; van die Pictone, Turone, Parisiërs en Helvetiërs, 8 000 elk; van die Suessione, Ambiane, Mediomatrikers, Petrocoriërs, Nerviërs, Moriners en Nitiobrige, 5 000 elk; van die Aulerke-Cenomane net soveel; 4 000 van die Atrebate; van die Vellocassiërs, Lexoviërs en Aulerke-Eburovike, 3 000 elk; van die Raurike en Bojers, 2 000 elk; 30 000 uit al die state saam wat aan die oseaan grens en wat na hulle gebruik "Aremoriese" heet, onder wie die Curiosolite, Redone, Ambibariërs, Calete, Osismers, Venete, Lemovike²³ en Venellers hulle bevind. Van hulle het die Bellovake nie die volle getal geweer nie, omdat hulle beweer het hulle sou selfstandig en na eie oordeel teen die Romeine oorlog voer, en niemand se bevel gehoorsaam nie. Op versoek van Commius, egter, het hulle vanweë hul gasvriendskap het hom, 2 000 man saamgestuur.

76 Soos ons tevore aangetoon het, het Caesar gedurende die vorige jare in Britannië van die troue en nuttige diens van hierdie Commius gebruik gemaak. Ter beloning vir sy goeie dienste het Caesar sy staat beveel om vrygestel te wees van belasting, hulle eie reg en wette aan hulle teruggegee, en die Moriners aan Commius self toegesê. So groot, egter, was die eensgesindheid van die hele Gallië om hulle vryheid te handhaaf

en hulle aloue oorlogsroem te herwin, dat hulle nie deur weldade of die herinnering aan vriendskap beïnvloed is nie, en almal hulle met hart en middele aan dié oorlog gewy het. Toe 8 000 ruiters en ongeveer 240 000 voetvolk byeengebring is, is hierdie magte in die gebied van die Aeduers gemonster, 'n telling gehou en aanvoerders aangestel. Die opperbevel word opgedra aan die Atrebaat Commius, die Aeduers Viridomarus en Eporedorix, en die Arverner Vercassivellaunus, 'n neef van Vercingetorix. Uitgesoekte manne uit die state, met wie se raad die oorlog gevoer moes word, is aan hierdie aanvoerders toegesê. Almal vertrek geesdriftig en vol vertroue na Alesia, en daar was niemand onder hulle almal wat gedink het dat die blote gesig van so 'n groot menigte verduur kon word nie, veral by 'n geveg aan twee fronte wanneer daar vanuit die dorp by wyse van 'n uitval geveg, en sulke groot magte van ruitery en voetvolk daarbuite bemerk word.

77 Maar toe die dag verstryk het waarop hulle die hulptroepe van hulle volksgenote verwag het en al hul graan opgebruik was, en omdat hulle nie geweet het wat in die land van die Aeduers gebeur het nie, het die Galliërs wat in Alesia beleër was 'n krygsraad byeengeroep en oor hulle uiteindelijke lot beraadslaag. Verskeie menings is uitgespreek. Een deel daarvan het vir oorgawe gestem, die ander vir 'n uitval solank hul kragte nog voldoende was, maar weens die buitengewone, onuitspreklike wreedheid daarvan, lyk dit my, moet die toespraak van Critognatus nie onvermeld gelaat word nie. Hy was van hoë geboorte onder die Arverners en is beskou as 'n man van groot invloed. "Ek gaan niks sê," het hy betoog, "oor die mening van diegene wat 'n allerskandelikste slawerny met die naam van oorgawe bestempel nie, en ek beveel aan dat hulle nie as burgers beskou, en ook nie na die krygsraad genooi moet word nie. Laat my te doen hê met hulle wat 'n uitval goedkeur. In hulle plan skyn daar, met julle almal se instemming, 'n herinnering aan ons aloue dapperheid oor te bly. Weekheid van gees is dit, nie dapperheid nie, om gebrek nie vir 'n kort tydjie te kan verduur nie. Manne wat hulleself vrywillig aanbied om te sterf word makliker gevind as manne wat geduldig pyn verdra. En ek sou hierdie sienswyse goedkeur — soveel gewig dra die huldigers daarvan se aansien by my — as ek daarin die verlies van niks behalwe ons eie lewe gesien het nie. Maar laat ons by ons besluitneming rekening hou met die hele Gallië wat ons tot ons hulp aangehits het. Wat dink julle sal ons naasbestaandes en bloedverwante se gevoelens wees as 80 000 man op een plek gedood is, en hulle gedwing word om feitlik oor die lyke self die beslissende slag te lewer? Beroof nie hierdie mense wat ter wille van julle redding hulle eie gevaar geminag het, van julle hulp nie, en moenie deur julle dwaasheid, onbesonnenheid,

of geestelike swakheid die hele Gallië te gronde rig en aan ewigdurende slawerny onderwerp nie. Of twyfel julle miskien aan hulle trou en volharding omdat hulle nie op die bepaalde dag opgedaag het? Wat dan? Meen julle dat die Romeine vir hul plesier daagliks in daardie buitenste verskansings aan die werk gehou word? As julle nie deur boodskappe van hulle bemoedig kan word nie, aangesien elke toegangsweg versper is, neem dan die Romeine hier tot getuies dat hulle koms nader. In opperste vrees daarvoor is hulle dag en nag besig om die skanswerk. Wat is dan my raad? Om te doen wat ons voorvaders in die geensins ewe groot oorlog nie teen die Cimbriërs en Teutone gedoen het : hulle wat, toe hulle in hul dorpe saamgedryf en deur 'n soortgelyke skaarste genoodsaak is, hulle lewe aan die gang gehou het met die liggame van diegene wat vanweë hul ouderdom onbruikbaar vir die oorlog gelyk het, en hulleself nie aan die vyand oorgegee het nie. As ons nie 'n voorbeeld daarvan gehad het nie, sou ek dit nogtans as uiters roemryk beskou dat so 'n voorbeeld ter wille van die vryheid gestel, en aan die nageslag oorgelewer word. Want waarin was daardie oorlog net soos die huidige? Nadat Gallië verwoes is en 'n groot ramp ons getref het, het die Cimbriërs tog uiteindelik ons gebied verlaat en ander lande gaan soek, en vir ons ons regte, wette, lande en vryheid gelaat. Maar wat anders soek die Romeine, of wat anders wil hulle hê as om hulle, deur afguns gedryf, in die velde en state van mense wat hulle as roemsugtig en magtig in oorlog leer ken het, te vestig en ewige slawerny op hulle neer te bring? Nooit, immers, het hulle onder 'n ander voorwaarde oorlog gevoer nie. Want as julle nie weet wat by verafgeleë volkere gebeur nie, werp dan 'n blik op die naburige Gallië wat tot 'n provinsie omgevorm is, met hulle reg en wette totaal gewysig, en onderworpe aan die byle²⁴ onder ewige slawenskap gebuk gaan."

78 Nadat dié menings uitgespreek is, besluit hulle dat diegene wat weens siekte of ouderdom onbruikbaar vir oorlog is die dorp moet verlaat, en dat alle middele eers op die proef gestel moet word voordat hulle tot Critognatus se plan oorgaan; daardie plan moet hulle egter eerder²⁵ in werking stel, indien die omstandighede hulle daartoe dwing en die hulptroepe talm, as om hulle te onderwerp aan voorwaardes vir oorgawe of vrede. Die Mandubiërs wat die Galliërs in hul dorp opgeneem het, word gedwing om dit met hul vrouens en kinders te verlaat. Toe hulle by die Romeine se skanswerke kom, het hulle hul wenend met alle denkbare smeekbedes gesoebat om hulle as slawe op te neem en met voedsel te help. Maar Caesar het wagte op die skanswal opgestel en verbied dat hulle opgeneem word.

79 Intussen kom Commius en die ander aanvoerders aan wie die opperbevel toevertrou is, met al hulle magte by Alesia aan, beset 'n heuwel buite ons vesting en neem stelling in nie verder as 'n myl van ons skanswerke af nie. Die volgende dag bring hulle hul ruitery uit die kamp en vul daarmee die ganse vlakte wat ons aangetoon het drie myl in lengte strek. Hulle trek hul voetvolk 'n endjie van daardie plek af terug en stel hulle op hoërgeleë terrein op. Vanuit die dorp Alesia was daar 'n uitsig op die vlakte daaronder. By die sien van hierdie hulptroepe, hardloop die beleërdes byeen, wens mekaar geluk, en almal se harte word tot vreugde opgewek. Derhalwe lei hulle hul magte uit, neem voor die dorp stelling in, bedek die naaste grag met latwerk, vul dit op met grond en berei hulle voor vir 'n uitval en vir alle gebeurlikhede.

80 Caesar stel sy hele leër aan beide fronte van die skanswerke op sodat, indien dit nodig word, elkeen sy plek kan ken en beman, en hy beveel dat die ruitery uit die kamp gelei, en dat die geveg aangeknoop moet word. Uit al die kampe wat die heuwelrug aan alle kante beset het, was daar 'n uitsig na onder, en al die soldate het die afloop van die geveg gespanne afgewag. Die Galliërs het boogskutters en liggewapende troepe hier en daar geplaas om hul makkers te hulp te snel in geval hulle die wyk neem, en om die aanvalle van ons ruiters te weerstaan. Verskeie van ons manne is onverhoeds deur hierdie troepe gewond en het die geveg begin verlaat. Daar die Galliërs vol vertroue was dat hulle manne die oorhand in die geveg het, en hulle gesien het dat ons manne deur 'n oormag onder druk geplaas word, het hulle aan alle kante – sowel die wat deur die skanswerke ingeperk was as die wat hulle te hulp gekom het – met geskree en oorlogskrete hul makkers se moed probeer verstewig. Omdat die geveg voor almal se oë plaasgevind het en geen eerbare of oneerbare daad onopgemerk kon bly nie, het die drang na lof en vrees vir skande albei kante tot dapperheid aangevuur. Toe hulle van die middag af tot byna sononder geveg het met die oorwinning steeds in die weegskaal, het die Germane op die een punt in diggeslote eskadronne 'n aanval geloods op die vyand se ruiters en hulle verdryf. Nadat laasgenoemde op vlug gejaag is, is die boogskutters omsingel en gedood. Op die ander punte het ons manne eweneens die wykendes tot by hulle kamp agtervolg, en hulle nie geleentheid gegee om te hergroepeer nie. Maar diegene wat van Alesia af aangeruk het, het byna aan oorwinning gewanhoop en bedroef na die dorp teruggetrek.

81 Na 'n onderbreking van een dag, in die loop waarvan hulle 'n groot aantal stroke latwerk, lere en muurhake vervaardig het, trek die Galliërs om middernag in stilte uit hul kamp en nader ons skanswerke op

die vlakte. Plotseling hef hulle 'n geskree aan sodat diegene wat in die dorp beleër was deur hierdie teken van hulle aankoms kon verneem, en begin om die latwerk in die gragte te gooi, ons manne met slingerstene, pyle en klippe van die wal af te verjaag, en maak gereed om die res wat met 'n bestorming verband hou, uit te voer. Terselfdertyd by die hoor van die geskree, gee Vercingetorix aan sy manne die teken met 'n trompet, en lei hulle uit die dorp. Net soos die vorige dae, presies soos daar aan elkeen sy plek toegeken is, beweeg ons manne na die skanswerke. Met slingers, een-ponders²⁶ en aangepunte pale wat hulle oral op die skans geplaas het, en met slingerkoeëls verdryf hulle die Galliërs. Daar die uitsig deur die duisternis ontnem is, word daar aan beide kante baie wonde opgedoen. 'n Hele aantal projektiële word deur die grofgeskut geslinger. Maar die legate, Marcus Antonius en Gaius Trebonius, aan wie die verdediging van hierdie sektore ten deel geval het, het troepe aan die verdergeleë forte onttrek en hulle gestuur om te help waar hulle ook al bemerk het dat ons manne onder druk verkeer.

82 Terwyl die Galliërs taamlik ver van die skanswerke was, het hulle meer voordeel behaal met hul massa werptuie. Nadat hulle egter naderby gekom het, het hulle hul onverhoeds in die voetangels vasgeloop, of hulle het in die "lilies"²⁷ geval en is deursteek, of hulle het gesterf, deurboor deur die muurspere²⁸ van die wal en die torings af. Aan alle kante het hulle baie wonde opgedoen, maar nêrens is die skanswerk deurbreek nie, en toe ligdag aanbreek, het hulle na hul makkers teruggeval uit vrees dat hulle aan hul onbedekte flank deur 'n uitval uit die hoërgeleë kampe omsingel sou word. Maar terwyl die Galliërs binne die dorp die apparaat uitgebring het wat vooraf deur Vercingetorix vir 'n uitval gereedgemaak was, en die voorste gragte opgevul het, het hulle te lank in die uitvoering daarvan getalm, en nog voordat hulle die skanswerke kon nader, het hulle verneem dat hulle makkers die wyk geneem het. So het hulle onverrigtersake na die dorp teruggekeer.

83 Tweemaal met swaar verliese teruggedryf, beraadslaag die Galliërs oor wat om te doen. Hulle haal manne by wat die omgewing goed ken, en van hulle verneem hulle die ligging en verskansings van die hoërgeleë kamp. Aan die noordekant was daar 'n heuwel wat ons manne vanweë sy groot omtrek nie met die skanswerk kon insluit nie. Noodgedwonge het hulle daar 'n kamp op byna ongunstige, sagglouiende terrein opgeslaan. Die legate, Gaius Antistius Reginus en Gaius Caninius Rebilus, het hierdie kamp met twee legioene gehou. Nadat die omgewing deur spioene verken is, kies die vyand se aanvoerders uit die hele leër 60 000 man, uit daardie state wat die grootste reputasie vir dapperheid geniet

het. In die geheim besluit hulle onderling wat gedoen en op welke manier dit gedoen moet word. Hulle bepaal die aanvalstyd vir wanneer hulle sien dat dit middag is. Hulle stel die Arverner Vercassivellaunus, een van die vier aanvoerders en verwant aan Vercingetorix, aan die hoof van hierdie troepe. Hy het tydens die eerste nagwaak uit die kamp vertrek, teen dagbreek amper sy mars voltooi, hom agter die berg verskuil, en sy soldate opdrag gegee om uit te rus na die vermoënis van die nag. Toe hy bemerk dat die middag reeds aangebreek het, marsjeer hy na die kamp waarna ons hierbo verwys het. Terselfdertyd het hul ruitery ons skanswerke op die vlakte begin nader, en die res van die troepe om hulle voor die kamp te vertoon.

84 Toe Vercingetorix vanuit die burg van Alesia sy manne gewaar, ruk hy uit die dorp op en bring die latwerk, lang pale, skutdakke, muurseise en ander apparaat wat hy vir die uitval voorberei het, te voorskyn. Die geveg ontbrand terselfdertyd op alle punte, en alles word op die proef gestel. As dit lyk of 'n stelling te swak is, hardloop almal daarheen. Die Romeine se leër word deur sulke omvangryke skanswerke versplinter, en bied nie maklik op verskeie plekke weerstand nie. Die geskreeu wat in die rug van die vegtendes ontstaan het, dra baie by om ons manne met skrik te slaan, omdat hulle sien dat hulle gevaarlike posisie van ander se moed^{2 9} afhang; want meestal ontstel dinge wat buite sig is mense se gemoedere meer.

85 Caesar vind 'n geskikte plek waar hy berig ontvang van wat orals gebeur. Hy stuur hulp aan diegene wat in die moeilikeheid is. Vir beide partye word dit duidelik dat dit die een oomblik is waarop hulle hul ten sterkste moet inspan. Die Galliërs wanhoop aan alle behoud indien hulle nie deur die verskansings breek nie; die Romeine verwag die einde van al hulle geswoeg as hulle hul stelling behou. Die kwaaieste worsteling vind plaas by die hoërgeleë verskansings waarheen ons aangedui het dat Vercassivellaunus gestuur is. Die ongunstige afwaartse helling van die terrein het 'n groot effek. Sommige van die vyand slinger werpwapens, ander vorm 'n skilddak en beweeg nader; vars manskappe los die vermoeides beurtelings af. Grond word deur hulle almal saam teen die skanswerk gegooi, en dit bied enersyds aan die Galliërs 'n manier om dit te bestyg, en bedek andersyds die valstrikke wat die Romeine in die grond verberg het. Reeds ontbreek dit ons manne aan genoeg wapens en kragte.

86 Toe hy hiervan verneem, stuur Caesar vir Labienus met ses khorde om die manne in die moeilikeheid te gaan help. Hy beveel hom, in-

dien hy nie kan uithou nie, om kohorte uit hul stellings te onttrek en by wyse van 'n uitval slag te lewer, maar om dit nie te doen tensy dit noodsaaklik is nie. Hy self gaan na die ander manskappe toe en spoor hulle aan om nie in te gee onder die vermoëienis nie. Hy wys hulle daarop dat die vrug van al hulle vorige gevegte van daardie dag en uur afhang. Toe die Galliërs aan die binnekant weens die omvang van die skanswerke moed opgee met die plekke op die vlakte, probeer hulle om teen die steil hoogtes uit te klim, en bring die apparaat wat hulle gereedgemaak het daarheen. Met 'n menigte werpwapens verdryf hulle die verdedigers uit die torings, vul die gragte op met grond en latwerk, en breek die palissade en borswering met muurseise af.

87 Eers stuur Caesar die jongman Brutus met kohorte, daarna die legaat, Gaius Fabius, met ander. Ten slotte, toe die geveg nog feller woe, bring hyself vars troepe aan om te help. Toe die geveg herstel en die vyand verdryf is, marsjeer hy na die plek waarheen hy vir Labienus gestuur het. Hy onttrek vier kohorte aan die naaste fort, en beveel 'n deel van die ruitery om hom te volg, en 'n deel om om die buitenste verskansings te ry en die vyand in die rug aan te val. Nadat nog die walle nóg die gragte die geweld van die vyand kon stuit, versamel Labienus veertig kohorte wat aan die naaste poste onttrek en deur die noodlot in sy weg geplaas is, en deur boodskappers lig hy Caesar in oor wat hy meen gedoen moet word. Caesar haas hom daarheen om aan die geveg deel te neem.

88 Toe sy aankoms aan die kleur van sy mantel bemerk is — 'n onderskeidingsteken wat hy gewoonlik in gevegte gedra het — en die vyand die ruiterskadronne en kohorte wat hy beveel het om hom te volg, gewaar, aangesien die steil afdraandes en insinkings aan hierdie kant vanuit die hoërgeleë terrein sigbaar was, knoop hulle die geveg aan. Aan weerskante word 'n geskreeu aangehef, en dit word beantwoord deur 'n geskreeu van die wal en al die skanse af. Ons manne sien af van hul werpspiese en veg met die swaard. Skielik word ons ruitery aan die vyand se rugkant opgemerk; die ander kohorte nader. Die vyand het op vlug geslaan; die ruitery ontmoet die vlugtendes, en 'n groot slagting vind plaas. Sedulius, die aanvoerder en hoofman van die Lemovike, word gedood; die Arverner Vercassivellaunus word op sy vlug lewend gevange geneem; vier-en-sewentig militêre veldtekens word na Caesar teruggebring; min van so 'n groot aantal keer ongedeerd terug na die kamp. Vanuit die dorp aan skou die ander die slagting en vlug van hulle mense, wanhoop aan redding en trek hulle magte van die verskansings af terug. Op berig hiervan vlug die Galliërs dadelik uit hul kamp. As die soldate nie so uitgeput was

van die herhaalde ondersteuningsaksies en die vermoënis van die hele dag nie, kon al die vyandelike magte uitgewis gewees het. Ongeveer middernag haal die uitgestuurde ruitery die vyandelike agterhoede in : 'n groot aantal word gevange geneem en gedood, en ná hulle vlug gaan die res uiteen na hulle state.

89 Die volgende dag roep Vercingetorix 'n krygsraad byeen. Hy wys daarop dat hy die oorlog nie ter wille van sy persoonlike behoeftes nie, maar te wille van die gemeenskaplike vryheid onderneem het. Aangesien 'n mens voor die noodlot moet swig, sê hy, bied hy homself aan hulle vir beide alternatiewe, hetsy hulle die Romeine voldoening wil skenk deur sy dood, hetsy hulle hom lewend wil uitlewer. Gesante word na Caesar gestuur om hieroor te onderhandel. Hy beveel dat hul wapens uitgelewer, en hul aanvoerders na hom gebring moet word. Hyself neem in die skanswerk voor die kamp sitplek in : daarheen word die aanvoerders na hom gebring. Vercingetorix word uitgelewer, hulle wapens word neergegooi. Hy sonder die Aeduers en Arverners uit om te kyk of hy state deur húl toedoen kan terugwen, en verdeel die orige gevangenes een per kop aan die ganse leër as buit.

Muntstuk: Vercingetorix se profiel



Muntstuk: Caesar as oorwinnaar en Vercingetorix as oorwonnene uitgebeeld

90 Na afhandeling hiervan, vertrek hy na die land van die Aeduers en neem weer die staat onder sy beskerming. Gesante word deur die Arverners daarheen gestuur, en hulle belowe om sy bevel uit te voer. Hy eis 'n groot aantal gyselaars, en stuur sy legioene na hul winterkwartiere. Hy gee ongeveer 20 000 gevangenes aan die Aeduers en Arverners terug. Hy beveel Titus Labienus om met twee legioene en die ruitery na die gebied van die Sequane te vertrek, en sê Marcus Sempronius Rutilus aan hom toe. Hy stasioneer die legaat, Gaius Fabius, en vir Lucius Minucius Basilus met twee legioene in die gebied van die Remers om te belet dat hulle enige skade berokken word deur die naburige Bellovake. Hy stuur Gaius Antistius Reginus na die gebied van die Ambivarete, Titus Sextius na die Biturige, Gaius Caninius Rebilus na die Rutene, elkeen met een legioen. Hy stasioneer Quintus Tullius Cicero en Publius Sulpicius te Cabillonum en Matisco in die gebied van die Aeduers naby die Saône, met die oog op graanvoorsiening. Hyself besluit om te Bibracte te oorwinter. Toe die verslag oor hierdie gebeurtenisse in Rome bekend word, is daar 'n dankfees van twintig dae toegestaan.

Notas

Inleiding

- 1 Th. Mommsen, *Röm. Gesch.* III.16, meen dit was waarskynlik 102 v.C.
- 2 Die Romein het nie uit geroepenheid 'n priestersamp bekleed nie; dit was veeleer 'n hulpmiddel in sy politieke loopbaan.
- 3 'n Geheime vrouefees ter ere van die godin Ceres.
- 4 *Vallum* (onsydig) het ook 'n kollektiewe betekenis, nl. die wal met die daaropstaande palissade.

Die eerste boek

- 1 Met "Gallië in sy geheel" bedoel Caesar hier die gebied wat omsluit word deur die Pireneë, die Atlantiese Oseaan, die Ryn, en die Romeinse provinsie Transalpyense Gallië. In 'n meer beperkte sin dui Gallië by Caesar slegs op Keltiese Gallië, d.w.s. die gebied tussen die Seine, die Marne, die opper-Rhone, die Cevennegebergte, die Garonne en die Atlantiese Oseaan (vgl. *B.G.* I.1.6; II.3.1; III.11.3).

- 2 Die moderne naam vir die antieke Garumna.
- 3 Die antieke Matrona.
- 4 Die antieke Sequana.
- 5 Vir "Provinsie" vgl. INLEIDING, p. 31,32.
- 6 Die antieke Rhenus.
- 7 Die antieke Rhodanus.
- 8 Die Atlantiese Oseaan.
- 9 Die jaar 61 v. C.
- 10 Die antieke Lemannusmeer.
- 11 Die Romeinse myl (*mille passus*) = 1 000 dubbele treë = 1 478,5 m = nagenoeg 1,5 km.
- 12 Die Galliese dorp (*oppidum*) was gewoonlik 'n "versterkte dorp" of 'n "vesting", daarom vertaal ek *oppidum* met "dorp", "vesting" of "vestingdorp"
- 13 Die Allobroge is slegs drie jaar tevore in 61 v. C. finaal onderwerp. Vgl. INLEIDING, p. 31,32.
- 14 58 v. C.
- 15 Verder-Gallië = die "Provinsie" of "Transalpyense Gallië". Vgl. INLEIDING, p. 31.
- 16 Antieke Genava.
- 17 Die grootste skande wat 'n Romeinse leër kon oorkom. Vgl. Livius III.28.11 vir 'n beskrywing van die juk.
- 18 Die Romeinse voet = 0,296 m.
- 19 Vgl. INLEIDING, p. 19.

- 20 Nader-Gallië = Cisalpyne Gallië = vlakte van Lombardye = die Povlakte in Noort-Italië.
- 21 Vgl. INLEIDING, p. 25.
- 22 Vgl. par 7 van hierdie boek.
- 23 Antieke Arar.
- 24 Nl. dat hulle gestraf moet word.
- 25 Vgl. Nota 11 hierbo.
- 26 Vgl. INLEIDING, p. 31,32.
- 27 'n Bevelvoerder oor tien ruiters.
- 28 Die lang slagry van die Galliërs en Germane, waarby hulle die rande van hulle skilde oor mekaar gehou het.
- 29 D.w.s. soos elke afsonderlike eenheid uit die marskolonne by die gevegstoneel opdaag, begin hulle direk aan te val sonder om eers kamp op te slaan.
- 30 D.w.s. die regterflank wat nie deur die soldate se skilde gedek word nie.
- 31 D.w.s. geskik was vir militêre diens.
- 32 'n Vergadering wat byeengeroep word om oor landsake te beraadslaag.
- 33 Vgl. INLEIDING, p. 32.
- 34 Vgl. INLEIDING, p. 32.
- 35 59 v. C.
- 36 61 v. C.
- 37 Tans Besançon

- 38 Antieke Dubis.
- 39 Vgl. INLEIDING, p. 15,16 vir offisiersrange.
- 40 Ek lees die sin met weglating van *ei*.
- 41 Hulle is reeds in 121 v. C. oorwin.
- 42 Vgl. INLEIDING, p. 13.
- 43 Ek lees *ubi*, i.p.v. *Ubii*.
- 44 'n Romeinse provinsie is in streke (*conventus*) verdeel. Die goewerneur het hierdie distrikte ten minste een maal in sy ampsjaar besoek (*conventus agere*) vir regspleging.

Die tweede boek

- 1 D.w.s. Transalpyne (of Verder-) Gallië.
- 2 Antieke Axona.
- 3 Caesar gebruik die woord *testudo* (lett. 'n skilpad) in twee betekenisse:
- a) 'n "Skilddak" (soos hier in Bk. 2.6) 'n Mens kan dit ook 'n "skilpaddopformasie" noem, 'n formasie wat by 'n bestorming benut is: die eerste gelid hou hulle skulde voor die bors, en die daaropvolgendes hulle s'n oorvleuelend bokant die kop, sodat die troep beveilig is teen werpwapens wat bo van die muur af geslinger word.
 - b) 'n "Skutdak" (soos in BK. 5.42,43,52); dit was 'n loods van hout gemaak, gewoonlik op wiele, ter beskerming van die beleëraars. Die ander soort skutdak, die *vinea*, was soortgelyk aan die *testudo*, maar nie so stewig gebou nie.
- 4 a) Hier en in Bk. 4.25 vertaal ek *tormenta* met "grofgeskut". Die *tormentum* was maar een van die Romeinse leër se werptuie wat spere, groot pyle, balke en groot klippe oor betreklike groot afstande kon slinger. Daar was ook die

catapulta, die *ballista* en die *scorpio*. Afgesien van die *tormentum*, vermeld Caesar in hierdie werk slegs die *scorpio*.

- b) In Bk. 7.22 is *tormentum* = 'n windas.
- 5 'n Klein sytak van die Schelde in N.-Frankryk. Vroeër is die antieke Sabis as die hedendaagse Sambre beskou.
- 6 Ek lees: *nam quod ad hostes appropinquabat*.
- 7 Die rooi vlag (*vexillum*) wat op die generaalstent gehys is.
- 8 Ek lees: *in muro posse sese confiderent*.

Die derde boek

- 1 Ek lees: *deiectis* i.p.v. *disiectis*.
- 2 D.w.s. 10 vm. Daar moet altyd 6 uur by die Romeinse uurtelling gevoeg word om ons uurtelling te kry.
- 3 Nadat 'n Romein die amp van konsul beklee het, het hy prokonsul geword in welke amp hy as goeweneur van 'n provinsie diens gedoen het.
- 4 Antieke Tolosa en Narbo.

Die vierde boek

- 1 Antieke Mosa.
- 2 Vogese = Antieke Vosegus.
Hier maak Caesar 'n fout. Die Maas ontspring nie in die Vogesebergreeks nie, maar op die hoogland in die gebied van die Lingone.
- 3 Antieke Vacalus.
- 4 Vgl. nota 2 by DIE DERDE BOEK.

- 5 D.w.s. verder noord.
- 6 D.w.s. die suidwestelike punt.

Die vyfde boek

- 1 54 v. C.
- 2 Die Middellandse see.
- 3 In die Atlantiese oseaan teenoor Gallië.
- 4 D.w.s. toegerus met sowel seile as roeispane.
- 5 Vgl. nota 44 by DIE EERSTE BOEK.
- 6 Antieke Tamesis.
- 7 Antieke Cantium.
- 8 Antieke Hibernia.
- 9 Antieke Mona.
- 10 Die eerste kohort van elke legioen het die beste vegters bevat.
- 11 Tans Amiens.
- 12 Ek lees: *inimici, multis palam ex civitate eius auctoribus, ...*
- 13 Ek lees: *studio pugnandi*.
- 14 Daar was verskillende grade in die rang van centurio.
- 15 Hy het waarskynlik die spiesskag uitgehol en die brief daarin geplaas.

Die sesde boek

- 1 Na sy konsulskap in 55 v. C. het Pompeius prokonsul van die pro-

vinsie Spanje geword met 'n dienstermyn van vyf jaar. Hy het egter sy provinsie deur legate laat bestuur, en omdat hy nie *cum imperio* die stad kon binnegaan nie, het hy in die omgewing van Rome agtergebly as hoof van 'n buitengewone kommissie wat toesig moes hou oor die koringtoevoer na Rome. Vgl. INLEIDING, p. 4,5.

- 2 D.w.s. die geld wat vir die oorlog benodig was.
- 3 Die huidige Parys.
- 4 Ek lees: *cum i.p.v. quae*.
- 5 D.w.s. die deel waar Caesar in daardie stadium was.
- 6 Die Europese eland.
- 7 Antieke Scaldis.
- 8 D.w.s. as 'n aparte eenheid.

Die sewende boek

- 1 Deur Milo in 52 v. C. Vgl. INLEIDING, p. 5.
- 2 D.w.s. Cisalpyense Gallië.
- 3 Antieke Liger.
- 4 Antieke Vienna, 'n dorp aan die Rhone.
- 5 Of: "tot verbasing van sy manskappe".
- 6 Ek lees: *deleri*.
- 7 Die skerpioen (*scorpio*) was 'n slingermasjien wat groot pyle en/of groterige klippe afgeskiet het.
- 8 Ek lees: *perfectis*.
- 9 Vgl. par. 33.

- 10 Die heuwel kort tevore vermeld, het waarskynlik deel gevorm van die bergrug.
- 11 Ek lees: *ne ... animadverterentur.*
- 12 Ek lees: *continuo.*
- 13 Ek lees: *pactum.*
- 14 Ek lees: *ad flumen Elaver venit; potem refecit exercitumque traduxit.*
- 15 Ek lees: *in provinciam expellere.*
- 16 Ek lees: *id ne metu ...*
- 17 Vgl. nota 3 by DIE SESDE BOEK.
- 18 Ek lees: *diemque ei rei constituit.*
- 19 Vgl. INLEIDING, p. 32.
- 20 D.w.s., ☛ (’n quincunx)
- 21 Die teks bevat hier ’n crux, en ek volg die konjektuur van Oudendorp wat *eius discessu* weglaat.
- 22 Ek lees: *Ambivaretis.*
- 23 Die Lemovike behoort hier weggelaat te word aangesien hulle alreeds vermeld is.
- 24 Die simbool van ’n Romeinse amptenaar se gesag, die *fascēs*, bundels latte met byle in die middel.
- 25 Ek lees die sin met weglating van *tempore.*
- 26 Klippe van een Romeinse pond gewig (= 327 gr.), afgevuur deur slingertuie.
- 27 Vgl. par. 73.

28 Groot, swaar spiese ter verdediging van die muur of wal.

29 Ek lees: *virtute*.

